# DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK AS REGSPERSOON IN DIE SUID-AFRIKAANSE PRIVAATREG

deur

DIRK CORNELIUS GROBLER FOURIE

'N PROEFSKRIF VOORGELÊ TER VOLDOENING AAN

DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD

DOCTOR LEGUM

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

ONDER DIE LEIDING VAN

PROF. J.D. VAN DER VYVER

POTCHEFSTROOM

JANUARIE 1973

# VOORWOORD

In die Nederduitse Gereformeerde kerklike praktyk word daar privaatregtelik op verskillende vlakke gehandel; want 'n gemeente en die kerkverband neem daagliks as selfstandige regsubjekte aan die regsverkeer deel. Verder kom stigtinge en nutsmaatskappye wat deur kerkvergaderinge in die lewe geroep is, as selfstandige regspersone na vore. Onder die begrip Nederduitse Gereformeerde Kerk, soos in die titel van die proefskrif aangedui, word alle regspersone wat in die kader van 'n Nederduitse Gereformeerde gemeente en kerkverband bestaan, omvat. Dit word gedoen ten einde 'n oorsigtelike beeld van kerkregspersone te verkry.

Met betrekking tot die begrippe regspersoon en regspersoonlikheid bestaan groot meningsverskil. Die doel met hierdie proefskrif is om met betrekking tot die aard en kompetensies van kerkregspersone na grondliggende beginsels te soek. Verder word regsprobleme wat in die praktyk opduik, na vore gebring vir verdere toekomstige besinning. Aangesien die oogmerk is om soveel as moontlik relevante aspekte van die proefskrifonderwerp aan te raak, is die opset van die studie breed.

Soos die Skrif dit aanwys, dien die gemeente as die uitgangspunt van die studie. In ons ekumenies ingestelde tydsgewrig word die kerkverband eensydig beklemtoon ten koste van die gemeente in al sy lewensfasette, naamlik ekklesiologies as die plaaslike openbaring van die liggaam van Christus, kerkregtelik as 'n coetus en privaatregtelik as 'n regspersoon.

'n Verdere beklemtoning in hierdie proefskrif het betrekking op die privaatregtelike status van 'n gemeente en die kerkverband. In Suid-Afrika is die regsontwikkeling in dié opsig gestrem deur sowel die met die Aufklärung deurdrenkte kommissaris-generaal J.A. de Mist, wat met sy kerkorde in 1804 die gemeente sonder kwalifisering as 'n „kerkgenootschap" bestempel en aan staatsoorheersing onderwerp het, as deur prokureur-generaal W. Porter, die argitek van Ordonnansie 7 van 1843 (K). As seun van 'n Ierse Presbiteriaanse predikant het Porter so 'n vrees gehad dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk tot 'n tweede Engelse staatskerk sou groei, dat hy in artikel 8 van sy ordonnansie die reg van die "voluntary association", die genootskapsreg, op die kerkverband van toepassing gemaak het. Hierdie „genossenschaftlicher Kirchenbegriff", 'n wesenskenmerk van die kollegialisme, pas nie op die presbiteriale vorm van kerkregering soos dit steeds in die Nederduitse Gereformeerde Kerk van toepassing was nie. Die doelstelling van hierdie studie is om hierdie genootskaplike siening van die kerk, wat meebring dat die juris op daardie gebied deurgaans met kontraktuele verhoudinge tussen lidmate wil werk, as 'n valse en onhoudbare benadering aan te dui.

Regspersoonlikheid of regsubjektiwiteit is 'n privaatregtelike begrip; dus is hierdie studie primêr 'n juridiese en nie 'n kerkregtelike nie. Dooyeweerd[1)] kwalifiseer die kerkreg kragtens die kerk se individualiteitstruktuur as "an instrument of faith for the effectualization of the sole

---

1) Dooyeweerd: A new critique of theoretical thought, III, 556.

authority of Christ Jesus by His Word and Spirit." Die kerkregswetenskap, as die wetenskap wat die reëls, wat in die kerklike instituut intern geld en ingevolge die Skrif en die belydenis behoort te geld, orden en beskrywe,[2] kry as sodanig nie ruimte in hierdie studie nie. Slegs kerkregtelike aangeleenthede wat privaatregtelike konsekwensies inhou kom onder die soeklig, byvoorbeeld die verhouding van 'n lidmaat tot sy gemeente, en die toepassing van die kerklike tug.

Weens die breë opset van die studie moes die regsvergelykende metode skade ly. Daar word slegs sporadies na die Nederlandse reg verwys, aangesien die verhouding tussen die staat en die kerk aldaar die naaste aan ons eie verhouding staan. Ten einde die omvang van die studiemateriaal enigsins te beperk, word die bepalinge en besluite van die Sinode van Suid-Transvaal as uitgangspunt geneem en met verwysings na bepalinge van ander sinodes volstaan.

<u>Wat die metode van die behandeling van die onderwerp betref, geld die volgende oorwegings:</u> Omdat die studie in die eerste plek gaan om die regspersoonlikheid van 'n bepaalde kerklike instituut in die Suid-Afrikaanse privaatreg, word na die regsgeskiedenis van dié kerk verwys; verder verkry die geskiedenis met betrekking tot die regspersoonlikheid van kerke die aandag. Die skrale oes van opvattings van ons gemeenregtelike

---

2) Vergelyk H. Bouwman, I, 10.

skrywers word, waar dit van toepassing is, genoem en ons relevante regspraak word ontleed. Teenoor al hierdie aangeleenthede word 'n prinsipiële standpunt ingeneem.

Ek eer die nagedagtenis van wyle prof. dr. H.L. Swanepoel, onder wie se leiding die grootste deel van hierdie werk voltooi is. My innige dank kom toe aan my geëerde promotor, prof. J.D. van der Vyver, vir sy inspirerende en rigtinggewende leiding, aan my gesinslede vir hul konsidererende samewerking en aanmoediging, aan mev. S.M. Röscher vir die tikwerk, maar boweal aan die Koning van die <u>ekklesia</u>, my Verlosser Jesus Christus.

Opgedra aan my geliefde gemeente Randburg

# I N H O U D

## HOOFSTUK I

## ALGEMENE JURIDIES-PRINSIPIËLE OPMERKINGS OOR DIE REGSPERSOON


1. INLEIDING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 1
2. DIE REGSUBJEK: INDIVIDU EN REGSPERSOON . 2
3. REGSPERSOONLIKHEID EN REGSUBJEKTIWITEIT . 6
4. TEORIEË OOR DIE AARD VAN DIE REGSPERSOON . 8
5. MAATSKAPPE, GEMEENSKAPPE EN VERBANDE . . 19
6. DIE VEREISTES VIR DIE TOEKENNING VAN REGSPERSOONLIKHEID . . . . . . . . . . . 22
7. GRONDLIGGENDE UITGANGSPUNTE . . . . . . . 32


## HOOFSTUK II

## DIE AARD VAN KERKREGSPERSONE


1. DIE GEMEENTE AS 'N VERBAND VAN LIDMATE . 36

1.1. 'n Gemeente regtens gedefinieer . . . . 38

1.2. Die historiese siening van 'n christelike gemeente as regsfiguur . . . . . . . . 39

In die pre Justiniaanse tydperk

In die wetgewing van Justinianus en daarna

In die post reformatoriese tydperk

Die Ned. Geref. Gemeente in Suid-Afrika 49

1665 - 1804

1804 - 1843

1843 - 1911

1911 -

1.3. Die gemeente is universitas, geen stigting nie . . . . . . . . . . . . . . 59
2. DIE KERK AS 'N VERBAND VAN GEMEENTES . . 61
2.1. Die kerkverband Skriftuurlik gegrond . 62
2.2. Die kerk as regsfiguur histories beskou 63
In die tydvak voor die hervorming
In die tydvak na die hervorming
Die Ned. Geref. Kerk in sinodale verband . . . . . . . . . . . . . . 68
Voor 1824
1824 - 1843
1843 - 1961
2.3. Die Ned. Geref. Kerk in ringsverband . 79
3. DIE KERK AS 'N VERBAND VAN KERKE . . . . 82
Die kerk is geen publiekregtelike, maar 'n privaatregtelike persoon
4. DIE AARD VAN ANDER KERKREGSPERSONE . . . 84
Stigtinge
Nutsmaatskappye

HOOFSTUK III

DIE ONTSTAAN VAN KERKREGSPERSONE

1. INLEIDING . . . . . . . . . . . . . . . . 92
Die ontstaanswyse van regspersone in die algemeen
Die juridiese aard van die oprigtingshandeling in die geval van 'n universitas
2. DIE STIGTING VAN 'N GEMEENTE . . . . . . 108
Die aard van die afstigtingsvorm
3. DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE SINODALE KERKVERBAND . . . . . . . . . . . . . . . 119
Die geloofsbrief van 'n afgevaardigde

4. DIE INSTELLING VAN RINGE . . . . . . . . . . 126
5. DIE DAARSTELLING VAN DIE ALGEMENE SINODALE KERKVERBAND . . . . . . . . . . . 128
6. DIE SKEPPING VAN KERKLIKE STIGTINGE . . 129
7. DIE OPRIGTING VAN UTILITEITSMAATSKAPPYE . 130

HOOFSTUK IV

DIE REGSPOSISIE VAN DIE LIDMAAT IN DIE GEMEENTE

1. DIE AARD VAN DIE VERHOUDING VAN LIDMAAT TOT GEMEENTE . . . . . . . . . . . . . . 132
2. DIE ONTSTAAN VAN LIDMAATSKAP . . . . . . . 137
3. LIDMAATSREGTE PRIVAATREGTELIK BESKOU . 143
4. DIE BEËINDIGING VAN LIDMAATSKAP . . . . 150

HOOFSTUK V

DIE EKSTERNE KOMPETENSIES VAN KERKREGSPERSONE

1. FAKTORE WAT DIE KOMPETENSIES VAN KERKREGSPERSONE MAG BEPAAL . . . . . . . . . 153
2. DIE KOMPETENSIES VAN 'N GEMEENTE . . . . 160
'n Gemeente en die huweliksreg
Die erfregtelike kompetensies van 'n gemeente
Die vermoënsregtelike kompetensies van 'n gemeente
Die kontraktuele kompetensies van 'n gemeente
'n Gemeente as party by die onregmatige daad

3. DIE KOMPETENSIES VAN DIE KERK IN SINODALE VERBAND . . . . . . . . . . . . . . . . . 196
Die kerk as eienaar van goed
Die kontraktuele kompetensies van die kerk
Die kerk as wetgewer
Die kerk as party by die onregmatige daad
4. DIE KOMPETENSIES VAN 'N KERK IN RINGSVERBAND . . . . . . . . . . . . . . 203
Die ringsverband as eienaar van sake
Die kontraktuele kompetensies van 'n ringsverband
'n Ringsverband as werkgewer
'n Ringsverband as party by die onregmatige daad
5. DIE KOMPETENSIES VAN DIE KERK IN ALGEMENE SINODALE VERBAND . . . . . . . . . . . . 207
Die kerk as eienaar van goed
Die kontraktuele kompetensies van die kerk
Die locus standi van die kerk in 'n regsproses
Die kerk as werkgewer
6. DIE KOMPETENSIES VAN KERKLIKE STIGTINGE . 210
7. DIE KOMPETENSIES VAN NUTSMAATSKAPPYE . . 212

## HOOFSTUK VI

## DIE REGSPOSISIE MET BETREKKING TOT TUGHANDELINGE

1. DIE N.T. GRONDSLAG VAN DIE TUG . . . . . 214
2. WESENLIKE ELEMENTE VAN DIE TUG . . . . . 218
3. DIE REGSGEVOLGE VAN TUGHANDELINGE . . . 224

4. DIE KOMPETENSIES VAN DIE BURGERLIKE HOF M.B.T. TUGHANDELINGE . . . . . . . . 235
5. REDES VIR TERSYDESTELLING VAN TUGHANDELINGE DEUR DIE HOF . . . . . . . . 248
6. REGSMIDDELE VIR BENADEELDES . . . . . . . 267

## HOOFSTUK VII

## DIE ONTBINDING VAN KERKREGSPERSONE

1. DIE ONTBINDING VAN 'N NED. GEREF. GEMEENTE . . . . . . . . . . . . . . . 273
In die geval van sekwestrasie
In die geval van gemeenteskeuring
In die geval van uittrede uit die kerkverband
In die geval van inlywing van 'n gemeente by 'n ander gemeente in dieselfde kerkverband
2. DIE ONTBINDING VAN 'N KERK IN SINODALE VERBAND . . . . . . . . . . . . . . . 290
Omsetting van een tipe regspersoon in 'n ander
Ontbinding in die geval van kerkskeuring
Ontbinding in die geval van kerkvereniging
3. DIE ONTBINDING VAN DIE KERK IN ALGEMENE SINODALE VERBAND . . . . . . . . . . . 295
4. DIE ONTBINDING VAN DIE RINGSVERBAND . . 296
5. DIE ONTBINDING VAN KERKLIKE STIGTINGE . 297
6. DIE ONTBINDING VAN DIE NUTSMAATSKAPPY . 297
GEVOLGTREKKINGS . . . . . . . . . . . . 299
BIBLIOGRAFIE
LYS VAN GEWYSDES
SAKEREGISTER

# HOOFSTUK I

## ALGEMENE JURIDIES - PRINSIPIËLE OPMERKINGS OOR DIE REGSPERSOON

### 1. INLEIDING

Die positiewe reg is 'n eiesoortige stel normatiewe reëls wat sy toepassing vind in 'n bepaalde sfeer of kring van die tydelike werklikheid. As sodanig veronderstel daardie reëls nie alleen die bestaan van die enkele mens of individu nie, maar ook van 'n samelewing waarin mense naas en teenoor mekaar handel. Die vraag wie die vermoë of kompetensie het om in die verskillende samelewingskringe as regsubjek op te tree. is 'n regsfilosofiese vraag wat van primêre belang in hierdie studie is. Die antwoord hierop hang ten nouste saam met die betekenisse wat aan begrippe soos positiewe reg, regsubjek, regsubjektiwiteit en regspersoonlikheid geheg word, en sodanige betekenisse vloei voort uit die regsfilosofiese uitgangspunt van die persoon wat die terme gebruik.

Die vraagstuk van die regspersoonlikheid van veral die universitas[1] dring homself vanuit die lewenswerklikheid aan die regsfilosofie op en stel die verbandsverhouding tussen mense sterk op die voorgrond.

---

1) Universitas, universitas personarum, corporation, 'n vereniging met regspersoonlikheid, is sinonieme vir 'n voortdurende verband van persone wat as verband onafhanklik van die individuele lede of organe voortbestaan, as subjek van regte en pligte deur die regsorde erken word en as sodanig deur middel van organe en verteenwoordigers interne verbands- en eksterne maatskapsfunksies uitoefen. Sodanige verbande is, soos later sal blyk, regspersone of selfstandige regsubjekte. Vgl. Duff, 35 ev.

Duidelike onderskeidinge met betrekking tot die basiese begrippe wat in hierdie proefskrif gebruik gaan word, is dus noodsaaklik. In hierdie inleidende hoofstuk word dan kortliks aandag geskenk aan die sogenaamde onderskeid op regsgebied tussen natuurlike persone en regspersone, verder aan die begrippe regspersoonlikheid en regsubjektiwiteit, en aan maatskappe, gemeenskappe en verbande. 'n Kursoriese behandeling van die vernaamste teorieë oor die aard van 'n regspersoon en in hoeverre dié teorieë diensbaar is vir ons behandeling van die kerk as regspersoon, kom verder aan die orde. Die vereistes vir die toekenning van regspersoonlikheid, ook soos dit in ons regspraak uitgekristaliseer het, word aangedui sodat in die volgende hoofstukke die Nederduitse Gereformeerde Kerk as regsubjek aan hierdie basiese norme getoets kan word.

## 2. DIE REGSUBJEK: INDIVIDU EN REGSPERSOON

Die regsubjek wat aan die regsverkeer deelneem, is primêr die mens as individu, wat 'n fisies-psigiese bestaan voer. „In rechtskundigen zin wordt onder persoon verstaan elk wezen, dat bevoegd is rechten te hebben, De mens is de persoon bij uitnemendheid."[2] Van der Vyver en van Zyl definieer 'n persoon as „'n entiteit wat as subjek in die juridiese wetskring fungeer."[3] Regsbevoegdheid of regsubjektiwiteit is die vermoë of kompetensie om draer van regte te wees en die moderne regstelsels ken persoonlikheid in die sin toe aan alle mense.[4]

Dit was egter nie altyd die geval nie. Die Romeinse slaaf wat as 'n persona, 'n menslike wese, deur die

---

2) Asser I, 16. Vgl. ook Wille, 57.
3) 156.
4) Paton, 349; van Apeldoorn: Inleiding, 157

regsorde erken is, was in sy vermoë om selfstandig as subjek in die juridiese wetskring te fungeer, beperk in die sin dat wat 'n slaaf aan vermoë verwerf, ten bate van sy meester verkry word of laasgenoemde daarvan bewus was of nie.[5] In die Germaanse reg was die verlies van regsbevoegdheid as 'n straf - absolute vredeloosheid, dit wil sê buite die beskerming van die reg gestel - gereken.[6] In die Kanonieke reg het die mens eers by die doop 'n persoon geword: „Baptismate homo constituitur in ecclesia Christi persona cum omnibus christianorum iuribus et officiis" ....[7] 'n Monnik, wat die kloosterlewe verkies het, is in sommige stelsels as „dood" beskou en sy eiendom is vererf asof hy werklik dood was.[8]

In ons dag reik regsbevoegdheid ver: dit omvat selfs die kind in die moederskoot, aangesien die regsorde ingevolge die reël nasciturus pro iam nato habetur quotiens de commodo eius agitur 'n ongebore vrug gebore ag as dit in sy belang is, hy later lewend gebore word, en die voordele waarop die kind aanspraak wil maak hom toegeval het na die datum van sy verwekking.[9]

Is die individu regsubjek, is hy of sy nie die enigste nie. Die regslewe ken ook samelewingsverbande wat as selfstandige eenhede handel.[10] Reeds in die primitiewe gemeenskap, waar eierigting teen die stam of familie van die oortreder toegepas is, gaan die wraak nie teen individuele regsubjekte nie, maar teen

---

5) Inst. Just. 2.9; van Warmelo: Romeinse reg, 30; Duff, 6 ev.
6) Van Apeldoorn: Inleiding, 157.
7) Codex Iuris Can., c 87.
8) Paton, 353.
9) D.1.5.7 en 26. Vgl. vir die toepassing van die spreuk, Ex parte Administrators Estate Asmall, 1954 (1) P.H., G 4 (N) wat die erfreg betref, en Pinchin and another v. Santam Insurance Co. Ltd., 1963 (2) S.A. 254 (W) met betrekking tot die onregmatige daad.
10) Vgl. Boots se uiteensetting, 40.

die stam as sodanig wat in sy eksterne regsverhoudinge teenoor die beledigde party as 'n werklike eenheid, 'n eenheid in die veelheid, beskou word.[11)]

'n Verband het 'n selfstandige juridiese realiteit, wat deur Wille[12)] gedefinieer word as "an aggregation of natural persons or individuals forming a persona or entity, having the capacity of acquiring rights and of incurring obligations and having perpetual succession." 'n Verband is 'n gemeenskap wat planmatige menslike vorming as beginpunt het, dit wil sê dit is histories gefundeer; verder bly die identiteit daarvan voortbestaan al wissel die lede daarvan voortdurend, en dit het 'n eie interne struktuur waarin gesag uitgeoefen word. Ekstern handel 'n verband as 'n eenheidsfiguur in verskillende maatskapsverhoudinge ingevolge die voorskrifte van (a) die staatlike regsorde met betrekking tot sodanige korporatiewe optrede en (b) sy eie verbandsreg.

Dooyeweerd[13)] onderskei die regsubjektiwiteit van die natuurlike persoon en die verband soos volg: „Terwijl bij de zgn. natuurlijke personen de grondcorrelatie van interne gemeenschaps- en externe maatschapsfuncties haar juridische eenheid vindt in een enkelvoudig rechtssubject, is bij de rechtspersoon deze correlatie zoo, dat hier de subjectieve juridische verbands-eenheid zelve als rechtssubject in deze correlatie fungeert, terwijl de individueele rechtssubjecten in een bijzondere gemeenschapsfunctie door dit verband tot een eenheid verbonden zijn."

Die interne struktuur van die verband grens sy interne en eksterne regsubjektiwiteit af. Veral om die

---

11) Bv. die primitiewe Romeinse gentes. Vgl. van Warmelo: Die oorsprong en betekenis van die Romeinse reg, 17 ev.

12) 153.

13) Themis, 1937, 386.

volgende redes kan die natuurlike persoon en die regspersoon nie juridies gelyk gestel word nie:

i. Die natuurlike persoon, in sy volle menslike bestaan, het 'n religieuse transendente wortel en gaan daarin die tydelike werklikheid te bowe, terwyl die verbande van die menslike samelewing in die kosmiese tydsorde begrepe is.

ii. Kragtens sy interne struktuur is die regspersoon beperk in sy kompetensies: Die mens met sy fisies-psigiese samestelling sluit 'n huwelik; die regspersoon is daartoe onbevoeg. Die mens kan studeer en 'n graad behaal; die regspersoon is nie daartoe in staat nie.[14)] Die mens kan kragtens sy gevoelseienskappe onderhewig wees aan lyf en tronkstraf; straf vir die regspersoon kan slegs betrekking hê op die verbandsvermoë in die vorm van 'n geldboete.[15)]

iii. Eindelik is ook die juridiese bestemming van die natuurlike persoon en die verband as regspersoon verskillend: Die mens as 'n ewigheidswese vind sy bestemming nie in die tydelike werklikheid nie, terwyl die verband as 'n nie-ewigheidsentiteit sy bestemming wel in die tydelike werklikheid vind.

Die grondslag van regspersoonlikheid lê in nuce opgesluit in die begrip regsubjektiwiteit.[16)] Daarom vra hierdie begrip vireers ons aandag.

---

14) British Chemicals and Biologicals S.A. v S.A. Pharmacy Board, 1955 (1) S.A. 184 (A); Central African Examiner Ltd. v Howman and others, 1966 (2) S.A. 1 op 11 (R).

15) Wet 56 van 1955, a 381 vir die strafregtelike aanspreeklikheid van 'n regspersoon; R v Bennett and Co., 1941 T.P.A. 194; S v Peer, 1968 (4) S.A. 460 (N); S v Joseph Mtshumayeli Ltd., 1971 (1) S.A. 33 (R).

16) Dooyeweerd: Themis, 212.

## 3. REGSPERSOONLIKHEID EN REGSUBJEKTIWITEIT

Hierdie omstrede begrippe het tot heftige diskussies aanleiding gegee. Vir Scholten[17] val die regswetenskaplike waarde van die leer oor die regspersoon te ontken. Of die regspersoon 'n organisme, 'n belangekompleks, 'n doeleenheid of 'n fiksie is, is vir Scholten vrae wat die juris nie aangaan nie. Nekam[18] vervang die term regspersoon met "legal entity" en probeer aandui dat daar geen wesenlike eienskappe van korporasies bestaan nie.

Die term regspersoon is egter reeds ingeburger en vir ons doel bruikbaar. Spier[19] se beswaar daarteen uit sogenaamde christelike oorweging omdat dit aan die christelike idee van die persoonlikheid afbreuk sou doen, is gegrond in die individualisme wat geen ander persoonlikheid as die van die individu erken nie. Die term regspersoon is blykbaar afgelei van die woord persona, wat gebruik is om die Griekse akteur se masker op die toneelverhoog aan te dui. Die rol van 'n toneelspeler word mettertyd vereenselwig met die rol wat 'n mens in die "legal drama" speel, en word persona in dié sin sinoniem aan 'n regsubjek.[20]

Vir ons doel is regspersoonlikheid niks anders as die regsubjektiwiteit van 'n verband nie.[21] „Die woord regspersoon", verklaar van der Vyver en van Zyl tereg, „is 'n funksiebegrip; dit verwys na 'n bepaalde

---

17) Asser-Scholten, Deel I, lste druk, 555.
18) 48, 49, 110.
19) 168.
20) Paton, 350; Duff, 3 ev., 24.
21) Vgl. van Tonder, 320, vir sy definisie van regsubjektiwiteit.

aspek van 'n ding. Die term verwys na 'n samelewingsverband vir sover dit as subjek in die juridiese wetskring fungeer. 'n Regspersoon is dus 'n verband vir sover dit regspersoonlikheid het."[22]

Die term regspersoonlikheid van 'n eenheidsgroep, verklaar Boots,[23] „wil dus zeggen: de bevoegdheid van een gemeenschap om evenals een particulier persoon in rechte, zo eisende als verwerende, op te treden, goederen te verkrijgen, derden aan zichzelf en zichzelf aan derden te verbinden, zonder dat de leden persoonlijk goederen verkrijgen, zich binden of gebonden worden.". So tree die ekklesia in sy sigbare gestalte as 'n eenheidsfiguur in die regslewe op en gaan deur middel van organe en verteenwoordigers regshandelinge aan. Die kompetensies van die regspersoon, hetsy na binne (intern) of na buite (ekstern), hang aldus ten nouste saam met die siening van regsubjektiwiteit, wat in die regsgeskiedenis soos volg uitgekristaliseer het:-[24]

1. Die absolute opvatting van regsubjektiwiteit knoop vas aan die opvatting van die persoonlikheid as 'n metafisiese substansie. Die wese, die substansie van die persoonlikheid word gevind in die redelik-sedelike wil. Sommige skrywers handhaaf 'n individualistiese opvatting van hierdie „metafisiese persoonlikheid", en aangesien alleen die individu volgens hulle regsubjek kan wees, word die regspersoon as 'n persona ficta, 'n juridiese fiksie, beskou. Ander skrywers het in universalistiese bane beweeg en samelewingsverbande as volwaardige, werklike persone beskou, gelykwaardig aan die natuurlike persoonlikheid.

---

22) 169-170.
23) 47.
24) Op voetspoor van Dooyeweerd: Themis, 205 ev.

ii. Die relativistiese opvatting van regsubjektiwiteit skei die begrip regsubjektiwiteit van die menslike persoonlikheid, en los, in natuurwetenskaplike trant, die werklikheid op in 'n stel verhoudinge tussen elementêre bestanddele. Die individue is dan die elementêre bestanddele, en die samelewingsverbande is verhoudinge tussen die individue. Die wese van die regsubjektiwiteit word nie meer gesoek in die redelik- sedelike wil nie, maar in 'n sogenaamde empiries-psigiese wil.

Uit hierdie wysgerige strominge het die verskillende teorieë oor die aard van die regspersoon na vore gekom. Daar bestaan na berekening 16 teorieë om die aard van die regspersoon te verklaar,[25] en hierdie teorieë het meegespreek in die regspraktyk en het ook neerslag gevind in kodifikasies. Ten einde die begrippe van regsubjektiwiteit en regspersoonlikheid suiwer op die Nederduitse Gereformeerde Kerk van toepassing te kan maak, ag ons dit nodig om kortliks na 'n paar van die teorieë te verwys.

## 4. TEORIEË OOR DIE AARD VAN DIE REGSPERSOON

### 4.1. Die fiksieteorie van von Savigny en Windscheid

Die Duitse juris, Carl von Savigny (1779-1861) gaan uit van die premisse dat die sleutel tot regsubjektiwiteit in die wilsmag van die mens geleë is. „Diese Macht nennen wir ein Recht dieser Person."[26] Nou blyk egter dat die regspersoon as regsubjek bekend staan, maar tog nie 'n mens is nie en nie wilsmag kan hê nie. Hierop antwoord von Savigny dat die

---

25) Joubert, 9; van der Vyver en van Zyl, 165 voetnoot 20.
26) I, 4, 7.

positiewe reg „die Rechtsfähigkeit auf irgend Etwas auszer dem einzelnen Menschen übertragen, also eine juristische Person künstlich gebildet werden.[27] Wir betrachten die Rechtsfähigkeit jetzt als ausgedehnt auf künstliche, durch blosze Fiction angenommene Subjecte. Ein solches Subject nennen wir eine Juristische Person, d.h. eine Person welche bloss zu juristischen Zwecken angenommen wird. In ihr finden wir einen Träger von Rechtsverhältnissen noch neben dem einzelnen Menschen."[28]

Vir von Savigny is die natuurlike mens sowel as die fiktiewe regspersoon regsubjekte. 'n Innerlike teenstrydigheid kom dadelik na vore: Die wilsmag, wat vir von Savigny 'n wesenlike element van regsubjektiwiteit is en wat deur hom individualisties opgevat word, ontbreek by die fiktiewe persoon. Nogtans aanvaar hy die regsubjektiwiteit van die regspersoon.[29]

Uit hierdie fiktiewe karakter van die regspersoon is veral twee konsekwensies vir die praktyk getrek:

i. Alleen die owerheid kan regspersoonlikheid skep of toeken.

ii. Regsreëls wat aan psigiese faktore soos skuld, voorkennis of motief regsgevolge verleen, kan nie op regspersone as fiksies van toepassing wees nie. Die konsekwensie is dat die regspersoon wilsonbevoeg, handelingsonbevoeg, deliksonbevoeg en strafregtelik onaanspreeklik is.[30]

---

27) II, 60.
28) II, 85.
29) Houwing, 68.
30) Joubert, 10. Billikheidshalwe moet daarop gewys word dat von Savigny geleer het dat die regspersoon, hoewel self nie tot dolus en culpa in staat nie, in kontraktuele betrekkinge vir die dolus en culpa van sy verteenwoordiger aanspreeklik is. Sien Houwing, 61.

Die fiksieteorie het in verskeie nuanseringe, veral soos aangebring deur Windscheid,[31] tot diep in die 19de eeu die regsleer beheers, hoewel nie onbetwisd nie. De Groot,[32] byvoorbeeld, het geen ander regsubjek as die mens erken nie: „Alle zaken toebehooren of alle menschen of eenige groote gemeenschap der menschen of bijsondere menschen of niemand."

Oor die vraag of die fiksieleer in die Suid-Afrikaanse regsorde neerslag gevind het en of dit op die kerk van toepassing kan wees, word verskillend geoordeel. Geldenhuys[33] verklaar dat die fiksieteorie in die regspraak van ons howe „konstant gevolg word." Benade[34] is versigtiger as hy sê dat hoewel dit soms betwis word, dit tog beweer word dat die Engelse, en bygevolg ook die Suid-Afrikaanse verenigingsreg „onder die vaandel van die sogenaamde fiksieteorie in algemene sin staan, of altans nader daaraan staan as aan enige van die ander bekende teorieë." In Webb and Co. v. Northern Rifles dui regter Smith se uitlating op ondersteuning van hierdie sienswyse as hy verklaar: "An universitas in Roman-Dutch law is a legal fiction ..."[35] Joubert[36] meen tereg dat hierdie uitlating alleenstaande is, dat ons regspraak nooit hieruit dieselfde gevolgtrekkinge as von Savigny gemaak het nie, en dat nóg ons regspraak nóg ons wetgewer ooit 'n moderne teorie oor die regs-

---

31) Lehrbuch des Pandektenrechts, met verskillende standpunte in verskillende uitgawes.
32) II. 1. 16.
33) 341.
34) 216.
35) 1908 T. 462 op 464.
36) 191. Vir 'n foutiewe en verwarrende definisie van 'n universitas waar die fiksieteorie om die hoek loer, sien Maasdorp, 235: "It (a universitas) is in our law a legal fiction or incorporeal abstraction, generally created directly or indirectly by legislative enactment, and consisting of a collection or aggregation of real and natural persons, but having in itself no existence in nature and existing usually by virtue

persoon aanvaar het. Boots[37] verklaar dat ook die Nederlandse wetgewer geeneen van die teorieë konsekwent nagevolg het nie.

Prinsipieel is die fiksieteorie ondienlik vir toepassing op die regspersoon in die algemeen en die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die besonder. Fiktiewe konstruksies van die regstegniek verval*s* die regswetenskaplike ondersoek na die aard van die regspersoon. Die kerklike instituut is ten ene male nie 'n regsfiksie nie, en dank sy ontstaan en optrede nie aan die staatsgesag nie. Die fiksieteorie kom in botsing met die werklikheid en negeer die interne struktuur van die ekklesia as 'n verband. Von Savigny se individualistiese uitgangspunt met betrekking tot regsubjektiwiteit (wilsmag) is ondeugdelik waar ons met 'n universitas personarum te doen het. Verder is 'n regspersoon sonder handelingsbevoegdheid en aanspreeklikheid 'n absurditeit en regtens onbestaanbaar.

## 4.2. Die werklikheidsteorie of orgaanteorie van Gierke

Otto von Gierke (1841-1921) breek met die fiksieleer en beskou die regspersoon as 'n werklike organisme soos die mens dit is.[38] Vir regsubjek gebruik Gierke die term persoon: „Das objective Recht kann kraft seiner formellen Allmacht an sich beliebige Dinge, jedoch seiner Idee gemäss und mit Aussicht auf wirklichen Erfolg nur Träger von freien Willen zu Personen stempeln."[39] Die regspersoon of die „Verbandsperson", soos Gierke dit noem, „ist kein todtes Begriffsding, das der Vertretung durch andere Personen bedarf, sondern ein lebendiges Wesen, das als solches will und handelt"[40] deur middel van

---

37) 71.
38) Veral in sy werk Deutches Privatrecht, I.
39) I, 265.
40) Idem, 472.

'n orgaan. Die regspersoon is 'n Gesammtperson, sy wil is 'n Gesammtwille en sy doel die Gesammtzweck.

Die probleem met hierdie teorie, ondanks die verdienste daarvan, is dat Gierke die tydelike verbande van die menslike samelewing as werklike „verbandspersone" eenvoudig koördineer met die volle menslike persoonlikheid.[41] Die verband, saamgestel uit 'n veelheid van lede en organe is vir Gierke 'n eenheid soos die individu 'n eenheid is van siel en liggaam. Dooyeweerd[42] wys tereg daarop dat hierdie teorie in die immanensie-standpunt wortel wat die wese van die mens in die tyd soek, en nie kan insien dat die mens deur die botydelike religieuse grondslag van sy persoonlikheid alle tydelike dinge, ook die tydelike verbande van die menslike samelewing, te bowe gaan nie. Die gelykskakeling van die natuurlike persoon en die regspersoon is op hierdie beginselgrond ontoelaatbaar. Ook Hommes waarsku teen sodanige gelykskakeling en wys daarop dat dit by regspersoonlikheid gaan „om een juridische functie der sociale collectiviteiten waardoor zij extern - in de verhouding tot derden - als rechtssubjecten, als dragers van rechtsbevoegdheden en rechtsplichten optreden."[43]

Praktiese regsvrae kom verder met die toepassing van die orgaanteorie na vore:[44] Wanneer tree die organe in naam van die regspersoon op en wanneer in hul persoonlike hoedanighede as regsubjekte? Kan ander persone ook die regspersoon regtens bind? Indien die antwoord bevestigend is, is hulle dan ook organe van die regspersoon? Kan 'n individu 'n orgaan van verskillende regspersone wees?

---

41) „Die Verbandsperson ist eine wirkliche und volle Person gleich der Einzelperson jedoch im Gegensatze zu dieser eine zusammengesetzte Person." I,470.
42) Themis, 237.
43) 116.
44) Joubert, 11.

Hoewel die orgaanteorie op die oog af bruikbaar is, word dit gedruk deur bostaande prinsipiële en praktiese besware. Houwing[45] wys daarop dat die leer van Gierke in die Duitse Wetboek en in die Switserse Zivilgesetzbuch van 1907 amptelike erkenning ontvang het.

## 4.3. Die leer van die doelvermoë

Brinz[46] leer dat die regsdoel die regsubjek kan vervang. Tot die bestaan van subjeklose regte konkludeer hy soos volg: Slegs mense is persone. Die regspersoon is nie 'n mens nie, derhalwe geen persoon, geen regsubjek nie. Die aan regspersone toegekende regte is dus subjeklose regte. Ontbreek 'n regsubjek op hierdie wyse, word dit vervang deur die doel wat met die vermoë nagestreef word deur die groep persone wat gesamentlik as regspersone optree. Op die vraag hoe 'n doel kan wil of handel, antwoord Brinz dat die regspersoon dit deur middel van sv verteenwoordigers doen.

Hierdie sienswyse is 'n voorbeeld van die relativistiese opvatting van regsubjektiwiteit, wat laasgenoemde losmaak van die menslike persoonlikheid. Van 'n korporatiewe verbandswerklikheid is hier geen sprake nie, en 'n starre, onwerklike begrip van 'n universitas is die gevolg. Op 'n gemeente[47] of die kerkverband kan dit nie van toepassing wees nie.

---

45) 75.
46) III, 979 ev. onder die titel: Das Zweckvermögen.
47) In III, 1028 ev. handel Brinz oor 'n gemeentevermoë „welches für einzelne gewisse Gemeindezwecke gehört," en wat hy „ein gebunden Vermögen" noem.

## 4.4. Die leer van die kollektiewe eiendom

Volgens hierdie teorie, soos deur Molengraaff[48] verdedig, word die orgaanteorie wat aan die regspersoon as regsubjek 'n werklike bestaan toeken, verwerp en word soos volg geleer: „Het feit is er nu eenmaal, dat vereenigde personen rechten kunnen hebben in dier voege, dat deze rechten aan ieder van hen voor een deel toekomen, maar ook aldus dat die rechten alleen toekomen aan hen gezamenlijk .... Indien dit het geval is, zijn deze personen gezamenlijk op dezelfde wijze eigenaar als een enkele persoon dit kan wezen, nemen zij aan het rechtsverkeer deel, zoo als de enkele mensch dit doet. Men brengt dit in beeld door te zeggen, dat zij gezamenlijk één persoon zijn."[49]

Die prinsipiële verskil tussen 'n universitas en 'n societas is hiermee prysgegee. Die regsubjektiwiteit van die regspersoon word dan opgelos in dié van in die regspersoon verbonde individue. Met so 'n redenasie het ons Appélhof tereg korte mette gemaak.[50] Die vraag kom na vore: Is die lidmate van 'n gemeente gesamentlik regsubjekte of is die gemeente self die regsubjek? Die korrekte antwoord is: Die gemeente as 'n universitas is self die regsubjek. Die begrip regspersoon dui nie op lede wat hul individuele identiteite regtens behou in hul gesamentlike optrede nie,[51] maar van 'n eenheid wat as 'n selfstandige regsfiguur onafhanklik van sy lede fungeer.

---

48) 362 ev.
49) Idem, 366. Polak, 7.
50) Morrison v Standard Building Society, 1932 A.A. 229 op 238: „the power to own property apart from its members" is een van die wesenlike eienskappe van 'n universitas.
51) Soos dit wel die geval is by 'n vennootskap (winsmotief) of 'n genootskap (ideële doel).

## 4.5. Die leer van die amptelike vermoë

Hölder beklemtoon die verskil tussen die individuele persoonlikheid en die gemeenskapspersoonlikheid. 'n Wesenlike kenmerk van die menslike persoonlikheid is sy Willensfähigkeit, wat egter nie bestaan sonder sy Erkenntnisfähigkeit nie, en beide nie sonder sy körperliche Existenz nie. „Das wertvollste, was ihm für sein Leben durch andere widerfahren kann, ist die Sicherung der Entfaltung und Betätigung seiner Persönlichkeit und damit der Realisierung seines Willens."[52] Vir Hölder is hierdie Betätigung seiner Persönlichkeit regsubjektiwiteit.

Hy betoog verder dat in kontrakte waarby verteenwoordigers optree, die verteenwoordigers subjekte is van die regte van diegene wat verteenwoordig word; by altruïstiese verenigings is die lede en die bestuurslede regsubjekte; by egoïstiese verenigings die lede, en by stigtinge die bestuurslede. Die regte van sodanige verteenwoordigers noem Hölder op grond van hul besondere verhouding tot hul prinsipale, amptelike regte.

Hierdie opvatting, waarvolgens aan die bestuurder of die lede 'n amptelike vermoë of eiendom sou toekom, is in stryd met die werklikheid en met die naïewe ervaring. Indien dit van toepassing sou wees op 'n Nederduitse Gereformeerde gemeente, beteken dit dat die gemeentebates amptelik aan die kerkraadslede sou behoort. Die regspersoon self is egter in die volle sin van die woord subjek van regte en pligte en die organe van die regspersoon moet daarvan onderskei word.

---

52) 73. Vgl. verder Houwing, 134 - 137.

## 4.6. Die verbandsteorie van Dooyeweerd[53)]

Dooyeweerd lê die beginsel neer dat die praktiese regsvorming stap vir stap aan die werklikheid gebonde is, en dat die werklikheid vir ons onmiddellik gegewe is in die naïewe ervaring. Wat die begrip regspersoonlikheid betref, bied die werklikheid aan ons waarneming 'n juridiese eenheid wat bestaan uit 'n veelheid van lede en/of organe, wat tot 'n voortdurende, werklike eenheid verbind is. Uit hierdie verbondenheid van individue tot 'n korporatiewe eenheid, vloei Dooyeweerd se siening van die aard van die regspersoon, wat as sy verbandsteorie bekend staan.

Prinsipieel breek Dooyeweerd met iedere vereenselwiging van die verbande met die individuele menslike persoonlikheid, omdat die persoonlikheid van die mens sy bo-tydelike, religieuse „existentie-centrum" is, sy self-heid, wat alle tydelike verbandstrukture te bowe gaan.

Verder verwerp Dooyeweerd die individualistiese teorieë, wat regspersoonlikheid degradeer tot 'n fiktiewe konstruksie van die regstegniek, en hy stroop die regspersoon van alle skyn van mistiese romantiek en fiksie.

Vir Dooyeweerd is regspersoonlikheid 'n juridiese funksie van die verbandsrealiteit „die zich slechts in de sociale analogie van een doorlopende correlatie van juridische verbands- en gecoördineerde maatschappelijke functies openbaart."[54)] Regsper-

---

53) Themis, 199 ev. en 367 ev; Encyclopaedie (vervolg) 44 ev. Vir kommentaar op hierdie teorie, sien van der Vyver en van Zyl, 166 ev.

54) Themis, 261.

soonlikheid is gebonde aan 'n bestaande samelewingsverband, maar daarmee is nie gesê dat alle verbande as sodanig regspersone is nie. So is die gesin wel 'n verband, maar geen regspersoon nie, verklaar Dooyeweerd, omdat by die gesin die regsubjektiwiteit in die eksterne betrekkinge ontbreek. Na buite tree die ouers namens die gesinsverband op.[55)]

Dit bring ons by Dooyeweerd se maatstaf, sy kriterium vir die regspersoonlikheid van 'n verband. Die toets vir die bestaan van die korporatiewe regspersoon lê hierin: dat 'n werklike histories gefundeerde verband aanwesig is; dat dit in sy kontinuïteit onafhanklik van die individuele lede of organe prinsipieel en normalitêr as subjek van regte en pligte erken word in 'n deurlopende korrelasie van interne verbands- en eksterne maatskapsfunksies.[56)] Die besit van 'n „afgesonderde vermoë," verklaar Dooyeweerd, kan wel 'n belangrike aanwysing wees vir selfstandige interne en eksterne vermoënsregtelike subjektiwiteit, maar mag nie as 'n afdoende kriterium van regspersoonlikheid beskou word nie.

Dooyeweerd se onderskeiding tussen die interne verbandstruktuur en die eksterne maatskapsverhoudinge van die regspersoon is nie alleen insiggewend nie, maar vir ons doel prakties nuttig. Die interne verbandstruktuur het sy eie verbandsreg; dit is die reg wat onlosmaaklik saamhang met die verband en gekwalifiseer word deur die tipiese bestemming van die verband. Die eksterne maatskapsverhoudinge is die betrekkinge waarin die verband teenoor derdes in die regslewe te staan kom, en hierdie betrekkinge word hoofsaaklik deur die voorskrifte van die staatlike

55) Anders: Van der Vyver en van Zyl, 170.
56) 396.

regsorde bepaal.

Wat die <u>ekklesia</u> betref, pas Dooyeweerd[57] hierdie onderskeiding soos volg toe: Die interne verbandsreg is die kerkreg, wat al die reëls van 'n kerkgenootskap is en wat na sy materiële struktuur nie los te maak is van die tipiese interne bestemmingsfunksie[58] van die kerk as geloofsgemeenskap nie.

Die eksterne maatskapsverhoudinge is die betrekkinge waarin die kerkregspersoon as regsubjek gekoördineerd naas of teenoor derdes staan (byvoorbeeld kontraksluiting) en waarin die kerk die draer van regte en pligte is. Dooyeweerd wys verder op „die enkaptische binding van het kerkrecht in het burgerlijk privaatrecht" en gee as voorbeelde die oplegging van kerklike boetes en verpligte bydraes, laster en handelinge van kerkvergaderinge wat in stryd is met die beginsels van natuurlike regverdigheid. Interne statute of reglemente bevat wel bepalinge wat op die privaatregtelike terrein lê of waarvan die uitwerking die privaatreg raak.

Hierdie verbandsteorie is van alle teorieë oor die aard van die <u>universitas</u> in beginsel die mees aanvaarbare. Dat die korporatiewe regspersoon 'n assosiasie van persone, 'n verband is, is 'n gegewenheid. Wie hierdie verbande universalisties of

---

57) <u>Encyclopaedie der Rechtswetenschap</u>, vervolg, 47 ev.

58) „Deze interne bestemmingsfunctie heeft een typische richtinggevende en leidende rol binnen de individualiteitsstructuur. Zij ontsluit alle vroegere aspectfuncties van het geheel en richt ze op die typische innerlijke bestemming van dit laatste. Al deze vroegere functies ontsluiten hierbij haar anticiperende modale structuurmomenten." Dooyeweerd: <u>Verkenningen</u>, 100 - 101.

individualisties benader, doen die eie struktuurtipe van 'n samelewingsverband soos die staat of die kerk geweld aan. Aangesien Dooyeweerd die eiesoortige struktuur van die verband[59] na sy interne en eksterne sye handhaaf, word sy verbandsteorie vir ons regspraktyk 'n diensbare teoretiese fondament. Vir ons behandeling van die kerk as regspersoon is die onderskeidinge van Dooyeweerd besonder bruikbaar.

## 5. MAATSKAPPE, GEMEENSKAPPE EN VERBANDE

In die samelewing staan individue en regspersone naas en teenoor mekaar in verskillende verhoudinge. Aangesien die ekklesia midde in die maatskaplike orde fungeer,[60] is besinning oor hierdie verhoudinge van nut om die regsposisie van die ekklesia in die samelewing te bepaal. Sodanige verhoudinge bring lidmaatskap mee van die volgende samelewingskringe:[61]

### Die maatskap

As lede van die maatskap word die individue nie tot 'n hoër eenheid verbind nie, maar staan hulle gekoördineerd naas of teenoor mekaar, hetsy in 'n neutrale verhouding (passasiers in 'n bus), of in 'n samewerkingsverhouding (by 'n ongeluk op straat), of in 'n kontraktuele verhouding (vennote), of in 'n strydverhouding (mededinging).

---

59) Vgl. van der Vyver se uiteensetting in Die juridiese funksie van staat en kerk, 71 ev.
60) Matt. 5:14, Mark. 16:15, Joh. 17:15-18.
61) Op voetspoor van Dooyeweerd: Encyclopaedie (vervolg) 44-45; A new critique, III, 177 ev; Themis, 416; Verkenningen, 110 ev.

Die gemeenskap

Die gemeenskap verenig die daartoe behorende mense tot 'n hoër eenheid en word gekenmerk deur 'n gesags- en ondergeskiktheidsverhouding, soos dit die geval is by die staat, die gesin en die universitas. Die gesagsbeginsel is dus die prinsipiële onderskeidingsnorm tussen die maatskap en die gemeenskap.

Sodanige gemeenskappe word verdeel in die natuurlike en georganiseerde gemeenskappe. Eersgenoemde is in die natuur-sy van die werklikheid gegrond, byvoorbeeld die gesin, wat bioties gefundeer is en waar die ouers gesag uitoefen. Die georganiseerde gemeenskappe aan die ander kant, is gefundeer in die historiese aspek van die werklikheid en staan as verbande bekend, byvoorbeeld die staat, gemeente, stam, skool, met die gesagselement as gemeenskaplike kenmerk.

Die verband

Die verbande val weer uiteen in twee hoofgroepe. Die eerste kategorie is die institutêre verbande, wat in die reël hul lede omvat hetsy gedurende heel hul lewe of gedurende die belangrike periode van minderjarigheid, onafhanklik van hul vrye toestemming. Van hierdie institutêre verbande is die stam 'n goeie voorbeeld. Die stamlede word vanaf hul geboorte in hierdie gemeenskap, waarin gesag en ondergeskiktheidsverhoudinge aanwesig is, saamgevoeg. Die tweede kategorie is die vrywillige verbande, wat deur 'n vrye onderlinge samewerking in die lewe geroep word, en wat in eie titel 'n doel, soos deur die oprigters of stigters in die oprigtingsakte neergelê, nastrewe. Van hierdie vrywillige verbande is 'n maatskappy 'n goeie voorbeeld.[62)]

---

62) Vir die reg op bostaande verhoudinge van toepassing, sien van der Vyver: Die regsbegrip, 7 ev.

Kragtens sy interne struktuur is 'n gemeente 'n kombinasie van 'n institutêre en 'n vrywillige verband. Dit is institutêr vir sover dit sy dooplede betref:[63] hulle word ingevolge die Here se uitverkiesende genade as verbondskinders vanaf hul geboorte saamgevoeg in 'n coetus waarvan Christus die Koning en Gesagsdraer is. Maar die gemeente is ook 'n vrywillige verband vir sover dit lidmate aangaan wat vanuit die heidendom of allerlei dwaalrigtings of ander christelike gemeentes gekom het en hulself uit oortuiging by die gemeente gevoeg het. Aangesien die eersgenoemde groep in die reël die meerderheid lidmate uitmaak, tipeer ons die gemeente as 'n semi-institutêre verband. Die kerkverband, aan die ander kant, is 'n vrywillige verband van gemeentes, wat vrywilliglik tot die verband toetree.

Wie bostaande onderskeidinge voor oë hou, sal nie in die versoeking val om onder die begrip regspersoon heterogene en onderling onvergelykbare figure saam te groepeer nie. Wie dus 'n gemeente[64] of 'n kerkverband[65] as 'n onderlinge vereniging of 'n societas[66] beskou, verwar 'n verband met 'n kontraktuele maatskap; en wie 'n gemeente as 'n stigting konstrueer,[67] of as 'n

---

63) Dooyeweerd: Verkenningen, 112.
64) Bv. Kachelhoffer, 222; Uys: Die Genootskapooreenkoms, 1.
65) Bv. in de Waal v van der Horst, 1918, T.P.A. 277 op 281.
66) Societas, voluntary association, unincorporated body, genootskap, 'n vereniging sonder regspersoonlikheid, 'n vrywillige vereniging, 'n altruïstiese vereniging, is sinonieme vir 'n assosiasie van persone, gegrond op 'n ooreenkoms inter se, ter nastrewing van 'n gesamentlike wettige en ideële doel, wat winsbejag uitsluit. Sodanige genootskappe is nie regspersone nie, behalwe vir die doel van die invordering van inkomstebelasting. Vir dié doel word genootskappe in die begrip persoon ingevolge Wet 33 van 1957 in a 2, inbegryp. Sien C.I.R. v Witwatersrand Association of Racing Clubs, 1960 (3) S.A. 291 op 304 (A); Secretary for Inland Revenue v Somers Vine, 1968 (2) S.A. 138 (A).
67) Joubert, 28.

maatskappy[68] registreer, verwar 'n semi-institutêre verband met 'n vrywillige verband.

Ons handhaaf dus dat die gemeente en die kerkverband histories gefundeerde verbande is, wat as sodanig deur die regsorde erken moet word.

## 6. DIE VEREISTES VIR DIE TOEKENNING VAN REGSPERSOONLIKHEID

Ten einde duidelikheid oor die privaatregtelike aard en kompetensies van meerdere individue wat in 'n verband met 'n ideële doel verenig is, te verkry, moet die prinsipiële onderskeid tussen 'n genootskap[69] en 'n universitas gehandhaaf word. Die kriterium waarvolgens regspersoonlikheid toegeken of weerhou word, is dus aktueel. Wanneer is 'n saamverbonde groep individue 'n societas en wanneer 'n universitas?

Voorstanders van staatsabsolutisme[70] stel as die eerste vereiste vir die toekenning van regspersoonlikheid aan 'n vereniging die spesiale sanksie van die staat. Dit was ook die standpunt van Voet[71] dat tensy 'n vereniging staatsanksie het, dit geen locus standi in iudicio of patrimonium het nie; maar of dit die algemeen geldende reël was, is te betwyfel. Hoofregter Wessels, na 'n studie van die ou skrywers, konkludeer: „It is impossible for us to say that the state sanction was in Holland an essential for the creation of a universitas, and that without such sanction it cannot

---

68) Bothma v Bucknall and others, 1951 (1) S.A. 698 (N).
69) Sien supra, en verder die definisies van 'n societas by Uys: Die Genootskapooreenkoms, 1 en Bamford, 97.
70) Vgl. Van Nispen tot Sevenaer, 22-23.
71) 3.4.1.

sue in its own name."[72] In 1855[73] het dit wel in Nederland 'n vereiste geword vir verenigings om erkenning deur 'n wet of 'n koninklike besluit te verkry ten einde as regspersoon op te tree. Van hierdie „aanmeldingsplig" is die kerke egter vrygestel.[74] In Suid-Afrika was staatsanksie vir die oprigting van 'n universitas tereg nog nooit 'n vereiste nie.

Die vereistes vir die toekenning van regspersoonlikheid aan 'n verband deur die regsorde in Suid-Afrika kan soos volg getabuleer word:

## 6.1. Die bestaan van 'n verbandstruktuur

Soos die naïewe ervaring werklike eenheid toeken nie alleen aan 'n enkele boom nie, maar ook aan 'n woud; nie alleen aan 'n waterdruppel nie, maar ook aan 'n fontein, en nie alleen aan individuele lede nie maar ook aan die verbande van die menslike samelewing, erken die regsorde die juridiese eenheid van die verband, wat as 'n selfstandige figuur as regsubjek regshandelinge verrig.

Kragtens sy interne struktuur moet die verband, om as regspersoon te kwalifiseer, 'n selfstandige eenheidsfiguur onder die veelheid van individuele subjekte wees. Hierdie juridiese eenheid word intern bepaal deur die interne materiële verbandsreg;

---

72) Morrison v Standard Building Society, 1932, A.A. 229 op 237.

73) Wet tot regeling en beperking der uitoefening van het recht van vereeniging en vergadering, 22 Apr. 1855, a 5.

74) Sien N.J. 1939, 247, die uitspraak van die Hoge Raad m.b.t. die regspersoonlikheid van die Classis 's Hertogenbosch.

maar hoe belangrik hierdie eenheid ookal op sigself is, is dit nie voldoende om van die verband 'n regspersoon te maak nie. Daarvoor is 'n tweede kenmerk nodig:

Die verband moet as 'n selfstandige eenheidsfiguur na buite tree. Die regsubjektiwiteit van die regspersoon vind uitdrukking in eksterne maatskapsverhoudinge wat die verband in eie titel, onafhanklik van sy lede, met derdes aangaan.[75)]

Sodra albei hierdie eienskappe - 'n interne verbandsreëling en eksterne maatskapsverhoudinge in eie titel - eie aan 'n verband is, is aan 'n fundamentele voorwaarde vir die toekenning van regspersoonlikheid daaraan voldoen.

## 6.2. Die verbandsbestemming moet regtens geoorloof wees

Elke verband waarin individue saamgevoeg is, het 'n interne bestemmingsfunksie wat eie aan die aard van die verband is.[76)] Hierdie bestemming moet vanselfsprekend regtens geoorloof wees, anders word die uitoefening van die kompetensies van die verband

---

75) Omdat van der Vyver en van Zyl hierdie kenmerk uit die oog verloor (vgl. die kenmerke van 'n verband, 167) word ten onregte aan die hand gegee (170-171) dat die verband tussen man en vrou wat in gemeenskap van goedere getroud is, 'n regspersoon daarstel. Die sogenaamde gemeenskaplike boedel verrig nie as sodanig eksterne regshandelinge nie; mnr. A laat sy motor by die motorhawe herstel en mev. B. deponeer geld op haar spaarrekening by die bougenootskap. Verder ontbreek by die huwelik 'n primêre eienskap van 'n regspersoon, naamlik voortdurende opvolging.

76) Dooyeweerd onderskei tereg tussen die doel en die bestemming van 'n gemeenskap. Vgl. sy sprekende voorbeeld van 'n huwelik in Verkenningen, 122 ev; ook 133 ev.

se regsubjektiwiteit gestuit en deelname aan die regsverkeer verydel. As voorbeelde van sodanige verbande dien die sogenaamde verbode organisasies, en verder verbande wat bedrywighede wat in stryd met die staatlike regsorde en die boni mores is, beoefen.

Wet 34 van 1960 het aan die Suid-Afrikaanse kabinet, indien die lede daarvan oortuig is dat die publieke veiligheid en orde deur die bedrywighede van sekere Bantoeorganisasies bedreig word, die bevoegdheid verleen om die Pan Africanist Congress en die African National Congress as verbode organisasies te verklaar. Sodanige verklaring is uitgereik per Proklamasie[77] en dit sou aanvanklik van krag wees tot op 6 April 1961, maar die tydperk is van tyd tot tyd verleng.

In artikel 14 van die Algemene Regswysigingswet[78] is bepaal dat die Staatspresident deur middel van proklamasie kan verklaar dat enige bestaande organisasie in werklikheid 'n organisasie is wat in terme van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme[79] en die Wet op die Verbode Organisasies[80] verbode is. Die ampsdraers en lede van 'n sodanige organisasie is dan aanspreeklik in 'n strafregtelike proses, omdat hulle na die dag wat in die proklamasie gemeld is, ampsdraers of lede van 'n verbode organisasie geword het.

Op 18 Maart 1966 is The Defence and Aid Fund as 'n verbode organisasie verklaar ingevolge artikel 2 (2) van Wet 44 van 1950.

---

77) Nommer 119 van 1960.
78) Wet 37 van 1963.
79) Wet 44 van 1950.
80) Wet 34 van 1960.

Sodanige verbode organisasies se regspersoonlikheid word, vir sover dit die staatlike reg aangaan, deur die regsvormer opgeskort sodra hulle deur proklamasie as verbode verklaar word. Soos van der Vyver en van Zyl daarop wys,[81] kan 'n sodanige organisasie, tensy hy heeltemal ontbind, ondergronds wel voortgaan om as regsubjek op te tree wat die niestaatlike reg betref, omdat „hierdie kompetensie tot die ingeskape wese van die mens en die struktuur van die gemeenskap hoort."

'n Ander groep verbande waarvan die regspersoonlikheid in die gedrang kom, is die sogenaamde kriminele organisasies, byvoorbeeld 'n rowerbende. Weliswaar is dit moontlik dat 'n rowerbende 'n interne struktuurbeginsel mag hê wat nie misdadig van aard is nie, maar die bestemming van die verband is misdadig en gee daarmee aan die organisasie 'n kriminele gerigtheid. Indien gepoog word om aan 'n rowerbende wat in stryd met die regsorde handel, regspersoonlikheid te verleen, word 'n poging aangewend om valse reg in die lewe te roep.[82]

Dieselfde beginsel geld vir 'n verband waarvan die bestemming in stryd kom met die boni mores, byvoorbeeld 'n maatskappy wat uitsluitlik op Sondae erwe wil verkoop of die bevordering van onsedelikheid beoog. Die toekenning van regspersoonlikheid aan sodanige verbande sal 'n bespotting van die reg maak.

---

81) 174.
82) Vgl. Dooyeweerd: Verkenningen, 133; Van der Vyver en van Zyl, 172 voetnoot 35; S v Ismail and others, 1965 (1) S.A. 452 (N) op 458: "Corporate bodies are required by law to have lawful objects". Vgl. South African Defence and Aid Fund v Minister of Justice, 1967 (1) S.A. 263 (A).

'n Regtens geoorloofde bestemming is dus 'n tweede vereiste vir die normale bestaan van 'n regspersoon.[83)]

## 6.3. Die verband moet voortdurend wees

Ten einde 'n regspersoon te wees, moet die verband voldoen aan die vereiste van kontinuïteit ten spyte van die wisseling van individuele lede. Hierdie vereiste van die bestendigheid ("perpetual succession") van 'n verband as 'n selfstandige eenheidsfiguur, is in Webb and Co. Ltd. v Northern Rifles[84)] bepaal.

In hierdie geval is 'n vrywilligerskorps, in die lewe geroep ingevolge artikel 2 van Ordonnansie 37 van 1904 (T), vir skuld gedagvaar. Die eksepsie is opgewerp dat die korps geen universitas is nie en dus nie in eie naam gedagvaar kan word nie. In sy uitspraak verklaar Smith, R. met beroep op Voet en Noodt "that a universitas continues to exist though the individual members comprising it change, so long as one member remains in whom the rights of the universitas can vest. It has what is sometimes termed perpetual succession...." Aangesien die korps onder andere aan hierdie vereiste voldoen, bevind die hof dat dit 'n regspersoon is.

Oor die vraag wat die posisie wel sal wees indien geen lid van die verband oorbly nie, oordeel

---

83) Soos in die geval van 'n societas. Vgl. Bamford, 100 en veral 102.

84) 1908 T.H. 462. Verder Cassim v Molife, 1908 T.H. 748; Levin v Transvaal Miners' Association, 1912 W.P.A. 144; Tillbrook v Higgins, 1932 W.P.A. 147 op 153; Ex Parte Gardner, 1940 O.D.A. 175; Van Rensburg v A.T.K.V. (S.A.S. en H.), 1941 K.P.A. 179 op 185; Malebjoe v Bantu Methodist Church of S.A., 1957 (4) S.A. 465 (W).

van der Vyver en van Zyl[85] dat die liggaam se goedere nie res nullius sal word nie. 'n Sodanige situasie is egter prakties onmoontlik met betrekking tot 'n gemeente en sy lidmate vanweë die gemeente se posisie in die kerkverband.

Die rigting-gewende beginsels van die Webb-gewysde is deur die Appélhof in die Morrison-gewysde (infra) bekragtig.

6.4. Die verband moet die vermoë hê om selfstandig kompetensies uit te oefen

Die vermoë om regte te verkry apart van die individue wat in die verband saamgevoeg is, is in ons gemene reg 'n voorwaarde vir die toekenning van regspersoonlikheid. Onder hierdie regte word veral vermoënsregte betrek; dit wil sê die regspersoon se vermoë moet „afgeskei" wees van die lede se vermoë.[86]

In Morrison v. Standard Building Society[87] is die vraag of die Standard Bougenootskap 'n universitas is met die bevoegdheid om in eie naam een van sy huurders vir uitsetting te dagvaar, op appél vir beslissing voorgelê. Die hof ondersoek die konstitusie van die bougenootskap, en pas die vereistes vir die toekenning van regspersoonlikheid soos dit in die Webb-saak geformuleer is, toe. Afgesien daarvan dat die Standard Bougenootskap 'n

---

85) 168.
86) Voet, 3.4.2. en 3.4.4. Vgl. The Committee of the Johannesburg Public Library v Spence, 1898, 5 O.R. 84, Uys: Die Genootskapooreenkoms, 62, 72.
87) 1932, A.A. 229. Hierdie gewysde is beslis voor die invoering van a 4 van die Maatskappyewet. Die regspersoonlikheid van bougenootskappe word tans gereël deur a 6 van Wet 24 van 1965.

voortdurende vereniging is, het dit die vermoë "to exist quite apart from the individuals who compose it ... it is capable of owning property apart from its members." Aangesien die bougenootskap kragtens sy konstitusie aan hierdie vereistes vir die toekenning van regspersoonlikheid voldoen, bevind die hof dat dit 'n universitas is met die vermoë om in eie naam te dagvaar.

Na ons mening is die vermoë om 'n selfstandige eiendomsreg te verkry nie 'n voorwaarde nie, maar 'n bevoegdheid wat toekenning van regspersoonlikheid aan 'n verband tot gevolg het. Die voortdurende verband tree as 'n selfstandige juridiese eenheid as regsubjek op en die logiese uitvloeisel van hierdie status is die verwerwing van 'n eie selfstandige vermoë. Dieselfde is ook die geval met die bevoegdheid van die regspersoon om in sy eie naam locus standi in iudicio te geniet.[88)]

Al die bostaande vereistes moet tegelyk aanwesig wees voordat 'n verband kwalifiseer om 'n regspersoon te wees. Indien enige van hierdie kenmerke ontbreek, byvoorbeeld 'n liggaam bestaan wel voortdurend, maar het nie die kompetensie om eiendom apart van sy lede te verwerf nie,[89)] word regspersoonlikheid weerhou.

---

88) Voet, 3.4.2. Verder die Webb- en die Morrison-gewysdes supra; Jooste Lithium Myne Bpk. v Fricke and van Rhijn, 1954 (3) S.A. 419 (S.W.A.) op 424; Malebjoe v Bantu Methodist Church of South Africa, 1957 (4) S.A. 465 (W); Amalgamated Society of Woodworkers v Die 1963 Ambagsaalvereniging, 1967 (1) S.A. 586 (T.P.A.).

89) Leschin v Kovno Sick Benefit Society, 1936, W.P.A. 9; S.A. Cooling Services v Church Council of The Full Gospel Tabernacle, 1955 (3) S.A. 541 (D); C.I.R. v Witwatersrand Association of Racing Clubs, 1960 (3) S.A. 291 ( ) op 305.

## 6.5. Sekere verbande moet aan voorgeskrewe formaliteite voldoen

Indien 'n verband aldus kwalifiseer om as 'n regspersoon in die juridiese wetskring te fungeer, kan die regsorde sekere formaliteite voorskrywe waaraan voldoen moet word voordat die verband se regsubjektiwiteit gevestig word.

Sekere regspersone mag alleen ingevolge een of ander wet van die Parlement opgerig word, byvoorbeeld universiteite. So is die Private Wet op die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.,[90] tot erkenning van die Potchefstroomse Universiteit met regspersoonlikheid, deur die Parlement aangeneem.

Van ander regspersone word weer vereis dat hulle ingevolge 'n wet geregistreer moet word voordat hulle as regspersone kan funksioneer. Dit is die geval met maatskappye, wat kragtens artikel 17 van Wet 46 van 1926, soos gewysig, koöperatiewe verenigings wat ingevolge hoofstuk II van Wet 29 van 1939, soos gewysig, en bouverenigings wat ingevolge artikel 5 van Wet 24 van 1965, geregistreer moet word.

Selfs in die geval van 'n kerkverband is 'n verandering van sy privaatregtelike status deur middel van wetgewing bewerkstellig. In 1913 is Die Apostoliese Geloof Sending as 'n onbeperkte maatskappy geregistreer, maar deur Wet 24 van 1961, soos gewysig, het die beweging die status van 'n kerk ontvang. Artikel 3 lui soos volg: „Die kerk is 'n regspersoon met ewigdurende regsopvolging, bevoeg om in sy eie naam as eiser en verweerder in

---

90) Wet 19 van 1950.

regte op te tree en om afsonderlik van sy lede regte te verkry en verpligtings aan te gaan."

In die reël verklaar vrywillige verbande hulself as regspersone deur 'n inskrywing tot dié effek in hul onderskeie konstitusies. Hulle hoef dan aan geen verdere formaliteite te voldoen ten einde as regspersone op te tree nie.[91)]

Indien die regspersoonlikheid van 'n verband in geskil mag kom, is dit 'n saak wat deur die hof uitgemaak moet word. Die wyse waarop die hof te werk moet gaan om te beslis of 'n vereniging 'n universitas of 'n societas is, word in die Morrison - gewysde supra soos volg geformuleer: "In order to determine whether an association of inidviduals is a corporate body, the court has to consider the nature and objects of the association as well as the constitution." Die volgorde moet na ons mening, met respek, omgekeer word. Die konstitusie moet deur die hof ter hand geneem word; daaruit blyk wat die interne struktuur, die eksterne kompetensies en die bestemming van die verband is, en die toepassing van bostaande vereistes volg natuurlikerwys.[92)]

---

91) Committee of the Johannesburg Public Library v Spence, 5 O.R. 84; Hiemstra, 1946 THRHR 25; Ex parte Johannesburg Congregation of the Apostolic Church, 1968 (3) S.A. 377 (W).

92) So is die volgorde vasgestel in Ex Parte Johannesburg Congregation of the Apostolic Church, 1968 (3) S.A. 377 (W).

## 7. GRONDLIGGENDE UITGANGSPUNTE

In die lig van die voorafgaande, kom basiese stellinge met betrekking tot die regspersoon in die algemeen na vore wat in hierdie proefskrif as uitgangspunte dien:

7.1. Regspersoonlikheid is die regsubjektiwiteit van verbande, wat in die regslewe gegewenhede is.

7.2. Die <u>substratum</u> van 'n verband is persone, dit wil sê natuurlike en/of regspersone, wat vir die gesamentlike nastrewe van 'n regtens geoorloofde doel in 'n selfstandige georganiseerde gemeenskap, wat as 'n regsubjek onafhanklik van sy lede handel, saamgevoeg word. Die huidige lede van die verband is sovele vingers wat tot 'n vuis toegemaak word.

7.3. Die regspersoonlikheid van 'n sodanige kollektiwiteit setel in die eiesoortige verband self en is slegs die juridiese funksie van die verbandsrealiteit.

7.4. Die interne verbandsreg van nie-staatlike regspersone en die interne kompetensies van die verbandsorgane wat in die verbandsreg gefundeer is, vorm ingevolge die deugdelike beginsel van soewereiniteit in eie kring 'n eiesoortige stel reëls.

7.5. 'n Verband as regspersoon kan prinsipieel nie met 'n natuurlike persoon gelyk gestel word nie. Die verband se kompetensies word deur die staatlike reg en sy eie struktuur begrens en is onder andere van 'n meer beperkte omvang as die kompetensies van 'n natuurlike persoon.

7.6. Die regspersoon handel regtens deur organe en verteenwoordigers, wat soos volg van mekaar onderskei kan word:

Die vergadering of persoon of persone wat ingevolge die voorskrifte van die interne verbandsreg voortdurend interne beheer uitoefen en ekstern met derdes in naam van die verband regshandelinge verrig, is die verband se orgaan of organe.

Die instansie of persoon of persone wat eenmalig of sporadies besondere opdragte van die orgaan of organe ontvang en in die uitvoering daarvan die verband regtens teenoor derdes verbind, is die verband se verteenwoordiger of verteenwoordigers.

Byvoorbeeld: Van 'n gemeente as regspersoon is die kerkraad in vergadering 'n orgaan. Indien die kerkraad aan prokureur A opdrag gee om die gemeente-eiendomme te laat verseker, is A die gemeente se verteenwoordiger.

7.7. Die prinsipiële onderskeidinge met betrekking tot die grondslag, aard en kompetensies tussen die <u>universitas</u> en die <u>societas</u> as regsfigure waaronder persone kollektief sekere doeleindes nastrewe, behoort konsekwent in die praktyk gehandhaaf te word.

7.8. Die vereistes vir die toekenning van regspersoonlikheid aan 'n sosiale kollektiwiteit deur die regsorde - vereistes wat uit die Romeins-Hollandse reg tot ons gekom het - het in hoofsaak die toets van die tyd deurstaan en dien as 'n ferme basis vir verdere uitbouing van die regspersoonlikheidsleer.

Vir die doeleindes van ons studie meen ons dat die voorafgaande opmerkings oor die regspersoon 'n noodsaaklike inleiding was, aangesien veel verskil oor grondliggende begrippe bestaan. In die Nederduitse Gereformeerde praktyk bestaan verskillende verbande van persone en regspersone, wat as voort

durende eenheidsfigure interne en eksterne bevoegdhede uitoefen en aldus as regspersone aan te merk is. Verder bestaan ook stigtinge en nutsmaatskappye wat die doeleindes van die kerk nastrewe en as regspersone aan die regsverkeer deelneem. Die privaatregtelike aard van sodanige kerkregspersone word vervolgens ondersoek.

## HOOFSTUK II

### DIE AARD VAN KERKREGSPERSONE

Die verskillende regsubjekte wat binne die kader van die Nederduitse Gereformeerde kerklike instituut bestaan en die kompetensie het om eksterne regshandelinge deur middel van organe en verteenwoordigers te verrig, kan soos volg getabuleer word:

1. Verbande van persone en regspersone, naamlik:

'n Plaaslike gemeente, 'n verband van ampsdraers en lidmate, handel deur middel van die kerkraad en kommissies onder opdrag en met verantwoording aan die kerkraad. Intern is die kerkraad die regerende vergadering, en ekstern is dit as vergadering die orgaan van die gemeente.

'n Kerk in ringsverband, 'n verband van gemeentes, handel ekstern deur middel van die ringsvergadering wanneer in sitting, en deur ringskommissies in die resés[1] met verantwoording aan die volgende ringsvergadering.

'n Kerk in sinodale verband, 'n verband van gemeentes in wyer verband, handel deur die sinodale vergadering wanneer in sitting, en deur sinodale kommissies in die resés, met verantwoording aan die volgende sinodale vergadering.

Die kerk in algemene sinodale verband, 'n verband van kerke, handel deur middel van die Algemene

---

1) Dit wil sê die tydperk wat tussen twee opeenvolgende ringsvergaderings lê.

Sinode wanneer in sitting, en deur kommissies van die Algemene Sinode gedurende die resés, met verantwoording aan die volgende Algemene Sinode.

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk tree verder kragtens die kerkorde[2)] in ekumeniese verband met ander kerke in die binneland en die buiteland. Hierdie verband vind uitdrukking in die vorming van sogenaamde ekumeniese bewegings, byvoorbeeld die Internasionale Raad van Christelike Kerke, die Sinode van Gereformeerde Kerke, die Presbyterian Alliance en die All African Congress of Churches. Sodanige bewegings is gegrond op vrye assosiasie, aldus blote gespreksgemeenskappe, en is juridies irrelevant.

2. Kerklike stigtinge, wat ekstern deur middel van besture handel, en

3. Nutsmaatskappye, wat ekstern deur middel van direksies ageer.

In die bespreking van die aard van kerkregspersone word begin by die plaaslike openbaring van die liggaam van Christus, naamlik die gemeente.

## 1. DIE GEMEENTE AS 'N VERBAND VAN LIDMATE

Die term gemeente is 'n vertaling van die Griekse woord ekklesia (Latyn: convocatio), afstammend van die werkwoord kalein (roep, saamroep), en beteken 'n vergadering wat deur middel van oproeping

---

2) A 70. Vgl. Stoker, 16 ev. vir rigtinggewende beginsels m.b.t. die ekumene.

saamkom. Dat Christus 'n Nuwe Testamentiese instituut wou stig, blyk uit die instelling van die apostelamp, (soos dit in Markus 3: 14-15 en Lukas 6: 13-16 opgeteken is) Dit was veral die apostel Paulus wat op sy verskillende reise christelike gemeentes as die vrug van sy sendingarbeid kon stig. As wesenlike deel van die organisasie van die gemeentes het hy ouderlinge laat kies[3] sodat daar regeerders en voorgangers kon wees wat die geestelike arbeid voortsit nadat die apostel weer vertrek het.

Die lidmate, wat kragtens die uitverkiesende genade van God deur Christus saamgeroep is, en die deur Christus geroepe ampsdraers[4] vorm die substratum van die gemeente. 'n Kerk sonder lidmate is sinneloos, en die feit word deur Kuyper soos volg gestel: „Eene vergadering, waarin geen leden van het lichaam Christi meer zijn, heeft het wezen eener kerk verloor en hield niets dan het spotbeeld van een kerk over, hoe symmetrisch zuiver ze ook nog in haar instellingen sta."[5]

Die lidmate word deur 'n gemeenskaplike geloof wat uitgedruk word in die belydenis,[6] saam verbind in één liggaam, soos die apostel Paulus dit in verskillende briewe aandui.[7] Die plaaslike gemeente is dus wesenlik die openbaring van die liggaam van Christus op 'n bepaalde plek. Die lidmate is deur Christus tot Sy diens geroep, hulle word saam verbind deur die gemeenskaplike belydenis, en as 'n eenheidsfiguur is die gemeente gerig op 'n voortdurende

---

3) Hand. 14: 23.
4) K.o. a 3.
5) A. Kuyper: Tractaat, 31
6) K.o. a 1 vir die belydenis van die Ned. Geref. Kerk.
7) 1 Kor. 12: 12-31; Ef. 4: 15-16; Kol. 2: 19.

bestaan: „Op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie."[8)]

## 1.1. *'n Gemeente regtens gedefinieer*

Soos *infra* aangedui sal word, is 'n christelike gemeente in die Suid-Afrikaanse regspraak konsekwent onder die regsfiguur die *universitas* tuisgebring. In die staatlike wetgewing soos die kerkorde van de Mist (1804) en *Ordonnansie 7 van 1843* (K), is die privaatregtelike posisie van 'n gemeente enigsins onduidelik. 'n Bevredigende regsdefinisie van 'n gemeente ontbreek egter sowel in die wetgewing as in die regspraak.

Die mees gangbare regsdefinisie wat op 'n Nederduitse Gereformeerde gemeente van toepassing kan wees, is in die Nederlandse reg te vinde. In 1935 het Duynstee die volgende definisie van 'n gemeente voorgestel: „Een kerkgenootschap is een blijvende vereniging van personen, welke zich de gemeenschappelijke Godsverering harer leden, op die grondslag van gemeenschappelijke godsdienstige opvattingen, ten doel stelt."[9)]

Hierdie definisie bevat die volgende elemente:

i. Die lidmate beoog om God te vereer. Dit is die verbandsdoel van die gemeente.

ii. Hierdie verering geskied op die grondslag van gemeenskaplike godsdienstige opvattinge, dit wil sê volgens die belydenis.

---

8) Matt. 16: 18.
9) De Hoge Raad het hierdie definisie goedkeurend oorgeneem in sy uitspraak van 23 Julie 1946, N.J. 1947, 1.

iii. Die gemeente is 'n blywende organisasie, 'n <u>coetus</u>[10] van mense.

Soos Roeleveld[11] daarop wys, is hierdie definisie nie in stryd met die gereformeerde leer oor die gemeente nie. Tog laat die definisie van Duynstee één wesenskenmerk van die gemeente na, naamlik sy Goddelike instelling. Behalwe <u>coetus</u> is die gemeente ook <u>congregatio</u>, want die lede word deur Christus op grond van die uitverkiesende genade van God saamgevoeg. Hierdie <u>congregatio</u>-begrip is juridies wel relevant, want dit sny die siening, dat die gemeente 'n <u>societas</u> is wat op 'n onderlinge ooreenkoms tussen lidmate berus, by die wortel af.

## 1.2. Die historiese siening van 'n christelike gemeente as regsfiguur

### 1.2.1. In die pre Justiniaanse tydperk

Toe die Christendom in die eerste eeu na die geboorte van Christus sy intrede in die Romeinse ryk maak, was die veelgeroemde <u>Pax Romanae</u> in swang. Die christelike gemeentes word aanvanklik deur die owerheid as Joodse sektes beskou en as sodanig geduld. Toe die christene egter met blymoedigheid daarop aanspraak maak dat hulle die enige ware godsdiens bely en weier om mee te doen aan die keiseraanbidding, is hulle van ateïsme beskuldig en weens <u>crimen majestatis</u> vervolg. Die vervolging is algemeen in die 3de eeu n.C. maar

---

10) Die term „vereniging" vermy ons liewer. Dit is 'n swaargelaaide term, wat soms dui op 'n genootskap, dan weer op 'n korporasie, terwyl 'n vennootskap ook soms betrek word. Vgl. Uys: <u>Die Genootskapooreenkoms</u>, 1.

11) 30 ev.

ten spyte daarvan het die gemeentes uitgebrei.[12] Hulle het selfs eiendomsreg gehad, want in die jaar 313 word deur die Edik van Milaan verorden dat die gekonfiskeerde kerkgeboue en ander kerkgoedere terugbesorg moet word Christianis id est corpori et conventiculis eorum.[13]

Onder watter regsfiguur 'n gemeente onder daardie omstandighede vermoë verwerf het, is onseker. A.F. de Savornin Lohman[14] gee drie moontlikhede aan die hand: Óf as collegia tenuiorum óf collegia licita óf collegia cultorum. Die collegiabegrip word deur Duff[15] soos volg verduidelik: "The normal college of the Republic and early Empire was a body of men, sometimes neighbours, often workers in the same trade, who associated themselves voluntarily, always under the protection and for the worship of some god or gods, and usually either for purposes connected with their trades, or to secure well-furnished and well-attended funerals, or both. These bodies are usually called collegia, often corpora and sometimes sodalicia without any apparent distinction of meaning. When their religious aspect is most prominent, they are called collegia cultorum; when they are primarily considered as fellow-workers they are called collegia opificum, artificum; where their main object is burial, they are called collegia salutaria or simply collegia tenuiorum." Die algemeen aanvaarde opvatting is dat die christelike gemeentes vermoë verwerf het onder die

---

12) H. Bouwman, I, 149 ev.
13) Joubert, 21 ev. Aangesien Joubert die bronne volledig aanhaal en bespreek, word dit nie hier herhaal nie.
14) 103 ev.
15) 102. Ook Uys: Die Genootskapooreenkoms, 27, en Saumagne, I, 447 ev.

dekmantel van begrafnisverenigings of collegia tenuiorum, aangesien alle collegia behalwe begrafnisverenigings uitdruklike staatstoestemming moes verkry om te kon vergader.[16] Die probleem met hierdie standpunt is dat nóg Konstantyn nóg enige keiser voor Justinianus 'n christelike gemeente 'n collegia genoem het. Wat die geval ookal was, bly die feit staan dat 'n christelike gemeente reeds gedurende daardie vervolgingstye in eie titel vermoë verwerf het, en dus as 'n regsubjek aan te merk is. Bouwman[17] fouteer dus as hy beweer: „De kerk ontving in 321 het recht legaten te verwerven, en daarmede de rechtspersoonlijkheid."

Konstantyn se Edik van Milaan in 313 n.C. bring 'n keerpunt. Hierdeur „werd het Christendom van het standpunt der tolerantie tot dat van gelijkheid met den door den staat erkenden en geprivilegieerden godsdienst verheven."[18] Soos blyk uit die rescriptum van Licinius aan die goewerneur van Bithynië,[19] word die gekonfiskeerde kerkgoedere teruggegee aan die plaaslike gemeentes. Onder die terme conventiculum, corpus en concilium word 'n gemeente deur Konstantyn regtens as 'n korporasie beskou: „Diese Verbandseinheit wurde dem im klassischen römischen Recht ausgebildeten Korporationsbegriff unterstellt, das Vermögen daher der vereinigten Gesammtheit, dem concilium, conventiculum oder corpus der Gläubigen, zugeschrieben".[20] Hierdeur het die gemeentes al die privaatregtelike kompetensies, wat aan collegia licita toekom

---

16) Joubert, 20.
17) Kerkrecht I, 150.
18) Idem, 149.
19) Vir 'n volledige weergawe daarvan sien Joubert, 21. Vgl. Saumagne II, 276.
20) Von Gierke, III, 115.

verwerf, naamlik om goedere te besit en in eiendom te verkry, om fideikommisse en legate te verkry, om in regte op te tree, om regshandelinge te verrig waaruit hulle regte en verpligtinge verkry, en om die ius manumittendi uit te oefen sodat hulle van hul liberti kon erf.[21]

### 1.2.2. Die ekklesia in die wetgewing van Justinianus en daarna

Justinianus (527-565), 'n idealis wat sterk deur sy godsdiens beheers is en gerig word deur sy geloof dat hy deur die Here tot keiser geroep is,[22] het die Romeinse reg laat kodifiseer. In sy wetgewing word die term ekklesia veral in twee betekenisse gebruik, naamlik vir 'n gemeente[23] en vir 'n kerkgebou.[24] Laasgenoemde is vir Justinianus se juriste 'n regsobjek, maar ecclesia in die sin van 'n gemeente is die „konsentratiepunt van rechtsbetrekkingen,"[25] 'n regsubjek. 'n Gemeente kan eienaar wees[26] is bevoegd om te erf,[27] kan 'n party in 'n regsproses wees,[28] en word by regshandelinge verteenwoordig deur die biskop of deur 'n oiconomos.[29] Die ecclesiae word op dieselfde lyn met die collegia en die civitates gestel en hul regsubjektiwiteit is onbetwisbaar.[30]

---

21) Joubert, 22; Duff, 172.
22) Vgl. van Warmelo: Oorsprong, 129-145.
23) C.1, 2: De sacrosanctis ecclesiis et de rebus et privelegiis earum, en in die leges van titels 1-13 passim.
24) C.1, 12-13.
25) Hänenburg, 234 ev.
26) C. 1, 2, 14, 3 ev.
27) C. 1, 2, 1; C. 1, 2, 23, 2; C. 1, 2, 25; Nov. 13, 1, 9; Inst. 3, 27, 7.
28) C. 1, 2, 14, 4; C.1, 2, 14, 10; C.1, 2, 15, 2.
29) C. 1, 2, 24; Nov. 120, 5-7.
30) Joubert, 24-27.

'n Gemeente as regspersoon het egter nie in die Justiniaanse juriste se gesigsveld gekom nie. Vir hulle was persona en regsubjek nie dieselfde nie. „Wanneer die Romeine oor die persoon en die personereg praat word bedoel die mens - die natuurlike persoon - en die reg wat die status van hierdie persoon bepaal."[31] Dit was eers die kanoniste wat veel later die gemeente as 'n persona gekonstrueer het.

Justinianus se wetgewing het die Erastianisme bevestig. In leerstellige sake het die keiser slegs bekragtigend opgetree; maar op die gebied van die kerklike goedere - in sacris - en van die tug van ampsdraers - in sacerdotibus - tree hy eiemagtig op.[32]

Namate die bygeloof in die middeleeuse Rooms Katolieke kerk opbou, leef die volksopvatting dat die Here en die kerkheiliges eienaars van die kerkgoedere is.[33] Die Here word beskou as die Oppereienaar van die ecclesia universalis se goedere, terwyl die eiendomme van elke ecclesia particularis aan 'n kerkheilige behoort. Gewoonlik is die kerkgebou vernoem na en gewy aan 'n heilige.[34] Soms word ook die arme as eienaar van die gemeentegoedere beskou. Die regsfeit is egter dat in die regsverkeer die ecclesiae particulares as regsubjekte optree en die Glossatore[35] beskou hulle dan ook as die eienaars van die kerkgoedere.

---

31) Van Warmelo: Romeinse reg, 24 Vgl. Hanenburg, 178.
32) Hanenburg, 240.
33) Joubert, 54 ev.
34) Soos tans nog by Engelse gemeentes gebruiklik, bv. St. John's Presbyterian Church.
35) Vgl. Joubert, 55.

In die middeleeue staan twee owerhede naas mekaar; die staat en die Roomse kerk, wat 'n selfstandige regsgemeenskap vorm. Aanvanklik handel die kerk volgens die reël: Ecclesia vivit secundum legem romanum, dit wil sê die Romeinse reg, soos vervat in die Codex Theodosianus.[36] Dié reg word egter sterk beïnvloed deur die Germaanse reg, en uitgebrei deur konsiliebesluite, pouslike uitsprake en tradisie. So bou die kanonieke reg op, en mond na verloop van drie eeue uit in die Corpus Iuris Canonici, wat in 1582 deur pous Gregorius XIII uitgegee is.[37] Op grond van die pous se unieke posisie sou ons verwag dat hy ingevolge die kanonieke reg die trustee of eienaar van die kerkgoedere sou wees. Dit was egter nie die geval nie; die afsonderlike gemeentes bly as regsubjekte optree. „Dit is eienaar van sy eie kerkgoedere, dit besit vermoë en dit tree willend en handelend op in die regsverkeer deur middel van sy verteenwoordigers sodat dit regte en verpligtinge verkry."[38] Die gemeentes is ook deur die kanoniste onder die korporasiebegrip as universitates tuisgebring.[39]

Wanneer die kanoniste 'n gemeente as universitas tipeer, neem hulle as uitgangspunt die begrip universitas soos dit in die Justiniaanse wetgewing gebesig word.[40] Daar val die begrip in twee dele uiteen: die universitas personarum as 'n groepering

---

36) Van Warmelo: Oorsprong, 174.
37) Joubert, 69-75. Dit was die voltooide offisiële uitgawe. Op 10 Des. 1520 het Luther die Corpus Iurus Can. in die openbaar verbrand en so die Roomse stelsel van kerkregering afgesweer.
38) Idem, 88.
39) Idem, 90.
40) Vgl. Hanenburg, 181 ev; Duff, 35 ev; Uys: Die Genootskapooreenkoms, 30 ev.

van mense, en die universitas rerum ter aanduiding van 'n geheel van sake.

Die universitas personarum dui belangeorganisasies aan soos die societas, collegium, corpus, municipes, civitas en curia.[41] Die universitas, „een technisch generiek begrip",[42] beteken in die Justiniaanse wetgewing 'n afsonderlike grootheid, anders dan die totaal van die lede wat die groepering uitmaak.[43] Hierdie „afsonderlikheid" kom veral na vore in C.1, 23, 7, 2 waar die teenstelling wat die teks maak tussen die singulii en die universitas aandui dat 'n formele onderskeid gemaak word tussen die eenheid van die groepering of verband as regsubjek[44] en die veelheid van die enkelinge.

Die juridiese eenheid van die universitas kom tot uiting in 'n drietal regsreëls:

i. Dit word bepaal in D.3, 4, 7, 1 dat 'n onderskeid gemaak word tussen die regte en verpligtinge van die universitas enersyds en die van die lede andersyds.

ii. In D.3, 4, 9 word neergelê dat enkelinge en municipes partye kan wees in skeidings - en verdelingsaksies; dit wil sê dat tussen die universitas en die lede regsverhoudinge moontlik is soos tussen twee verskillende regsubjekte.

---

41) D.3, 4. Oor die collegia wat nie universitates is nie, vgl. D.47, 22 en oor die societates wat nie universitates is nie, vgl. Inst. 3, 25; D.17, 2 en C.4, 37.
42) Hanenburg, 210.
43) Vgl. D.1, 8, 2; 1, 8, 6, 1; C.2, 58, 2, 5.
44) Vir 'n volledige opsomming van die kompetensies van 'n universitas, sien Hanenburg, 227-230.

iii. In D.3, 4, 7, 2 word bepaal dat die <u>universitas</u> in sy bestaan as regsubjek onafhanklik is van die wisseling van die lede en die ledetal daarvan, met dien verstande dat daar slegs een lid moet wees in wie die regte en pligte van die <u>universitas</u> kan vestig.

Soos <u>infra</u> sal blyk, vorm hierdie Justiniaanse regsreëls 'n wesenlike deel van ons eie gemene reg met betrekking tot die korporatiewe regspersoon, en die vraag of hulle ook op die Nederduitse Gereformeerde gemeente en kerkverband van toepassing kan wees, sal ter geleëner tyd beantwoord word.

### 1.2.3. <u>In die post reformatoriese tydperk</u>

In die westerse lande waar die hervorming sterk wortel geskiet het, het die plek wat die christelike gemeente in die staatshuishouding ingeneem het, nie wesenlik verander nie.

In Duitsland het Luther spoedig na die deurbraak van die hervorming die beheer oor die gemeentes aan die landvorste oorgedra. Hierdie stap het hy as 'n voorlopige noodmaatreël beskou om die hervorming te stut, maar dit het tot gevolg gehad dat die volkskerk tot stand gekom het en die kerk teruggesak het na onderhorigheid aan die owerheid.[45] Die Duitse regswetenskap het die teorie oor die regspersoon, soos deur die kanoniste en die kommentatore uitgebou, geresipiëer,[46] en aldus die gemeentes onder die korporasiebegrip tuisgebring.

---

45) H. Bouwman, I, 199 ev.
46) Joubert, 132, 185 ev.

In Engeland het die protestantisme dieselfde weg opgegaan. Die Engelse vors het ingevolge die Submission of the Clergy Act, 1533,[47] en die Act of Supremacy, 1588,[48] die hoof van die Church of England geword. "The Sovereign is the Supreme Governor of the realm in all spiritual and ecclesiastical causes as well as temporal."[49] Die kerkverband het wel interne wetgewende kompetensies, maar sy wetgewing vereis die goedkeuring van die regering om effektief te wees. Die liturgie wat in gemeentes van die Engelse staatskerk gevolg word, kan nie sonder die goedkeuring van die Parlement verander word nie.[50]

Die ampshiërargie strek vanaf die aartsbiskop van Kantelberg tot by die priester van die plaaslike gemeente. Die lidmate van die gemeente, verklaar Wade en Phillips, "have as such rights in relation to their parish church, for example to receive the ministrations of the clergy."[51] Van 'n selfstandige gemeente kan geen sprake wees nie. Die puritein Thomas Cranmer[52] het hierdie stand van sake as noodsaaklik beskou vir die deurvoering van godsdienstige hervormings.

In Switserland het Calvyn die selfstandigheid van die kerk teenoor die staat beklemtoon en geleer dat die regering van die kerk aan vergaderings toevertrou moes word.[53] In Genéve was Calvyn

---

47) 25 Hen. 8, c 19.
48) 1 Eliz. I, c 1.
49) Wade en Phillips, 469.
50) Idem, 470.
51) Idem, 470.
52) A.A. Odendaal, 12.
53) Institusie, IV, 9. Vgl. die kerkorde van die Ned. Geref. Kerk, a 19.

egter deur sy tydsomstandighede gedwing om veel aan die owerheid toe te gee, maar 'n kerkinrigting het veral na Calwyn se terugkeer na Genéve tot stand gekom waarin die selfstandigheid en selfregering van die gemeente 'n praktiese moontlikheid geword het.[54]

In Nederland, waar die Calvinisme sterk inslag gevind het, het die hervorming geen verandering in die bestemming van die kerkgoedere aangebring nie: „Die verbod van die Roomse godsdiens en die verheffing van die Gereformeerde tot publieke godsdiens, bring mee dat die kerkgoedere voortaan vir die Gereformeerde in plaas van die Roomse godsdiens aangewend moet word.[55] Dit is 'n rede waarom by die Romeins-Hollandse regskrywers soos de Groot en Voet, in wie se leeftyd die hervorming sy beslag gekry het en wat self protestante was, geen teoretiese beskouinge oor die regspersoon in die algemeen of die gemeente in die besonder gevind word nie. Vir die Nederlandse juriste is die korporasiebegrip (<u>universitas</u>, <u>collegium</u>, <u>corpus</u>) identies met die regspersoon in die algemeen,[56] en onder hierdie korporasiebegrip word die gemeentes tuisgebring. So skryf van Leeuwen van „collegien as kerken"[57] en Huber konstateer: „Universitates ... sunt ecclesiae."[58]

---

54) H. Bouwman, I, 248 ev.
55) Joubert, 144 ev; van Apeldoorn: <u>De kerkelijke goederen</u>, 275.
56) Joubert, 168. Vgl. de Groot, 2, 1, 31, en Voet, 3.4.1.
57) <u>R.H.R.</u> 4, 13, 12.
58) <u>Op cit.</u> D.3.4.2.

## 1.2.4. Die Nederduitse Gereformeerde Gemeente in Suid-Afrika

Gedurende die eerste 13 jaar na die stigting van die verversingstasie aan die Kaap het geen georganiseerde gemeente bestaan nie. Godsdiensoefening is gewoonlik deur sieketroosters, geëksamineer en uitgestuur deur die Klassis van Amsterdam, maar deur die Kompanjie in diens geneem en besoldig, waargeneem.

Op hierdie eerste bladsye van ons geskiedenis vind ons reeds 'n verstrengeling in die staat-kerk verhouding. Willem Wijlant, die eerste sieketrooster, se verslag aan die Klassis van Amsterdam[59] openbaar dat van Riebeeck, die draer van die owerheidsgesag, aan Wijlant opdragte met betrekking tot die godsdiensoefeninge gegee het. Uit sy verslag blyk verder dat die kommandeur die „volck" verplig het om die godsdiensoefeninge by te woon en gestraf het indien hulle onnodig wegbly. Verder het die Politieke Raad verskillende male vas - en biddae verorden, en selfs sieketrooster E. Back weens wangedrag in sy amp geskors. Wijlant is ook deur van Riebeeck gebruik om vee van die Hottentotte te ruil.[60] Na buite tree die onmondige gemeente op toe sieketrooster van der Stael aan die Klassis van Amsterdam op 5 Maart 1657 namens die bevolking 'n finansiële bydrae stuur ter ondersteuning van die armes in Nederland.[61] In 1665 behaag dit die „Bewindhebbenden in het lieve vaderland" om die eerste vaste

---

59) Spoelstra: Bouwstoffen, I, 3 en 4. Verder Dreyer: Eeuwfeestalbum, 30; B.J. Odendaal, 26-27; Jooste, 42 ev.
60) Moorrees, 17.
61) Spoelstra: Bouwstoffen, I, 10; B.J. Odendaal, 28.

predikant vir die verversingstasie aan te stel, met die stigting van die gemeente Kaapstad as gevolg.

1665 - 1804

Na die aankoms van ds. J. van Arckel word 'n kerkraad saamgestel bestaande uit die leraar, 'n lid van die Politieke Raad, een ouderling en een diaken. Die owerheid waarmee hierdie gemeente te doen gehad het, was die Politieke Raad, wat volgens die algemene opdragte van die Here XVII en sporadiese bevele van die Hoë regering in Indië, die Kaapse bevolking regeer het.[62] Die staatsoorheersing van die gemeente blyk daaruit dat alle kerkraadsbesluite, al is hulle met die goedkeuring van die kommissaris-politiek geneem, ook nog onderworpe was aan die goedkeuring van die Politieke Raad. Hierdie liggaam het met algemene instemming die sieketroosters aangestel, die predikante geplaas en verplaas, oor die doop van heidenkinders beslis, opdragte aan die kerkraad gegee met betrekking tot die versorging van weduwees, en selfs beslis oor die stigting van gemeentes en die oprigting van kerkgeboue.[63]

Desnieteenstaande tree die gemeente van Kaapstad, handelend deur die kerkraad as sy orgaan, as regsubjek in maatskapsverhoudinge op. Een van die eerste besluite van die kerkraad was 'n vermoënsregtelike: Aan die diaken word dit opgedra om 100 gulde aan die leraar te gee wat dit „in stilheid" moes uitdeel aan wie, volgens sy kennis, dit die meeste nodig gehad het.[64]

---

62) Vorster, 37 ev.
63) Spoelstra: Bouwstoffen, II, 601; Vorster, 39.
64) Spoelstra: Bouwstoffen, II, 256; Moorrees, 31.

Op 6 Januarie 1704 word die kerkgebou ingewy. Die kerkgebou, gebou op grond wat van die owerheid ontvang is, is deur die kerkraad teen 'n koste van 30,000 gulde uit die diakoniekas opgerig.[65]

Na die aankoms van die Hugenote word, na verskeie petisies, plaaslik en oorsee, deur die Here XVII in 1691 toestemming gegee tot die stigting van 'n Franse gemeente in Drakenstein. (Paarl). Die kerkraad sou die beheer hê oor die fonds vir armes, dog bydraes uit die buiteland moes deur die gekombineerde kerkraad in Kaapstad uitgedeel word. In 1718 is begin met die oprigting van 'n kerkgebou en hier tree die gemeente as regsubjek na vore wat voorregte ontvang en verpligtinge aangaan: Die boufonds is gevind uit die volgende bronne: 'n Legaat van Henning Huising, 'n bydrae van persone behorende tot die vloot van die Goewerneur-Generaal van Hoorn, 'n lening by die Kerkraad van Kaapstad, en geld aan die Armefonds ontleen.[66]

In 1795, met die eerste Britse besetting, was daar 6 gemeentes aan die Kaap. Volgens die Akte van Kapitulasie sou die koloniste al hul voorregte behou, „zo wel as der presentie godsdienst, zonder eenige verandering."[67] Na die teruggawe van die Kaap aan Nederland het die Kerkraad van Kaapstad kommissaris-generaal J.A. de Mist genader om hulle die reg van vrye verkiesing van diakens te verleen en om 'n algemene kerkvergadering in te stel. As antwoord het hulle 'n nuwe kerkorde gekry, wat,

---

65) Eeuwfeestalbum, 33. Grond vir kerkgeboue en begraafplase is deur die Goewerneur en die Raad aan kerkrade toegeken. Sien In re Consistory of the Dutch Reformed Church, Cape Town, 1897, Juta, 5.
66) Idem, 43-44.
67) 16 Sept. 1795, a 7. Vgl. Moorrees, 430, Geldenhuys, 39.

as die eerste omvattende staatlike wetgewing in Suid-Afrika met betrekking tot die gemeentes, bykans 40 jaar lank van krag gebly het.

1804 - 1843

Die kerkorde van die Mist[68] beskou die gemeente[69] as 'n „kerk-genoodschap welke ter bevordering van deugd en goede zeden een Hoogst Wezen eerbiedigen." (artikel 1.) Dit sou egter foutief wees om uit die gebruik van die woord kerkgenootskap af te lei dat de Mist die gemeente as 'n societas, 'n vereniging sonder regspersoonlikheid, beskou het.[70] Hierdie term dui in die Nederlandse spraakgebruik 'n kerkregspersoon aan, soos blyk uit die Nieuw Burgerlijk Wetboek, artikel 2.1.2., wat lui: „Kerkgenootschappen, alsmede hun zelfstandige onderdelen bezitten rechtspersoonlijkheid." Vir de Mist is die gemeente regsubjek, hoewel die oppergesag van die goewerneur met betrekking tot die interne en die eksterne verhoudinge van die gemeente onaangetas bly.

Sonder die goewerneur se toestemming mag geen vaste eiendom gekoop of verkoop word nie, geen geboue afgebreek of opgerig word nie en geen lenings aangegaan word nie. (Artikel 37-39). Lede van die kerkraad in buitegemeentes is gesamentlik en af-

---

68) Die kerkorde is in sy geheel te vind by Dreyer: Boustowwe, III, 8. Vir kommentaar daarop, sien Geldenhuys, 39; B.J. Odendaal, 77; C.J.H. de Wet, 88; Jooste, 90 ev.
69) Op daardie stadium het geen kerkverband aan die Kaap bestaan nie.
70) Soos C.J.H. de Wet, 90, 95. Na 'n deeglike ondersoek van de Mist se toesprake konstateer A.H. Murray: "The matter whether the corporation of church was itself based on a contract between its members was never mentioned by de Mist." (78)

sonderlik verantwoordelik vir die skade wat deur onagsaamheid (nalatigheid) of kwade trou by die administrasie van die gemeentelike fondse mag ontstaan. (Artikel 40). Verslag van die geldsake van die gemeente moes jaarliks deur die kerkraad aan die landdros gestuur word „ten einde die te examineeren." Hierdie verslag moes daarna op drie agtereenvolgende Sondae aan die gemeente voorgelees word vir die moontlike inlewering van bedenkinge. Daarna word die verslag aan die goewerneur vir sy goedkeuring gestuur. (Artikel 41 - 44). Verder word bepaal watter inkomstebronne die kerkraad tot sy beskikking het. (Artikel 45),

In hierdie kerkorde is die gemeente regsubjek, die kerkraad sy orgaan en die goewerneur die oppergesag.

Omstreeks 1834 het die Groot Trek begin en het Nederduitse Gereformeerde gemeentes in die binneland tot stand gekom. Die verhouding kerk-staat bly egter ineengestrengel, soos onder andere blyk uit die feit dat die Natalse Volksraad[71] in 1840 vir ds. Daniel Lindley vra om as leraar van Pietermaritzburg te ageer.

## 1843 - 1911

In November 1843 word Ordonnansie 7[72] deur die Kaapse Wetgewende Raad aangeneem. Hoewel hierdie wetgewing in hoofsaak bepalinge bevat wat betrekking het op die Nederduitse Gereformeerde Kerk in sinodale verband, gee ons nou slegs aandag aan bepalinge wat die gemeente as regsubjek raak.

---

71) Gerdener: Ons kerk in die Transgariep, 55.
72) Vgl. Moorrees, 664 ev., Geldenhuys, 47 ev. Jooste, 201 ev.

Artikel 1 herroep die kerkorde van die Mist. Artikel 2 bepaal dat regeringstoelaes aan kerklike liggame beskou moet word as blote vrywillige bydraes wat te eniger tyd ingetrek kan word.

Artikel 6 lê die belydenisgrondslag van die kerk neer[73] en gebondenheid aan die leer is die maatstaf vir die toekenning van die kerkgoedere in die geval van 'n skeuring. Die kerkraad word erken as die liggaam wat die dissipline en die regering in die gemeente uitoefen.

Artikel 8 wat skynbaar die kerkverband in die oog het,[74] maar ook die gemeente kan betrek, lui: "The Church laws shall be regarded in law in like manner as the rules and regulations of a merely voluntary association." Op grond hiervan mag die gemeente nie in eie naam dagvaar of gedagvaar word nie. Artikel 10 bepaal dat die persoon of persone, wat deur die kerklike bepalinge aangewys word as in besit of beheer van enige geboue, gronde, fondse, goedere van 'n gemeente of ring of sinode, mag dagvaar of gedagvaar word "as if the same were his or their private property .... and in any criminal proceeding the property of any of the matters or things aforesaid may be laid in the person who in any civil action or suit may sue or be sued in respect thereof." Geldenhuys meen

---

73) Verkeerdelik. Die fout is eers deur Wet 9 van 1898 herstel.

74) Omdat in hierdie wetgewing nie onderskei word tussen die kerk en die gemeente nie, maar die bepalinge wat die twee verbande betref deurmekaar lê, het verwarring ook in die regspraak gevolg. Ons kom by die bespreking van die kerkverband hierop terug.

tereg dat hier 'n trust geskep word.[75] Die konsekwensie van hierdie reëling is dat die kerkraadslede in eie persone as trustees van die gemeentegoedere ageer; en deur die invoering van hierdie Engelsregtelike trustfiguur word die begrip van die <u>universitas</u> wat deur middel van sy <u>syndicus</u> regshandelinge verrig, na die agtergrond verskuif. Die regsubjektiwiteit van die gemeente self word dus doeltreffend geneutraliseer, en gaan op die trustees as persone oor.

Hierdie Engelsregtelike beginsels van Ordonnansie 7 is, wat die juridiese aard van die gemeente betref, nie in 'n Kaapse hof getoets nie. Maar in die Vrystaatse hof het hoofregter F.W. Reitz in 1879 'n logiese en suiwere uitspraak met betrekking tot die privaatregtelike aard van 'n gemeente gelewer.[76] Volgens die beginsels van die Romeins-Hollandse reg[77] met betrekking tot die aard van 'n <u>universitas</u> - dat dit „'n sedelike of wettige liggaam" is, bestaande uit 'n versameling van natuurlike persone wat tesame verbind is tot 'n sekere doel .... dat vanaf die oomblik

---

75) 52. Vir 'n soortgelyke skepping van 'n trust, vgl. die <u>Wesleyan Methodist Church Private Act</u>, Wet 17 van 1927, a 3, wat die president van die konferensie benoem as die eienaar wat die kerkgoedere in trust hou. Die moontlikheid wat Geldenhuys (356) voorhou om die kerkraad as trustee te beskou, is nie aan te beveel nie. Vgl. <u>Stadsraad Edenburg v N.G. Gemeente Edenburg</u>, 1965 (2) S.A. 112 (O) op 116, waar die regter, met respek, sodanige konstruksie nie sonder voorbehoud aanvaar het nie.

76) <u>Venter v Geref. Kerkeraad, Bethulie</u>, 1879 O.V.S. 4.

77) D. V, 1, 76; Voet 3.4.1, 2, 7.

van sy daarstelling hy die subjek van regte en verpligtinge is, en nie die lede van die korporasie hetsy in privé of gesamentlik nie - beslis die hof dat die Gereformeerde gemeente Bethulie 'n universitas is.

In 1893 beslis die Transvaalse hof[78] eweneens dat die gemeente 'n universitas is nadat hoofregter Kotzé die Romeins-Hollandse regsleer oor die universitas toegepas het.

In 1910 het Uniewording plaasgevind en as uitvloeisel daarvan het 'n drang tot kerkvereniging ontstaan, wat uitgeloop het op Wet 23 van 1911, die Nederduitse Gereformeerde Kerken Verenigings Akte.

1911 -

Wet 23 van 1911 is deur die Parlement goedgekeur op 25 April 1911 en gepromulgeer op 12 Mei 1911. Hierdie wet bevat wel bepalinge vir die gemeente, maar het gelukkig nooit praktiese toepassing gevind nie. Onsuiwere kerkregtelike beginsels lê ten grondslag van hierdie wet. So word nie duidelik onderskei tussen die gemeente as 'n regspersoon en die kerkraad as sy orgaan nie, en word die kerklike mag, wat volgens die gereformeerdes[79] by die gemeente berus, verskuif na die kerkraad - 'n duidelike verabsolutering van die amp.

---

78) De Ned. Herv. Gemeente van Standerton v De Ned. Herv. of Geref. Gemeente van Standerton, 1893, H.R. 84.

79) Vir die kerkregtelike beginsel, sien Geldenhuys, 77 ev; van der Linde, 88 ev; Keet, 10.

Onlangs is aangevoer dat daar twyfel bestaan of Wet 23 van 1911 obsoleet is.[80] Die skrywer dui aan dat die wet wel gepromulgeer is en dat dit klaarblyklik nie deur onbruik of herroeping by implikasie kragteloos gemaak is nie. Die feit is egter dat artikels 2 en 3 voorwaardelik ontbindende klousules is. In artikel 2 word neergelê dat driekwart van die kerkrade die voorgenome vereniging moes steun en dat die sinodes met 'n driekwart meerderheidstem die besluit moes bevestig. Artikel 3 bepaal dat sodra aan hierdie voorwaardes voldoen is, die sinodes die Goewerneur-Generaal daarvan in kennis moes stel, en laasgenoemde sou die kerkvereniging en die naam van die kerk dan deur middel van 'n proklamasie in die Gazette bekend stel.

Die vereiste meerderheid van die kerkrade kon egter nie vir die kerkvereniging verkry word nie, die Goewerneur-Generaal se proklamasie het aldus nie verskyn nie en die wet het nie in werking getree nie.

Dannenbring wys verder daarop dat die wet toegepas is in Oelsching v Financial Committee D.R.C. Lady Grey.[81] Die Kerkraad van Lady Grey se finansieskommissie het 'n persoon, wat R4 aan belasting op sekere erwe verskuldig was, vir betaling van die bedrag gedagvaar. Die eksepsie is opgewerp dat die kommissie nie kon dagvaar nie, maar wel die hele kerkraad. In sy uitspraak ver-

---

80) Dannenbring, 520 ev.
81) 1916, K.P.A. 172. Na dieselfde a 6 is ook verwys in Rescue Committee D.R.C. v Martheze, 1926, K.P.A. 298, maar ook daar is dit nie toegepas nie.

wys Regter-president Juta wel na artikel 6 van die wet, maar die finansieskommissie word nie op grond van artikel 6 in die gelyk gestel nie. Die kerkraad het sy kommissie by wyse van 'n kerkraadsbesluit volmag gegee om in sy naam geregtelike stappe te doen. Op grond van die verteenwoordigingsbeginsel word die eksepsie van die hand gewys.

Maasdorp is dus verkeerd as hy beweer: "Of these religious bodies the Dutch Reformed Church is the only one the internal affairs of which are regulated by statute, Act 23 of 1911."[82)]

In Louvis and others v Oiconomos and others[83)] word die Griekse gemeente as regspersoon gehandhaaf in die woorde van Gregorowski, R.: "The church (gemeente) when once it was founded, obtained the status of a corporation under our common law."

Ons regspraak het konsekwent gemeentes van verskillende denominasies as regspersone erken.[84)] Pas ons die vereistes vir die toekenning van regspersoonlikheid[85)] op 'n gemeente toe, het ons ongetwyfeld met 'n universitas personarum te doen: Eerstens is 'n gemeente 'n selfstandige eenheids-

---

82) 240. So ook Uys, 141-142.
83) 1917, T.P.A. 465 op 476.
84) So is gemeentes steeds in eie naam gedagvaar. Behalwe die beslissings hierbo genoem, sien ook Peach and Co. v The Jewish Congregation of Jhb., 1894, S.A.R. 345; Nicholson v The Reformed or United Congregation of Vryheid, 1894, S.A.R. 237; Prinsloo and others v Ned. Herv. of Geref. Church (gemeente) 1889-1890, S.A.R. 220.
85) Vgl. hoofstuk 1, supra.

figuur wat as eienaar van die gemeentegoedere as regsubjek ekstern handel.
Tweedens is die doel wat deur die gemeente nagestrewe word, regtens geoorloof.
Derdens het 'n gemeente 'n voortdurende bestaan ongeag die wisseling van individuele lidmate.
Vierdens het 'n gemeente die kompetensie om regte te verkry apart van die individue wat in die gemeenteverband saamgevoeg is, soos uit 'n volgende hoofstuk sal blyk.

## 1.3. Die gemeente is universitas, geen stigting nie

Joubert[86] meen dat die plaaslike gemeentes „na hul oorsprong, wese en bestemming in werklikheid stigtinge in moderne sin was. Die biskoppe was die bestuurders en die massas onbegrensde gelowiges die begunstigdes." Die skrywer meen dat die korporasiefiguur nie op 'n gemeente van toepassing kan wees nie, om die volgende redes:

i. By die korporasie word die korporasiedoel gevorm, uitgedruk of gewysig deur die wil van die korporasielede;

ii. Hulle bestuur die korporasie deurdat hulle georganiseer is in 'n ledevergadering, en

iii. Hulle het reg op 'n proporsionele gedeelte van die winste en van die beskikbare bates by beëindiging van die korporasie.

Bostaande kompetensies van die lede van 'n universitas is egter nie algemeen geldend nie en in besonder nie vir lidmate van 'n Nederduitse

---

86) 27 - 28 en 140.

Gereformeerde gemeente nie. 'n Mens hoef slegs Joubert se definisie van 'n stigting na te slaan, en dit word duidelik dat 'n gemeente geen stigting is of kan wees nie: „Die stigting is 'n vermoënskompleks met 'n bepaalde voortdurende doel wat as regsubjek aan die regsverkeer deelneem deur sy beheerders, administrateurs, bestuurders of verteenwoordigers. Dit is 'n regspersoon sonder lede."[87) ] Die gemeente is egter na sy oorsprong en wese geen vermoënskompleks nie, maar 'n verband van persone wat in Christus glo. Soos Dorren[88)] tereg betoog, is 'n gemeente geen stigting nie, aangesien vir sy vorming vermoënsafsondering geensins noodsaaklik is nie, en 'n gemeente sonder lede ondenkbaar is.

Al sou ons die stigting anders as Joubert konstrueer, pas dié kleed die gemeente nie. Die Nederlandse Wet op Stichtingen, 1956, artikel 1, definieer 'n stigting soos volg: „Een stichting is een door een rechtshandeling in het leven geroepen rechtspersoon, welke geen leden kent en beoogt met behulp van een daartoe bestemd vermogen een bepaald doel te verwezenlijken." Dooyeweerd[89)] benader die stigting vanuit sy verbandsteorie en beskou dit as 'n juridiese subjek-objek-verband sonder lede. Die gemeenteverband veronderstel egter steeds 'n veelheid van lede wat tot 'n voortdurende werklike

---

87) Idem, 194. In The Committee of Johannesburg Public Library v Spence, 5 O.R. 84 op 87 word 'n universitas en 'n stigting soos volg onderskei: "The difference between a universitas and a charitable institution consists herein, that a charitable institution has no members, but possesses alone funds set aside for a particular purpose."
88) 498 - 499.
89) Themis, 412 ev.

eenheid verbonde is, en bestaan onafhanklik as 'n subjektiewe eenheid teenoor die individualiteit van die daarin verbonde lede of organe.

Op kerklike stigtinge kom ons later terug.

## 2. DIE KERK AS 'N VERBAND VAN GEMEENTES

Waar die gemeente 'n verband van gelowiges is, is die kerk, na sy interne struktuur, 'n verband van gemeentes. Voetius[90] definieer die kerkverband soos volg: "Classicalis seu sinodalis correspondentia est stata combinatio plurium ecclesiarum sub certo regimine et correspondentia ad mutuam aedificationem et conservationem". Die doel van die samevoeging van gemeentes tot 'n kerkverband word deur Biesterveld en Kuyper[91] soos volg saamgevat: „Bewaring, bevestiging en bevordering der kerken in de belijdenis en practijk van het gemeenschappelijk geloof en van de godzaligheid en zoo het genot van den vrede en de eendracht."

Vir Voetius is die kerk 'n voortdurende verband, 'n eenheid in korporatiewe sin: "Correspondentia et conjunctio plurium ecclesiarum in unum corpus."[92] Die juridiese konstruksie van die kerkverband wat as 'n regspersoon deur die sinodale of ringsvergadering as orgaan handel, sluit aan by die oudste en suiwerste gereformeerde tradisie. „Dit kerkverband werkt voornamelijk door de vergaderingen van classes en synoden, en de visitatie der kerken."[93]

---

90) P.E. IV, 119. Sien ook Geldenhuys, 156.
91) Kerkelijk Handboekje, Inleiding XVI.
92) P.E. IV, 225.
93) Biesterveld en Kuyper: Inleiding XVII.

2.1. Die kerkverband Skriftuurlik gegrond

In die Nuwe Testamentiese tydvak het die kerkverband nie tot volle wasdom gekom nie. Die kerk was nog in wording, en die universele amp van die apostels het nog bestaan. Hoewel die woord ekklesia in die reël die plaaslike gemeente aandui, vind ons die gebruik van die term ook met betrekking tot die eenheid van meerdere gemeentes, (unio ecclesiarum) selfs al kom hulle nie in 'n meerdere vergadering byeen nie.

As voorbeelde hiervan dien Handelinge 8: 3, Handelinge 9: 31 en Galasiërs 1: 13. "When we are told that Saul made havoc to the Church, and that he persecuted the Church of God and wasted it, it cannot be supposed that it was only a single congregation that was exposed to his fury."[94]

In Handelinge 9: 31 word die gemeentes van Judea, Galilea en Samaria met die enkelvoudige term ekklesia aangedui. „De kerk staat hier voor ons als eenheid ... als een lichaam onder de leiding der apostelen."[95]

Hierdie ekklesia, in korporatiewe sin 'n eenheid, handel deur die sinodale of ringsvergadering as sy orgaan. Vir die regverdiging van die instelling van meerdere vergaderings beroep Voetius[96] hom op:

i. Die kerkregering van die Ou Testament;

ii. Die instelling van die plaaslike, maar ook van die meerdere vergadering deur Christus in

---

94) Westminster Confession, Ch XXV, a 3.
95) Korte Verklaring, Handelinge I, 151.
96) Sien M. Bouwman, 131 ev.

Mattheüs 18: 16-18. Met beroep op I Korinthiërs 14: 29 leer Voetius dat die oordeel oor die leer aan dienaars van ander gemeentes eweseer toekom as aan ampsdraers van die eie gemeente.

iii. Die praktyk van die vroeë kerk soos uit Handelinge 15 blyk.[97]

Die juridiese konstruksie van die kerk as 'n korporatiewe eenheid, 'n voortdurende verband van selfstandige gemeentes, wat as regspersoon deur sy organe aan die regsverkeer deelneem, is Skriftuurlik gegrond. Ongelukkig het in ons regsgeskiedenis wat die Nederduitse Gereformeerde Kerk betref, op hierdie punt grootskaalse verwarring ontstaan.

## 2.2. Die kerk as regsfiguur histories beskou

### 2.2.1. In die tydvak voor die hervorming

Voor die uitvaardiging van die Edik van Milaan in 313 n.C. was daar van 'n georganiseerde kerkverband in die regslewe geen sprake nie, aangesien die christene vervolg was. Maar nadat die kerk in 380 n.C. staatskerk geword en 'n hiërargiese struktuur in navolging van die Romeinse staat aangeneem het, het die ecclesia universalis in belangrikheid toegeneem. Die gemeente was egter die eienaar van sy eie kerkgoedere, en die biskop was in beheer,[98] met die gevolg dat die kerkverband in die Romeinse reg nie as regspersoon gekonstrueer is nie. In die wetgewing van Justinianus betrek die term ecclesia in die eerste

---

97) P.E. IV, 129.
98) H. Bouwman, I, 155.

plek die plaaslike gemeente.[99] Waar in die Codices van die kerkverband of die ecclesia universalis gespreek word - byvoorbeeld in C.1, 1: „De summa trinitate et de fide catholica et ut nemo de ea publice contendere audeat" - is die term gelaai met 'n teologiese inhoud in navolging van die kerkvaders wat dit geïdentifiseer het met die mistieke liggaam van Christus.[100]

In die tydperk van die Glossatore is die regsposisie van die kerk verwarrend, aangesien die volksgeloof dat die Here of die armes eienaar van die kerkgoedere is, vasgewortel was,[101] en as sodanig 'n nuttelose regskonstruksie opgelewer het.

Gedurende die middeleeue groei die Roomse kerkverband uit tot 'n wêreldkerk wat oor staatsgrense heen strek. Van hierdie wêreldkerk met 'n sentrale hiërargiese bestuur word die pous die hoof en hy stel die konsilie of sinode aan hom ondergeskik. Hierdie ecclesia universalis is deur die kanoniste in Roomse trant gekonstrueer as 'n gemeenskap van gelowiges (congregatio fidelium)[102] en tuisgebring onder die korporasiebegrip. Soos Joubert daarop wys, slaan die volksgeloof dat die Here as Hoof van die algemene kerk die Eienaar van die kerkgoedere is, nog by talle

---

99) Vgl. Joubert, 24 - 27.
100) Verder C.1, 1, 8, 12; C.1, 1, 8, 14; C.1, 1, 8, 30.
101) Joubert, 54 ev.
102) 'n Onhoudbare siening vanuit sowel kerkregtelike as juridiese gesigspunt. Die kerkverband is geen gemeenskap van gelowiges nie, maar van gemeentes. 'n Gemeente is die verband van gelowiges en ampsdraers.

kanoniste deur. „Die enigste verdienste van hierdie konstruksie was dat dit die opvatting dat die pous eienaar van die kerkgoedere is, met sukses onderdruk het."[103]

2.2.2. <u>In die tydvak na die hervorming</u>

In die lande van Europa waar die hervorming wortel geskiet het, is die Roomse kerkverband deur of die Lutherse of die Calvinistiese kerkverbande vervang. Die kerkgoedere word vir die bevordering van die protestantse in plaas van die Roomse godsdiens aangewend. Die Roomse geestelike owerheid verdwyn en die protestantse wêreldlike owerheid regeer in die betrokke lande.

Staatsoorheersing van die kerk het spoedig in Duitsland gegeld. Reeds in 1526 spoor Luther die keurvors van Sachsen aan om die land in 'n aantal <u>Visitationsbezirke</u> te verdeel en die gemeentes te laat visiteer.[104] Op hierdie wyse het die landvorste die regering van die kerkverband in die hande gekry en dit vir eeue lank behou. Deur die <u>Rheinisch Westfälische Kirchenordnung</u> (1835) is die gemeentes in 'n sinodale verband saamgevoeg en word die kerkverband as 'n <u>universitas</u> beskou.[105] In 1924 is die ou staatswette met betrekking tot kerksake herroep, maar die Lutherse kerk is nie bevry van die staatsjuk nie; kerklike bepalinge moet eers deur die minister van kerkaangeleenthede bekragtig word. Verder is die goedkeuring van die owerheid nodig vir die vervreemding van kerkeiendomme, vir die heffing van kerklike belasting en

---

103) 86 - 87.
104) Jonker, 211.
105) Joubert, 186.

die insameling van gelde, en die vorming van nuwe gemeentes.[106)]

In Engeland het 'n protestantse staatskerk ontstaan met die koning in plaas van die pous as aardse hoof. "The result of the Church of England being established means that ecclesiastical law is part of the law of the land and therefore separate classification is merely for convenience of treatment".[107)] Die Engelse staatskerk dra 'n publiekregtelike karakter. "Ecclesiastical property is in general vested in an ecclesiastical corporation recognised by the law as having a permanent capacity in right of some office or function of holding property, and thereby securing that it shall be applied to the purpose intended."[108)] Wat die ander kerke en sektes in Engeland betref, is die posisie: "All religious bodies enjoy the same general recognition by law .... they have this in common, that they are unconnected with the State."[109)]

In die Nederlande was die Gereformeerde Kerk ook van meet af staatskerk, maar deur die jare heen het daar skeiding tussen kerk en staat gekom. Soos Kuyper daarop wys, is staat en kerk twee wesenlik verskillende verbande wat nie vermeng kan word nie; die kerk spruit nie uit die staat voort nie, dit is „een apart iets, iets met een eigen wezen, dat als zoodanig van het wezen van den staat onafhankelijk is."[110)] Die grondliggende

---

106) H. Bouwman, I, 224 - 225.
107) Wade en Phillips, 473.
108) Halsbury: Laws of England, 13, 483.
109) Idem, 519. Sien ook Free Church of Scotland v Overtoun, (1904) A.C. 515 vir die ontwikkeling in Skotland.
110) De Gemeene Gratie, 3, 126.

verskil tussen staat en kerk betrek hul onderskeie sogenaamde uitgangspunte, sfere, middele, karakters, roepinge en einddoeleindes,[111] sodat 'n staatskerk sowel as 'n kerkstaat normaalweg in beginsel veroordeeld staan. Die kerk moet egter in die staat as regsubjek handel byvoorbeeld as eienaar, huurder of koper, en is hierin van staatserkenning afhanklik en aan die voorskrifte van die staatlike reg onderworpe.[112] Die Nederlandse reg gaan van die volgende beginsels uit:

i. Teenoor die staat is alle godsdienstige groepe gelyk. Artikel 182 van die Grondwet lui: „Aan alle kerkgenootschappen in het Rijk wordt gelijke bescherming verleend."

ii. Die kerke is vry om hul eie interne aangeleenthede te reël. De Wet op Kerkgenootschappen (1855) bepaal in artikel 1: „Aan alle kerkgenootschappen is en blijft de volkomen vrijheid verzekerd alles wat hunne godsdienst en de uitoefening daarvan in hunnen eigen boezem betreft, te regelen."

iii. Die kerke is onderworpe aan die wette van die staat. Artikel 186 van die Grondwet lui: „De Koning waakt, dat alle kerkgenootschappen zich houden binnen de palen van gehoorzaamheid aan de wetten van de Staat." Die Nieuw Burgerlijk Wetboek[113] bepaal: „Zij (die kerke) worden geregeerd door hun eigen statuut, voor zover dit niet in strijd is met de wet."

---

111) Idem, 3, 110.
112) Tractaat, 41 - 42. Sien verder vir Kuyper se sienswyse oor die staat-kerk verhouding en geregverdigde kritiek daarop, Dengerink, 131 - 139, 160, en van der Vyver: Die juridiese funksie, 31 ev.
113) 2.1.2, lid 2.

Die Burgerlijk Wetboek[114] verklaar dat die kerkverband 'n regspersoon is, en die vraag kom na vore of dit ook in Suid-Afrika die geval is.

### 2.2.3. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in sinodale verband

Voor 1824

Die behoefte aan die instelling van 'n kerkverband het vroeg in ons geskiedenis na vore gekom,[115] maar het by die plaaslike owerheid nie 'n goeie aanklank gevind nie. Die Here XVII het egter in 1690 die instelling van „den grooten kerckenraadt" gemagtig as 'n vergadering bestaande uit die Kerkraad van Kaapstad met verteenwoordigers van die gemeentes Stellenbosch en Drakenstein. Die vergadering se gesag het egter wankel gestaan en weldra het dit tot niet gegaan.

In 1716 dien die kerkrade van die buitegemeentes 'n versoek by die Politieke Raad in dat die kerkrade een maal per jaar byeen moet kom vir onderlinge oorlegpleging. Die Raad weier egter om die versoek in oorweging te neem tensy dit kom van die predikante van Kaapstad.

Op aandrang van goewerneur-generaal van Imhoff word die gemeentes Tulbagh in 1743 en Swartland in 1745 afgestig. Ten einde die grense van die twee gemeentes te bepaal hou goewerneur Swellengrebel in 1745 'n vergadering in Kaapstad, waaraan behalwe die plaaslike kerkraad, ook die predikante en afgevaardigdes van die buitegemeentes deelneem, terwyl die regering deur Ryk Tulbagh verteenwoordig is. Daar word besluit om jaarliks byeen te kom

---

114) 2.1.1 en 2.1.2.
115) Gegewens ontleen aan Eeuwfeestalbum, 10, en Vorster, 42, 111 ev.

ten einde kerklike sake te behandel. In 1759 word hierdie vergadering egter deur die Politieke Raad, afgeskaf. Die vergadering het sonder kwade bedoelinge aanstoot gegee aan die Classis van Amsterdam en die misnoeë van die Here XVII opgewek deur in korrespondensie te tree met die Sinode van Suid-Holland. Pogings is aangewend om die vergadering te laat herlewe, maar dit het gestuit op die onbuigsame houding van die regering.

In sy kerkorde van 1804, artikel 46, maak de Mist voorsiening vir die sameroeping deur die Kerkraad van Kaapstad van „'n Algemene Kerkvergadering", wat by wyse van proefneming al om die twee jaar gehou sou word. Weens die anneksasie van die Kaap in 1806 het hierdie voorneme egter skipbreuk gely.

Op 19 Junie 1824 word 'n gemotiveerde versoek deur die leraars van Kaapstad by die goewerneur ingedien om 'n sinode kragtens artikel 46 van de Mist se kerkorde te hou. Die versoek word toegestaan, en die kerkraad roep die eerste sinodale vergadering byeen vir 2 November 1824.

1824 - 1843

Op 2 November 1824 verskyn afgevaardigdes van 13 gemeentes ter vergadering in Kaapstad. Hulle was voorsien met geloofsbriewe,[116] „wat bewijs geven dat iemand wettig gezonden is en last heeft ontvangen om namens de zendende kerk (gemeente) te handelen."[117] Die owerheid is verteenwoordig deur die kommissarrisse-politiek, J.A. Truter en P.J. Truter.

---

116) Dreyer: Boustowwe III, 201.
117) H. Bouwman, II, 128.

Die gemeentes word saamgevoeg tot 'n kerkverband, wat die sinodale vergadering as orgaan het. Artikel 9 van die reglement bepaal: „De hoogste directie der Hervormde Kerk[118] in deze volksplanting omtrent kerkelyke zaken berust bij de Algemeene Kerk Vergadering." Laasgenoemde is ook die hoogste instansie van appél in die geval van tugsake en geskille, (artikel 126) met die „Gouvernement" as finale bemiddelaar. (artikel 11). Die fondse van die sinode word deur heffinge opgebou.[119] Op 7 Julie 1825 het die goewerneur die reglement goedgekeur.[120]

Aangesien 'n behoorlike reglement vir die beheer van kerklike goedere en fondse by die eerste sinodes ontbreek, is dit moeilik om die regspersoonlikheid al dan nie van die kerkverband in daardie stadium te bepaal. Die kerkorde van de Mist het op die gemeentes van toepassing gebly.

---

118) Die terme Gereformeerd en Hervormd is vanaf 1775 tot 1842 vir die Kaapse Kerk afwisselend gebruik. So skryf die drie Kaapse predikante aan die Goewerneur op 19/6/1824, (Dreyer, III, 175 - 176) en meld hulself aan as „Predikanten der Hervormde Kerk", maar beskryf hul kerk in dieselfde brief as die „Hollandsche Gereformeerde Kerk". Die Sinode van 1824 stel 'n reglement op vir die regering „der Nederduitsche Hervormde Kerk", terwyl die Kerkraad „der Gereformeerde Christelyke Gemeente" op 30/10/1824 die opening van die Sinode publiseer. (Dreyer, III, 202.) Die eiendomme van gemeentes bly egter in die naam van Nederduitse Gereformeerde Kerk, ook in die tydvak 1775 tot 1842, toe gemeentelike eiendomme geregistreer is in die naam van The Churchwardens of the Dutch Reformed Church at X.

119) Dreyer, III, 209.

120) Idem, 269, 273.

Na 1824 het die verhouding kerk-staat almeer gespanne geword. Die owerheid wat beheer oor kerksake het, was 'n vreemde owerheid en so ontstaan 'n antitese wat op botsings uitloop. Die strewe om uit die staatsoorheersing los te kom, word al dringender. In 1840 het goewerneur Napier hom voorgeneem om 'n einde aan die spanning te maak, en die gevolg was dat Ordonnansie 7 van 1843 (K) die lig gesien het.

Artikel 8 lui: "No rules or regulations of the Church .... shall have or possess any direct or inherent power whatever to affect in any way the persons or properties of any person whomsoever; but all such rules and regulations shall be regarded in law in like manner as the rules and regulations of a merely voluntary association, and shall be capable of affecting the persons or properties of such person only as shall be found in the course of any action or suit before any competent court to have subscribed, agreed to, adopted or recognized the said rules and regulations or some of them in such manner as to be bound thereby in virtue of the ordinary legal principles applicable to cases of express or implied contract."

Hierdie bepaling het die erkenning van die Nederduitse Gereformeerde Kerk as regspersoon grootliks getorpedeer.

Die bedoeling van die argitek van Ordonnansie 7, die prokureur-generaal William Porter, was om te verhoed dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk staatskerk word.[121] As seun van 'n Presbiteriaanse leraar en bewus van die 10 jarige stryd

121) Sien sy rapport oor die Ordonnansie, vgl. Geldenhuys, 47, 51, en 348, en Jooste, 201 ev.

in Skotland (1834 - 1843) vir kerklike onafhanklikheid in geestelike sake, was Porter ongetwyfeld wars van die staatskerkidee. Daarom wou hy die kerk streng beperk „tot die geestelike sfeer" en beskou hy artikel 8 se oogmerk om die kerk te weerhou "from legislating in temporal matters."

Verder was dit sy bedoeling om 'n Engelsregtelike beginsel te poneer. Kerke wat in Engeland los staan van die staatskerk, is regtens "voluntary associations,"[122] hoewel hul regsposisie onduidelik is. In die reël word deur sodanige kerke die trustfiguur gebruik om die kerk aan die regsverkeer te laat deelneem.[123] Van die beginsels van die Romeins-Hollandse reg oor die universitas is in Ordonnansie 7 geen spoor nie. Artikel 8 bepaal dat die reg van toepassing op die Nederduitse Gereformeerde Kerk genootskapsreg is, en as konsekwensie bepaal artikel 10 dat die sinode of ring nie in eie naam mag dagvaar of gedagvaar word nie.

Die Geheime Raad[124] het hierdie leer oor die aard van die kerk uitgebrei tot alle kerke in die Kaapkolonie.

---

122) Wade en Phillips, 468, noem hulle "religious bodies". Halsbury, 13, 7 verklaar: "Church" has two distinct meanings: It may mean either the aggregate of the individual members of the church, or it may mean the quasi-corporate institution which carries on the religious work of the denomination whose name it bears."

123) Sien Free Church of Scotland v Overtoun, supra.

124) Long v Bishop of Cape Town, 1863, 4 S.162.

1843 - 1961

Waar Porter nog huiwerig was om die Nederduitse Gereformeerde Kerk as sodanig as 'n "voluntary association" te tipeer,[125] maar slegs te kenne wou gee dat die reg van toepassing genootskapsreg is, het die hof in 1854[126] kort en klaar beslis: "The Dutch Church is a voluntary association" ....

In Loedolff and Smuts v Robertson and others[127] word die aard van die kerk saamgevat: "The D.R.C. is not the State Church. By section 8 it is expressly called a voluntary association." Op grond van hierdie beginsel beveel die hof ds. Burgers om al die lede van die Sinodale Kommissie as verweerders te voeg indien hy die kommissie wil dagvaar,[128] maar toe hy dit wel doen, word die eksepsie opgewerp "that the acts complained of having been done by the Commission in its corporate capacity, the Commission, and not the individual members, should have been summoned in the action."[129] Die eksepsie word van die hand gewys.

---

125) "It is not said, indeed that the D.R.C. is such a mere voluntary association; a position which her members would deny and which it would have been improper to lay down. But to declare that her legislation shall be judged as if she were such an association, I conceive a sound principle and with a legislation so limited, she cannot possibly do harm." (Verslag).
126) Weeber v van der Spuy, 1854, 2 S. 40.
127) 1863, 4 S., 128. Sien ook Bredell v Pienaar, 1922, K.P.A. 578 op 581.
128) Burgers v Murray, 1864, 1 Roscoe 218.
129) Burgers v Murray and others, 1865, 1 R. 258.

Aangesien die uitgangspunt foutief is, is die hele benadering verwarrend. Word die kriterium vir die toekenning van regspersoonlikheid toegepas,[130] kan 'n sinodale kommissie geen regspersoon wees nie. Burgers moes, agterna beskou, die Nederduitse Gereformeerde kerk wat in die resés handel deur die Sinodale kommissie as orgaan, gedagvaar het; en die destydse moderatuur, as ampsdraers van die sinode, kon voor die hof gebring gewees het. Dieselfde verwarring het ook voorgekom in Rescue Committee Dutch Reformed Church v Martheze,[131] waar die eiser, die skriba van 'n kommissie van die Sendingring van Wynberg, homself in sy pleitstukke bekend stel as 'n eiser namens 'n "unincorporated association", en die hof beslis het dat hy alleen nie locus standi kan hê nie en al die lede as eisers gevoeg moes word. Veelseggend voeg die regter by: "I may add that an incorporated company, which is a person or entity in its own is in quite a different position."

Die erkenning van 'n kerkverband as 'n regspersoon het langsaam maar seker gekom. In 1908[132] word die twee maatstawwe vir die toekenning van regspersoonlikheid, soos in die Webb-gewysde neergelê, toegepas op die African Mission Society, en die hof bevind tereg dat dié groep geen universitas is nie.

In de Vos v Die Ringskommissie van die Ring van die N.G. Kerk, Bloemfontein,[133] verklaar Brink, R. dat veel aangevoer kan word ten gunste van die stelling dat die Nederduitse Gereformeerde

---

130) Sien hoofstuk 1 supra.
131) 1926, K.P.A. 298, 1927, K.P.A. 23.
132) Cassim v Molife, 1908, T.S. 748 op 751.
133) 1952 (2) S.A. 83 (O).

Kerk wel 'n regspersoon is. „Dit is egter nie nodig vir die doeleindes van hierdie aansoek nie om vas te stel of gemelde kerk 'n regspersoon is al dan nie. Myns insiens maak dit geen verskil nie, wat die vertolking van die kerkwet betref, of gemelde kerk 'n regspersoon of 'n onderlinge vereniging is."[134)]

In 1954, met die beslissing Moloi v St. John Apostolic Faith Mission,[135)] kom die deurbraak toe Murray, R. na toepassing van die maatstawwe vir die toekenning van regspersoonlikheid, beslis dat hierdie verband 'n regspersoon is, ten spyte van die feit dat die trustbeginsel van toepassing was in die beheer van die Mission se eiendom. Hierdie beslissing is nagevolg in Malebjoe v Bantu Methodist Church of S.A.,[136)] waar die beheer van die eiendomme ook in trustees gevestig was. Wat hier van belang is, is dat in hierdie twee beslissings die Romeins-Hollandse beginsels ten opsigte van regspersoonlikheid toegepas is op 'n kerkverband, en dat bevind is dat 'n kerk 'n regspersoon kan wees. Maar in dieselfde jaar, 1957, toe die Transvaalse Sinode in sitting is, word die sinode bedien met 'n regsmening[137)] waarin die kerkverband as 'n genootskap geteken word: „Regtens moet die kerk as 'n vereniging beskou word ...., regtens is die basis van die vereniging die kontrak tussen die belanghebbendes, die Wette en Bepalinge."

Wat die Nederduitse Gereformeerde Kerk in sinodale verband betref, is dit 'n gegewenheid dat dit 'n universitas is. Eerstens is dit 'n

---

134) Idem, 93. Ons kom in 'n volgende hoofstuk na hierdie dictum terug.
135) 1954 (3) S.A. 940 (T).
136) 1957 (4) S.A. 467 (W).
137) Acta 1957, 480 - 481.

verband van gemeentes as regspersone; tweedens is die verbandsdoel regtens geoorloof; derdens is die verband voortdurend; en vierdens besit die kerkverband die kompetensie om selfstandig regte uit te oefen. Deur Wet 22 van 1961 is Ordonnansie 7 van 1843 en al sy wysigende wette herroep en is die Kaapse kerk vir die eerste maal deur die wetgewer as 'n regspersoon erken: „Nademaal die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 'n outonome regspersoon is en as sodanig geregtig is om wette en regulasies vir die beheer en bestuur van sy eie sake te maak ...."[138)]

Waarom het die regsorde nie van meet af aan die Nederduitse Gereformeerde Kerk as 'n universitas erken nie? Die struikelblokke kan soos volg getabuleer word:

i. Die revolusionêre kerkorde van de Mist in 1804

Toe die verversingspos in 1652 aan die Kaap gestig is, was die gereformeerde godsdiens in Nederland die „publycque geloof;"[139)] die Here XVII was dus nie afsydig teenoor die voortplanting van die Christendom in sy Calvinistiese gestalte nie, en by van Riebeeck en sy opvolgers het die wil van God hul

---

138) Vgl. Wet 24 van 1961, soos gewysig, a 3, wat Die Apostoliese Geloofsending as 'n regspersoon verklaar met die bevoegdhede wat daarmee saamhang; ook Jamile and others v African Congregational Church, 1971 (3) S.A. 836 (D): "The respondent church (kerkverband) is a body corporate which, in terms of its constitution, may be sued in any competent court of law in its own name."

139) Vgl. van Apeldoorn: De kerkelijke goederen in Friesland, 275, vir die Resolusie van 3 Julie 1619.

optrede gerig.[140] Daarom vind ons aan die Kaap 'n puriteinse handhawing van godsdienstige voorskrifte: Verpligte kerkbesoek vir alle groepe en swaar strawwe vir versuim;[141] heiliging van die Sondag en 'n verbod op die verkoop van sterk drank voor na afloop van die erediens;[142] 'n opdrag aan die Kerkraad van Kaapstad om vir weduwees en wese te sorg,[143] terwyl Roomse aanhangers nie geduld is nie.[144] In die gemeentelike lewe was die Dordtse kerkorde van toepassing.[145]

Gesien teen hierdie Calvinisties - georiënteerde agtergrond, was die kerkorde van de Mist revolusionêr. Die ekklesia word losgeruk van sy ware grondslae en bestemming en 'n dienaar van die staat, die deug en die goeie sedes gemaak;[146] met ander woorde, die wetgewer denatureer die gemeentelike lewe, sodat daar weldra 'n dualisme en stryd tussen gemeentelike idealisme om God te dien en owerheidsbaasskap oor die ekklesia ontwikkel het. Die kerk het gemeen dat Ordonnansie 7 van 1843 uitkoms sou bring.

---

140) Vorster, 79. Vgl. van Riebeeck se kommentaar op die verslag van Janszen en Proot, soos deur Moorrees aangehaal op p.5, en die landingsgebed op 7 April 1652: „Dat Uwe ware gereformeerde Christelijcke Lere mettertijt mochte voortgeplant ende verbreijt worden, tot Uwes H. Naems loff ende Eere."

141) Placaat, 25 September 1652, 14 Oktober 1652.

142) Placaat, 27 Junie 1670.

143) Resolusie 31 Desember 1687.

144) Placaat, 22 Mei 1660.

145) Vorster, 79 ev.

146) Die voorrede en a 1.

ii. Die Engelsregtelike uitgangspunt van Ordonnansie 7 van 1843 (K)

Op die bedoelinge van prokureur-generaal W. Porter met hierdie ordonnansie het ons supra gewys. Terwyl hy erken dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk geen "voluntary association" is nie, maak hy in artikels 8 en 10 hierdie Engelsregtelike figuur op die kerk van toepassing.[147] Hierdie ordonnansie is dus in een opsig wesenlik in ooreenstemming met die kerkorde van de Mist: die wetgewer ken aan die Nederduitse Gereformeerde ekklesia 'n individualiteitstruktuur toe wat aan sy grondslae, struktuur en bestemming vreemd is. Uit die aard van die saak moes hierdie prinsipieel onjuiste wetgewing nawerking vind in die regspraak.

iii. Die terugskuiwing van Romeins-Hollandse regsbeginsels deur die regsvormende organe sedert 1806

Gedurende die 19de eeu het die Engelse reg in suidelike Afrika die septer geswaai.[148] Gedra deur die Engelse taal, was dit die rigsnoer vir wetgewer, regter en advokaat. Geen wonder dat die "voluntary association"-begrip vanaf die eerste gerapporteerde kerksaak[149] toegepas is op die kerk nie. Gedurende die 19de eeu is die enigste loflike uitsonderinge hoofregters F.W. Reitz en J.G. Kotzé wat die Romeins-Hollandse universitasleer op die gemeente en die kerkverband van toepassing gemaak het.[150] Dit verbaas dus nie dat die

---

147) Vgl. Geldenhuys, 47 ev., 52, 347 ev.
148) Vgl. Pont, 420.
149) Weeber v van der Spuy, supra.
150) In die reeds aangehaalde Venter-gewysde in 1879, en die Standerton-gewysde in 1893.

eerste kerkverband wat deur ons regspraak as universitas erken is, nie die Nederduitse Gereformeerde kerk was nie, maar godsdienstige groepe[151] wat nie geknel was deur prinsipieel onjuiste wetgewing nie.

## 2.3. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in ringsverband

Die woord „ring" het in die Nederduitse Gereformeerde kerk gebruiklik geword vir die liggaam wat in Nederland „classis" genoem is, in Skotland „presbytery", in Frankryk „colloque" en in Duitsland „presbiterium".

In navolging van Voetius beskou ons die kerk in sy ringsverband as 'n korporatiewe eenheid[152] wat deur die ringsvergadering as sy hooforgaan handel. Hy definieer die ring as 'n „coventus ecclesiarum"[153] en H. Bouwman sien die ringsvergadering as „een samekomst van genabuurde kerken."[154]

Artikel 10 van Ordonnansie 7 van 1843 (K) het bepaal dat 'n ring nie in eie naam locus standi het nie, maar dat die persoon of persone wat deur die

---

151) Sien die Moloi-gewysde, 1954 (3) S.A. 940 (T.P.A.) en die Malebjoe-gewysde, 1957 (4) S.A. 465 (W.P.A.)

152) P.E. III, 26: „Corpus ecclesiarum in unam correspondentiam classicam aut synodicam unitarum." So ook in die kerkorde van die Gereformeerde Kerk, 2 (b) (1), p.78. Anders: Geldenhuys, 364. Vgl. ook Bouwman: Kerkrecht II, 128, waar hy ongelukkig die ringsvergadering met 'n kerk gelykstel, maar tog die ringsverband as 'n corpus handhaaf, al word geen ringsvergadering gehou nie.

153) P.E. IV, 182.

154) II, 128.

kerklike bepalinge aangewys word en wat in besit of beheer is van bates wat aan 'n ring behoort, in eie persoon mag dagvaar of gedagvaar word. Daarom vind ons dat ds. Kotzé in sy geskil met die Ring van Tulbagh, nie die ring as sodanig dagvaar nie, maar wel vir ds. Shand as voorsitter en verder al die lede van die ringsvergadering.[155] Dieselfde gebeur in die geval van ds. Burgers en die Ring van Graaff-Reinet.[156]

Na ons mening is die verweerders in <u>de Vos v Die Ringskommissie van die Ring van die N.G. Kerk</u>,[157] korrek aangedui. Die kerk in ringsverband is 'n <u>corpus</u>, deur die sinode in die lewe geroep en in sy samestelling gewysig, wat as 'n regspersoon ('n verband van gemeentes) aan die regsverkeer deelneem deur middel van die ringsvergadering wanneer in sitting en deur die ringskommissie en ander kommissies van die ring as organe gedurende die resés.

'n Suiwere siening van die ringsverband vind ons in die <u>Nederlandse kerkorde</u>, artikel LXXXIV: „De Kerken,[158] die in Classes, Particuliere Synode en Generale Synode samenkomen, vormen te zamen even zovele vermogensrechtelijke eenheden ten aanzien van de stoffelijke aangeleentheden, die haar onderscheidenlijk in Classicaal Particulier-Synodaal en

---

155) <u>Kotzé v Shand and others</u>, members of the <u>Presbytery of Tulbagh</u>, 1865, 5 S. 137.
156) <u>Burgers v du Plessis and others</u>, 1866, 1 R <u>385</u>; ook in <u>Bredell v Pienaar</u>, 1922 K.P.A. 578.
157) 1952 (2) S.A. 83 (O). Vgl. verder <u>S.A. Cooling Services v Church Council of the Full Gospel Tabernacle</u>, 1955 (3) S.A. 541 (D) en <u>Smith v Ring van Keetmanshoop van die N.G. Kerk</u>, 1971 (3) S.A. 353 (S.W.A.)
158) Bedoeling: Gemeentes.

Generaal-Synodaal verband gemeen zijn. Deze eenheden worden in en buiten rechte vertegenwoordigd door de respectieve Classicale vergaderingen, als door Deputaten, die door deze vergaderingen worden benoemd, geïnstrueerd en ontslagen en in al hun handelingen door hun instructie zijn gebonden." Hiervolgens is die ringsverband as eenheid die regspersoon, en die ringvergadering en kommissies (deputate) onder sy opdrag die organe of verteenwoordigers.

Ten einde die regspersoonlikheid van die ringsverband in Nederland privaatregtelik bo twyfel te stel, het 'n sinodale kommissie van die Gereformeerde kerke 'n toetssaak aanhangig gemaak.[159] Die Ring van Hertogenbosch gee onverskuldig 'n bedrag van 450 frank aan die gemeente Eindhoven, maar vorder die bedrag met rente en koste terug. Die kerkraad van Eindhoven erken die ontvangs van die bedrag, maar betwis die reg van terugvordering op grond daarvan dat die Klassis van Hertogenbosch geen regspersoonlikheid het nie. Op 13 Mei 1938 het die Hoge Raad op appél uitspraak gegee „dat zich verenigingen van zelve rechtspersoonlijkheid bezittende Kerken onder de naam van Classes gevormd hebben om mede ten einde als eenheden aan het rechtsverkeer deel te nemen." Met hierdie uitspraak is die regspersoonlikheid van die ringsverband gehandhaaf.

Teen die opvatting om die ringsverband van gemeentes as 'n universitas te konstrueer, bestaan geen juridiese beswaar nie. Die ringsverband voldoen aan al die vereistes vir die toekenning van regspersoonlikheid soos in die Webb-gewysde neergelê:

---

159) H.R. 13 Mei 1938, N.J. 1939, 247. Vir kommentaar, sien Jansen, 362 ev.

(a) Dit is 'n voortdurende verband van gemeentes; (b) Dit besit goed wat apart is van die goedere van die samestellende gemeentes; (c) Dit bestaan voort ten spyte van die wisseling van lede, byvoorbeeld wanneer die sinode die gemeentes sou hergroepeer en ander ringe tot stand kom. Verder bestaan daar teen 'n sodanige konstruksie ook geen geldige kerkregtelike[160] beswaar nie, en met die bepalinge van die Nederlandse kerkorde en regspraak gaan ons akkoord. Eiendomme van die ringsverband behoort geregistreer te word op naam van: Die Nederduitse Gereformeerde Ringsverband van X. Die ringsverband is dan die selfstandige eenheid wat as regspersoon in die privaatregtelike sfeer handel, en die term ring dui dan die vergadering van die afgevaardigdes van kerkrade binne die verband as orgaan van die ringsverband aan.

Die laaste verband wat homself voordoen, is die verband van kerke.

## 3. DIE KERK AS 'N VERBAND VAN KERKE

In 1962 het die Nederduitse Gereformeerde Kerke in 'n algemene sinodale verband aaneengesluit. Die skeiding tussen die kerke wat histories die gevolg was van die beslissing van die Kaapse Hooggeregshof in 1862,[161] is in 'n nuwe verband van sinodes oorbrug.

---

160) Vir die gesonde kerkregtelike beginsel hier van toepassing, vgl. Jansen, 360 - 361. Die siening van die ring as 'n universitas is in ooreenstemming met die gereformeerde opvatting van die kerkverband.

161) Loedolff and Smuts v Murray and Louw, 1862, 4 S. 86, toe beslis is dat kragtens Ord. 7 van 1843 ds. A.A. Louw van Fauresmith nie as lid van die Sinode van 1862 sitting kon neem nie.

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 'n korporatiewe eenheid saamgestel deur die Nederduitse Gereformeerde kerke, handelend deur hul Sinodes (Kaapland, Vrystaat, Transvaal (Suid, Noord en Midde-Afrika) Natal en Suid-Wes) verklaar homself tot regspersoon,[162] en tree in die regsverkeer op deur middel van die Algemene Sinode as vergadering wanneer in sitting, deur die Permanente Finansiële kommissie in die resés[163] met verantwoording aan die Breë Moderatuur en die Algemene Sinode,[164] en deur die Breë Moderatuur in die geval van 'n regsgeding.[165]

Die kerk is geen publiekregtelike, maar 'n privaatregtelike persoon

In Nederland het H. Colijn gestrewe na die erkenning van die publiekregtelike karakter van die kerk. „De uitdrukking scheiding tussen staat en kerk geeft te kennen, dat de kerk een lichaam is, hetwelk een publiekrechtelijk karakter bezit."[166]

„Publiekrechtelijk karakter" beteken egter dat die owerheid aan 'n liggaam owerheidsgesag toeken met 'n spesifieke opdrag en doel. "The public corporation is conceived in the broad and generally acceptable sense of a corporate body conducting some economic activity or social or advisory service for the State ... Its responsibility being ultimately to the public at large, more immediately it is subject to some control by the Government or the Houses of Parliament or both."[167] Indien die

---

162) Reglement vir die administrasie en beheer van eiendom, Acta 1966, 27, A.1.
163) Idem, A.2.
164) Idem, C.2.
165) Idem, C.3.
166) Smeenk, I, 205.
167) Kahn, 27, 279.

owerheid aan die kerk in hierdie sin owerheidsgesag toeken, verval ons terug in die staatskerk-bedeling. Dit is die geval met die Engelse staatskerk soos Potter[168] aandui: "As officers of the State the clergy must carry out their obligations based on current English law .... ecclesiastical law has become controlled by the general law and has become essentially a part of the English legal system."

In sy maatskapsverhoudinge met derdes tree die kerkregspersoon op as 'n privaatregtelike persoon, en hierin skuil vir die kerk niks vernederend nie. Ook die staat en sy organe, vir sover hulle op privaatregtelike terrein handel, is aan daardie gedragsreëls onderworpe. Die kerk wat begeer om in die publiekregtelike sfeer te beweeg, word 'n slaaf van staatlike willekeur en verloën sy ware roeping.

Die aard van kerklike verbandeis hiermee afgehandel. Daar bestaan egter ook twee tipes regspersone wat op die kerklike erf ontspruit en aan die regsverkeer deelneem, naamlik stigtinge en nutsmaatskappye.

## 4. DIE AARD VAN ANDER KERKREGSPERSONE

### 4.1. Stigtinge

Oor die grondslag en aard van die stigtingsfiguur loop die gedagtes uiteen:
Joubert[169] is van mening dat 'n afgesonderde

168) 216.
169) 194, 219.

vermoënskompleks met 'n bepaalde voortdurende doel as die <u>substratum</u> van 'n stigting dien. Hierdie siening is 'n voorbeeld van die relativistiese opvatting van 'n regspersoon, wat laasgenoemde begrip aan die menslike persoonlikheid ontkoppel.

Vir Dooyeweerd[170)] en van der Vyver en van Zyl[171)] is die verband van opeenvolgende bestuurders die grondslag van 'n stigting. Hierdie konstruksie bevredig egter nie, aangesien slegs 'n diensdoende bestuurder(s), dit wil sê 'n persoon wat op dié spesifieke tydstip die bestuurdersposisie beklee, 'n stigting regshandelinge kan laat verrig. Dooyeweerd se voorbeeld van 'n geslag, wat 'n eenheid vorm ten spyte van die opvolging van sy lede, is ook onbevredigend. 'n Geslag, wat die voorgeslag, die huidige geslag en die nageslag omvat, is wel 'n organiese eenheid, maar as eenheid geen regsubjek nie. Swanepoel[172)] oordeel dat die wilshandeling van die oprigter die stigtingsregspersoon dáárstel en aldus as grondslag dien. Hierdie stelling laat ons egter in die duister met betrekking tot die aard van 'n stigtingsregspersoon.

Dit word aan die hand gegee dat ook die stigting as regspersoon 'n organisasie of 'n verband van persone is. Die regspersoonlikheid van 'n stigting setel in die verband van (a) die oprigter, met dien verstande dat die oprigtingsakte aan hom bepaalde kompetensies verleen, (b) die diensdoende

---

170) <u>Themis</u>, 415.
171) 168.
172) 1957 THRHR, 44.

bestuurder(s) en (c) die huidige begunstigdes,[173] en hul onderlinge verhouding word deur die oprigtingsakte of die reglement bepaal.

'n Kerklike stigting kan gedefinieer word as 'n stigting, wat 'n werksaamheid of die behartiging van belange wat tot die doel en taak van die kerk gereken word, ten doel het, en wat deur die daartoe kompetente kerklike orgaan opgerig of aanvaar is in dié sin dat kerklike reglemente op die bestuur daarvan van toepassing is.

Oor die term kerklike stigting bestaan ook meningsverskil. Duynstee[174] vind dit juister om die term geheel en al te laat vaar omdat dit volgens hom tot verwarring aanleiding gee. In die praktyk, verklaar hierdie skrywer, gebeur een van twee dinge: óf 'n bepaalde instelling word deur die kerk so belangrik geag dat die kerklike instituut die instelling erken en dit daardeur tot 'n selfstandige kerklike onderdeel maak, óf die belang word nie so hoog aangeslaan nie en die kleed van 'n gewone stigting word die instelling aangetrek. In die eerste geval, verklaar Duynstee, sou dit beter wees om van 'n kerklike instelling te praat, en in die tweede geval van 'n stigting sonder meer.

---

173) Soos Joubert tereg daarop wys (194), is die begunstigdes onder 'n stigtingsakte geen lede van die stigting nie. 'n Stigting verskil van 'n universitas hierin, dat dit geen lede het nie. Vgl. The Committee of the Johannesburg Public Library v Spence, 5 O.R. 84 op 87 vir hierdie onderskeiding. 'n Kind wat as 'n begunstigde in die Kinderhuis in Langlaagte (stigting) huisvesting vind, is geen „lid" van die stigting soos wat hy 'n lidmaat van die gemeente Langlaagte (universitas) is nie.

174) 135 ev.

Hierdie onderskeiding is, in die lig van artikel 28 van die Nederlandse Wet op Stichtingen wat bepaal dat kerke en kerklike stigtinge nie onderhewig is aan die bepalinge van die betrokke wet nie, ondienlik. Die verwarring, wat Duynstee wil uitskakel, sal dan juis hierin lê dat onsekerheid bestaan of 'n stigting wat deur 'n kerkvergadering in die lewe geroep is, aan die wet onderhewig is of nie. Wat die Suid-Afrikaanse regsorde betref, bring die onderskeiding van Duynstee ons niks verder nie. Die begrip kerklike stigting is heel bruikbaar en lewer nie praktiese probleme op nie.

Die kerklike reglement bepaal of 'n sodanige stigting 'n regspersoon is al dan nie, soos dit blyk uit die volgende voorbeelde van kerklike stigtinge:

Die Sinodale Pensioenfonds

Ingevolge die Reglement vir die Sinodale Pensioenfonds van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Transvaal[175] is hierdie Fonds as 'n kerklike stigting te beskou. Die doel daarvan is om leraars en ander persone in diens van die Kerk, na hul aftrede, of aan die weduwees van afgestorwe leraars en amptenare, na goeddunke van 'n lewensonderhoud te voorsien.[176] Die administrasie van die Fonds berus by die Kerkkantoorkommissie.

Hierdie stigting moet regtens soos volg gekonstrueer word:

i. Die regspersoonlikheid van die Fonds setel in die verband van (a) die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Transvaal wat deur sy Sinodes as organe

---

175) Bepalinge van Suid-Transvaal, Bylae 3, 104.
176) A 11 van die reglement.

handel, (b) die lede van die Kerkkantoorkommissie as bestuurders en (c) die leraars, amptenare en die weduwees van oorlede leraars en amptenare as begunstigdes.

ii. Die Fonds het die kompetensie om in sy eie naam eksterne regshandelinge te verrig.[177)]

iii. Die regsverhoudinge tussen alle belanghebbendes word deur die reglement, wat deur die Sinodes van die Transvaalse Kerk goedgekeur is, bepaal.

iv. Die orgaan van die stigting is die Kerkkantoorkommissie, met die saakgelastigde as sy uitvoerende hoofbeampte.

Die Abraham Kriel Kinderhuis

In 1968 is 'n nuwe grondwet vir die kinderhuis deur die Sinodes van Noord en Suid-Transvaal goedgekeur.[178)]

Artikel 3 bepaal dat die doel van die stigting is om sorgbehoewende kinders te versorg en op te voed in die ware kennis en vrees van die Here. Artikel 8 verklaar dat die kinderhuis 'n regspersoon is en die bevoegdheid het om op eie naam eiendomme te hê. As orgaan van die regspersoon is 'n bestuur saamgestel waarvan die samestelling en kompetensies in artikels 4 - 5 neergelê word.

Na ons mening is die kinderhuis 'n suiwere toonbeeld van 'n kerklike stigting, en setel die regspersoonlikheid daarvan in die verband van (a) die Kerk van Transvaal, (b) die bestuurslede en (c) die

---

177) A 9 van die reglement. Vgl. Abrahamse v Connocks Pension Fund, 1963 (2) S.A. 76 (W).
178) Acta Suid-Tvl., 1968, 86 ev.

sorgbehoewende kinders wat in die verskillende afdelings van die kinderhuis versorg word.

Die Randse Sendingraad

Die Sinode van 1968[179] het aan hierdie raad 'n nuwe reglement besorg. Die doelstelling was om barmhartigheidsdienste op die sendingakker van die Nederduitse Gereformeerde Kerk onder die nie-blankes te beplan, die moontlikhede van barmhartigheidsprojekte te ondersoek en die Sinodale Sendingkommissie met advies te bedien.

Artikel 6 bepaal dat die Sendingraad as 'n welsynsorganisasie by die Departement van Volkswelsyn geregistreer sal wees, en dat dit met die goedkeuring van die sinodale Sendingkommissie en die Kerkkantoorkommissie regshandelinge in eie naam kan verrig.

Met hierdie reglement is ongelukkig afgewyk van die suiwere siening van die setel van regspersoonlikheid. Terwyl regspersoonlikheid in die verband van persone self setel, word dit hier verplaas na die bestuur of die beherende liggaam van sodanige regspersone. Wat die orgaan van die regspersoon is, word verhef tot die regspersoon self en 'n valse beeld van 'n kerklike stigting is die gevolg.

Van Rhyn waarsku teen 'n sodanige opvatting wanneer hy tereg aanvoer dat regspersoonlikheid nie setel in 'n munisipale raad nie, maar wel in die stad of dorp (die term munisipaliteit is verwarrend)

---

179) Acta Suid-Transvaal, 1968, 599 en 763, maar die Sinode van 1972 het weer die Sendingraad ontbind. Hoewel obsoleet, word dit hier wel behandel ten einde 'n belangrike regsbeginsel na vore te bring.

wat sy inwoners in 'n verband saamsluit.[180] Die munisipale raad is wel die orgaan van die stad of die dorp.

Na aanleiding van Die Regering van die Republiek van Suid-Afrika v S.A.N.T.A.M. Versekeringsmaatskappy Beperk[181] betoog Wiechers[182] tereg dat die staatsverband die regspersoon is en nie die regering soos in hierdie gewysde beslis is nie. Die organe[183] van die staat is die Staatspresident of die individuele ministers.

Dit word aan die hand gegee dat die Interpretasiewet, Wet 33 van 1957 soos gewysig, verwarring stig waar dit in artikel 2 bepaal dat persoon 'n afdelingsraad, munisipale raad, dorpsbestuur of dergelike gesag omvat.

Regspersoonlikheid kan nie aan 'n orgaan as sodanig toegeken word nie, aangesien die orgaan die medium is waardeur die regspersoon as regsubjek handel ten einde vir homself regte of verpligtinge te verkry. In eie titel kan die orgaan van die regspersoon nie as orgaan byvoorbeeld eiendom verkry nie; as orgaan verkry hy dit in die naam van die regspersoon en nie vir homself nie.

## 4.2. Nutsmaatskappye

'n Nutsmaatskappy is 'n regtens geoorloofde vrywillige verband wat nie-winsgewende doeleindes beoog in terme van artikel 21 van die Maatskappyewet.[184]

---

180) 1963 SALJ 361 op 371; ook Duff, 29 ev., 51.
181) 1964 (1) S.A. 546 (W).
182) 1964 THRHR 161 ev. Vgl. Wet 20 van 1957, a 3, wat tereg praat van eise teen die Staat.
183) Wet 32 van 1961, soos gewysig, a 116 (2). Nie 'n verteenwoordiger in hierdie geval nie, maar 'n orgaan.
184) Wet 46 van 1926, soos gewysig.

'n Sodanige maatskappy kan geregistreer word na die toekenning van 'n verlofbrief in dier voege deur die Minister van Ekonomiese Sake.[185] 'n Nutsmaatskappy geniet al die voorregte van 'n beperkte maatskappy en is onderworpe aan sy verpligtinge, behalwe die verpligtinge wat deur artikel 21 (3) van die Maatskappyewet voorgeskrywe word.[186]

In 1963 het die Suid-Transvaalse Sinode besluit om 'n maatskappy in die lewe te roep[187] en is die Pro Ekklesia Nuts-Behuisingsmaatskappy, Suid-Transvaal, geregistreer ingevolge artikel 21 van die Maatskappyewet. Soos alle maatskappye wat by die Registrateur van maatskappye geregistreer is, is ook hierdie een 'n regspersoon. Die regspersoonlikheid daarvan setel na ons oordeel in die verband van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Suid-Transvaal, die direkteure en die inwoners van die verskillende tehuise.

Die hoofdoel van die maatskappy is, „om wonings, woonstelle, tehuise, losieshuise, ouetehuise, tuistes en enige ander soort woon- of verblyfplek in stede, dorpe of op die platteland te verkry, op te rig, te verskaf, in stand te hou en te bestuur vir alle sorgbehoewende mense ... en alle jeugdige of ander werkers, jeugverenigings en jongmense in die algemeen."

Die maatskappy is, ingevolge artikel VI van sy akte van oprigting, 'n maatskappy beperk deur garansie. Die statute bepaal dat daar agt direkteure sal wees en dat hulle geen vergoeding vir hul dienste sal ontvang nie.

---

185) Sien a 229 van Wet 46 van 1926 vir die definisie van minister.
186) Vir hierdie verpligtinge, vgl. Emmet en Barlow, 7, voetnoot 23.
187) Acta 1963, 149, 500.

# HOOFSTUK III

## DIE ONTSTAAN VAN KERKREGSPERSONE

### 1. INLEIDING

#### 1.1. Die ontstaanswyse van regspersone in die algemeen

i. Die universitas, dit wil sê 'n verband van meerdere persone, het in die Romeinse reg 'n lang geskiedenis. Oor die aard van die oprigtingshandeling van 'n sodanige verband as 'n regsubjek, is egter 'n sluier getrek.

Die vorming van collegia met 'n wettige doel is reeds deur die XII Tafels (voor 450 v.C.) toegelaat[1]. In besonder word genoem die volk, lede van broederskappe, priesters van geheime godsdienstige ritueel, tafelgenote, begrafnisgangers, smouse, diegene wat saam op buit teen die vyand uittrek, handelslui en dergelike. In later tye kon die Senaat die oprigting van sekere verenigings verbied op grond van politieke wanpraktyke en skending van die boni mores.[2] Ingevolge 'n lex Iulia van keiser Augustus is die toestemming van die owerheid benodig vir die totstandkoming van collegia waarvan die konstitusie voorsiening maak vir algemene vergaderings van lede. Om regspersoonlikheid te verkry, was twee vereistes

1) 8. 27; D.47.22.4; Duff, 112.
2) Max Kaser, I, 264.

vir sodanige verbande noodsaaklik: (a) 'n Eie identiteit, dit wil sê die verband moes 'n naam of 'n hoof (caput) hê,[3] en (b) die bestemming of doel moes geoorloof wees.[4] Vir die totstandkoming van collegia tenuiorum (begrafnisverenigings) was die toestemming van die Senaat nie vereis nie, en die meeste romaniste aanvaar dat die christelike gemeentes aanvanklik onder hierdie figuur aan die regsverkeer deelgeneem het.[5]

In die wetgewing van Justinianus is die verkryging van die juridiese status van 'n universitas vir 'n collegia en 'n societas afhanklik van toestemming. Sodanige toestemming kon verleen word deur 'n wet, 'n senaatsbesluit of 'n keiserlike beslissing.[6] Dit bly egter 'n vraag of hierdie toestemming op privaatregtelike vlak saamval met die toestemming op administratiefregtelike vlak, wat in D.47, 22 gereël word. „Zeker is, dat de konsessie aan een societas of een collegium dat zij een universitas mogen vormen, het ius coeundi veronderstelt, terwijl het er hier niet toe doet, of dit ius vooraf of tegelijkertijd word verleend."[7]

Vir die Glossatore was uitdruklike of stilswygende staatstoestemming onontbeerlik vir die totstandkoming van universitates en collegia.[8] Kerke, kloosters en liefdadigheidsinrigtings as collegia licita is egter deur die

---

3) Sohm, 194.
4) Uys: Die Genootskapooreenkoms, 31 - 32.
5) Supra, hoofstuk 2; Joubert, 20; Duff, 159 ev.
6) D. 3, 4, 1. Vgl. C. 6, 24, 8.
7) Hanenburg, 225.
8) Joubert, 57.

Glossatore van staatstoestemming vir hul ontstaan vrygestel. Die Kanoniste[9] was van dieselfde oortuiging, maar het verder vereis dat vir die ontstaan van kerkregspersone die toestemming van die biskop as geestelike owerheid verkry moes word.

ii. Die Romeins-Hollandse reg is skraal aan gegewens in hierdie opsig. Voet[10] onderskei verbande van persone, soos 'n wettige gilde, 'n vry dorp, 'n stad of 'n kanton as universitates. Die substratum van sodanige verbande is persone: „Quales hominum universitates licet non nisi a pluribus ... stat nomen universitatis."

Om locus standi te hê, het Voet geoordeel dat sodanige universitates staatsgoedkeuring vir hul ontstaan moes ontvang[11] en ly onderskei dan die goedgekeurde verbande van die van die wederdoperse sektes en die jode, wat wel verdra, maar nie deur die staat goedgekeur is nie en aldus locus standi ontbeer. Ongelukkig swyg die ander Romeins-Hollandse skrywers met betrekking tot die ontstaanswyse van 'n universitas.

iii. Die Nederlandse departement van Justisie het die opvatting gehuldig dat kerkgenootskappe privaatregtelike verenigings sou wees, en dat derhalwe kerkgenootskappe wat ontstaan het na die promulgering van die Wet op Kerkgenootschappen in 1855, koninklike goedkeuring vir hul ontstaan nodig sou hê. Die regspraak het egter hierdie sienswyse nie gedeel nie. In die Burgerlijk Wetboek[12] word die selfstandigheid van die

---

9) Idem, 80.
10) 3.4.1.
11) 3.4.2.
12) A 2.1.2, 1 en 2

kerkgenootskappe as regspersone erken. Ingevolge die Nederlandse regspraak[13] is kerkgenootskappe liggame „op openbaar gezag erkend" en as sedelike liggame onderworpe aan artikel 1690 van die Burgerlijk Wetboek. Dit is nie nodig dat kerke aan die staat van hul ontstaan kennis gee nie; ewemin word vereis dat die aantekening van die kerkgenootskap op die lys van die Justisie-departement 'n voorwaarde is vir die toekenning van regspersoonlikheid aan 'n kerk of 'n gemeente.[14]

iv. Halsbury[15] vat die posisie in die Engelse reg oor die totstandkoming van 'n kerkverband[16] soos volg saam: "A church which has not derived its tenets and organisation by cleavage from a pre-existing church may be formed, or a part of a church already existing may be formed into a separate church in one of three ways: First, it may be formed by a direct act of the civil power... Secondly, it may be formed by the voluntary association of individuals .... Lastly, it may be formed by a combination of these methods."

v. In die Suid-Afrikaanse regsorde hang die ontstaansmetodes van regspersone saam met die tipe persona wat beoog word. Op die volgende maniere kan 'n regspersoon tot stand kom:

---

13) Vgl. H.R. 13 Mei 1938, 1939, 247 met betrekking tot die regspersoonlikheid van die Classis Hertogenbosch, en H.R. 23 Julie 1946, 1947, 1 inzake Geref. Kerk van Houwerzijl.

14) Asser, 206 - 207; Versteeg, 6 - 7; van Zeben, 69 ev.

15) 13, 1, 3, 39, p.27. Vgl. verder Wade en Phillips, 468 ev.

16) Ons meen dat die vir ons doel irrelevante Engelsregtelike onderskeiding van die corporation sole en die corporation aggregate ons te ver sal aflei.

1.1.1. Deur 'n wet of 'n ordonnansie van die owerheid

Op hierdie wyse kom publiekregtelike persone tot stand wat deur Kahn[17] soos volg gedefinieer word: "The public corporation is conceived in the broad and generally acceptable sense of a corporate body conducting some economic activity or social or advisory service for the State, with considerable autonomy in management and with its own independent funds. Its responsibility being ultimately to the public at large; more immediately it is subject to some control by the Government or the Houses of Parliament or both."

'n Voorbeeld hiervan is die Krygstuigontwikkelings- en vervaardigingskorporasie van Suid-Afrika, Beperk, wat deur Wet 57 van 1968 in die lewe geroep is as 'n liggaam „met regspersoonlikheid beklee en bevoeg om in sy naam as regspersoon as eiser en verweerder in regte op te tree en om behoudens die bepalings van hierdie Wet alle handelinge te verrig wat nodig is vir of in verband staan met die bereiking van sy oogmerke, die uitoefening van sy bevoegdhede en die verrigting van sy werksaamhede."[18] Dit wil egter nie sê dat alle rade wat deur wetgewing in die lewe geroep word, regspersone is nie. Soms skep die wetgewer blote adviserende of administratiewe liggame wat nie selfstandige regsubjekte is nie, byvoorbeeld Die Landboukredietraad.[19] Nie alleen

---

17) 27.
18) A 2, Wet 57 van 1968. Vir ander voorbeelde, vgl. Wette 35 van 1960, 29 van 1961, 73 van 1963, 59 van 1965, 34 van 1967 en 33 van 1970. Vir die totstandkoming van publiekregtelike persone in Nederland, vgl. Asser, 176 ev.
19) Wet 28 van 1966. Vir ander voorbeelde, sien Wette 32 van 1966, 39 van 1967 a 4, 40 van 1967 a 28.

die Parlement nie, maar ook 'n Provinsiale Raad of 'n stadsraad kan deur die uitvaardiging van 'n ordonnansie of 'n regulasie 'n publieke regspersoon in die lewe roep. As voorbeeld dien Ordonnansie 20 van 1943 (T), soos gewysig, wat in die Transvaal Die Gesondheidsraad vir Buite-stedelike gebiede ingestel het. Ingevolge artikel 3 (1) van hierdie ordonnansie is die Raad 'n regspersoon, en artikel 3 (2) bepaal dat die Raad sy bestaan as regspersoon nie verloor as enige of al die setels daarin om een of ander rede vakant sou raak nie.

Die tweede ontstaanswyse van 'n regspersoon is:

1.1.2. Deur 'n wilsbesluit gevolg deur registrasie

Op hierdie wyse kom 'n handeldrywende regspersoon soos 'n maatskappy, ingevolge artikel 229 van Wet 46 van 1926, soos gewysig, as 'n *persona juris*[20] tot stand.

'n Maatskappy is, onafhanklik van sy lede, draer van regte en verpligtinge in sy eie titel. Hierdie geskeidenheid tussen die maatskappy-regspersoon en sy lede of aandeelhouers word in alle moderne regstelsels erken.[21] So is dit die

---

20) Vgl. die Interpretasiewet, Wet 33 van 1957, a 2 ii: Persoon omvat enige maatskappy wat as sodanig geïnkorporeer of geregistreer is. Sien Spiro, 2, 10.

21) Cilliers en Benade, 3 ev. Vgl. die ou Engelse sleutelvonnis Salomon v Salomon and Co. Ltd., (1897) A.C. 22: "The company is at law a different person altogether from the subscribers of the memorandum"; ons eie sleutelbeslissing Dadoo Ltd. v Krugersdorp Municipal Council, 1920 A.A. 552. Vir 'n kritiese benadering van hierdie beginsel met betrekking tot sekere praktyke, sien Benade, 1967 THRHR 214 ev.

geval met die Franse Societé Anonyme, die Duitse Aktiengesellschaft, die Italiaanse Societa per azioni en die Nederlandse Naamlooze Vennootschap.

Ten einde 'n publieke maatskappy met 'n winsmotief[22] in die Republiek te stig, moet minstens 7 persone onderling ooreenkom om 'n maatskappy in die lewe te roep.[23] Hierdie ooreenkoms vind uitdrukking in die ondertekening van die akte van oprigting, wat beteken dat die ondertekenaars bedoel om verbind te wees tot nakoming van alle bepalinge van die akte en die statute[24], en by die registrasie van die maatskappy moet die ondertekenaars as lede in die lederegister ingeskrywe word.[25]

Die akte van oprigting druk die doel en die aard van die maatskappy uit. Verder stel die oprigters die statute, wat die huishoudelike sake van die maatskappy binne die kader van die Maatskappyewet reël, op. Die akte van oprigting en die statute vorm die konstitusie van die

---

22) A 4 bis van die Maatskappyewet, Wet 46 van 1926. Vir die begrip wins, sien S.A. Flour Millers' Association v Rutowitz Flour Mills, 1938, K.P.A. 199, goedkeurend aangehaal in R. v Twala, 1952 (2) S.A. 599 (A); Commissioner for Inland Revenue v. Transvaal Bookmakers' Association, 1953 (3) S.A. 203 (T.P.A.) Hilton Quarries Employees' Social and Athletic Club v C.I.R., 1956 (3) S.A. 108 (N.P.A.); S. v Jacobs, 1965 (3) S.A. 85 (T.P.A.)

23) A 5 van die Maatskappyewet.

24) Idem, a 16.

25) Idem, a 24 (1). Vir die regsverhoudinge wat die akte van oprigting en die statute daarstel, vgl. Cilliers en Benade, 28 - 31.

beoogde maatskappy. Ten einde 'n privaatmaatskappy[26] te stig, moet minstens 2 en hoogstens 50 persone daartoe ooreenkom en die akte van oprigting onderteken.

Op die onderlinge ooreenkoms om 'n maatskappy te stig, volg die aansoek om registrasie by die Registrateur van maatskappye. Verskillende stukke moet ingevolge die Maatskappyewet aan hierdie amptenaar voorgelê word,[27] en indien hy dit in orde vind en die voorgeskrewe gelde betaal is,[28] teken hy die naam van die nuwe maatskappy in sy register aan, en reik hy kragtens artikels 17 en 18 'n sertifikaat van inkorporasie uit. Indien bedrog uitgesluit is, het die maatskappyregspersoon met sy inlywing as 'n afsonderlike draer van regte en verpligtinge tot stand gekom.

Waar die doel nie winsbejag is nie, kan 'n nutsmaatskappy ingevolge artikel 21 van die Maatskappyewet in die lewe geroep word.[29] Die Minister van Ekonomiese Sake, indien oortuig dat die doel van die maatskappy wettig is, dat die belange van die publiek bevorder word, dat die bedoeling is dat winste of inkomste bestee sal word aan die bevordering van die doel, dat geen dividende aan lede betaal word nie, en dat dit wenslik is om die maatskappy ingevolge artikel 21 in te lyf, kan verlof verleen dat die maatskappy met beperkte aanspreeklikheid (deur aandele of garansie) geregistreer word sonder dat die aanduiding „Beperk" deel van die naam uitmaak.

---

26) A 104 van die Maatskappyewet.
27) Cilliers en Benade, 20.
28) Derde Bylae tot die Maatskappyewet.
29) Hierdie metode is deur sinodes gevolg wanneer kerklike doeleindes beoog word; sien infra.

Die derde ontstaanswyse van 'n regspersoon is:

1.1.3. Deur wilsverklaring

Dit is die informele wyse waarop persone, wat 'n ideële doel wil nastrewe, 'n universitas in die lewe roep. Hierdie metode van die oprigting van 'n universitas kom slegs in Nederland en Suid-Afrika voor.[30)]

In navolging van Voet is in Levin v Transvaal Miners' Association die mening gehuldig dat 'n vereniging alleen aan 'n statuut regspersoonlikheid kan ontleen: "The legislature only however, can create a corporate body liable to be sued."[31)] Hierdie siening kon egter nie die tand van die tyd weerstaan nie en in Morrison v Standard Building Society[32)] het die Appèlhof die onbelemmerde, spontane oprigting van 'n gemeenregtelike universitas deur persone[33)] in beginsel goedgekeur en dit is konsekwent in daaropvolgende regspraak gehandhaaf.[34)]

---

30) Uys: Die Genootskapooreenkoms, 7.
31) 1912, W.P.A. 144 op 147, waar 'n privaatregtelike universitas met 'n publiekregtelike liggaam verwar word.
32) 1932, A.A. 229.
33) Natuurlike persone en regspersone. In die 1963 Annual Survey of S.A. Law, 188, betoog Uys tereg dat "there is nothing to prevent several corporations forming another corporation and being its sole members."
34) Vgl. Moloi v St. John Apostolic Faith Mission 1954 (3) S.A. 940 (W); Malebjoe v Bantu Methodist Church of South Africa, 1957 (4) S.A. 466 (W); Capital Building Society v Registrar of Building Societies, 1963 (2) S.A. 247 (T.P.A.); Amal. Soc. of Woodworkers v Die Ambagsaalvereniging, 1967 (1) S.A. 586 op 591 (T.P.A.); Ex parte Johannesburg Congregation of the Apostolic Church, 1968 (3) S.A. 377 (W).

Wanneer persone aaneensluit om deur middel van 'n beoogde universitas 'n ideële doel na te strewe, is hul bedoeling[35] juridies van groot belang. Oor die volgende aangeleenthede moet hulle beraadslaag en onderling eenstemmigheid bereik:

i. Die doel wat nagestrewe moet word

'n Universitas as 'n saamwerkingsverband is gerig op 'n bepaalde doel, waarop die saamwerking van die lede gerig is. Die eiesoortige doel is 'n wesenlike element van die selfstandigheid en daarmee van die regspersoonlikheid van 'n universitas. Die doel moet geoorloof wees, dus nie in stryd met die positiewe regsreëls, die openbare orde of die goeie sedes nie. 'n Ongeoorloofde doel vernietig die oprigtingshandeling van 'n universitas.[36]

ii. 'n Naam vir die universitas

Vir die doeleindes van identifikasie moet 'n regspersoon onder 'n eie naam optree. As 'n selfstandige eenheid neem 'n universitas aan die regsverkeer deel en 'n aanduiding van sy selfstandige identiteit, 'n naam, is hiertoe onontbeerlik.[37]

iii. Die individualiteitstruktuur van die universitas

Ten einde 'n universitas in die lewe te roep, moet die bedoeling van die oprigters daartoe duidelik wees. Die bedoeling vind

---

35) Vgl. vir die bedoeling met 'n klubstigting, 'n societas, Valkin v Daggafontein Mines Ltd., 1960 (2) S.A. 507 (W) op 509.

36) Bamford, 100 ev. Beide op 'n societas en 'n universitas van toepassing. Vgl. ook Asser, 224 ev.

37) Polak, 16 - 17; Asser, 227.

uitdrukking in die struktuur wat die oprigters aan die korporatiewe verband gee, en die struktuur moet beantwoord aan die eise van die gemene reg vir sodanige regsfigure.[38)]

Die individualiteitstruktuur van 'n universitas en sy daaruit voortvloeiende interne en eksterne kompetensies word in die konstitusie of reglement neergelê. „Deur die vorm waarin die vereniging sy konstitusie giet, verleen hy aan homself regspersoonlikheid of weerhou hy dit van homself .... As die konstitusie dus openbaar dat 'n vereniging aan die twee vereistes in die Webb-saak gestel, voldoen, is hy 'n universitas."[39)]

iv. Die vasstelling van die konstitusie

'n Universitas sonder 'n konstitusie is ondenkbaar. "It must have a constitution which gives it the right to own property apart from its members."[40)] Die konstitusie hoef nie in skrif te wees om regswerking te hê nie,[41)] hoewel dit vir regsekerheid hoogs aanbevelenswaardig is.

Dit is uit 'n praktiese oogpunt wenslik dat die organisasie van die vereniging, soos in die konstitusie neergelê, by die oprigting vasgestel word. Dit is egter nie essensieel nie. Dit is denkbaar dat 'n aantal persone

---

38) Vgl. hoofstuk 1, supra: Die vereistes vir die toekenning van regspersoonlikheid.
39) Hiemstra, 25 - 26. Vgl. Asser, 226.
40) Ex parte Doornfontein Judith's Paarl Ratepayers Association, 1947 (1) S.A. 476 (W); Ex parte Johannesburg Congregation of the Apostolic Church, 1968 (3) S.A. 377 (W).
41) Ex parte The Maromite Catholic Church, 1928, W.P.A. 217.

'n vereniging stig en 'n voorlopige bestuur kies met die opstel van 'n konstitusie as werkopdrag, en dat die bestuur op 'n later stadium 'n ledevergadering byeenroep om die konstitusie te aanvaar. Juridies moet dit egter gehandhaaf word dat die oprigting van 'n universitas eers voltooi is met die finale formulering en goedkeuring van die konstitusie.

Dit is egter onmoontlik dat die konstitusie die voortgaande organisasie en handelinge van die universitas volledig dek. 'n Nadere reëling van die interne en eksterne verhoudinge word oorgelaat aan die organe van die regspersoon wat intra vires besluite na die eis van omstandighede moet neem.

v. Die aanwysing van organe

'n Universitas moet 'n orgaan of organe hê deur middel waarvan dit aan die regsverkeer kan deelneem. Die orgaan kan 'n bestuur, 'n ledevergadering, 'n trustee of 'n ander gemagtigde wees. Indien 'n orgaan ontbreek, kan die hof een aanstel. In die geval van 'n kerkgroep wat geen konstitusie gehad het nie, het die gemeentevergadering besluit om die gemeente-eiendom te verkoop. Organe om te handel het egter ontbreek, en die hof het 'n trustee aangestel.[42)]

Bostaande informele wyse van oprigting van 'n universitas deur blote wilsverklaring lewer in die praktyk nie veel probleme op nie, en het die toets van die tyd deurstaan. In

---

42) Idem, 218.

geval van onsekerheid, ondersoek die hof die konstitusie, bepaal of die eienskappe van 'n universitas by die relevante organisasie aanwesig is, en indien dit wel die geval is, word opdrag gegee dat eiendomme in die naam van die regspersoon geregistreer word.[43]

Op dieselfde informele wyse kom ook 'n stigting tot stand. Dit „word in die lewe geroep deur die oprigter se eensydige wilsverklaring wat gepaard gaan met vermoënsafsondering, aanwysing van 'n bepaalde, voortdurende doel en voorsiening van 'n bestuur."[44] In die afgelope tyd word dit egter in Nederland aanvaar dat die eis van vermoënsafsondering vir die oprigting van 'n stigting nie noodwendig is nie.[45]

## 1.2. Die juridiese aard van die oprigtingshandeling in die geval van 'n universitas

Die oprigtingshandeling is van wesenlike belang vir die bepaling van die aard en bevoegdhede van die gestigte universitas. Aangesien in hierdie opsig geen kode van regsreëls bestaan nie, en die regsorde aan persone wat korporatief saamsluit om 'n geoorloofde doel na te strewe die grootste vryheid met betrekking tot hul organisasie gun, is dit nie vreemd dat juriste[46] veel verskil oor die aard van die oprigtingshandeling en die regsverhoudinge wat dit tot gevolg het nie.

---

43) Vgl. Ex parte Johannesburg Congregation of the Apostolic Church, supra.
44) Joubert, 198 - 203.
45) Duynstee, 39 ev.
46) Oor die stryd in Nederland in hierdie verband, vgl. Asser, 217 ev. Boots, 90 ev.

Enkele beginselonderskeidinge is hier relevant na aanleiding van die volgende vrae:

Is die oprigting van 'n universitas 'n regshandeling?

Lê 'n ooreenkoms die oprigtingshandeling ten grondslag, en is die oprigtingshandeling 'n obligatoire of verbintenisskeppende ooreenkoms?

Wat is die regsverhouding tussen die opgerigte regspersoon en sy lede, en tussen die lede onderling?

Wat die gemeente betref, word hoofstuk 4 aan die laasgenoemde vraag gewy.

1.2.1. Is die oprigting van 'n universitas 'n regshandeling?

> „'n Regshandeling is 'n regmatige handeling waaraan die reg vir die handelende persoon dieselfde gevolge verbind as dié wat hy regtens beoog het."[47]

Oor die feit dat die oprigting van 'n universitas 'n regshandeling is, kan geen twyfel bestaan nie. Die oprigters beoog dat aan hul handeling regsgevolge verbind sal wees. 'n Coetus van persone, wat bokant die regsverkeer op die terrein van die moraal of die fatsoen swewe, kan geen regspersoon wees nie.

Die universitas is 'n saamwerkingsverband, waarin meerdere persone saamwerk om 'n doel na te strewe. In die nastrewe van sy doel, tree die universitas as 'n selfstandige entiteit in die regsverkeer op. As 'n regsubjek verrig dit dan regshandelinge.

---

47) Van der Vyver en van Zyl, 207.

Hierdie oprigtingshandeling is 'n saamgestelde handeling. „Zij kan worden ontleed in rechtshandelingen van verschillende personen, die in elkander grijpen en rechtens als één rechtshandeling kunnen worden begrepen."[48]

1.2.2. Lê 'n ooreenkoms die oprigtingshandeling ten grondslag, en skep sodanige ooreenkoms kontrakte?

Op hierdie vraag loop die gegewe antwoorde uiteen.

Molengraaff[49] konstateer: „Vereniging is contractuele samenwerking." Bamford[50] se definisie van 'n vereniging is soos volg: "A voluntary association is a legal relationship which arises from an agreement between two or more persons to achieve a common, lawful object, primarily other than the making and division of profits." Soos Uys egter tereg daarop wys, het hierdie definisie van Bamford slegs betrekking op 'n societas of 'n vereniging sonder regspersoonlikheid en kan dit nie op 'n universitas van toepassing wees nie.[51] Die prinsipiële verskil tussen 'n societas en 'n universitas mag hier nie uit die oog verloor word nie.

Dat die oprigtingshandeling van 'n societas 'n kontrak skep, is 'n gegewenheid. Die oprigters bedoel om vir die toekomstige nastrewe van hul gesamentlike doel teenoor mekaar kontraktueel gebonde te wees. Wanneer 'n groep 'n belasting-

---

48) Asser, 218.
49) Idem, 218.
50) 87. Dit is duidelik dat Bamford met "legal relationship" 'n kontraktuele verhouding bedoel. Vgl. 97 ev., 100.
51) Die Genootskapooreenkoms, 16.

betalersvereniging in die lewe roep, kontrakteer hulle met mekaar om kandidate met 'n sekere politieke oortuiging vir die stadsraad benoem en verkies te kry.[52] Wanneer 'n groep 'n vereniging in die lewe roep om vir hulself finansiële hulp te verseker in die geval van siekte, dood en ander beproewings en in ruil daarvoor 'n vaste bedrag as subskripsiegeld bydra, rus die oprigtingshandeling op en skep dit 'n onderlinge ooreenkoms.[53] Die hof beslis tereg dat aangesien die eienskappe van 'n universitas ontbreek, hierdie verenigings nie regspersone is nie.

Maar in die geval van die oprigting van 'n universitas staan die saak anders. Hier gaan dit nie om die skepping van toekomstige onderlinge ooreenkomste nie, maar die doel met die oprigtingshandeling is om 'n saamwerkingsverband as 'n selfstandige regsubjek daar te stel. „Een vereniging ontstaat door een rechtshandeling waarbij partijen besluiten een rechtspersoon in het leven te roepen."[54] Die bedoeling van die oprigters is om 'n verband daar te stel wat sal voortbestaan al wissel die lede, en wat onder meer die kompetensie sal hê om in eie naam bates te hou. Ons handhaaf dus dat die oprigtingshandeling van 'n universitas 'n eiesoortige regshandeling is; die betekenis daarvan bestaan hierin dat die regshandeling 'n regspersoon met eie statute skep.[55] Die oprigtingshandeling van 'n universitas is dus geen verbintenisskeppende ooreenkoms nie, en wie

---

52) Ex Parte Doornfontein - Judith's Paarl Ratepayers Association, 1947 (1) S.A. 476 (W).
53) Leschin v Kovno Sick Benefit and Benevolent Society, 1936, W.P.A. 9.
54) Nieuw Burgerlijk Wetboek, a 2.2.1.1.
55) Polak, 34 - 35, 44.

hier met die kontrakbegrip opereer, verwar die societas met die universitas.

'n Verbintenis lê egter ten grondslag van die oprigtingshandeling en gaan dit vooraf. Vir die oprigting van 'n universitas is vooraf nodig die gemeenskaplike wil van die oprigters, wat 'n Gesamtakt of 'n Vereinbarung tot gevolg het. Hulle moet vooraf onderling ooreenkom om die universitas te skep, en oor die bestemmingsfunksie, die naam, die individualiteitstruktuur en die konstitusie moet hulle tot 'n besluit kom; maar by die bereiking van die doel van die ooreenkoms, naamlik om die universitas op te rig, gaan die ooreenkoms weer tot niet.[56] Die reg met betrekking tot kontrakte geld dan nie meer nie; die verbandsreg ingevolge die konstitusie of die reglemente, tree dan in werking.

Na bostaánde algemene inleiding word nou oorgegaan tot die ontstaan van kerkregspersone.

## 2. DIE STIGTING VAN 'N GEMEENTE

Die ontstaan van 'n christelike gemeente is van die Here.[57] Voetius[58] konstateer dat die goddelike instelling die fundamentum remotum et commune van die gemeente is. Bouwman verklaar in hierdie verband:

---

56) Uys: Die Genootskapooreenkoms, 16.
57) Matt. 16: 18. „Op hierdie rots sal Ek my gemeente bou ...."
58) P.E. I, 15.

„De gemeente is toch het mystieke lichaam van Christus, dat, naar's Heeren ordinantiën geconstitueerd, in haar verschijning is de zichtbare openbaring van dat mystieke lichaam."[59]

In die praktyk kom die gemeente as 'n vergaderde groep byeen wanneer die gelowiges gesamentlik reageer op die roeping wat van Christus uitgegaan het. Voetius leer dat hierdie vrywillige toestemming van die lede die tweede pilaar is waarop die gemeente rus en hy noem hierdie toestemming die _fundamentum proprium et proximum_ van die gemeente.[60] Die totstandkoming van die gemeente as 'n vergaderde groep, 'n _coetus_, is vir ons regtens van groot belang.

In die gang van die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk het gemeentes op die volgende maniere ontstaan:

As 'n _coetus_ in 'n nuwe verband, byvoorbeeld die stigting van die gemeente Kaapstad in 1665.

As 'n afgestigte groep van 'n bestaande gemeente, hetsy in kombinasie met 'n ander of as 'n selfstandige gemeente.

---

59) H. Bouwman, I, 331.
60) _P.E._ I, 15. Kuyper noem hierdie onderlinge ooreenkoms „een wilsdaad der geloovigen tot aaneensluiting in onderwerping aan Gods Woord" as eis vir _kerkformatie_. „God heeft zich bij het formeeren van zijn zichtbare kerken instrumenteel gebonden aan het handelend optreden van de geloovigen." _Tractaat_, 27, 29.

As 'n samesmelting van twee gemeentes tot 'n nuwe, byvoorbeeld die eenwording van die Nederduitse Hervormde en die Nederduitse Gereformeerde gemeentes in 1886.

Op Sondag, 23 Augustus 1665,[61] het die eerste vaste leraar aan die Kaap, ds. Johan van Arckel, sy intreerede in die fort gehou, en in September 1665 is die eerste kerkraad, bestaande uit een ouderling en een diaken, bevestig. Hier het ons die beginpunt van die geskiedenis van die gemeente as instituut in Suid-Afrika. Blykbaar is die organisasie van die gemeente deur ds. van Arckel gedoen, wat egter as amptenaar van die Kompanjie, met die rang van onderkoopman, niks sonder die goedkeuring en medewerking van die Politieke Raad of die kommandeur sou kon deurvoer nie.[62] Na die bevestiging van die kerkraad het die kommandeur wel kerklike sake aan die kerkraad toevertrou, dog alle kerkraadsbesluite was onderworpe aan die goedkeuring van die Politieke Raad al was hulle in die teenwoordigheid van die kommissaris-politiek geneem.

Die onderlinge ooreenkoms tussen lidmate tot gemeentestigting word goed geïllustreer by die stigting van die eerste gemeentes buitekant „de Caap", naamlik te Stellenbosch en Drakenstein. In 1683 het 'n dertigtal inwoners van Stellenbosch 'n versoekskrif by die Politieke Raad ingedien, waarin hulle daarop wys dat, aangesien hulle ver van Kaapstad woon, hulle nie die eredienste gereeld kan bywoon nie en aldus „gevaar liepen in de gewoonten van een onbeschaafd leven te vervallen, en datgene, wat iedereen het kostbaarst moest zijn, naamlik de heiligmaking zijner ziel uit het oog te verliezen."[63]

---

61) B.J. Odendaal, 30 - 31.
62) Vorster, 38; Moorrees, 7.
63) Moorrees, 84; Dreyer: Eeuwfeestalbum, 36.

Aanvanklik word 'n onderwyser aangestel, en in 1686 word 'n gemeente gestig onder die leiding van ds. J. Overney, wat blykbaar onder opdrag van die Politieke Raad gehandel het.

Nadat die Hugenote hulle aan die Kaap gevestig het, rig ds. P. Simond in 1689 'n versoek tot die Here XVII om gemeentestigting en „tot het formeeren van een consistorie op de wijze als tot Batavia."[64] Die gevolg was dat die gemeente Drakenstein (Paarl) in 1691 gestig is.

In 1743 gee Van Imhoff, die goewerneur-generaal van Nederlands-Indië wat tydens sy verblyf aan die Kaap die oppergesag uitoefen, toestemming dat twee kerkgeboue opgerig mag word, een te Zwartland (Malmesbury) en een in „het land van Waveren." (Tulbagh). Onder die leiding van ds. Meiring is in 1743 die eerste kerkraadslede in hul ampte bevestig en onderneem die lidmate om „die behulpzame hand te bieden" met die oprigting van die kerkgebou.[65]

Die gewone patroon tot gemeentestigting in hierdie pioniertydperk was soos volg: Lidmate rig 'n versoek tot die owerheid om te voorsien in hul geestelike behoeftes. Indien goedgekeur, stel die owerheid 'n leraar vir die omgewing aan. Die leraar doen die organisasiewerk, die gemeente word onder sy leiding gestig en die kerkraadslede word deur die owerheid benoem. Selfs die kerkorde van de Mist het nie die inisiatief tot gemeentestigting by die gelowiges opgehef nie, hoewel dit bepaal het dat geen gemeentes („kerkgenootschappen") gestig mag word of kerkgeboue opgerig mag word[66] sonder die goedkeuring van die goewerneur nie.

---

64) Moorrees, 95; <u>Eeuwfeestalbum</u>, 43.
65) Moorrees, 187; <u>Eeuwfeestalbum</u>, 48.
66) A 4 en 6 onderskeidelik.

Dit was in hoofsaak ook die geval op die trekpad, waar die Voortrekkers ten opsigte van kerklike praktyke voortgebou het op die toestand waaraan hulle in die Kaapkolonie gewoond was. Die onderlinge ooreenkoms tussen lidmate, die tweede pilaar waarop gemeentestigting rus, vind ons geïllustreer op 8 Februarie 1837 toe die Trekkers byeengekom en S. Maritz tot ouderling en C. Cilliers en C. Viljoen tot diakens gekies het vir die „reizende gereformeerde kerkgemeente in de woestijn."

Na die Trek is die gemeente Pietermaritzburg gestig en wou die Trekkers die kerkgebou, ingevolge die Danskraal-gelofte, so spoedig moontlik bou. Reeds in 1839 het daar kollektelyste in Natal rondgegaan waarin verklaar is dat aangesien die „Raad des Volks" besluit het om op Pietermaritzburg „een Gereformeerde Kerk" te stig, 'n uitnodiging gerig word tot die lidmate om hul gawes daarvoor te gee.[67) ] Binne 'n halfuur is die bedrag van R600 vir dié doel gegee.[68)]

Die eerste gemeente in die Vrystaat is in 1841 te Winburg gestig onder die leiding van ds. Daniel Lindley. Ook die eerste gemeente in Transvaal, Potchefstroom, het in 1842 onder die leiding van Lindley tot stand gekom. Die tweede gemeente in die Vrystaat, Rietrivier (Fauresmith), is in 1848 gestig onder leiding van die kommissie van die Kaapse Kerk.[69)]

---

67) Scholtz, I, 24.
68) Moorrees, 715.
69) Scholtz, I, 34; Gerdener, Boustowwe, 78.

Die wyse waarop 'n gemeente hedendaags binne die verband van die Nederduitse Gereformeerde Kerk tot stand kom, is afstigting van 'n bestaande gemeente.[70]

Die aard van die afstigtingsvorm

Die naaste grondslag van die beoogde gemeente is die vrywillige toestemming van die lidmate wat die behoefte aan 'n nuwe gemeente aanvoel en hul kerkraad in verband daarmee nader. Die kerkraad, uit eie beweging of onder aandrang van die ring, kan wel die voorbereidingswerk vir die stigting doen, maar staan magteloos indien die lidmate nie geneë is om die afstigtingsvorm te onderteken nie.[71] Die lidmate hou die hef in hande, en die beginsel van die toestemming van die lidmate tot gemeente-stigting bly, ten spyte van die feit dat die kerkraad die inisiatief neem, onaangetas.

Die afstigtingsvorm[72] lui soos volg:

„Ons, die ondergetekendes, lidmate van die gemeente ....... rig hiermee 'n versoekskrif aan die Ring van .... vir die stigting van 'n nuwe gemeente vir die wyke ....,

En aangesien volgens die kerklike bepalinge van ons 'n waarborg vereis word vir die instandhouding van die gemeente sowel as vir die lewensonderhoud en woning van 'n leraar vir die nuwe

---

70) Die prosedure daartoe word bepaal in k.o. a 31.4 en bep. 26.2 van Suid-Tvl. Dat 'n verskillende en nuwe persona tot stand kom wanneer 'n gemeente afgestig word, word tereg beslis in Dutch Reformed Church Vanwykskvlei v Registrar of Deeds, 1918 K.P.A. 378

71) Suid-Transvaalse bepalinge, 26,2.2,1.

72) Idem, vorm 13; Midde-Afrika se bepalinge, vorm 15; Natal se bepalinge, vorm 6; Kaapse bepalinge, reglement 18.

gemeente, so getuig ons met hierdie akte dat ons, die ondergetekendes, gedurende ons verblyf in hierdie gemeente ons jaarliks verantwoordelik stel vir die bedrag agter ons naam.

Aldus gedoen en geteken op die datum hieronder vermeld:

Datum / Handtekening van Gemeentelid / Adres / Bedrag"

Indien 'n sterk meerderheid[73] hierdie vorm onderteken en 'n genoegsame bedrag vir die finansiële verpligtinge van die beoogde gemeente kan byeenbring,[74] gee die ring toestemming tot die stigting daarvan, en gee aan die ringskommissie opdrag om die leiding te neem en die gemeente te stig.

In die eerste plek is dit duidelik dat die afstigtingsvorm geen verbintenisskeppende ooreenkoms tussen die lidmaat en 'n ander party daarstel nie. Hier is geen partye wat consensus - die grondslag van 'n ooreenkoms - moet bereik nie. Nóg die ring, nóg die bestaande gemeente, nóg die beoogde gemeente kom teenoor die ondertekenaar van die afstigtingsvorm as 'n alternatiewe kontrakterende party te staan. Die ring is geen party by die afstigting van 'n gemeente nie aangesien dit met niemand 'n ooreenkoms aangaan nie; as vergadering oefen die ring slegs bepaalde kompetensies uit ten einde die gemeente tot stand te bring. Die bestaande gemeente kan ook geen party wees teenoor wie die lidmaat

---

73) Volgens die Vrystaatse bepalinge 60% van die belanghebbendes.

74) ± R8400 per jaar minimum word vir die instandhouding van 'n gemeente benodig.

finansieel moet presteer en teenoor wie hy in mora kan verval nie, aangesien die lidmaat se ledeverhouding tot die moedergemeente beëindig word sodra hy lidmaat van die dogtergemeente word. Die beoogde gemeente kan eweneens geen party wees nie, aangesien dit op daardie stadium nog nie bestaan nie. Artikel 71 van die Maatskappyewet,[75] wat voorsiening maak vir kontrakte met 'n te worde opgerigte regspersoon, is nie op 'n gemeente van toepassing nie, aangesien 'n gemeente geen maatskappy is nie.

Ten tweede is dit foutief om die afstigtingsvorm as 'n borgkontrak, met afstanddoening van alle voorregte, te konstrueer. Dit is byvoorbeeld die geval in die sinodale bepalinge van Suidwes-Afrika. Vorm 26, 'n VORM VAN WAARBORGAKTE, lui soos volg:

„Ons, die ondergetekendes, verbind ons sowel gesamentlik as afsonderlik as borge in solidum en mede-hoofskuldenaars vir die behoorlike jaarlikse betaling van die som van R ___ deur die dan dienende Kerkraad van die gemeente .... wat staan opgerig te word in verband met die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika aan die predikant van gesegde gemeente vir die tyd van vyf jaar, gereken van die dag wanneer sodanige predikant in die gemeente bevestig sal word; en ons doen uitdruklik afstand van die beneficium ordinis seu excussionis et divisionis, met die betekenis waarvan ons ten volle bekend is, onder verband van ons persone en goed as na regte.

---

75) Wet 46 van 1926, soos gewysig.

Datum

As getuies: Handtekening van borge."[76]

'n Borgkontrak is in hierdie geval onbestaanbaar. Hier is geen hoofskuld waarvoor die lidmaat borg staan nie. Om sy eie onderneming teenoor die nuwe gemeente te borg, is ook onmoontlik, aangesien 'n borg nooit vir sy eie skuld borg staan nie. Wie sou die skuldeiser wees met wie die lidmaat 'n borgkontrak[77] aangaan? Dit kan nie die te worde gestigte gemeente wees nie, want dit bestaan nog nie. 'n Kerkraad staan nooit teenoor die lidmate vir hul dankofferbydraes in die posisie van 'n skuldeiser nie. Dit sou 'n verloëning van die ware aard en die verhewe roeping van die ekklesia van Christus beteken. Om die predikant, wie se lewensonderhoud sogenaamd geborg word, as skuldeiser te beskou, is ook foutief. Sy posisie in die gemeente word nie bepaal deur die afstigtingsvorm nie, maar deur die werkgewer - werknemer verhouding wat bepaal word deur die kerklike bepalinge en die beroepsbrief.

---

76) Die sinode het gelukkig ook 'n minder drastiese vorm wat as alternatief gebruik kan word. Die ring het egter die vryheid om elke voldoende „waarborg" ook in 'n ander vorm te erken.

77) Vgl. Voet, 46.1.1; de Groot, 3.3.12; van Leeuwen: Censura Forensis, 1.4.17.3. "A contract of suretyship in relation to a money debt can be said to be one whereby a person (the surety) agrees with the creditor that, as accessory to the debtor's primary liability, he too will be liable for that debt." Orkin Lingerie v Melamed and Hurwitz, 1963 (1) S.A. 324 (W), goedkeurend aangehaal in C.C.A. Little and Sons v Niven, 1965 (3) S.A. 517 (S.R.); Dempster v Addington Football Club, 1967 (3) S.A. 262 (D).

In die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk is die bedrag wat 'n lidmaat op die afstigtingsvorm belowe, nog nooit opgeëis nie. Dit is prakties 'n onmoontlikheid. Wanneer 'n gemeente finansieel wurg, neem die ring as visitator gewoonlik die situasie in oënskou, en doen dan aansoek by die Sinodale Bedieningsfonds, of tref reëlings na die eis van omstandighede.

In die lig van bostaande is ons gevolgtrekking dat die afstigtingsvorm 'n blote versoekskrif aan die ring is, gerig deur 'n aantal lidmate wat met hul handtekening aan die ring te kenne wil gee

i. dat hulle graag 'n nuwe gemeente gestig wil sien, en

ii. dat hulle gesamentlik gewillig en in staat sal wees om die geldelike verpligtinge daaraan verbonde te dra.[78)]

Die ringsvergadering beoordeel die versoekskrif, en „indien die ring oordeel dat die nuwe gemeente finansieel in staat sal wees om te bestaan,"[79)] word aan die ringskommissie opdrag gegee om die stigting van die nuwe gemeente te lei.[80)] Die ringskommissie stel die grense van die gemeente noukeurig vas op grond van die aanbevelings van die kant van die kerkraad of kerkrade, laat geen ruimte vir lynplase nie, beskrywe die grense en karteer dit.[81)]

---

78) Geldenhuys, 191 - 192; bep. 26.2.2.3 (Suid-Tvl.); reglement 18.5 (Kaap).
79) Bep. 26.2.3.1 (Suid-Tvl.)
80) Bep. 26.2.3.2 (Suid-Tvl.); bep. 39.2 (Midde-Afrika); bep. 85.2 (Natal); reglement 18.10 (Kaap).
81) Bep. 26.2.4. (Suid-Tvl).

Die offisiële stigting van die gemeente[82] vind plaas op 'n vergadering van opgeroepte lidmate wat binne die voorgestelde grense woon. Op hierdie vergadering word besluit oor die naam van die nuwe gemeente, en deur die opsteek van hande word kerkraadslede vir die nuwe gemeente gekies. Sodra die gemeente gestig en die kerkraad as sy orgaan aangewys is,[83] het 'n selfstandige regspersoon tot stand gekom, en die feit word vir algemene kennisname deur die ringskriba in die kerklike blad gepubliseer. Die skriba van die sinode gee op sy beurt kennis van die gemeentestigting aan die Registrateur van Aktes.

Geen verdere formaliteite word in die Republiek van Suid-Afrika vir gemeentestigting vereis nie. "It is not necessary that an association should be created by statute or registered in terms of a statute to possess the attributes of a juristic person. It can derive that quality from the common law, and the answer as to whether it does possess the characteristics of a juristic person which exists apart from its members must always be sought in the rules of the constitution. These will show the nature and objects of the association."[84] Soos die <u>universitas</u> deur die wilsverklaring van die lede tot stand kom, word die gemeente juridies in die lewe geroep deur die onderlinge instemming van die lidmate, wat onder die leiding van die

---

82) Bep. 26.2.5. (Suid-Tvl.); reglement 18.12 (Kaap).

83) Die orgaan, naamlik die kerkraad as vergadering, kan nie handel voordat die verkose lede bevestig is nie; daarom lui bep. 15.5.1 (Suid-Tvl.) dat sodanige verkosenes sonder enige afkondiging bevestig word, gewoonlik aan die begin van die eerste erediens in die nuwe gemeente.

84) <u>Ex parte Johannesburg Congregation of the Apostolic Church</u>, 1968 (3) S.A. 377 (W).

organe van gemeente en kerkverband 'n gemeente stig. In geval van geskille is appél moontlik na 'n meerdere vergadering.[85] 'n Onderlinge ooreenkoms lê die oprigtingshandeling ten grondslag;[86] die doel daarvan is om 'n saamwerkingsverband in die lewe te roep en sodra dit geskied het, verval die ooreenkoms, en die verbandsreg tree in werking: Interne verhoudinge word bepaal deur die kerkorde en die besluite van kerkvergaderings, en eksterne verhoudinge deur die privaatreg en die relevante kerklike reglemente.

## 3. DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE SINODALE KERKVERBAND

Die samevoeging van gemeentes tot 'n kerkverband is nie noodsaaklik vir die bestaan van 'n gemeente nie, maar wel vir die welwese daarvan. Ons eie kerkgeskiedenis leer dat waar nie 'n kerkverband bestaan nie, die lewe in die gemeente gekenmerk word deur

i. diktatoriale optrede van ampsdraers;

ii. onderlinge twiste en

iii. ingryping deur die staat in interne kerklike aangeleenthede.[87]

Net soos die geval is by die gemeente, leer Voetius[88] dat die kerkverband 'n dubbele grondslag het:

---

85) Bep. 26.2.6 (Suid-Tvl.); bep. 42 (Midde-Afrika); a 222 (Kaap),

86) Soos Voetius sê, is dit die tweede pilaar waarop die gemeente rus.

87) Moorrees, 97, 125, 213, 310, 541, en Scholtz, I, 97 vir voorbeelde.

88) P.E. IV, 119. Sien verder M. Bouwman, 113 ev.; Geldenhuys, 146; H. Bouwman, I, 136 ev.

i. <u>Die goddelike reg</u>, wat „is hetgeen berust op den geopenbaarden wil des Heeren, en dus dient te geschieden naar goddelijk gebod.[89]" Met beroep op Handeling 15, 2 Korinthiërs 8 en Romeine 15 verklaar Voetius[90] „ubi ecclesiarum in unis consiliis, decretis, et mandatis consensus, communicatio et combinatio, sive per literas, sive per legatos, sive per synodum aut conventum, aperte indicatur." God wil dat gemeentes in 'n verband saamsluit.

ii. <u>Die wedersydse toestemming van die gemeentes.</u> Waar die goddelike reg die grondslag <u>in abstracto</u> is, is die onderlinge aaneensluiting van die gemeentes die konkrete grondslag van die sinodale verband. Voetius[91] leer dat hierdie samewerking van die gemeentes vrywillig is; van dwang kan hier nie sprake wees nie. Bouwman[92] verklaar tereg dat „synoden zijn voortgekomen uit de natuurlijke behoefte van de gemeenten en van hare voorgangers om over moeilijke vragen met alkander samen te spreken."

In die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk was die eerste beskeie vorm van 'n kerkverband die instelling van „De grooten Kerckenraadt"[93] deur die Here XVII na 'n versoek van ds. P. Simond om 'n gemeente vir die Hugenote te stig. Hierdie vergadering het bestaan uit die Kerkraad van Kaapstad met verteenwoordigers van die buitegemeentes. Dit was egter nie 'n vaste instelling nie, en moes met menige moeilike situasie verleë staan.

---

89) M. Bouwman, 115 - 116.
90) <u>P.E.</u> IV, 129.
91) <u>P.E.</u> IV, 119, 168, en 225.
92) H. Bouwman, II, 188.
93) Spoelstra: <u>Bouwstoffen</u> II, 601. Vorster, 211; <u>Eeuwfeestalbum</u>, 10.

Die instelling van „Die Gekombineerde Kerkvergadering"[94] was 'n voorwaartse stap. Dié vergadering het op 30 Augustus 1745 in Kaapstad vergader, en het, volgens die voorskrif van die Politieke Raad, bestaan uit die Kaapse Kerkraad, die leraar en een ouderling van die gemeentes Drakenstein, Waveren, Swartland en Stellenbosch, en twee politieke kommissarisse wat die owerheid verteenwoordig het. In 1759 is besluit dat die lede van die vergadering „de credentialia harer sendinge zullen vertonen;"[95] dit was dus 'n meerdere vergadering, saamgestel uit staatsamptenare en afgevaardigdes uit die verskillende gemeentes wat met geloofsbriewe ter vergadering verskyn het. In 1759 het die owerheid die vergadering egter afgeskaf.

Die kerkorde van die Mist[96] het die byeenroeping van 'n algemene vergadering, ingevolge die versoek van die Kaapse Kerkraad, gemagtig; maar weldra was die Kaap weer in Engelse hande en die vergadering op die lange baan. Op 19 Junie 1824 vestig die drie leraars van Kaapstad[97] die goewerneur se aandag daarop dat in die presbiteriale vorm van kerkregering die kerkraad en die sinode as vergaderings moet handel, en versoek hulle die goewerneur se toestemming om „eene Synode byeen te roepen van alle de Leeraars der Hollandsche Gereformeerde Kerk" kragtens artikel 46 van de Mist se kerkorde. Die verlof word verleen, en ingevolge artikel 49 van die kerkorde word die eerste sinodale vergadering deur die Kerkraad van Kaapstad byeengeroep vir 2 November 1824 in die Groote Kerk.

---

94) Vorster, 113.
95) Spoelstra: Bouwstoffen II, 541.
96) A 46 - 51.
97) Dreyer: Boustowwe, III. 175.

Op die bepaalde dag het die Kerkraad van Kaapstad, tesame met P.J. Truter, die kommissaris-politiek, in die konsistorie sitting geneem om die geloofsbriewe van die „gedeputeerden uit de Buitengemeenten" te ontvang.[98] Ter vergadering verskyn 12 leraars (teen die einde 13), 10 ouderlinge, en kommissarisse-politiek J.A. Truter en P.J. Truter. Die belangrikste werksaamheid van die sinode was die opstel van algemene bepalinge vir die „bestuur der Hervormde Kerken in deze Volkplanting."[99]

Die eerste sinodale vergadering op Vrystaatse bodem is gehou op 10 Mei 1865 te Bloemfontein[100] in opvolging van die voorlopige kerkvergadering wat op 10 - 15 November 1864 op Smithfield gehou is en waar die Vrystaatse kerkwetboek opgestel is. Omtrent die verhouding tot die staat besluit die Sinode dat hy homself „introduceere bij de Regeering des lands, door eene officieele kennisgewing aan den H. Ed. Volksraad, dat zij zich sinds 15 November 1864, te Smithfield tot een zelfstandig kerkgenootschap gevormd heeft."[101]

Op Natalse bodem is die eerste sinodale vergadering gehou op 7 Junie 1865 te Pietermaritzburg,[102] en in Transvaal, wat die herstigde Nederduitse Gereformeerde Kerk betref, op die 3de Desember 1866 te Utrecht,[103] waar besluit word „dat al de

---

98) Eeuwfeestalbum, 18; Moorrees, 547.
99) Moorrees, 552; Dreyer: Boustowwe, 212 ev.
100) Gerdener: Ons Kerk in die Transgariep, 198; Spoelstra: Het kerkelijk en godsdienstig leven, 45; Gerdener: Boustowwe, 91.
101) Spoelstra,: Het kerkelijk en godsdienstig leven, 45.
102) Idem, 54; Gerdener : Boustowwe, 12.
103) Idem, 314 - 316.

gemeenten der Nederduitsch Gereformeerde Kerk in de Republiek, hier vertegenwoordigd, vereenigd worden onder eén Kerkbestuur als de Nederduitsch Gereformeerde Kerk in de Zuid-Afrikaansche Republiek."

## Die geloofsbrief van 'n afgevaardigde

Dit is 'n alomaanvaarde beginsel in die gereformeerde kerkreg dat die kerkraad die enigste permanente kollegie is.[104] Hoewel die kerk in sinodale verband voortdurend en permanent is, is sy orgaan, die sinodale vergadering, tydelik in die sin dat dit afgehandel is sodra die sake waarvoor die sinode saamgekom het, behandel is. Hieruit volg dat elke sinodale vergadering by hernuwing saamgestel en met kompetensies beklee word.

Die geloofsbriewe van die afgevaardigdes[105] is dus vir die samestelling van 'n sinode regtens van primêre belang. Die geloofsbrief vir Suid-Transvaal (Vorm 12) lui soos volg:

---

104) Ned. Geloofsbelydenis, a 30; H. Bouwman, II, 90; Eybers, 125 - 126.
105) K.o. a 33.4.

" GELOOFSBRIEF

Die Kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente .... het op sy vergadering van .... 19 ... tot sy afgevaardigdes na die aanstaande vergadering van die .... wat gehou sal word op .... 19 ... en volgende dae te .... aangewys die broeder(s) .... (leraar(s) van hierdie gemeente) en die broeder(s) ouderling(e) .... (primarius/ii) en .... (secundus/di)

Hierdie afgevaardigdes het opdrag om op die genoemde vergadering die Kerkraad in alles te verteenwoordig en aan die beraadslaginge en besluite oor alle sake wat wettig ter tafel kom, namens die Kerkraad deel te neem, in onderworpenheid aan die Woord van God en die belydenis en Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Met toebidding van Gods rykste seën op die werksaamhede van die vergadering.

Geteken ........... Voorsitter
........... Skriba

Datum ....... 19 .. "

Uit hierdie geloofsbrief blyk:

i. Dat 'n sinode 'n samekoms van afgevaardigdes van gemeentes is;[106]

ii. Dat die kerkraad, as orgaan van die gemeente, op 'n behoorlike gekonstitueerde vergadering, die afgevaardigdes moet aanwys, en dat die voorsitter en skriba namens die kerkraad die geloofsbrief onderteken as getuienis daarvan;

---

106) Hand. 15; sien H. Bouwman, II, 17, 28; Eybers, 122.

iii. Dat die feit dat persone die ondertekende geloofsbrief op die sinode kom inlewer, prima facie bewys dat hulle wettige afgevaardigdes is;

iv. Dat die opdrag aan die afgevaardigdes breed omskrywe is, naamlik:

a. Dat hulle die kerkraad op die vergadering in alles verteenwoordig;

b. Dat hulle namens die kerkraad in alle sake wat wettig ter tafel kom aan die beraadslaginge en besluite mag deelneem.

Uit hierdie opdrag aan sy afgevaardigdes volg dat die kerkraad gebonde is aan die besluite van die sinode, mits - en dit is die beperking op die breë opdrag aan die afgevaardigdes - die besluite in ooreenstemming is met die Woord en die belydenis en die kerkorde. Indien dit nie die geval is nie,[107] en die afgevaardigdes gee blyke daarvan deur byvoorbeeld te vra dat dit in die notule aangeteken word dat hulle daarteen stem, is die kerkraad nie gebonde aan die besluit nie.

Die oproeping tot 'n gewone sinodale vergadering geskied deur die skriba, wat twee maande voor die vergadering 'n kennisgewing in die amptelike orgaan moet publiseer.[108]

Die konstituering en kworum van die sinode word in bepaling 33 van Suid-Transvaal neergelê, terwyl die leiding by die opening en konstituering in bepaling 35 beskrywe word.

---

107) Die onus sal op die kerkraad wat die wettigheid van die besluit betwis, rus om te bewys dat die besluit wel in stryd is met die Woord, belydenis of die kerkorde.

108) Bep. 32.1.4. (Suid-Tvl.) Vgl. bep. 88 (Natal) en a 112 (Kaap).

## 4. DIE INSTELLING VAN RINGE

Die groepering van buurgemeentes in 'n ringsverband word deur die sinode gedoen.[109] Die ring - as 'n verband van gemeentes - is regtens 'n skepping van die sinode.

Dit was die geval in die Nederlandse Gereformeerde Kerk, waar die Sinode van Emden in 1571 tot die instelling van die classis oorgegaan het. Dit was ook die geval in Frankryk, waar die Sinode van Nimes in 1572 gemeentes in 'n ringsverband gegroepeer het.[110]

In Suid-Afrika het die eerste sinode van 1824 die bestaande gemeentes in drie ringe verdeel.[111] De Eerste Ring - later die van Kaapstad - sou bestaan uit die gemeentes Kaapstad, Stellenbosch, Paarl, Zwartland en Somerset. De Tweede Ring - later die van Tulbagh - omvat die gemeentes Tulbagh, Swellendam, Caledon, George en Worcester. De Derde Ring - later die van Graaff-Reinet - sou bestaan uit die gemeentes Graaff-Reinet, Uitenhage, en Cradock. Verder het die Sinode bepaal dat die plek, waar die ringsvergadering jaarliks gehou word, in rotasie gekies sal word, beginnende by die oudste gemeente in die betrokke ringsverband.[112]

---

109) K.o. a 29.
110) H. Bouwman, II, 3, 190.
111) Dreyer: Boustowwe III, 215; Moorrees, 554.
112) Dreyer: Boustowwe III, 210.

In die binneland van Suid-Afrika was die eerste vorm van kerkverband die Ring van die Transgariep, wat deur die Kaapse Sinodale Kommissie in 1850 geskep is en die gemeentes in die Vrystaat en Natal omvat het.[113)]

Die ringsvergadering as orgaan van die kerk in ringsverband, kom jaarliks byeen.[114)] Dit word saamgestel uit die leraars van gemeentes, en 'n ouderling uit elke gemeente wat onder die ringsverband ressorteer. As 'n gemeente meer as een leraar het, het die kerkraad die reg om nog een ouderling vir elke bykomende predikant af te vaardig indien die sinode daartoe besluit.[115)]

Die afgevaardigdes moet van geloofsbriewe - dieselfde as vir die sinode - voorsien wees.[116)]

Die wyse van die konstituering van die ringsvergadering, die kworum daarvan en die verkiesing van ampsdraers word in bepaling 31 (Suid-Transvaal) neergelê. In Suid-Transvaal het die sinode geen bepaling gemaak met betrekking tot die oproeping na 'n ringsvergadering nie. Aangesien die ringsvergadering geen permanente regeerliggaam is nie, word dit telkens opnuut gekonstitueer uit afgevaardigdes van die kerkrade binne die ringsressort.

---

113) Gerdener: <u>Ons kerk in die Transgariep</u>, 65.
114) K.o. a 29.
115) K.o. a 30. Vir die gereformeerde beginselstandpunt by die samestelling van die ring, sien Geldenhuys, 169 en Eybers, 113.
116) K.o. a 30.3, en opmerkings <u>supra</u>.

## 5. DIE DAARSTELLING VAN DIE ALGEMENE SINODALE KERKVERBAND

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in algemene sinodale verband is in die lewe geroep deur 'n konvensie, wat op las van die vyf Sinodes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Kaapland, Natal, die Oranje Vrystaat, Transvaal en Suidwes-Afrika, op Donderdag, 11 Oktober 1962 in Kaapstad vergader het.[117)]

Die persone wat in konvensie vergader het, was afgevaardigdes van bogenoemde Sinodes, en hul opdrag was om op die basis van die voorgestelde konsep-kerkorde oor te gaan tot organiese kerkvereniging in een verband met die algemene sinodale vergadering as orgaan.[118)]

Nadat die konsep-kerkorde met wysigings aanvaar is, besluit die konvensie „tot herstel van die organisatoriese kerkverband deur die stigting van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk."[119)]

Van hierdie gestigte regspersoon is die offisiële naam: Die Nederduitse Gereformeerde Kerk; die konstitusie daarvan is die kerkorde; sy hooforgaan is die Algemene Sinode, wat bestaan uit afgevaardigdes[120)] van die samestellende sinodes,

---

117) Acta Alg. Sinode, 1962, 220.
118) Idem, 223-- 225.
119) Idem, 232.
120) Ingevolge k.o. a 38.3 moet hulle van geloofsbriewe voorsien wees. 'n Dekkende geloofsbrief vir al die afgevaardigdes word deur die verskillende Scribae Synodii uitgereik (Acta Alg. Sin. 1966, 3). 'n Vaste vorm, soos vir die sinode en die ring, is uit regsoogpunt onontbeerlik ten einde misverstand oor sy opdrag by die afgevaardigde te ondervang.

50 uit elke sinodale verband, behalwe in die geval van die Kaapse Kerk, wat 150 afgevaardigdes stuur. Die helfte moet leraars en die helfte ouderlinge wees. Die teologiese opleiding word in adviserende hoedanigheid verteenwoordig.[121)] Die opening en konstituering van die vergadering geskied onder die leiding van die afgevaardigde leraar met die langste diens wat die oudste in jare is.[122)]

## 6. DIE SKEPPING VAN KERKLIKE STIGTINGE

Volgens Joubert word 'n stigting in die lewe geroep „deur die oprigter se eensydige wilsverklaring wat gepaard gaan met vermoënsafsondering, aanwysing van 'n bepaalde, voortdurende doel en voorsiening van 'n bestuur."[123)]

'n Klassieke voorbeeld van 'n kerklike stigting is die Abraham Kriel Kinderhuis, met die doel „om kinders van Transvaal en elders te versorg en op te voed in die ware kennis en vrese van die Here ...."[124)]

Hierdie inrigting is in die lewe geroep deur Abraham Paul Kriel, predikant van Langlaagte. Hy het in 1899 die droewige lot van twee sorgbehoewende kinders aan 'n gemeentekonferensie voorgelê, en daar vir hul versorging geld ontvang. In September 1902 is die kinderhuis gestig en in 1903 deur die Ring van Potchefstroom oorgeneem. In April 1940 het die Transvaalse Sinode verantwoordelikheid

---

121) K.o. a 38.2.
122) K.o. a 41.
123) 198. Vgl. hoofstuk 2, <u>supra</u>; Asser, 292.
124) <u>Grondwet van die Abraham Kriel Kinderhuis</u>, a.3.

daarvoor aanvaar. Dit beteken ook dat die Sinode 'n toesighoudende liggaam geword het. Hiermee het die kinderhuis in die volste sin 'n inrigting geword wat aan die Transvaalse Kerk behoort.[125] Die bestuur word by elke gewone sitting van die Sinodes van Wes- Noord- en Suid-Transvaal opnuut saamgestel, en doen regstreeks aan die Sinodale kommissies vir die Diens van Barmhartigheid verslag.

Die kinderhuis „besit regspersoonlikheid asook die bevoegdheid om op eie naam eiendomme te hou."[126] 'n Kerklike stigting kan deur enige kerkvergadering ingevolge kerkorde artikel 18, in die lewe geroep word met 'n spesifieke doel.

## 7. DIE OPRIGTING VAN UTILITEITSMAATSKAPPYE

Die laaste manier om 'n regspersoon, wat die koninkryk van God tot diens is en op kerklike erf sy bestemming nastrewe, in die lewe te roep, is om 'n maatskappy sonder winsmotief te stig en ingevolge artikel 21 van die Maatskappyewet te registreer.

Op hierdie wyse is die Armesorg-Utiliteitsmaatskappy deur die eertydse Transvaalse Sinode gestig, wat as „kanaal gedien het om lenings te bekom van die Nasionale Behuisingskommissie onder die Departement van Gesondheid."[127]

---

125) Smit, 20 - 28.
126) Grondwet, a 8(a).
127) Acta Transvaalse Sinode, 1957, 184.

Verder bestaan op die kerklike erf Die Utiliteitsmaatskappy van die Abraham Kriel Kinderhuis, wat „alle behuisingslenings van die staat aan die kinderhuis beheer."[128)]

Die Pro Ekklesia Nuts-Behuisingsmaatskappy, Suid-Transvaal,[129)] is die belangrikste voorbeeld van hierdie groep kerkregspersone. Die Sinode van Suid-Transvaal het in 1963 die totstandkoming van hierdie maatskappy gemagtig en op 20 November 1963 is dit ingevolge artikel 21 van die Maatskappyewet geregistreer.

Hierdie maatskappy besit verskeie eiendomme van aansienlike waarde en groot uitbreidings word beoog.[130)]

---

128) Acta Synodi Suid-Transvaal, 1968, 51.
129) Idem, 71.
130) Acta Synodi, Suid-Transvaal 1968, 72 - 73.

# HOOFSTUK IV

## DIE REGSPOSISIE VAN DIE LIDMAAT IN DIE GEMEENTE

Ingevolge sy interne struktuur - 'n semi-institutêre verband van lidmate en ampsdraers - kom in 'n gemeente kragtens sy verbandsreg 'n verhouding tussen lidmate onderling, en tussen lidmaat en gemeenteregspersoon tot stand. Oor die aard en eienskappe van hierdie verhoudinge bestaan groot verskil, sodat ons meen dat dit noodsaaklik is om, voordat voortgegaan word met die aanduiding van die eksterne bevoegdhede van die gemeente en kerkverband as regsubjekte, eers aandag aan hierdie interne verhoudinge te skenk. Sodoende sal die beeld van die deurlopende korrelasie van interne verbands- en eksterne maatskapsfunksies van die gemeente as regspersoon vollediger wees.

Die posisie van die lidmaat in die gemeente kan uit die volgende gesigspunte benader word:

### 1. DIE AARD VAN DIE VERHOUDING VAN LIDMAAT TOT GEMEENTE

In die Nederduitse Gereformeerde praktyk is die verhouding van 'n lidmaat tot die gemeente plaaslik georiënteer. Die siening van die Nederlandse kerkregtelike, Vos, dat 'n persoon primêr lid van die kerkverband is en aldus lidmaat van 'n plaaslike gemeente,[1] hang saam met die

---

1) Vos, 20. „Omdat men behoort tot de Hervormde Kerk, behoort men tot eene Hervormde gemeente; eerst lid van de kerk, daarna lid van eene hare gemeenten."

kollegialistiese kerkbegrip. Die kerklike bepalinge[2] verbind tereg alle belydende lidmate met hul kinders en ander dooplidmate aan die plaaslike gemeente. Die beginsel wat die hof in Congregation of Oblates of Mary Immaculate in the Transvaal v Moluele and others[3] toegepas het, kan nie op 'n Nederduitse Gereformeerde gemeente van toepassing wees nie. In daardie geding is naamlik beslis "that the congregation in the Transvaal has no locus standi in judicio not being a persona in law; if the sect can be a persona in law then the World Congregation being the central body, is that persona and not the provinces or branches."[4] In die Nederduitse Gereformeerde struktuur is die posisie omgekeer: die kerkverband word deur die gemeentes in die lewe geroep, en nie die gemeentes deur die kerkverband nie. Die gemeentes is geen „takke" van die kerkverband nie, maar selfstandige regspersone met hul eie interne verbands- en eksterne maatskapsfunksies. In die gemeente geniet die lidmaat sy regte en oefen hy sy pligte uit. Die kerkverband het alleen vir die lidmaat persoonlike waarde vir sover as wat 'n meerdere vergadering vir hom of haar 'n instansie van appél is, of wanneer die meerdere vergaderings beleid formuleer en bepalinge maak wat hom of haar persoonlik raak.

Op die vraag waarin die verhouding van 'n lidmaat tot die gemeente bestaan, is die gewone antwoord dat dit 'n kontraktuele verhouding is.

---

2) Bep. 26.1.1 (Suid-Tvl.); a 41 (Kaap) hoewel a 42 dubbelsinnig is; bep. 51 (Natal); bep. 32 (Midde-Afrika).
3) 1949 (3) S.A. 885 (T).
4) Idem, 886

In Burgers v Murray[5] word geoordeel dat Ordonnansie 7 van 1843 (K) sekere reglemente en prosedurevoorskrifte bevat wat met die orige gedeeltes van die ordonnansie die kontrak tussen die kerk en sy lidmate uitmaak, en die hof is verplig, indien gevra, om te beslis of die partye hulle aan die kontrak gehou het, soos in die geval van enige ander vrywillige vereniging. Die hof fouteer hier, met respek, in drie opsigte. Eerstens is die kerkverband na sy struktuur en kompetensies geen societas nie. Tweedens het geen lidmaat 'n kontrak in privaatregtelike sin met sy kerk nie, en derdens is Ordonnansie 7 van 1843 'n wet van die Kaapse Parlement en aldus geen kontrak nie.

Vergelykenderwys, het ons howe, ook in die gevalle van ander regspersone, wel met voorbehoude, beslis dat die ledeverhouding kontraktueel van aard is.

i. In die geval van 'n maatskappy, waar die akte van oprigting en die statute die konstitusie vorm, word beslis "that the articles of association of a company do not create a contract between a company and a member except in his capacity as a member."[6]

ii. In die geval van 'n koöperatiewe vereniging, is in die konstitusie bepaal dat elke lid sy graan aan die koöperasie sal verkoop, behalwe die wat hy vir eie gebruik benodig. Die Appèlhof beslis: "The relationship between a coöperative society and its farmer members is a contract

---

5) 1864, I R 218. Hierdie gewysde word deur Moorrees, 961, meer volledig as in die hofverslag aangehaal. Verder de Waal v van der Horst, 1918, T.P.A. 277; du Plessis v The Synod of the D.R.C., 1930, K.P.A. 403.

6) De Villiers v Jacobsdal Salt Works, 1959 (3) S.A. 873 (O).

sui generis."[7]

Hierdie redenering is, met respek, verwarrend op grond van die gebrek aan onderskeiding tussen die gemeenskapsverhouding en die maatskapsverhouding tussen regsubjekte.[8] In die gemeenskapsverhouding is die lede nie teenoor mekaar nie, maar naas mekaar in die verband gestel; maar in die eksterne maatskapsverhouding kan hulle as derdes teenoor die verband te staan kom. (Om die interne ledeverhouding as kontraktueel - beperk of sui generis - te konstrueer, is dus foutief. Die inhoud van die ledeverhouding word nie bepaal deur wilsooreenstemming tussen lid en vereniging nie, maar deur die interne verbandsreg van die universitas; die ledeverhouding word deur eie regsreëls, die verbandsreg, beheers.) Die boerelede is dus gebonde om hul produkte aan hul koöperasie te lewer nie op grond van 'n kontrak nie, maar op grond van die bepaling in die konstitusie wat op hulle van toepassing geword het toe hulle as lede van die koöperasie toegetree het.

Die konstruksie van die lidmaat-gemeente-verhouding as 'n kontraktuele verhouding word ook deur ander besware gedruk. Indien aanvaar word dat hierdie kontrak by belydenis van geloof tot stand kom, is die vrae wat by daardie geleentheid gestel word en die antwoord wat verwag word uit die pas uit, aangesien die vrae die katkisant nie teenoor die ekklesia stel nie, maar juis daarin in 'n verhouding tot die Here. Verder word hierdie „ooreenkoms"

---

7) Lewis and Co. v Pietersburg Co-op, 1936, A.A. 344; vgl. verder Radloff v Clocolan Ko-op, 1955 (3) S.A. 418 (A) op 421; Bamford, 204 ev.
8) Sien hoofstuk 1 met betrekking tot maatskappe en gemeenskappe.

aangegaan meestal deur 16 jariges[9] sonder die bystand van hul ouers of voogde. Die geldigheid van die sogenaamde ooreenkoms kom aldus in die gedrang. „Vir 'n ooreenkoms waardeur 'n minderjarige hom teenoor 'n ander wil verbind, het hy die toestemming van sy voog nodig, anders word hy deur die ooreenkoms nie gebind nie."[10]

Die Nederlandse Hoge Raad het 'n middestandpunt ingeneem.[11] Hierdie hof onderskei 'n tweeledige band tussen gemeente en lidmaat: een „van godsdienstige en ideële aard" en een „van wêreldlijke of materiële aard beantwoordende aan burgerrechtelijke kenmerken." Verder redeneer die hof dat hierdie tweeledige band vir geen splitsing vatbaar is nie. Ook teen hierdie siening is dieselfde prinsipiële besware (supra) in te bring. 'n Ongedefinieerde verhouding van wêreldlike of materiële aard bestaan nie tussen lidmaat en gemeente nie. Die lidmaatsverhouding is nie-privaatregtelik van aard, en kom eers privaatregtelik in die gesigskring wanneer organe van kerkregspersone ultra vires handelinge verrig of onregmatige dade teenoor lidmate begaan; 'n posisie waar juis 'n aantasting en omverwerping van die bindende interne verbandsreg voorkom.

Die korrekte benadering tot die aard van die lidmaatsverhouding word gegrond in die individualiteitstruktuur van dié besondere verband. So is 'n gemeente 'n geloofs- en liefdesgemeenskap wat gerig

---

9) Bep. 50.2.1. (Suid-Tvl.); a 75 (Kaap); bep. 118.2 (Natal); bep. 66.2 (Midde-Afrika).

10) De Wet en Yeats, 51. Vgl. de Groot, 1.8.5 en 3.48.10; Voet, 26.8.3; van Leeuwen: R.H.R. 4.2.3.

11) 29 Des. 1911, W.9272, (W.P.N.R. 2215) inzake De Ned. Herv. Gemeente 's Gravenhage. Vgl. H.R. 4 Maart 1921, 1921 510.

is op die aanbidding en verheerliking van Christus, die Hoof van die ekklesia.[12] In die gemeente as liggaam van Christus is elke lidmaat prinsipieel[13] naas andere geplaas in 'n geloofs- en liefdesverhouding tot Christus, en die praktiese neerslag van hierdie verhouding word gevind in die gesagsvoorskrifte van die Skrif, die belydenis en die kerkorde, dit wil sê in die interne verbandsreg. Die lidmaatsverhouding is dus bo-juridies en nie privaatregtelik te konstrueer nie. Om die kerkreg 'n deel van die privaatreg te maak soos Scholten[14] dit gedoen het, is 'n verloëning van die eie struktuur van die gemeente soos dit op sy bestemming gerig is.

Indien die verhouding van lidmaat tot gemeente dan nie kontraktueel van aard is nie, ontstaan die vraag of lidmaatskap van 'n gemeente nie 'n onderlinge kontrak tussen die lidmate, 'n kontrak inter se. daarstel nie. Om dié vraag te beantwoord, moet vervolgens gelet word op die ontstaan van lidmaatskap.

## 2. DIE ONTSTAAN VAN LIDMAATSKAP

In die Nederduitse Gereformeerde praktyk ontstaan lidmaatskap van 'n gemeente op twee maniere:

### 2.1. Lidmaatskap kragtens geboorte

Sodanige lidmate is gebore uit ouers wat belydende lidmate is, en het aldus as verbondskinders

---

12) 1 Kor. 12: 27; Ef. 1: 22, 23, en Ef. 4: 15.

13) Vanweë die deurwerking van die sonde is dit nie in die praktyk deurgaans die posisie nie.

14) Vgl. Asser, 124; Roeleveld, 3.

reg op die bediening van die doop as die sakrament waardeur 'n persoon by die gemeente ingelyf word. H. Bouwman[15] som die posisie soos volg op: „Dat wil niet zeggen, dat wij door den doop eerst lid worden van die kerk en deel krijgen aan het verbond der genade. Integendeel, de kinderen der geloovigen zijn als zoodanig leden van het lichaam van Christus en hebben deswege het recht op het teeken en zegel des verbonds." In aansluiting hierby, lui bepaling 49.1.1 van Suid-Transvaal: „Die heilige doop word aan kinders van belydende lidmate van die gemeente bedien."

Soos in die primitiewe gemeenskappe die Germaanse kind kragtens geboorte lid word van die stamverband en die Romeinse kind lid van die <u>familia</u>, word in kerkregtelike sin die kind van belydende lidmate in die gemeentelike verband gebore, kragtens die genadeverbond amptelik by die gemeente deur die doop ingelyf, en as lidmaat onderworpe geag aan die gesag van die interne verbandsreg soos dit in die gemeente geld. Nou moet hy ingevolge die doopbelofte van sy ouers erediens en katkisasie bywoon, en later belydenis van geloof doen wat vir hom die deur tot volle lidmaatsregte open. Hierdie ontwikkeling geskied kragtens die nie-staatlike interne kerkreg, en inmenging deur staatsorgane in hierdie aangeleenthede[16] is 'n oorskryding van kompetensies wat nie te regverdig is nie.

---

15) II, 233. Vgl. a 41 (Kaap).
16) Soos bv. de Mist in sy kerkorde, 1804, a 17 die eerste deel, wat verkeerdelik van die standpunt uitgaan dat 'n verbondskind eers lidmaat word by belydenis. Vgl. verder du Plessis, 164 ev.

Uit die aard van die saak kan by hierdie metode van die ontstaan van lidmaatskap geen sprake wees van 'n obligatio inter se nie.

## 2.2. Lidmaatskap kragtens toetrede

Toetrede tot 'n gemeente kan op vieërlei wyse geskied:

i. Deurdat persone in ander kerke gedoop is, maar later in 'n Nederduitse Gereformeerde gemeente belydenis van geloof aflê.

ii. Deurdat persone, gebore uit nie-christen ouers, as volwassenes in 'n Nederduitse Gereformeerde gemeente by dieselfde geleentheid gedoop word en belydenis aflê.[17]

iii. Deurdat persone in 'n ander kerkverband gedoop en belydenis afgelê het, en daarna deur die kerkraad as lidmate in 'n Nederduitse Gereformeerde gemeente opgeneem word.[18]

iv. Deurdat persone, wat hul lidmaatskap opgesê het maar weer na die gemeente terugkeer, deur die kerkraad as lidmate aanvaar word.[19]

Die vraag is nou of bogenoemde metodes van toetrede tot volle lidmaatskap van 'n gemeente 'n onderlinge kontraktuele verhouding dáárstel.

In die geval van 'n maatskappyregspersoon, antwoord die hof op die vraag bevestigend. "The articles constitute a contract between the members

---

17) Acta Alg. Sin. 1966, 316; bep. 50.5.3.(Suid-Tvl.).
18) Vgl. Acta Alg. Sin. 1970, 83, 776 vir die prosedure in voorkomende gevalle.
19) Idem.

inter se ... but only in their capacity as members."[20] Uit hierdie sogenaamde onderlinge kontrak volg dat indien die statute bepaal dat 'n aandeelhouer nie sy aandele aan buitestaanders mag vervreem nie maar slegs aan medeaandeelhouers, die lede teenoor mekaar kontraktueel gebonde is, en op grond hiervan dwing die hof sodanige bepalinge af.[21] Soos supra aangetoon, het ons ook hier, met respek, 'n gebrek aan onderskeiding tussen die gemeenskaps- en die maatskapsverhouding. Die bepaling in die statute dat aandele nie aan derdes vervreem mag word nie, vorm deel van die interne verbandsreg van die maatskappy, en die verpligtinge van die lede word deur die verbandsreg bepaal. Die hof moes dus die bepaling afdwing op grond van die verbandsreg en nie op grond van 'n sogenaamde kontrak inter se nie.

Skrywers soos Uys[22] sien die „kerk" as persone wat onder dié naam genote is, dit wil sê 'n samewerkingsooreenkoms sluit, terwyl Kachelhoffer[23] die „kerk" as 'n vrywillige vereniging tipeer en konstateer dat die lede van sodanige genootskappe deur middel van 'n kontrak inter se interne hoër beroep en remedies vir beswaardes daarstel. Waar en wanneer sodanige onderlinge kontrakte tussen lidmate gesluit word, word nie vermeld nie. Hierdie skrywers gaan van die foutiewe veronderstelling uit dat die gemeente 'n societas is en dat die onderlinge ooreenkoms wat as grondslag van sodanige verenigings

---

20) De Villiers v Jacobsdal Salt Works, 1959 (3) S.A. 873 op 876. (O).
21) Vgl. S.A. Vrouefederasie v Thackwray, 1967 (2) S.A. 468 (T); Estate Milne v Donohoe Investments, 1967 (2) S.A. 359 (A.)
22) Die Genootskapooreenkoms, 1, 3.
23) 1965 THRHR 222 - 223.

dien, ook vir die gemeente geld. Indien dit wel die geval sou wees, sou die normale geleentheid vir 'n sodanige kontrak inter se toetrede by geleentheid van die belydenis van geloof wees. Daarom verg die aard van hierdie plegtigheid nadere oorweging.

Met belydenis van geloof word die katkisante opgeroep om voor die kansel te verskyn. Vier vrae word aan hulle gestel, naamlik:

i. „Glo u dat die leer van die kerk in ooreenstemming met die Skrif is, en neem u dit aan as u eie persoonlike geloofsoortuiging?

ii. Beloof u om in die belydenis van hierdie leer te volhard en dwaalleringe te verwerp?

iii. Betuig u dat dit u begeerte is om die Here lief te hê en ooreenkomstig Sy Woord te dien, die wêreld te versaak, u ou natuur te kruisig en in 'n godsalige lewe te wandel, terwyl u hierin alleen vertrou op Christus, wat u aanneem as u Saligmaker?

iv. Onderwerp u u aan die kerklike opsig en aan die kerklike tug ingeval u u mag te buite gaan?"

Op hierdie vrae word JA geantwoord, en dan volg, volgens die formulier, 'n verklaring deur die liturg dat die bevestigdes toegang tot die nagmaal het, dat hulle as volwasse lidmate van die gemeente verwelkom word, dat alle lidmate vermaan word om in die geloof te volhard en as sodanig waardige voorbeelde vir die jong lidmate te wees, en eindelik word die gemeente opgeroep tot voorbidding dat niemand van die weg van die belydenis mag afdwaal nie.

In die geval van oorkoms uit 'n ander kerkverband, moet by die plaaslike kerkraad om opname as lidmaat van die gemeente aansoek gedoen word. Die kerkraad handel dan na luid van die besluite

van die Algemene Sinode oor erkende kerke in elke voorkomende geval.[24)]

Uit hierdie maniere van toetrede blyk:

i. Dat hier geen sprake is van 'n privaatregtelike kontrak óf met die gemeente óf met medelidmate nie. Hier is geen bedoeling om regtens teenoor derdes verbind te wees om iets te lewer of te doen of nie te doen nie;[25)] en hier is aldus ook geen sprake van 'n vorderingsreg of 'n aksie indien een van die belanghebbendes in <u>mora</u>[26)] sou verval nie.

ii. Dat met toetrede 'n bo-juridiese verhouding ontstaan tussen die belyer en Christus, in die sin dat die belyer teenoor Hom onderneem om in die belydenis van die leer te volhard.

iii. Dat die belyer by toetrede nie met medelidmate in enige regsverhouding tree nie, maar dat hy ingevolge die interne verbandsreg handelinge verrig wat hom toegang verleen tot volle lidmaatskap en die daaruitvloeiende regte en verpligtinge.

Uit bostaande blyk die noodsaaklikheid dat die regsorde die selfstandige individualiteitstruktuur van 'n verband, wat gerig is op die bestemming daarvan, erken en handhaaf. Hoewel die inhoud van lidmaatskap bo-juridies van aard is, kan geskille met betrekking tot die uitoefening van lidmaatsregte wel privaatregtelik in die gesigskring kom.

---

24) <u>Acta</u> Alg. Sin. 1970, 83, 776.
25) <u>Om met</u> D. 44.7.3 te volstaan.
26) De Wet en Yeats, 107 en 137 ev.

## 3. LIDMAATSREGTE PRIVAATREGTELIK BESKOU

Lidmaatsregte word uitgeoefen ingevolge die interne kerkreg, soos dit in die kerkorde en bepalinge vervat is. Die regte van 'n lidmaat kom alleen privaatregtelik in die gesigskring wanneer kerklike organe onregmatiglik die interne verbandsreg omseil, die bestemmingsfunksie van die gemeente verydel en die lidmaat stuit in die uitoefening van die regte wat die verbandsreg aan hom verleen. In sodanige gevalle kan die beswaarde lidmaat hom wend tot interne hoër beroep op 'n meerdere vergadering, of arbitrasie, of tot die hof waar om verligting aansoek gedoen word. Die hof "interfere if a member or group of members acts fraudulently or oppressively or flouts the rules of the constitution, express or implied, if the non-compliance cannot be validated or if it prejudices an individual."[27)]

Die volgende aansprake van 'n ongesensureerde lidmaat behoort deur die regsorde beskerm te word:

### 3.1. Die lidmaat se kompetensie om ingevolge die interne verbandsreg sy lidmaatsregte uit te oefen

Lidmaatsregte wat uitgeoefen word ten einde te beantwoord aan die lidmaatsroeping, maar wat privaatregtelike implikasies mag hê, is die gebruik van die sakramente en die reg op 'n kerklike huweliksbevestiging.

---

27) Bamford, 150. Vgl. van Rensburg v Afrikaanse Taal en Kultuurvereniging, 1941 K.P.A. 179 op 185; Sooboo v Pretoria District Indian Football Ass., 1943 T.P.A. 43 op 47.

Wat die gebruik van die nagmaal[28] betref, meen ons dat dit een van die lidmaat se regte is.[29] Die nagmaal is ingestel om die gelowige se geloof in Christus te versterk, en as sodanig lê dit in lyn met die bestemmingsfunksie van die gemeente, naamlik om gelowiges in 'n direkte geloofsverhouding tot die Here te stel. Alleen regmatige sensuur kan gebruik van die nagmaal deur 'n belydende lidmaat opskort.

Wat die doopbediening betref, geld dieselfde beginsel. Dit is die reg van belydende lidmate om hul kinders te laat doop.[30] Indien 'n leraar of die kerkraadskommissie wat die doopouers ontmoet, beswaard voel oor die doopbediening in bepaalde gevalle, moet die besware teenoor die kerkraad gelug word[31] en indien daar <u>prima facie</u> grond vir tugoefening bestaan, moet met die tugprosedure, soos in die kerkorde neergelê, begin word, aangesien alleen regmatige tugoefening op belydende lidmate die doopbediening van hul kinders kan weerhou.

Hoewel 'n leraar by die huweliksbevestiging in 'n dubbele hoedanigheid, naamlik as 'n van staatsweë aangestelde huweliksbevestiger[32] en as liturg optree, is die geestelike kern van die kerklike huweliksbevestiging die amptelike verkondiging van die Woord aan die versamelde bruilofsgaste en aan die troupaar in die besonder, en die bediening

---

28) Oor die vraag of sensuur, wat toegang tot die nagmaal versper, bloot 'n geestelike tugmiddel is en of dit privaatregtelike konsekwensies inhou, is in ons regspraak verskillend geoordeel. Sien hoofstuk 6.
29) Bep. 49.3 (Suid-Tvl.); a 148 (Kaap).
30) Bep. 49.1 (Suid-Tvl.); a 140 (Kaap); bep. 108 (Natal).
31) Bep. 49.2.2(Suid-Tvl.); bep. 110 (Natal); a 146 (Kaap).
32) <u>Wet 25 van 1961</u>, a 3 soos gewysig deur a 3 van <u>Wet 51 van 1970</u>.

van die voorbidding.[33] Die vraag ontstaan of 'n leraar op grond van subjektiewe gewetensbesware mag weier om 'n belydende lidmaat kerklik in die huwelik te bevestig. Die Sinode van Transvaal[34] het hierop bevestigend geantwoord. Na ons mening word 'n lidmaat op die wyse 'n reg ontneem sonder dat hy kerklik getug word. Die weiering om 'n lidmaat se huwelik in die kerkgebou te bevestig, word dan 'n vorm van tugmaatreël wat nie deur die kerkorde gemagtig word nie.[35] Ons meen dat om in 'n kerkgebou te trou alleen vanweë 'n regmatige tugprosedure weerhou kan word.

In hierdie opsig kom artikel 31 van Wet 25 van 1961 ook in die gesigskring. Dit lui soos volg: „Die bepalinge van hierdie wet word nie so uitgelê nie dat dit 'n huweliksbevestiger wat 'n leraar is of iemand wat 'n verantwoordelike posisie beklee in 'n godsdienstige denominasie of organisasie, verplig om 'n huwelik te voltrek wat nie ooreenkomstig die gebruike, formuliere, leerstellinge, dogmas of dissipline van sy godsdienstige denominasie of organisasie sal wees nie."

Die maatstaf wat hierdie artikel aan die leraar bied om te weier om 'n huwelik te bevestig, is 'n objektiewe maatstaf, naamlik die gebruike, belydenis en bepalinge van sy kerk, soos deur kerkvergaderinge vasgestel, waaraan deur die betrokkenes voldoen moet word.

---

33) H. Bouwman, II, 517; Acta Synodi Transvaal, 1961, 270.
34) 1961 Acta, 270, 481.
35) K.o. a 62 vir regmatige tugmaatreëls.

## 3.2. Die lidmaat se belang by die gebruik van die gemeentelike bates

In 1915 het die Kerkraad van Wolmaransstad die benoeming van sy leraar as kandidaat vir die Parlement goedgekeur. Die leraar is daarna verkies en het met die kerkraad die volgende reëlings getref: Hy bly in diens as leraar, ontvang sy volle lewensonderhoud, en hy voorsien en vergoed 'n plaasvervanger vir die tydperk wanneer hy die parlementsittings bywoon. In 'n aksie om verklaring van regte slaag sekere lidmate op grond van die hof se oordeel dat, ingevolge die kerklike bepalinge, die verhouding van leraar tot gemeente 'n streng persoonlike verhouding is en verder, dat die kerkraad sy kompetensies te buite gegaan het deur verlof aan die leraar te verleen om tegelyk as lid van die Parlement en as predikant diens te doen.[36)]

Die redenering van die hof oor die <u>locus standi</u> van die beswaarde lidmate, meen ons met respek, is aanvegbaar omdat die uitgangspunt foutief is. Die uitgangspunt is dat die kerk in die Transvaal 'n "voluntary association" is "and the law to be applied is the law applicable to such associations," terwyl die kerkverband in hierdie gewysde irrelevant was. Die gemeente is ingevolge die kerklike bepalinge die regspersoon, die eienaar van sy goedere en fondse.[37)] Nou redeneer die hof verder: "As the property vests in the congregation, each member

---

36) <u>De Waal v van der Horst</u>, 1918 T.P.A. 277. Vgl. verder <u>Van Rensburg v Afrikaanse Taal en Kultuurvereniging</u>, 1941 K.P.A. 179 op 184; <u>Cape Indian Congress v Transvaal Indian Congress</u>, 1948 (2) S.A. 595 (A) op 606; <u>Mtshali v Mtambo</u>, 1962 (3) S.A. 469 op 474 (G.W.).

37) <u>De Waal v van der Horst</u>, <u>supra</u>, op 284.

as long as he remains a member must be taken to have a share in it." In 'n genootskap is die genote mede-eienaars van die genootskapvermoë,[38] hoewel dit nie duidelik is wat die presiese aard van hul regte is nie; maar dit is nie die geval by die universitas nie aangesien laasgenoemde in sy eie titel eienaar van sy vermoë is. In die onderhawige beslissing oordeel die hof dat aangesien die lidmaat "has a patrimonial interest in the property and funds while he remains a member, the plaintiffs therefor by virtue of their membership have a locus standi to complain."[39]

Hoewel met die eindkonklusie geen fout te vind is nie, meen ons dat die redenering langs die volgende lyne moes gegaan het: Die gemeente, as eienaar van sy goedere en fondse, is die regspersoon wat deur die kerkraad as orgaan handel. Die kerkraad se besluit met betrekking tot die dubbele diensverhouding van die leraar was in stryd met die kerklike bepalinge, as sodanig ultra vires die kerkraad se kompetensies, en op aansoek van 'n lidmaat kragtens sy lidmaatskap van die gemeente deur die hof vernietigbaar.[40]

---

38) Uys: Die Genootskapooreenkoms, 106; Bamford, 154.
39) de Waal v van der Horst, supra, 284. Vgl. Pillay v Harry and others, 1966 (1) S.A. 801 (D) op 807: "As a member, the plaintiff has a real and substantial interest in ensuring that the property of the Organisation is properly dealt with and I can see no reason why he should not have the right to approach the court to restrain one who is improperly dealing with it from doing so ...."; ook Mahomed v Lockhat Brothers and Co. Ltd., 1944 A.A. 230 op 239; Jamile v African Congregational Church, 1971 (3) S.A. 836 op 840 (D).
40) Nietig of vernietigbaar? Sien hoofstuk 6.

Die lidmaat het geen mede-eiendomsreg op gemeentelike bates of dele daarvan nie. Die gemeente is die uitsluitlike eienaar, en die regsubjektiwiteit van die regspersoon word nie opgelos in die van die aan die universitas verbonde individue nie.[41] Wanneer 'n lidmaat 'n dankofferbydrae gee, vervreem hy sy bydrae aan die gemeente wat dit ter bereiking van die bestemming daarvan aanwend, en die lidmaat het geen regte in verband daarmee nie.[42] Die keersy hiervan is dat die skulde van die regspersoon nie die skulde van die lede is nie: Si quid universitati, singulis non debetur, nec quod debet universitas, singuli debent.[43]

Kragtens sy lidmaatskap wat deur die kerkorde begrens word, het die ongesensureerde belydende lidmaat sitting en stemreg op die gemeentevergadering wat sy eie huishoudelike bepalinge omtrent beheer en administrasie van gemeentelike goedere en fondse mag maak;[44] verder het hy die kompetensie om die kerkraadsvergadering by te woon waar aan die gemeente die kasboek, die grootboek en sekere finansiële state voorgelê word,[45] wat impliseer dat hy ook die reg van beswaar het indien, na sy oordeel, die bates nie in ooreenstemming met die kerklike bepalinge gebruik word nie. Hy het egter nie die kompetensie om voor te skryf hoe dit wel gebruik moet word nie, aangesien die kerkraad die regeer-

---

41) Dooyeweerd: Themis, 245, 247, 249.
42) Vgl. die suiwere Rom.-Holl. regsbenadering in Venter v Gereformeerde Kerkeraad, Bethulie, 1879, O.V.S. 4 op 6.
43) D.3.4.7.1. Duff, 37, noem hierdie teks van Ulpianus "the high-water mark of Roman thought on legal personality."
44) Bylae 2.7 (Suid-Tvl.).
45) Bep. 55.1.2 (Suid-Tvl.); a 67.11 (Kaap).

liggaam in die gemeente is.[46] Indien die kerkraad *ultra vires* handelinge verrig,[47] het die lidmaat *locus standi* op grond van sy lidmaatskap om die beweerde *ultra vires* handeling óf deur 'n meerdere kerkvergadering óf deur die hof tersyde gestel te kry. Indien hy egter persoonlik benadeel word, soos *infra* blyk, word aan die hand gegee dat hy op grond van die onregmatige daad ageer.

## 3.3. Die lidmaat se deelname aan die nastrewe van die bestemming van die gemeente

In 1917 het kerkraadslede van 'n Grieks Ortodokse gemeente, weens ontevredenheid met die priester, die kerkdeure gesluit toe die lidmate opkom om te aanbid. Uitgaande van die korrekte siening dat die gemeente 'n *universitas* is wat deur die kerkraad as orgaan handel, konkludeer die hof dat die kerkraadslede 'n delik teenoor die lidmate gepleeg het deur hulle die geleentheid tot aanbidding te ontsê.[48]

Met hierdie redenering gaan ons volkome akkoord. Die bestemmingsfunksie van die gemeente is om die Here te aanbid en te verheerlik. Deur die deure van die kerkgebou te sluit, word die aanspraak van 'n lidmaat om deel te hê aan die nastrewe van hierdie bestemming, naamlik om saam met ander gelowiges te aanbid "in accordance with the doctrines they profess," hom onregmatiglik

---

46) Bep. 55.1.1 (Suid-Tvl.); a 67.10 (Kaap); regl. 24.1 (Natal).

47) Vir *ultra vires* handelinge van vergaderings, vgl. *Cape United Sick Fund Society v Forrest*, 1956 (4) S.A. 519 (A) en *Amalgamated Soc. of Woodworkers v Ambagsaalvereniging*, 1967 (1) S.A. 586 (T).

48) *Louvis v Oiconomos*, 1917, T.P.A. 465.

ontneem; en aangesien die handeling die lidmate persoonlik nadelig tref, word 'n onregmatige daad teenoor hulle daargestel. Op grond hiervan het hulle locus standi om te ageer: "Each individual member .... who complains of the delict, is entitled to proceed against those persons who are directly responsible for the delict."[49]

Op die kwessie van lidmaatsregte en bevoegdhede met betrekking tot die toepassing van die tug, word teruggekom in hoofstuk 6, terwyl die lidmaat se posisie in gevalle van kerkskeuring of kerkvereniging aandag kry in hoofstuk 7. Vervolgens word slegs aandag gegee aan die beëindiging van lidmaatskap.

## 4. DIE BEËINDIGING VAN LIDMAATSKAP

Lidmaatskap van 'n gemeente word op die volgende maniere beëindig:

### 4.1. Deur die dood van die lidmaat

Lidmaatskap is steeds persoonlik van aard, en verval by die afsterwe van die lidmaat. Aan lidmaatskap is geen voorregte of kompetensies verbonde wat aan andere oorgedra of deur andere geërf kan word nie.

---

49) Idem, op 474. Mtshali v Mtambo, 1962 (3) S.A. 469 (G.W.) op 474.

## 4.2. Deur die opsegging daarvan deur die lidmaat

Die beginsel van die vryheid van 'n lidmaat om sy lidmaatskap op te sê, moet gehandhaaf word. In ooreenstemming met die individualiteitstruktuur van die gemeente, mag niemand teen sy gewete in gedwing word om deel te neem aan die nastrewe van die bestemming van die gemeente nie.

In Suid-Transvaal kan lidmaatskap opgesê word[50)] deurdat die lidmaat skriftelik bedank, of mondeling voor twee kerkraadslede bevestig dat hy die verband met die gemeente verbreek. Die kerkraad moet hierdie metode(s) van opsegging bekragtig deur

i. die lidmaatskap van sodanige persone formeel as vervalle te verklaar,

ii. daaroor 'n afkondiging in die erediens te doen, en

iii. die opsegging in die lidmateregister aan teken.

Tereg is outomatiese verval van lidmaatskap van 'n Nederduitse Gereformeerde gemeente uitgeslote, aangesien 'n sodanige prosedure veral onsekerheid oor die tydstip van die beëindiging van lidmaatskap meebring.

## 4.3. Deur afsnyding van die gemeente deur die kerkraad

Deur die kerkorde[51)] word voorsiening gemaak vir die afsnyding van 'n lidmaat deur die kerkraad, nadat die ring daaroor geraadpleeg is. Hierdie aangeleentheid word weer bespreek in hoofstuk 6, waar tughandelinge aan die orde kom.

---

50) Bep. 26.1.2; vgl. a 42 (Kaap); bep. 33 (Midde-Afrika); bep. 52 (Natal).

51) A 62.1.3. Vgl. vir die betekenis van afsnyding of ekskommunikasie, Jamile v African Congregational Church, 1971 (3) S.A. 836 op 839 (D).

# HOOFSTUK V

## DIE EKSTERNE KOMPETENSIES VAN KERKREGSPERSONE

Regspersoonlikheid of regsubjektiwiteit veronderstel deelname aan die regsverkeer, die toetrede tot maatskapsverhoudinge. Hierdie privaatregtelike bindinge wat 'n kerkregspersoon aangaan, is onderworpe aan die algemene reëls vir privaatregtelike betrekkinge. In die praktyk het die regspersoonlikheid van kerkregspersone en die kompetensies wat daaruit voortvloei veral betrekking op die volgende:

Wetgewerskompetensies: Byvoorbeeld, die Algemene Sinode besluit dat geen vrymesselaar 'n kerklike amp mag beklee nie.[1)]

Locus standi kompetensies: Byvoorbeeld, ds. X dagvaar die ring op grond van onregmatige skorsing.[2)]

Erfregtelike kompetensies: Byvoorbeeld, lidmaat A bemaak by testament bates aan sy kerk.[3)]

Heer en dienskneg verhoudinge: Byvoorbeeld, die kerkraad beroep 'n leraar of gee hom spesiale verlof.[4)]

Kontraktuele bindinge: Byvoorbeeld, 'n gemeente rig 'n kerkgebou op.[5)]

Tugkompetensies: Byvoorbeeld, lidmaat X word deur die kerkraad gesensureer en X se lidmaatsregte word opgeskort.[6)]

---

1) Acta 1962, 249.
2) Odendaal v Kerkraad van Bloemfontein-Wes en andere, 1960 (1) S.A. 160 (O).
3) Methodist Church of S.A. v The Master, 1962 (1) S.A. 144 (O).
4) De Waal v van der Horst, 1918, T.P.A. 277.
5) Kerkraad Vanderbijlpark-Wes v van der Wath, 1964 (3) S.A. 64 (A).
6) Bredell v Pienaar, 1922, K.P.A. 578.

Voordat 'n oorsig van die eksterne kompetensies aan die orde kom, ontvang die faktore wat sodanige kompetensies van kerkregspersone mag bepaal, eers die aandag.

## 1. FAKTORE WAT DIE KOMPETENSIES VAN KERKREGSPERSONE MAG BEPAAL

### 1.1. Die staatlike reg

Die geloof in God word in die Grondwet[7] bely in 'n breë, omvattende stelling: „Die volk van die Republiek van Suid-Afrika erken die oppergesag en leiding van die Almagtige God," sonder om voorkeur aan 'n spesifieke kerk of belydenis te heg.

Vir 'n groot deel van sy geskiedenis was elke Nederduitse Gereformeerde gemeente,[8] sowel as die kerkverband,[9] direk onderhorig aan die owerheid. Selfs die staatskerk-idee is nie aan ons geskiedenis vreemd nie.[10] Tans bestaan geen bevoorregte kerk te lande nie: "We have no established church which enjoys preferential treatment."[11]

---

7) A 2 van Wet 32 van 1961. Vgl. van der Vyver: Die juridiese funksie van staat en kerk, 148 ev.

8) Vanaf 1665 deur usansie en proklamasies, en gedurende 1804 - 1843 deur die kerkorde van de Mist.

9) Vanaf 1824 tot in 1843 wat die Kaapse Kerk betref.

10) Transvaalse Grondwet, 1856, a 20: „De Ned. Herv. Kerk zal de kerk van den Staat zijn."

11) Bedoelend: established by law, Aronson v Estate Hart, 1950 (1) S.A. 561 (A).

Die vermoë van kerke om hul eie interne organisasie te reël mits dit nie met die openbare orde in botsing kom nie, word allerweë erken in regstelsels waar die terreine van kerk en staat duidelik onderskei word.[12] Wat die Nederduitse Gereformeerde Kerk betref, word hierdie kompetensie nie alleen deur wetgewing erken nie,[13] maar ook in gevalle waar kerklike geskille deur die howe besleg word, dien die kerklike reglemente as 'n maatstaf.[14] Die kerkregtelike reëls, soos deur kompetente kerklike regeerliggame neergelê, het regswerking wat die interne verbandstruktuur betref en word as sodanig deur die staat en sy organe erken.

Tree die kerkregspersone na buite in die regsverkeer op, is hy onderworpe aan die reëls van die staatlike reg met betrekking tot sodanige persone. Hierdie eksterne handelinge kan òf beperk word soos dit die geval is in kommunistiese lande, òf die sanksie van die owerheid verkry soos in die geval van die Engelse staatskerk, òf, soos in ons geval, aan die vryheid van die kerk self oorgelaat word om sy interne verbandstruktuur en eksterne maatskapsverhoudinge te reël, mits dit nie in stryd

---

12) Nieuw Burgerlijk Wetboek, 2.1.2. „Kerkgenootschappen worden geregeerd door hun statuut, voor zover dit niet in strijd is met de wet." Van der Linden in sy Koopmans Handboek, 292, lê vir die howe as reël neer: „Zaken die zuiver kerkelijk zijn, moeten naar het algemeenen regel kerkelijk behandeld worden."

13) Wet 22 van 1961, in die aanhef: „Nademaal die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 'n outonome regspersoon is om wette en regulasies vir die beheer en bestuur van sy eie sake te maak.."

14) Vir goeie voorbeelde hiervan vergelyk de Vos v Die Ringskommissie van die N.G. Kerk, 1952 (2) S.A., 83 (O) en Odendaal v Die Kerkraad van Bloemfontein-Wes, 1960 (1) S.A. 160 (O).

is met die openbare orde nie. In Suid-Afrika staan dit 'n kerk vry om sy regsbevoegdhede as 'n maatskappy[15] of 'n genootskap[16] of 'n regspersoon[17] of deur middel van 'n trustee[18] uit te oefen: die staatsorgane erken dit aldus. Dit is tereg die geval, want in die staatshuishouding kan godsdiensvryheid eerder te breed wees as te eng.

## 1.2. Die kerkorde en bepalinge

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en gemeente word regeer deur kerklike vergaderings ooreenkomstig die kerkorde.

Die kerkorde tree slegs in die sfeer van die privaatreg vir sover hy gerig is op privaatregtelike gevolge. Die reglemente bevat byvoorbeeld bepalinge met betrekking tot die eiendomsreg van kerkregspersone,[19] die beheer oor kerklike administrasie en fondse[20] en oor die tug, wat nie alleen kerkregtelik nie, maar ook privaatregtelik van aard is.[21] Hierdie bepalinge bepaal die omvang van die kompetensies van kerkregspersone wanneer hulle aan die regsverkeer deelneem.

---

15) Bothma v Bucknall and others, 1951 (1) S.A. 698 (N).
16) Cassim v Molife, 1908 T.S. 748, m.b.t. die African Mission Soc.
17) Wet 24 van 1961 wat Die Apostoliese Geloofsending betref.
18) Wet 12 van 1932 wat die Metodiste kerk betref.
19) Bylae 2 (Suid-Transvaal); regl. 11 (Kaap); regl. 24 (Natal).
20) Bep. 55 (Suid-Tvl.); regl. 14 (Kaap); regl. 25 (Natal).
21) K.o. a 56 - 64.

Die vraag kom na vore op watter wyse die kerkorde en bepalinge vertolk moet word wanneer hulle in geskil is. Bamford[22] meen dat "the ordinary rules of the interpretation of contracts will apply" wanneer 'n konstitusie geïnterpreteer moet word. In de Vos v die Ringskommissie,[23] laat Brink R. hom die volgende opmerking ontval: „Myns insiens maak dit geen verskil nie, wat die vertolking van die kerkwet betref, of die N.G. Kerk 'n regspersoon of 'n onderlinge vereniging is."

In hierdie verband is 'n duidelike onderskeiding noodsaaklik. In die geval van 'n genootskap is 'n kontraktuele ooreenkoms tussen deelhebbers met die oog op 'n ideële doel die grondslag van die vereniging se bestaan.[24] Die terme van die kontrak word in die konstitusie vervat, en dit volg logies dat indien hulle in geskil is, die reëls vir die interpretasie van kontrakte van toepassing is. In die geval van 'n regspersoon soos die Nederduitse Gereformeerde Kerk met sy eiesoortige verbandstruktuur, staan die saak geheel anders. Die Algemene Sinode en die sinodes is wetgewers in 'n besondere sin[25] en hul bepalinge word in die kerklike wetboek opgeneem indien hulle 'n toekomsbeleid vir die betrokke verbande inhou en nie slegs 'n

---

22) 110. Vgl. Constantinides v Jockey Club of S.A., 1954 (3) S.A. 35 op 44 (K).
23) 1952 (2) S.A. 83 op 93 (O).
24) Bamford, 97 - 98; Uys: Die Genootskapooreenkoms; Ex parte Doornfontein - Judith's Paarl Ratepayers Association, 1947 (1) S.A. 476 (W); Kahn v Louw, 1951 (2) S.A. 211 (K.P.A.): "a voluntary association, the members of which are bound by contract to one another, the contract being reflected by and enshrined in the constitution."
25) Wet 32 van 1961; k.o. a 3, 5.1, 43.2. Vgl. ook die kerkorde van die Geref. Kerk, a 86.

beslissing ten opsigte van 'n spesifiek voorgekome aangeleentheid is nie. Ons is dus van mening dat die reëls van wetsuitleg by die vertolking van die kerkorde en bepalinge moet geld en onderskryf die opmerkinge van Price R. in <u>Garment Workers Union v de Vries and others</u>:[26)]

"In considering questions concerning the administration of a lay society governed by rules, it seems to me that a court must look at the matter broadly and benevolently and not in a carping, critical and narrow way ... I think that one should approach such enquiries as the present in a reasonable, commonsense way, and not in the fault-finding spirit that would seek to exact the uttermost farthing of meticulous compliance with every trifling detail, however unimportant and unneccessary, of the constitution ... There is no reason why the same benevolent rules should not be applied to the interpreting of the conduct of governing bodies of societies as one applies to the interpretation of bye-laws."

Versteeg is van mening dat indien daar geen op skrif gestelde reëling met betrekking tot 'n aangeleentheid bestaan nie, na die eise van redelikheid en billikheid gehandel moet word.[27)]

---

26) 1949 (1) S.A. 1110 op 1129 (T). Hierdie opmerkings is goedkeurend aangehaal in <u>de Vos v die Ringskommissie</u>, 1952 (2) S.A. 83 (O) op 95 en in <u>Odendaal v die Kerkraad van Bloemfontein-Wes</u>, 1960 (1) S.A. 160 op 169. Ons meen dat dit tans tereg gevestigde reg is wat die vertolking van kerklike bepalinge betref.

27) 13.

1.3. Die Skrif en die belydenis

Artikel 1 van die kerkorde verklaar dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk gegrond is op die Bybel as die onfeilbare Woord van God. Die leer wat die kerk in ooreenstemming met die Woord bely (dit wil sê die belydenis) is uitgedruk in die Drie Formuliere van Enigheid.

Artikel 2 van die kerkorde lui dat die bepalinge van die kerkorde „gegee is vir die lewe en werk van die Kerk met die oog op die volbrenging van sy taak en roeping ooreenkomstig die Heilige Skrif en die Belydenis."

Hieruit is dit duidelik dat die sinode[28)] as orgaan van die kerkverband, sy studie van die lering van Skrif en belydenis oor die organisasie van die kerklike instituut, neerslag laat vind het in die kerkorde en die bepalinge; met ander woorde, dié reglement bevat wat die kerk glo dat die Bybel en die belydenis met betrekking tot die kerkreg leer.

In hierdie privaatregtelike verhandeling aanvaar ons die kerkorde as 'n gegewenheid, en is dit allermins die taak van die burgerlike regter om te ondersoek of 'n bepaling voldoen aan die eise van Skrif en belydenis. 'n Sodanige optrede sou 'n kompetensieoorskryding wees wat op beginselgronde nie geregverdig kan word nie. Gelukkig het ons regspraak, op enkele uitsonderings na, hierdie

---

28) Hetsy die Algemene Sinode of die sinode as kerkvergaderings.

beginsel steeds gehandhaaf.[29)]

## 1.4. Die liturgiese formuliere

Die formuliere het met betrekking tot die privaatregtelike subjektiwiteit van kerkregspersone geen betekenis nie, aangesien hulle slegs met betrekking tot die interne verbandstruktuur werking het.

Die naaste punt waar 'n formulier in die staatlik-juridiese gesigskring kom, is by die bevestiging van 'n leraar wat privaatregtelik in 'n werkgewer-werknemer-verhouding tot die kerkraad te staan kom. Die bevestigingsformulier dien egter bloot as deel van die liturgiese orde by die geleentheid, en rond alleen op 'n geestelike wyse 'n privaatregtelike binding af wat reeds tot stand gekom het.[30)]

Die mees voorkomende kompetensies in die algemeen van kerklike verbande, stigtinge en nutsmaatskappye kom vervolgens aan die orde.

---

29) Vgl. vir die beginsel, Dooyeweerd: Encyclopaedie, (vervolg), 52 ev. Vir voorbeelde uit ons regspraak, sien: Kotzé v Murray, 1864, 5 S 39 op 44, waar die regter verklaar: "I admit that this court cannot enquire whether the doctrine be true or false." Verder Burgers v Murray and others, 1865, 1 R 258 op 262; Burgers v Joubert and others, 1866, 1 R 351 op 357; de Waal v van der Horst, 1918 T.P.A. 277 op 282; van Graan v Hopetown Consistory of the D.R.C., 1886, 6 S 131. Vgl. verder van Leeuwen: Comment. R.D.L., 5.10.7. Die belangrikste uitsondering, na ons oordeel, is du Plessis v The Synod of the D.R.C., 1930 K.P.A. 403, waarop ons in 'n volgende hoofstuk terugkom.

30) Sien infra by die behandeling van die kerkraad as werkgewer.

## 2. DIE KOMPETENSIES VAN 'N GEMEENTE

As 'n universitas neem die gemeente aan die regsverkeer deel. Volgens Voet[31] beteken dit onder meer dat die universitas as skuldenaar en skuldeiser kan optree, dat hy kan dagvaar en gedagvaar word en dat hy sekerheid vir skulde kan stel.

Die kompetensies van 'n gemeente word ekstern deur die kerkraad[32] met verslag aan die gemeente[33] uitgeoefen. As beheerder van die gemeente se goedere en fondse dui die kerklike bepalinge die kerkraad aan as die verteenwoordiger[34] van die gemeente.

### 2.1. 'n Gemeente en die huweliksreg

Die vraag of 'n gemeente met betrekking tot die voltrekking van huwelike as 'n regsubjek optree en aldus as regspersoon in die gesigskring kom, vereis tans oorweging.

Wet 25 van 1961, soos gewysig, erken die voltrekking van 'n huwelik op 'n godsdienstige wyse onder meer in 'n kerkgebou[35] deur 'n predikant wat as 'n huweliksbevestiger deur die staat aangestel is.[36]

---

31) 3.4.2.
32) Bep. 55.1 en bylae 2 (Suid-Tvl.); regl. 24.1.2 (Natal); regl. 11.2 (Kaap); bylae 1.2 (Midde-Afrika).
33) Bep. 55.1.2 en bylae 2.5 (Suid-Tvl.); regl. 24.1.4 (Natal).
34) Bylae 2.2 (Suid-Tvl.); regl. 11.2 (Kaap); regl. 24.1.2 (Natal). Let wel, die kerkraad verteenwoordig die gemeente as regspersoon en nie die lidmate nie. Die term orgaan in plaas van verteenwoordiger sou hier beter pas. Vgl. hoofstuk 1, 7 supra.
35) A29, soos gewysig deur Wet 19 van 1968.
36) A3, soos gewysig deur a 3 van Wet 51 van 1970.

Nie die gemeente nie, maar die huweliksbevestiger tree by die huwelikseremonie as regsubjek op. Artikel 11 (1) van Wet 25 van 1961 bepaal dat 'n huwelik slegs deur 'n huweliksbevestiger voltrek kan word, en artikel 8 van Wet 51 van 1970 bepaal dat besware wat teen 'n huwelik bestaan ingedien moet word by die huweliksbevestiger, wat 'n diskresie het om oor die geldigheid van die besware te oordeel en daarna die huwelik voltrek of weier om dit te doen. Indien twee persone die huwelikseremonie bywoon en daarna as getuies teken, is die teenwoordigheid van ander persone as „die gemeente" irrelevant. Ons meen dat by huweliksbevestigings wat van die offisiële erediens geskei is, die huweliksformulier verouderd is waar dit soos volg lui: „Verklaar u hier voor God en Sy heilige gemeente en voor almal hier teenwoordig, dat u neem as u wettige vrou ...?" Die samekoms vir 'n huweliksluiting op 'n weeksdag is geen offisiële samekoms van die gemeente in 'n erediens nie,[37] maar is 'n stigtelike samekoms van uitgenooide bruilofsgaste, waar die huweliksbevestiger as lashebber van die staat kragtens 'n wet van die Parlement 'n huwelik voltrek by geleentheid van die voorlesing en oordenking van die Woord, gebed en sang.

---

37) Die huweliksplegtigheid voldoen nie aan die vereistes wat k.o. a 48 vir 'n erediens stel nie. Sien ook Kuyper: Tractaat, 75. Anders: Algemene Sinode, 1970, 89, maar die formulier is terug verwys na die permanente kommissie vir herbesinning, 866. Die huweliksformulier kom na ons uit die tydperk toe dit die algemene gebruik was om huwelike tydens eredienste op Sondae te bevestig, en die sinsnede „en Sy heilige gemeente" is onder sodanige omstandighede paslik en duidelik.

Hieruit blyk dat die huweliksreg vir die doeleindes van hierdie studie nie ter sake is nie, en kom die erfregtelike kompetensies van 'n gemeente aan die orde.

## 2.2. Die erfregtelike kompetensies van 'n gemeente

Uit die aard van sy struktuur volg dat 'n gemeente slegs 'n erfgenaam en nie erflater kan wees nie.

Kragtens Wet 45 van 1955, art. 4 h I, is bedrae wat vir godsdiensdoeleindes van 'n openbare aard nagelaat is deur 'n erflater, vrygestel van boedelbelasting.

Die kompetensie van 'n gemeente om ingevolge 'n testament te erf, was voorheen nie onvoorwaardelik nie.

Volgens die Digesta[38] het Paulus, die Romeinse juris, geleer dat enige saak aan 'n heidense god nagelaat kon word. Voet konstateer dat onder die christelike keisers 'n erfenis of 'n legaat wettiglik nagelaat kon word aan „ecclesia vel martyrio, vel clero, vel monachio, vel pauperibus, vel Christo, vel Angelo, vel prophetae ..."[39] maar Voet reël verder dat, wat erflatings aan Christus, 'n engel of 'n profeet betref, die voordele na die diakonie gaan wat dit ten behoewe van die armes in die gemeente moes gebruik,[40] en indien 'n priester of 'n heilige as erfgenaam aangewys word, word die voordele die gemeente toegesê en nie aan die ampsdraer nie.[41]

---

38) D.35, 2, 1, 5.
39) 28.5.2.
40) 28.5.4.
41) D.33, 1, 20, 1 het dit reeds bepaal.

Erflatings aan kerke was egter nie onvoorwaardelik nie en aan sektegroepe verbode. „Plane hodiernis moribus immobilia ecclesiis aut monasteriis relinqui nequeunt, nisi a Principe impetrata sit amoritisatio, sic ut alioquin nec aestimatio debeatur."[42] Wat erflatings aan sektegroepe betref, leer Voet dat hulle nie kan erf nie „cum nullo speciali privilegio munita, sed tantum tolerata sint ... utrobique in praefatione prohibitum fuit, ne ulla bona quocunque titulo aut colore perveniant ad manum mortuam, nisi publica regantur et administrentur autoritate."[43]

Sodanige belemmeringe het egter nie in Suid-Afrika toepassing gevind nie, en erflatings aan Nederduitse Gereformeerde gemeentes is steeds sonder formaliteite deur opvolgende owerhede toegelaat.

## 2.3. Die vermoënsregtelike kompetensies van 'n gemeente

### 2.3.1. As eienaar van goedere

Soos dit in die regsgeskiedenis konsekwent die geval was,[44] is 'n Nederduitse Gereformeerde gemeente die eienaar van sy bates: „Elke gemeente van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Transvaal, wat as sodanig erken word deur die kerkverband, is eienaar van sy goedere en fondse".[45]

---

42) Voet, 28, 5, 3.
43) Idem.
44) Vgl. van Apeldoorn: De kerkelijke goederen, 153 ev. veral waar hy die teorie dat die „Algemene kerk" die eienaar van die plaaslike kerkgoedere was, oortuigend ontsenu.
45) Bylae 2, 1, (Suid-Tvl.); regl. 11.1 (Kaap); regl. 24.1 (Natal).

Onroerende sowel as roerende goed word hier betrek.

In Suid-Transvaal gee die kerklike bepalinge selfs aan die gemeente[46] die kompetensie om deur middel van 'n gemeentevergadering, waar belydende lidmate wat nie onder sensuur is nie stemgeregtig is, huishoudelike bepalinge met betrekking tot die beheer en administrasie van goedere en fondse op te stel. Hier word 'n tweede orgaan naas die kerkraad, naamlik 'n gemeentevergadering, ons insiens oorbodiglik daargestel.[47] Hierdie bepaling word egter, sover ons kennis strek, in geen gemeente toegepas nie.

Waar die eiendomsreg van die gemeente so benadruk word, is dit vreemd dat bepaal word dat gemeentelike vaste eiendomme op naam van die kerkraad of ander verteenwoordigers getransporteer word.[48] Hierdie reëling is logies strydig met

i. die aard van 'n verteenwoordigingskontrak,

ii. die posisie van 'n verteenwoordiger en

iii. die doel van registrasie.

---

46) Bylae 2, 7.
47) Die kerkregtelike besware teen hierdie bepaling val buite die bestek van ons ondersoek.
48) Bep. 55.1.1 (Suid-Tvl.); regl. 11.2.1 (Kaap); bylae 1.5 (Midde-Afrika).

i. Die kontrak van direkte verteenwoordiging bestaan daarin dat 'n persoon of instansie[49] met die nodige bevoegdheid daartoe namens en ten behoewe van 'n ander regshandelinge aangaan op so 'n wyse dat hy vir die ander regte en verpligtinge verkry, sonder om uit daardie regshandelinge self regte te verkry of aanspreeklikheid op te doen. Die regsfiguur „verteenwoordiging" word by eiendomsreg bygesleep, terwyl dit by die kontraktereg tuishoort. Die gemeente verkry die eiendom, maar dit word nie op sy naam geregistreer nie.

ii. De Villiers en Macintosh[50] definieer 'n konvensionele verteenwoordiger of agent[51]

---

49) Die kerkraad handel as 'n vergadering wanneer hy as orgaan van die gemeente optree, en nie die kerkraadslede as persone nie. (Bylae 2, 4 (Suid-Tvl.). Op die vraag of die kerkraad 'n regspersoon is (Geldenhuys, 356) is die antwoord negatief. aangesien 'n kerkraad nie voldoen aan die vereistes van die Webb-saak vir die toekenning van regspersoonlikheid nie: Dit is weliswaar 'n verband van ampsdraers, maar besit nie eiendom apart van sy lede nie.

Die verpersoonliking van kerklike ampte deur die kanoniste (sien Joubert, 90 - 92) is tereg nie deel van ons reg nie. Vgl. verder Group Areas Development Board v Hurley, 1961 (1) S.A. 123 (A) waar hoofregter Steyn verklaar dat die idee van die corporation sole "is something foreign to our law." (Op 130).

50) 2.

51) 'n Verteenwoordiger en 'n agent is sinoniem. In Whittal v Alexandria Municipality 1966 (4) S.A. 297 (O.K.A.) het Addleson W.R. 'n onderskeid tussen die twee gemaak toe hy verklaar dat "the essential difference is that agency is contracted whereas representation is not." Hierdie terminologie is, met respek, onnodig verwarrend. Die basis van dié regsfiguur is dat een vir en namens 'n ander regshandelinge aangaan.

as iemand "with power acquired contractually, of creating legal rights in favour of the person represented and of creating legal obligations binding on the person represented." Die kerkraad handel ten behoewe van die gemeente, en nie terwille van homself nie; en om die verkreë eiendom op die kerkraad se naam te registreer, is dus 'n teenstrydigheid.

iii. Verder bots hierdie reëling met die doel van registrasie. Newall[52] verklaar: "The effect of registration is that it gives notice to the world of ownership of land and rights therein." Die kennisgewing van eiendomsreg is dus foutief; die gemeente se eiendom is nie op sy naam geregistreer nie.

Die reëling van die Gereformeerde Sinode[53] is in hierdie opsig korrek as dit bepaal dat die gemeente eienaar van sy goedere en fondse is en „al sulke goedere en aktes daaroor en alle verbande in sy guns op las gepasseer, word geregistreer en gedoen op en in naam van die betrokke gemeente ...."

## 2.3.2. <u>As vruggebruiker of fiduciarius</u>

'n Reël van die Romeins-Hollandse reg lui dat vruggebruik deur 'n <u>universitas</u> verkry, by die verstryking van 100 jaar na verkryging ten einde loop.

---

52) 7.
53) Kerkorde, 1965, p.78.

Voet[54)] noem spesifiek die verkryging van vruggebruik deur 'n kerk, en hy verklaar dat dit eindig na 100 jaar „quia is finis vitae longaevi hominis est."

De Groot[55)] leer: „Lijftocht ... vergaet indien dezelve ghemeenschap werd verstroid, ofte zoo niet, ten einde van honderd jaeren."

Of hierdie reël sy aktualiteit behou het, is te betwyfel. Dit is in elk geval deel van ons gemene reg en is toegepas in Johannesburg Municipality v Transvaal Cold Storage.[56)]

Situasies mag egter voorkom waar die figuur usufructus nie van toepassing kan wees nie. 'n Onlangse geval was: Lidmaat A skenk aan gemeente B vier erwe vir onbepaalde kerklike doeleindes op die volgende voorwaardes:

> Dat die grond nie vervreem mag word nie;
> Dat die kerkraad onderneem om 'n familiekerkhof in die hoek van die erwe in stand te hou; en
> Indien die kerkraad nie langer van die eiendom op hierdie voorwaardes gebruik wil maak nie, die eiendom A se enigste dogter toeval.

Hier het ons duidelik met 'n fideicommissum inter vivos[57)] te doen en nie met vruggebruik nie.

---

54) 7.4.1.
55) 2.39.15.
56) 1904 T.S. 722 op 729; Ex parte Minister of Irrigation, 1948 (2) S.A. 779 op 785 (K).
57) Voet: 36.1.9; B.S.A. Co. v Bulawayo Municipality, 1919 A.A. 84; Swanepoel, 1957 THRHR 193 ev.

Die gemeente met die kerkraad as orgaan is die fiduciarius, die dogter is die fideicommissaria, en die beginsels van die kontraktereg is van toepassing.[58)]

## 2.4. Die kontraktuele kompetensies van 'n gemeente

As 'n universitas het 'n gemeente die kompetensie om met derdes in maatskapsverhoudinge te tree en ooreenkomste aan te gaan. Uit die aard van sy interne struktuur volg dat die gemeente slegs deur middel van organe en verteenwoordigers kan handel: "The church, being merely a legal persona, can only act through representatives."[59)] Hierdie verteenwoordiger was in die Romeins-Hollandse reg as 'n syndicus[60)] bekend. Wat die Nederduitse Gereformeerde gemeente betref, is die kerkraad sy orgaan met betrekking tot alle kontraktuele bindinge.

Die vraag kom nou na vore: Hoe ver strek die kompetensie van 'n kerkraad om 'n gemeente kontraktueel te verbind? Die bepalinge gee aan die kerkraad wye kompetensies: „Die kerkraad, as verteenwoordigende die gemeente, hou sy volmag. Die kerkraad, as verteenwoordigende die gemeente, het nie alleen die opsig daaroor nie, soos in die kerkorde vasgestel word, maar het ook as kerkraad die beheer van sy goedere en fondse. Die kerkraad is daarom bevoeg om alle dade van eiendom te verrig, ook sodanige waarvoor anders, volgens die burgerlike wet, 'n besondere lasgewing vereis sou word, in

---

58) Vgl. In re Dutch Reformed Church, Wynberg, 1896, Juta se hofverslae, 5; In re Consistory of The Dutch Reformed Church Cape Town, 1897, Juta se hofverslae, 5.
59) Moloi v St. John Apostolic Faith Mission, 1954 (3) S.A. 940 op 942 (T).
60) Voet, 3.4.5 - 9.

sover as die bevoegdheid nie deur huishoudelike bepalinge beperk is nie."[61] Na ons mening is dit verwarrend om die regsfiguur van verteenwoordiging hier by te sleep. Die kerkraad verrig regshandelinge as orgaan van die gemeente; handel die kerkraad, handel die gemeente. Volgens bostaande konstruksie egter, is die kerkraad 'n verteenwoordiger van die gemeente met volmag. Verder is die volmag onherroeplik: Die gemeente as prinsipaal is ingevolge die reglement gebonde om nie die volmag inter partes te herroep nie.[62]

Prima facie skyn dit asof ons hier met 'n verabsolutering van die amp te doen het, en dat 'n kerkraad onbeperkte kompetensies het om kontraktueel namens die gemeente te handel. Ampsabsolutisme is egter in 'n gereformeerde gemeente onbestaanbaar en hierby sluit die privaatreg aan met die algemene reël in Long v Bishop of Cape Town:[63] "The decision of such tribunal will be binding when it acted within the scope of its authority, has observed such forms as the rules require, if any forms be prescribed and, if not, has proceeded in a manner consonant with the principles of justice."

Die kerkraad is gebonde om die volgende billikheidsreëls na te kom by kontraktuele handelinge:

---

61) Bylae 2.2 (Suid-Tvl.); regl. 11.2 - 3.6 (Kaap); regl. 24.1 (Natal).
62) Sien Ward v Barrett, 1962 (4) S.A. 732 (N), waar Caney R. oor 3 tipes volmagte handel op 737, en J.C. van der Walt se bespreking (1963 THRHR 218 ev.) van hierdie gewysde.
63) 1863, 4 S 162 op 176. Vgl. de Vos v Die Ringskommissie van die N.G. Kerk, 1952 (2) S.A. 83 (O) op 94; Tobacco Manufacturers Committee v Jacob Green and Sons, 1953 (3) S.A. 480 (A) op 490.

i. Die kerkraad moet met die hoogste bona fides handel.[64]

ii. Die kerkraad moet intra vires die bepalinge handel, want daarin word die omvang van sy kompetensies neergelê.

iii. Die kerkraad moet in belang van die gemeente handel.[65] Hierdie beginsel blyk uit die algemene strekking van die reglement vir die beheer van kerklike goedere en fondse, en in besonder lê bep. 55.1.1 (Suid-Transvaal) neer dat die kerkraad verantwoordelik is vir die insameling en besteding van gelde „wat vir die gemeentelike lewe noodsaaklik is."

Watter optrede in belang van die gemeente is, is kwessies wat op meriete oorweeg moet word, maar gewoonlik lewer dit slegs probleme op met betrekking tot die vervreemding van gemeente-eiendomme en skenkings. (Sien infra.)

iv. Optrede wat gerig is op die vernietiging van die universitas of om die doel van die gemeente te verydel, sal vanselfsprekend ultra vires wees. In Louvis and others v Oiconomos and others[66] word tereg beslis dat kerkraadslede "exceed their functions altogether when they closed the church building and put a stop to the services"

---

64) De Villiers en Macintosh, 147.
65) Geldenhuys, 357 ev.
66) 1917 T.P.A. 465 op 474. Die beslissing van die Hoge Raad van 13 Julie 1946, N.J. 1947, 1 is in hierdie verband insiggewend. Die H.R. beslis dat 'n besluit van 'n kerkraad nie mag indruis teen i) die doel van die gemeente, ii) die openbare orde, iii) die goeie sedes nie en nie iv) misbruik van bevoegdheid mag oplewer nie.

weens hul ontevredenheid met die priester. Die hof bevind dat die kerkraad deur hierdie optrede 'n onregmatige daad teenoor die gemeente begaan het.

Na bostaande inleidende opmerkings let ons op enkele kontraktuele kompetensies van 'n gemeente wat deur middel van die kerkraad handel.

2.4.1. Die verkryging van gemeentelike bates

Die verkryging van bates is gewoonlik in belang van die gemeente en die doelstellings daarvan, en lewer in die praktyk nie probleme vir die kerkraad op nie.

Verskillende bepalinge van die wetgewer wat tot voordeel van gemeentes strek,[67] is in hierdie verband van toepassing.

Ingevolge Wet 58 van 1962, artikel 56 (1) i en j, word die waarde van 'n skenking aan enige inrigting van 'n godsdienstige aard, indien die Minister van Finansies oortuig is dat die bedrywighede van daardie inrigting in belang van die publiek is, vrygestel van die belasting op geskenke.

Wat die verkryging van vaste eiendom betref, is twee bepalinge vir gemeentes van belang: Wet 40 van 1949, artikel 9 c, bepaal dat geen hereregte betaalbaar is ten opsigte van die verkryging van eiendom deur 'n godsdienstige inrigting van openbare aard ten opsigte van eiendom wat verkry is uitsluitlik vir godsdienstige doeleindes nie.

---

67) Sien J.G. Wulffsohn, 232. Vgl. St. John's Diocese v Umtata Municipality, 1968 (3) S.A. 55 (O.K.A.)

Wet 48 van 1946,[68] artikel 1, 3 (b) bepaal dat 'n administrateur beperkende voorwaardes wat teen die titelbewyse van grond geregistreer is, kan wysig, opskort of ophef indien die betrokke grond vir kerklike doeleindes of vir in daarmee verband staande doeleindes benodig word.

Die insameling van gelde „wat vir die gemeentelike lewe noodsaaklik is," is volgens bep. 55.5.1 (Suid-Transvaal) die verantwoordelikheid van 'n kerkraad. Die oplegging van kerklike belastings teen die wil van 'n lidmaat is egter nie 'n kompetensie wat aan 'n kerkraad toekom nie; belastingplig word uitsluitend ~~vir~~ deur die staat ~~voorbehou~~ opgelê. Slegs die staat lê aan sy onderdane geldelike laste teen hul wil op. 'n Kerkraad kan slegs verpligte bydrae oplê wanneer die lidmate hierin uitdruklik toegestem het. Dit hang saam met die tipiese struktuurverskil tussen kerk en staat.[69]

By die oprigting van geboue tree 'n kerkraad as die orgaan van die gemeente in dié maatskapsverhouding op, met verantwoording aan die gemeente,[70] en die reëls van die kontraktereg is van toepassing.[71]

---

68) Soos gewysig deur Wet 32 van 1963, a 1.
69) Dooyeweerd: Encyclopaedie, 57.
70) K.o. a 55; Bylae 2, 5, (Suid-Tvl.). Hierdie verantwoording behels nie elke voorkomende saak nie, maar geskied slegs een keer per jaar. Dit is egter wys van 'n kerkraad om met die loodsing van 'n bouprogram die lidmate daarin te ken om algemene samewerking te verkry.
71) Sien Kerkraad Vanderbijlpark-Wes Gemeente van die N.G. Kerk v van der Wath, 1964 (3) S.A. 64 (A); Peach and Co. v The Jewish Congregation of Johannesburg, S.A.R. 1894, 345; Nicholson v The Reformed or United Congregation of Vryheid, S.A.R. 1894, 237.

Wanneer 'n derde met 'n gemeente 'n ooreenkoms aangaan, is die reël van die Royal British Bank v Turquand[72] van toepassing, naamlik dat wanneer 'n persoon met 'n universitas onderhandel, hy van die standpunt kan uitgaan dat al die vereistes van die interne beheer behoorlik in ag geneem is.[73]

## 2.4.2. Die beswaring van gemeentelike bates

Ingevolge bylae 2, 2 (Suid-Transvaal) besit die kerkraad die kompetensie om in belang van die gemeentelike lewe skulde aan te gaan,[74] en hiermee saamhangend, om die bates van die gemeente met verbande te beswaar ten einde sodoende sekuriteit te stel vir die skuld.

Indien 'n eiendom die gemeente uit 'n erflating toegeval het, en die testament sou 'n verbod op beswaring[75] plaas, is die kerkraad aan die bepaling gebonde.

---

72) 119 E.R. 474.

73) Potchefstroom se Stadsraad v Kotzé, 1960 (3) S.A. 616 (A); The Mineworkers Union v Prinsloo, 1948 (3) S.A. 831 (A) op 847.

74) Sien ook Geldenhuys, 359, en regl. 11.3 (Kaap), regl. 24. 1 (Natal).

75) Bv. in Ex parte Die Kerkraad van die Ned. Geref. Kerk van Plooysburg, 1938, K.P.A. 392. In Ex parte Blomerus, 1936 K.P.A. 369 word beslis: "As a general rule, the mortgage or alienation of fideicommissary property is prohibited (Voet 36. 1. 62) but there are exceptions. All the authorities agree that the consent of those interested can make the mortgage or alienation valid." Die jurisdiksie van die hof is in hierdie verband onbetwisbaar, en verlof tot beswaring sal alleen verleen word wanneer dit tot voordeel van die betrokkenes is.

Die skuldeiser spreek die gemeente as regspersoon vir die betaling van sy skuld aan, en die gemeentelike bates is verantwoordelik vir die betaling van die skulde.

### 2.4.3. Die vervreemding van gemeentegoed

Die reglement bevat nie spesifieke voorskrifte met betrekking tot die vervreemding van gemeentelike bates nie, behalwe in bep. 55.9.1 (Suid-Transvaal) wat 'n breë beginsel neerlê, naamlik dat die kerkraad verantwoordelik is vir die insameling en besteding van al die gelde wat vir die gemeentelike lewe noodsaaklik is.

In die lig van hierdie bepaling kan in die praktyk van die gemeentelike lewe die kerkraad probleme ondervind met betrekking tot die gee van donasies en die verkoop van vaste eiendom. Ons beperk dus die bespreking in hierdie afdeling tot hierdie twee onderwerpe.

#### Die toekenning van skenkings

Menige beroep word op 'n kerkraad gedoen vir donasies ten bate van lofwaardige kerk- en volksake. Indien die skenking dan gedoen word ten einde die koninkryk van God op die interne kerklike akker[76] te bevorder, kan betoog word dat die gemeente op hierdie wyse sy ware roeping nakom en dat die skenking binne die trefkrag van bep. 55.1.1 val. Wanneer 'n kerkraad aan die leraar op sy verjaarsdag uit die gemeentefondse

---

76) Na ons mening is 'n donasie deur die kerkraad uit gemeentefondse vir volksake, hoe lofwaardig ookal, ultra vires bep. 55.1.1 (Suid-Tvl.), en in stryd met die interne struktuurtipe van die gemeente.

'n geskenk gee, is die motief van die kerkraad immers om op hierdie wyse die leraar in sy arbeid ten bate van die geestelike welsyn van die gemeente te bemoedig.

In Amalgamated Society of Woodworkers of S.A. v Die 1963 Ambagsaalvereniging,[77] het die tweede eiser, 'n gemeenregtelike universitas, 'n groot skenking aan die verweerder gegee. Die maatstaf vir geskenke wat de Vos R. in hierdie beslissing neerlê, is soos volg: "It seems to me that donations should in any event, to the extent that the power to donate might be read into the empowering clause, be limited to such donations as are reasonably incidental to the carrying on of the activities of the donor or which are for the benefit of the donor."

Ingewikkelder word die aangeleentheid wanneer die skenking deur die kerkraad, instansies buite die gemeente ten goede kom, byvoorbeeld in die geval van 'n bruidskat aan 'n dogtergemeente. Privaatregtelik beteken elke afstigting van 'n gemeente die totstandkoming van 'n selfstandige universitas,[78] en 'n skenking aan die dogtergemeente, meen Geldenhuys[79] tereg, vereis dat die kerkraad „'n mandaat daartoe van die moedergemeente moet verkry, aangesien so 'n skenking beslis nie gedek word deur die bepalings van die algemene mandaat van die reglemente van die kerkraad nie," en hy gee dan aan die hand dat die kerkraad by wyse van afkondiging sy voorneme om

---

77) 1967 (1) S.A. 586 (T), veral op 594.
78) D.R.C. Vanwyksvlei v Registrar of Deeds, 1918, K.P.A. 378.
79) 362. Vgl. regl. 11.3.3 (Kaap).

aan die te worde gestigte gemeente 'n skenking te maak, bekendmaak. Indien 'n lidmaat besware het, moet hy dit voor 'n bepaalde dag by die kerkraad indien. As daar geen besware ingedien word nie, mag die kerkraad na gemelde datum aanneem dat volmag om voort te gaan deur die gemeente gegee is.

Hierdie advies skyn deugdelik te wees, hoewel probleme mag opduik indien daar wel besware kom. Sodanige besware kan voor die ring dien, wat die kompetensie het om die dogtergemeente te stig[80] en te beslis oor „die voorwaardes vir die afstigting."[81] In die reël dra die ring sorg dat die bruidskatskenking redelik is tot bevrediging van al die betrokkenes. Indien onroerende goed deel uitmaak van die bruidskat, kan betoog word dat die betrokke eiendom vir godsdienstige gebruik behoue bly deur 'n gemeente in dieselfde kerkverband, maar wanneer die kerkraad vaste eiendom aan buitestaanders wil verkoop, kan dit besondere probleme oplewer.

<u>Die vervreemding van vaste eiendom</u>

Bamford verklaar met betrekking tot die vervreemding van vaste eiendom wat aan 'n gemeente behoort, die volgende: "It seems that, whatever the powers granted in the constitution and even where all the members consent, the property of a church may be sold only by order of court."[82]

---

80) K.o. a 31. 4.
81) Bep. 26.2.2.3 (Suid-Tvl.).
82) 157. Let veral op die opmerkings in die voetnoot.

Justinianus het 'n reeks vervreemdingsverbiedinge uitgereik[83] ten einde te verseker dat die kerkgoedere steeds gebruik sal word vir godsdienstige doeleindes. Onder alienatio word verstaan verkoop, ruil, skenking en ewige erfpag, en Justinianus het sodanige vervreemding van kerkgoedere slegs onder bepaalde voorwaardes toegelaat. In Codex 1, 2, 14, 3 en in die Novellae 7 en 120 word bepaal dat 'n wederregtelike vervreemdingshandeling nietig is, sodat die gemeente sy goed, tesame met die aanwas daarvan, kan terugeis terwyl die verkryger alles verbeur wat hy vir die kerkgoedere aan die oeconomus betaal het. Die verkryger kan wel skadevergoeding eis, nie teen die gemeente nie, maar teen die oeconomus wat die goed onregmatiglik vervreem het.

Hierdie reël was ook algemeen geldend in die Romeins-Hollandse reg. Voet verklaar: „Dicta hactenus de rebus pupillorum sine decreto non alienandis, etiam ad res ecclesiae, orphanotrophii, gerontocomii simuliumque, porrigenda videntur."[84] Voet verwys verder met instemming na Menochius[85] wat leer dat onroerende kerklike eiendom nooit verkoop moet word nie, behalwe vir 'n grondige rede, en sodanige rede moet aan die oordeel van die burgerlike regter oorgelaat word. Menochius verdeel sodanige redes onder vier hoofde, naamlik noodsaak, piëteit, groter bruikbaarheid en ongerief. Dit is ook die standpunt van Paulus Voet[86] en Groenewegen.[87] Voet verklaar verder dat 'n publieke veiling nodig is vir die verkoop van

---

83) Inst. 2, 1, 8; C.1, 2, 21, 2; N. 7, 8; N. 120, 10; N. 46, 1 en 2.
84) 27.9.17.
85) De Arbitrariis Judicum, boek 2, geval 172.
86) De mobilia et immobilia, hoofstuk 17, 10 - 16.
87) De Leg. Ab. Cod. 1.2.14.

kerkeiendom, op die wyse dat „fundi ecclesiastici proscriptio pendeat per viginti dies, deinde addicatur ei, qui plus obtulerit."[88)]

Die hof se jurisdiksie in hierdie verband is neergelê in In re Dutch Reformed Church, Wynberg[89)] waar die feite soos volg was: M skenk en sy eksekuteur transporteer 'n kerksaal in Mowbray aan die Kerkraad van Wynberg onder die voorwaarde "that the said land with erections thereon should be used for religious purposes only." Die gebou is 'n tyd lank as kerk gebruik, maar het later nutteloos geword en verwaarloos. Die hof magtig die verkoop van die saal mits M se erfgename kennis kry van die aansoek van die kerkraad en nie beswaar maak nie, en verder, dat die opbrengs van die transaksie aangewend word vir godsdienstige doeleindes. In Ex parte Trustees of the Diocese of Cape Town[90)] was die situasie kortliks soos volg: Geld is byeengebring ten einde 'n eiendom te koop as 'n toevlugsoord vir dames. Die trustees wou toe 'n deel van die grond verkoop, en die hof beslis op "a rule nisi, calling on all persons interested to show cause why the Registrar of Deeds should not be authorized to pass transfer of land so proposed to be sold."[91)] In Ex parte Die Kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Plooysburg[92)]

---

88) 27.9.17.
89) 1896 K.P.A. 5.
90) 1896 K.P.A. 312.
91) Idem op 314.
92) 1938 K.P.A. 392; vgl. Ex parte Barry and another, 1913 K.P.A. 693; Trustee Mohammedan Mosque Estcourt v Mohammed Sayed, 1937 N.P.A. 241; Ex parte Moodley and another, 1969 (3) S.A. 734 (D) op 735.

het dit om die volgende gegaan: In 1911 het mev. Moller aan die Kerkraad van Dutoitspan 1230 morg grond geskenk onder die voorwaarde dat die grond nie met 'n verband beswaar of vervreem sal word nie. Die kerkraad versoek die hof om ingevolge Wet 2 van 1916[93] verlof te gee dat die eiendom verkoop mag word. Die hof beslis dat die aansoek buite die bestek van die genoemde wet val, maar dat die hof die jurisdiksie het om die verkoop van kerkeiendom te magtig. Wanneer die hof dit doen, handel hy volgens dieselfde beginsels as wanneer hy die vervreemding van die eiendom van minderjariges magtig.[94] Vervolgens word 'n prosedure neergelê waarvolgens die kerkraad dele van die plaas per publieke veiling kan verkoop.

Die volgende beginsels lei in hierdie aangeleentheid:

Eerstens val die vervreemding van vaste gemeentelike eiendomme ongetwyfeld buite die omvang van die kompetensies van die kerkraad as orgaan soos neergelê in bepaling 55 (Suid-Transvaal) en die verskillende reglemente vir die beheer van kerklike goedere en fondse.

Tweedens is onroerende gemeentelike eiendom in die reël verkry - hetsy by wyse van 'n skenking, 'n legaat of 'n koopkontrak - nie met die doel om daarmee te spekuleer nie. "In the case of a universitas or collegium, a church or a hospital or what the German jurists call a "Stiftung", the intention is that the association shall continue

---

93) Wet 2 van 1916, a 1 bepaal die kompetensies van die hof om beperkinge op vaste eiendom weg te neem of te wysig.

94) Ex parte Ned. Herv. of Geref. Gemeente van Vryheid, 1930 N.P.A. 193, en Ex parte Blomerus, 1936 K.P.A. 369. Vgl. die dictum van Voet, voetnoot 84 supra.

for ever"[95] - en die vaste gemeentelike eiendomme is verkry om die gemeente permanent te dien.

Derdens is die huidige lidmate se kompetensie om toe te stem tot vervreemding aan derdes wat die eiendom vir nie-godsdienstige doeleindes gebruik, te betwyfel: Die eiendom is verkry vir die gemeente, en as universitas bly die gemeente voortbestaan al wissel die lidmate. Verder besit die gemeente eiendomme in sy eie titel met die bedoeling dat dit vir die vorige, huidige en toekomstige geslagte diens doen. Die dictum van Kotze H.R. in The Ned. Herv. Congregation of Standerton v The Ned. Herv. of Geref. Congregation of Standerton,[96] naamlik: "The right to dispose of church property rests with the congregation," was van toepassing op kerkvereniging, waar die eiendomme vir godsdienstige gebruik behoue sou gebly het. Dit was nie 'n geval waar die eiendom aan buitestaanders vir sekulêre doeleindes vervreem was nie. In Malebjoe v The Bantu Methodist Church,[97] met verwysing na klousule 189 van dié kerk se konstitusie, wat bepaal dat alle onroerende eiendomme geregistreer word in die name van vier trustees "and they are hereby authorized to buy and sell immovable property on such terms and conditions as they may think fit," verklaar Kuper R: "The consent of the members is not necessary for the alienation of the property of the church, this right is vested in the trustees acting on behalf of the church and not of its members." Hierdie dictum wat op dié Metodiste kerk betrekking het, kan vanselfsprekend nie op

---

95) Wilken v Brebner and others, 1935, A.A.175.
96) 1893 H.R. 84.
97) 1957 (4) S.A. 465 (W.) op 467.

'n Nederduitse Gereformeerde gemeente of kerkverband van toepassing wees nie, aangesien die regeringsvorms van die twee kerke wesenlik van mekaar verskil.

Op grond van bostaande sal dit vir 'n kerkraad, wat vaste eiendom aan buitestaanders vir sekulêre doeleindes wil vervreem, en daar enigsins verskil oor die aangeleentheid onder die lidmate bestaan, gerade wees om die kerkraad se redes vir die noodsaaklikheid daarvan by wyse van 'n <u>ex parte</u> aansoek aan die plaaslike afdeling van die Hooggeregshof voor te lê. Indien die hof die kerkraad se oortuiging deel, sal 'n prosedure vir vervreemding volgens meriete neergelê word wat die kerkraad dan nougeset moet volg.

Verder word die posisie van 'n regspersoon deur die <u>Verjaringswet</u>, 68 van 1969, met betrekking tot die verjaringstermyn, ten goede gekom. Artikel 3 1 b bepaal dat voltooiing van verjaring vir 3 jaar uitgestel word indien die persoon ten gunste van wie die verjaring loop, 'n bestuurslid is van 'n regspersoon teen wie die verjaring loop. Hierdie bepaling sal dus van toepassing wees indien 'n kerkraadslid en 'n gemeente in 'n sodanige regsverhouding te staan kom.

### 2.4.4. <u>'n Gemeente as werkgewer</u>

Ampsdraers word beroep en amptenare word deur die kerkraad aangestel.[98)]

---

98) Bep. 7.2.1 en 28.3 (Suid-Tvl.).

Wat gemeentelike amptenare - skriba, kassier, orrelis(te), en koster, hetsy afsonderlike poste of gekombineerd[99] - betref, het die privaatreg met gemeenregtelike dienare te doen wat in diens van die gemeente staan.

Die terme van die dienskontrak word deur die kerkraad vasgestel en vervat in 'n huishoudelike bepaling[100] of reglement, en die vakature word gewoonlik in die pers geadverteer of van die kansel afgekondig en sodoende word aansoeke gevra. Sodra die aansoeke deur die kerkraad behandel is en die suksesvolle aansoeker sy onvoorwaardelike aanvaarding tot die kennis van die kerkraad gebring het,[101] kom 'n dienskontrak tot stand.

Ingevolge Bepaling 31.4 en Vorm 16, E, 5 (Suid-Transvaal) lewer die kerkraad aan die jaarlikse ringsvergadering verslag of die honoraria of salarisse van die kerklike amptenare gereeld betaal is, en of die poste deur bekwame persone gevul is.

Die enigste ampsdraer wat tot die gemeente in 'n diensverhouding in privaatregtelike sin staan, is die predikant. Die beroep van 'n

---

99) Die gewoonte om 'n skriba-kassier van 'n gemeente as 'n saakgelastigde aan te dui, is foutief en verwarrend. Volgens die reglemente is 'n saakgelastigde die hoof administratiewe beampte van die sinode: Bep. 55.5 (Suid-Tvl.); regl. 8 (Kaap); regl. 5 (Natal).

100) Bep. 28.3 (Suid-Tvl.). Vir die ontslag van 'n amptenaar, vgl. Grundlingh v Beyers, 1967 (2) S.A. 131 (W).

101) Volgens die logiese vernemingsteorie by kontraksluiting. Vgl. Tel Peda Investigation Bureau v van Zyl, 1965 (4) S.A. 475 (O.K.A.), en Nienaber se bespreking in 1965 THRHR 67 ev., en die bespreking van Kahn in 1966 SALJ 5 ev. van hierdie gewysde.

leraar geskied deur die kerkraadsvergadering[102] as orgaan van die gemeente, en die beroepsbrief wat na bekragtiging deur die gemeente, aan die beroepe leraar gestuur word, is 'n geldige aanbod aan die leraar van die kant van die gemeente.

Die beroepsbrief[103] val in twee dele uiteen. Eerstens word neergelê wat die ampspligte van die leraar is: „Sodat u alhier alles kan kom doen wat van 'n herder en leraar volgens Gods Woord, die kerkorde en ander bepalinge van die Nederduitse Gereformeerde Kerk verwag word. In die besonder sal dit van u verwag word om die Evangelie te verkondig, die sakramente te bedien, getrou huis en siekebesoek te doen en die kategetiese onderrig te behartig." Artikel 9 van die kerkorde voeg hierby die leiding van die eredienste, die uitoefening, saam met die ouderlinge en diakens, van die regering van en tug oor die gemeente, en die leiding van kerkraadsvergaderings. Dit is wenslik om die beroepsbrief, wat 'n selfstandige kerklike vorm is en 'n kontrak beoog, streng aan die kerkorde te konformeer wat die ampspligte van die leraar betref.

Tweedens handel die beroepsbrief oor die verpligtinge van die gemeente teenoor die leraar. Die kerkraad onderneem „as verteenwoordigers van die gemeente" om aan die leraar 'n vrye woning, 'n bedrag as lewensonderhoud en 'n vervoertoelae te betaal „solank as wat u die diens van die Woord onder ons behartig. Hierdie verbintenis sal geld vir ons en ons opvolgers ..."

---

102) K.o. a 7; bep. 7.2.1 (Suid-Tvl.); a 5 (Kaap); bep. 9 (Natal).
103) Vorm 10 (Suid-Tvl.).

Ongelukkig laat hierdie bewoording van die beroepsbrief twyfel by die beroepe leraar oor die vraag met wie hy die verbintenis aangaan. Wie is die ander party? Is dit die kerkraadslede as persone wat hulself aandui as verteenwoordigers (let op, meervoud) van die gemeente en wat in hul aanbod aan die leraar bepaal dat „hierdie verbintenis sal geld vir ons en ons opvolgers?" Of is dit die kerkraad as vergadering, aan wie, kragtens artikel 19 van die kerkorde, die opsig oor, die regering van en die tug in die gemeente toevertrou is en wat ingevolge die reglement vir die beheer van kerklike goedere en fondse die gemeente regtens verteenwoordig? Of is dit die lidmate van die gemeente, soos die beroepsbrief te kenne wil gee as dit lui: „Hierdie verbintenis sal geld ... tot op die datum waarop u die diens van die gemeente verlaat," die lidmate, wat die beroep moes ratifiseer kragtens bepaling 7.5 (Suid-Transvaal), wat deur dankofferbydraes die leraar se lewensonderhoud moet byeenbring en ten behoewe van wie die leraar sy ampspligte moet uitvoer?

Die korrekte benadering is dat die gemeente as regspersoon, wat deur die kerkraadsvergadering (ter beroeping en ter vasstelling van die terme van die aanbod soos in die beroepsbrief vervat) as orgaan handel, die een party in die ooreenkoms is. Die kerkraad bind die gemeente om as „werkgewer"[104)] die terme van die beroepsbrief teenoor die beroepe leraar na te kom, naamlik agting, liefde, gehoorsaamheid in die Here, die

---

104) Werkgewer in privaatregtelike sin. Die leraar ontvang sy ampsroeping, ampsgesag en toerusting van Christus en nie van die gemeente nie. As erkenning hiervan, word „werkgewer" in aanhalingstekens geplaas. Vgl. Vorm 21 (Kaap): „leraar van hierdie gemeente."

voorsiening van 'n vrye woning[105] en toelaes, die betaling van 'n bedrag as lewensonderhoud en 'n vervoertoelaag „tot op die datum waarop u die diens van die gemeente verlaat." Vanuit 'n regsoogpunt gesien, benodig die beroepsbrief vir leraars in die lig van bostaande 'n dringende hersiening.

'n Verdere punt van kritiek is dat die beroepsbrief onvolledig is. Dit is algemene gebruik dat die kerkraad die verhuisingskoste van die beroepe leraar vergoed, en al die kerkrade betaal aan hul leraars 'n jaarlikse vakansiebonus en 'n deel van die mediese hulpfondspremie. Van hierdie voorregte word niks in die beroepsbrief in Suid-Transvaal gerep nie.

Sodra die leraar die beroep sonder voorbehoud aanneem en die kerkraad van sy besluit berig ontvang,[106] kom 'n geldige dienskontrak tot stand, wat nagekom word wanneer die leraar ingevolge die kerklike bepalinge oorkom, bevestig word en sy ampspligte uitvoer, terwyl die gemeente teenoor hom die terme van die beroepsbrief nakom.

Wanneer 'n persoon toegelaat word tot die bediening, onderneem hy teenoor Die Algemene Regskommissie, wat by daardie geleentheid as orgaan van die hele kerkverband handel, om ter verkryging van 'n standplaas geen ooreenkoms aan

---

105) Die pastorie behoort aan die gemeente as regspersoon - Bylae 2, 1, (Suid-Tvl.). Daarom is dit onmoontlik vir kerkraadslede as persone om die pastorie as vrye woning aan te bied; alleen die kerkraad as vergadering is die gemeente se orgaan.

106) Volgens die vernemingsteorie by kontraksluiting, supra.

te gaan of gifte te gee nie, en verder, dat hy sy ampspligte sal nakom na die beste van sy vermoë.[107]

Hiermee word van die kontraktuele kompetensies van 'n gemeente afgestap en kom aan die orde:

## 2.5. 'n Gemeente as party by die onregmatige daad

Uit elke onregmatige daad vloei twee aspekte: die kompetensie van die benadeelde om vergoeding te eis, en die verpligting van die onregmatige dader om die nadeel te vergoed. Twee persone kom dus na vore, die dader en die benadeelde, die eiser en die verweerder. Die betrokkenheid van 'n gemeente in sodanige aksies vra vervolgens ons aandag.

### 2.5.1. 'n Gemeente as 'n verweerder in 'n deliktuele aksie

Die ou stryd tussen die aanhangers van die fiksie en die orgaanteorieë oor die vraag of 'n regspersoon deliktueel aanspreeklik kan wees, is tans uitgewoed. Reeds die kanoniste het die regspersoon onder sekere omstandighede deliksbevoeg geag,[108] en selfs Houwing, 'n latere aanhanger van die fiksieteorie, besluit op die deliktuele aanspreeklikheid van 'n regspersoon deur middel van die aanwending van 'n tweede fiksie: „Dat aan zulk een daad dezelfde rechtsgevolge worden toegekend als was het de daad van een van het orgaan onderscheiden persoon...[109]" Die eise van die moderne regsverkeer maak dit noodsaaklik

---

107) Vorm 7, (Suid-Tvl.), waar die Legitimasie-eed te vind is, en bep. 18 van die Reglement vir opleiding en legitimasie.

108) Vgl. Joubert, 78, 82 en die gesag daar aangehaal.

109) 165.

dat regspersone deliktueel aanspreeklik moet wees. Die sogenaamde „munisipaliteitsake" is in ons regspraak voorbeelde van regspersone wat in regsprosesse met betrekking tot onregmatige dade betrokke geraak het.[110)]

Kragtens die aard van sy verbandstruktuur sal 'n Nederduitse Gereformeerde gemeente aanspreeklik kan wees vir die onregmatige dade van sy organe en ander verteenwoordigers, en van sy dienare of werknemers.

i. Die aanspreeklikheid van 'n gemeente vir die onregmatige handelinge van sy organe en ander verteenwoordigers

Die gemeente handel primêr deur sy organe soos deur die kerkorde en die bepalinge aangedui. Die juridiese verbandsverhouding tussen die regspersoon en sy orgaan lei tot die aanspreeklikheid van die gemeente van die onregmatige dade van sy organe „wijl dan zijn handelen met dat van de rechtspersoon is te vereenzelvigen."[111)] Wanneer die orgaan handel, handel die regspersoon. Dit word aan die hand gegee dat dit irrelevant is of die handeling van die orgaan intra vires die reglement van die regspersoon is of nie. In die reël is die onregmatige daad van 'n orgaan steeds ultra vires die reglement.[112)]

Organe van 'n Nederduitse Gereformeerde gemeente wat hul kompetensies aan die kerkorde en bepalinge ontleen, is die volgende:

---

110) Sien van der Merwe en Olivier, 34 ev.; McKerron, 17 ev.
111) Hoge Raad, 10 Junie 1955, 1956 977.
112) McKerron, 107.

1. Die kerkraad as vergadering, wat „alle dade van eiendom verrig,"[113] die kompetensie het om tug toe te pas[114] en 'n leraar te beroep en ander ampsdraers te verkies,[115] loop steeds die risiko om in die uitoefening van sy kompetensies derdes te benadeel.

2. Die gemeentevergadering, byeengeroep ingevolge die reglement,[116] het die kompetensie om huishoudelike bepalinge vir die beheer en die administrasie van die gemeente se fondse en goedere te maak. Dit is denkbaar dat sodanige bepalinge die risiko van benadeling[117] in hulself mag dra.

Die kerkraad en die gemeentevergadering as organe van die gemeente, het die kompetensie om ander verteenwoordigers of lashebbers vir die gemeente te benoem, byvoorbeeld 'n prokureur met die opdrag om vaste eiendom op die naam van die kerkraad oor te dra, of 'n eiendomsagent om eiendom vir die gemeente te bekom. Indien sodanige verteenwoordigers onregmatige dade begaan, is die gemeente alleen aanspreeklik "for such delicts as were specifically authorized or were committed in actually obtaining the authorized result."[118]

---

113) Bylae 2, 2 (Suid-Tvl.).
114) K.o. a 19 en 62.
115) K.o. a 7, bep. 7.2 en 15.1 (Suid-Tvl.).
116) Bylae 2, 3 en 7. (Suid-Tvl.).
117) Vgl. J.C. van der Walt: Enkele gedagtes oor die grondslag van deliktuele aanspreeklikheid, 11 ev.
118) De Villiers and Macintosh, 264 - 266; Colonial Mutual Life Insurance Company v MacDonald, 1931, A.A. 412; sien verder McKerron, 87, van der Merwe en Olivier, 459 ev.

In sodanige gevalle is die gemeente en die verteenwoordiger <u>in solidum</u> aanspreeklik vir skadevergoeding of genoegdoening; dit wil sê daar is net een skuld maar meerdere skuldenaars is verplig tot een en dieselfde prestasie.[119] Betaal die een, is die ander bevry.

In hoever lede van kerkvergaderinge in 'n deliktuele aksie persoonlik aanspreeklikheid kan opdoen, is onseker. Ter oorweging word gegee dat 'n kerkvergadering alleen deur besluite kan handel. Die vergadering as liggaam neem die besluite by wyse van die meerderheid van stemme, en die individuele lede kom nie as regsubjekte in die gesigskring nie. Die regspersoon bestaan regtens en handel in sy eie naam, as 'n selfstandige regsubjek; daarom mag die regsubjektiwiteit van die regspersoon nie opgelos word in die regsubjektiwiteit van die individuele lede wat daaraan verbonde is nie.

Ons is dus van mening dat individuele kerkraadslede, of lidmate op 'n gemeentevergadering, nie persoonlik aanspreeklikheid kan opdoen in 'n aksie op grond van 'n onregmatige besluit wat hulle geneem het nie, aangesien hulle nie as persone gehandel het nie, maar as 'n vergadering wat die orgaan van die gemeente is. Die gemeente as regspersoon is in so 'n geval aanspreeklik, en die vergoeding is uit die gemeentefondse betaalbaar.

---

119) De Wet en Yeats, 85 ev.

ii. Die aanspreeklikheid van 'n gemeente vir die onregmatige dade van sy dienare

In Masinda v Tower Typewriter Co.[120] is tereg beklemtoon dat dit die heer-dienaar verhouding is wat die aanspreeklikheid van die werkgewer vir die onregmatige dade van sy werknemers bepaal, en nie faktore soos die beheer oor die dienaar nie; beheer is slegs 'n bewys dat 'n heer-dienaar verhouding bestaan.[121] Dooyeweerd leer dat die regsgrond vir die aanspreeklikheid van die regspersoon ex delicto geleë is in die juridiese verbandsverhouding wat dit ontoelaatbaar maak ten aansien van die aanspreeklikheid teenoor derdes om werkgewer en ondergeskiktes juridies te skei. „De verbandsverhouding schept tegenover derden een garantieplicht."[122] In hierdie verband sal die predikant, skriba, kassier, orrelis(te) en die koster in die gesigskring kom, want hulle handel onder die kontrole en gesag van die kerkraad as interne regeerorgaan in 'n werkgewer-werknemer verhouding.

'n Verdere vereiste vir die aanspreeklikheid van die werkgewer is dat die onregmatige daad deur die werknemer begaan is in die uitvoering van sy pligte.[123] Of dit wel die geval is, is 'n feitevraag wat in elke voorkomende geval uitgemaak moet word. Uit ons regspraak blyk dat aanspreeklikheid deur 'n leraar in die volgende gevalle opgedoen is:

---

120) 1961 (1) S.A. 795 (N).
121) Vgl. Singh v Provincial Insurance Co. Ltd. 1963 (3) S.A. 712 (A); van der Merwe en Olivier, 451; McKerron, 91.
122) Themis, 370.
123) Van der Merwe en Olivier, 453; McKerron, 95 ev.

Ds. H. verklaar aan 'n vrederegter dat hy inligting ontvang het dat mej. D. 'n baba verwag het, die geboorte verberg het en die kind vermoor het. Die hof bevind dat die mededeling nie gepriviligeerd is nie, berispe die leraar skerp en ken aan die dame R200 genoegdoening toe.[124)]

Die leraar van die gemeente W waarsku in sy gemeenteblad teen sekere kommunistiese invloede en dui S as die kommunistiese leier aan. Die hof ken aan die eiser genoegdoening vir laster toe.[125)]

Volgens die maatstawwe van ons gemene reg,[126)] meen ons dat die eerste geval supra buite die uitvoering van die leraar se pligte geval het en hy dus alleen aanspreeklik is, terwyl in die laaste geval die opstel en die publikasie van 'n gemeenteblad 'n deel vorm van die leraar se pligte indien die kerkraad in dier voege besluit, die onregmatige daad aldus binne die uitvoering van die leraar se pligte geval het en die gemeente dus in solidum met hom aanspreeklik moes wees.[127)]

2.5.2. 'n Gemeente as 'n eiser in 'n deliktuele aksie

As eiser kan die gemeente betrokke raak in twee deliktuele aksies, naamlik:

---

124) Dippenaar v Hauman, 1878, 8 Buch. 135.
125) Sachs v du Preez, 1943 W.P.A. 94.
126) Vgl. Mkize v Martens, 1914 A.A. 382 op 390; teenoor Bischoff Embroidery South Africa v S.A.R. 1966 (4) S.A. 385 (W); Minister of Justice v Khoza, 1966 (1) S.A. 410 (A); S.A.R. v Dhlamini, 1967 (2) S.A. 203 (D); McKerron, 95 - 101.
127) Voet, 9. 4. 10; v.d. Merwe en Olivier, 458; Whittaker v Roos, 1912, A.A. 92.

i. <u>'n Gemeente as eiser met betrekking tot damnum iniuria datum</u>

Bylae 2, 4 (Suid-Transvaal) bepaal dat in alle regsgedinge „wat te doen het met hierdie goedere en fondse," die kerkraad sonder meer bepaalde lasgewing eisend optree ten behoewe van die gemeente. By ontstentenis van die kerkraad benoem en outoriseer die ring persone om namens die gemeente op te tree.

Hierdie bepaling het betrekking op die <u>actio legis Aquiliae</u>; indien skade aan die goedere en fondse van 'n gemeente onregmatiglik toegebring word, tree die kerkraad as orgaan eisend op ten behoewe van die gemeente.

Na ons mening word die kerkraad hier verkeerdelik aangedui as die formele prosesparty in die geding.[128] Die gemeente as regspersoon moet die formele prosesparty wees wat deur die kerkraad as orgaan handel; en dit moet so wees ook op grond van doelmatigheidsoorwegings. Die gevolge wat uit die geding vloei, raak nie die kerkraad as orgaan nie, maar wel die gemeente op 'n direkte wyse wanneer daar skadevergoeding ontvang of betaal moet word.

ii. <u>'n Gemeente as eiser met betrekking tot iniuria</u>

Die <u>actio iniurarum</u> is die belangrikste aksie waarmee genoegdoening op grond van persoonlikheidskrenking verhaal kan word, en die vraag kom na vore of hierdie aksie ook tot beskikking van 'n gemeente is.

---

128) Houwing, 179, meen tereg dat nie die verteenwoordiger nie, maar die prinsipaal self formele prosesparty moet wees.

In Spoorbond v S.A.R.[129] verklaar Schreiner A.R.: "Whether the right to sue for defamation, assuming that some corporations at least have such a right, is to be limited to trading corporations or is to be extended to such other corporations as rely on their reputation to win them public support for the conduct of their affairs, has certainly not been settled in our law." In ons regspraak is geen geval van 'n nie-handeldrywende regspersoon wat met 'n aksie om genoegdoening geslaag het, aan te wys nie. In die Engelse reg was daarvan sprake, mits die regspersoon vir die uitvoering van sy doelstellinge op die steun van die publiek aangewys is.[130]

McKerron[131] is ten gunste van 'n lasteraksie vir nie-handeldrywende regspersone, maar Strauss, Strydom en van der Walt[132] meen dat „geen persoonlikheidsregte aan 'n regspersoon toegeken kan word nie, maar dat slegs die natuurlike persoon (mens) draer van persoonlikheidsregte is, en daar hierdie regte so intiem verbonde is aan die menslike persoonlikheid" die aksie nie byvoorbeeld tot 'n gemeente se beskikking kan wees nie.

Die beginsel wat in hierdie aangeleentheid lei, is dat die natuurlike persoon en die regspersoon met betrekking tot subjektiewe

---

129) 1946 A.A. 1011.
130) National Union of General and Municipal Workers v Gillian, (1946) K.B. 81, 88.
131) 181 - 182. So ook Dooyeweerd: Themis, 412, Houwing, 154, van der Merwe en Olivier, 348, Bamford, 172.
132) 200 in die voetnoot.

regte, nie gelykgeskakel mag word nie.[133] Persoonlikheidsregte soos die _fama_, (dit wil sê 'n mens se goeie naam, reputasie, dit wat andere van jou dink) wat deur die _actio iniuriarum_ beskerm word, is slegs eie aan die individu. Wat wel by 'n regspersoon, handeldrywend of nie, deur lasterlike bewerings aangetas kan word, is sy klandisiewaarde of sy werfkrag;[134] maar dit is nie 'n persoonlikheidsreg nie, maar 'n immateriele goederereg en die aantasting van 'n sodanige vermoënsreg behoort beheers te word deur die grondslae van die _actio legis Aquiliae_.[135]

Skematies voorgestel, behoort die posisie soos volg te wees:

---

133) Vgl. hoofstuk 1, 2 _supra_. Soos aangedui, is „regspersoon" 'n funksiebegrip, en wesenlik te onderskei van 'n natuurlike persoon.

134) Van der Merwe en Olivier, 331.

135) Vgl. van der Vyver: _Animus iniuriandi en wederregtelikheidsbewussyn_, 24 - 25.

Lasterlike bewerings met betrekking tot:

| 'n Natuurlike persoon | 'n Regspersoon |
|---|---|
| Skending van 'n persoonlikheidsreg, naamlik die fama. | Skending van 'n immateriële goederereg, naamlik werfkrag of klandisiewaarde. |
| Geen sprake van spesifieke vermoënskade nie. | Spesifieke vermoënskade moet beweer en bewys word. |
| Genoegdoening word geëis. | Skadevergoeding word geëis. |
| Die regsmiddel is die actio iniuriarum en opset moet bewys word. | Die regsmiddel is die actio legis Aquiliae, en opset of nalatigheid is die skuldvorm. |

Of 'n Nederduitse Gereformeerde gemeente ooit 'n regsproses aanhangig sal maak teen 'n persoon of 'n instansie wat hom beledig, val te betwyfel aangesien in 'n sodanige geval nie regsbeginsels nie, maar Skriftuurlike en morele oorwegings[136] die deurslag sal gee.

Vervolgens word gelet op:

---

136) Vgl. Matt. 5: 11 - 12, 1 Petr. 3: 9, 14.

## 3. DIE KOMPETENSIES VAN DIE KERK IN SINODALE VERBAND (SUID-TRANSVAAL)

Wanneer die kerk ekstern in die privaatregtelike kring handel, geskied dit deur middel van organe en verteenwoordigers. Die kerk, as 'n voortdurende verband van gemeentes, handel as 'n universitas deur die sinodale vergadering wanneer in sitting, en deur kommissies en amptenare met verantwoording aan die volgende sinode of sinodale kommissie, in die resés.

Die belangrikste privaatregtelike kompetensies van die kerk in sinodale verband kan soos volg opgesom word:

### 3.1. Die kerk as eienaar van goed

Die eiendomsreg vestig in die kerk as verband van gemeentes en nie in sy organe soos kerkvergaderings of hul kommissies nie.

Met betrekking tot fondse lê bepaling 55.3.1 (Suid-Transvaal) neer: „Daar is Sinodale[137] fondse .... om te voorsien in die uitgawes van die Sinode.." Verskillende fondse word onderskei, naamlik die administratiewe fonds, die pensioen- en weduwee-fonds, fondse vir die verskillende werksaamhede van die sinode, en studiefondse. Die administrateur van hierdie fondse is die kerkkantoorkommissie wat as opdrag het „om toesig te hou oor die administrasie van die kerkkantoor; om in naam van die sinodes alle

---

137) In die lig van die feit dat die fondse aan die kerk behoort, liewer „kerklike fondse" as „sinodale fondse".

vaste bates en kapitale fondse van die Kerk, sowel as die lopende fondse, inkomste en uitgawes te hou en te administreer met verslag aan die sinode en die sinodale kommissie."[138)]

Met betrekking tot vaste eiendom bepaal bepaling 55,4.3 (Suid-Transvaal) op 'n suiwere wyse dat die kerkkantoorkommissie van eiendomme transport moet neem „op naam van die kerk." Inderdaad word kerklike eiendomme geregistreer op die naam van „Die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Transvaal"; en dit is volkome korrek.[139)] Die regsubjektiwiteit setel in die kerkverband self, wat deur middel van organe aan die regsverkeer deelneem.

In die Transvaal het 'n interessante ontwikkeling plaasgevind, in die sin dat een regspersoon deur middel van meerdere hooforgane handel. Die eertydse Transvaalse Sinode, as die enkele hooforgaan van die kerkverband, het so lywig en onhanteerbaar geword, dat die Sinode in 1957 besluit het om in drie streeksinodes te verdeel,[140)] naamlik die Sinode van Noord-Transvaal, die Sinode van Suid-Transvaal en die Sinode van Midde-Afrika.

Ongelukkig onderskei die <u>Akte van Verdeling</u>[141)] nie tussen die regspersoon en sy orgaan nie, en word die term Algemene Sinode vir regspersoon sowel as orgaan gebesig. Wanneer die akte regtens gekonstrueer word, kom dit opsommend op die volgende neer:

---

138) Bep. 55.4.2 (Suid-Tvl.).
139) Anders: Regl. 11.5 (Kaap) wat 'n trust skep, en regl. 24.2.1 (Natal) wat die sinode as „eienaar van die kerklike eiendomme" beskou; 'n sinode is egter tot niet wanneer hy verdaag en word telkens opnuut gekonstitueer.
140) Acta, 1957, 96 ev. en 471.
141) Idem.

i. Die regsubjek is die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Transvaal, die eienaar van die kerkgoedere.

ii. Die hooforgane van die regspersoon is die drie sinodes, die opvolgers in regte van die eertydse Transvaalse Sinode.

In 1961 is hierdie regsfeit soos volg suiwer gestel: „Dat die funksie van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Transvaal uitgeoefen word deur die drie Streeksinodes gesamentlik, solank die vereniging in kerkverband bly voortbestaan, aangesien die drie Streeksinodes die wettige opvolgers in regte en verpligtinge van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Transvaal is."[142] Die sinsnede „'n verdeling van die bates tussen die Streeksinodes[143]" beteken: Die beheer oor die bates van die kerkverband word verdeel onder die streeksinodes.

Die Sinode van Transvaal is tans latent. Met die kerkvereniging in 1961 is egter bepaal „dat indien die vereniging in kerkverband ooit om enige rede ontbind mag word, behou die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Transvaal die reg voor om onder die bepaling van artikel 36 van die kerkorde as draer van sy regte en verpligtinge te funksioneer deur opnuut in sy eie Algemene Sinode saam te kom.[144]

In 1968 het daar 'n nuwe ontwikkeling gekom, toe die Sinode van Suid-Transvaal in beginsel besluit het om in 1972 te verdeel in die Sinode van

---

142) Bylae 2.12.b.iv (Suid-Tvl.).
143) <u>Acta</u> 1957, 96, 4 d.
144) Bepalinge Suid-Transvaal, p.104, punt V.

Wes-Transvaal en die Sinode van Suid-Transvaal.[145]

iii. Die kerkkantoorkommissie waarop verteenwoordigers van die sinodes sitting neem,[146] is ook 'n orgaan van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Transvaal, wat ingevolge sy opdragte[147] handel en aan die verskillende sinodes en sinodale kommissies verslag doen van sy handelinge.

3.2. Die kontraktuele kompetensies van die kerk in sinodale verband

Die kerk word kontraktueel verbind deur die handelinge van sy organe, naamlik:

3.2.1. Die sinode as vergadering is, wanneer in sitting, die hooforgaan van die kerkverband in kontraktuele verhoudinge.

3.2.2. Die sinodale kommissie, wat as opdrag het „die voorlopige hantering van spoedeisende sake wat tot die terrein van die sinode behoort,"[148] sal kompetent wees om 'n kontrak, onder die opskortende voorwaarde dat die sinode dit eers moet bekragtig, aan te gaan indien die transaksie van spoedeisende belang is.

3.2.3. Die kerkkantoorkommissie, wat volmag van die sinodes het om die volgende te verrig[149]:

---

145) Acta Suid-Transvaal, 1968, 650, 744 en 804; en verder Acta Algemene Sinode, 1970, 750 en 868.
146) Bep. 55.4 (Suid-Tvl.).
147) Bep. 55.4.3 (Suid-Tvl.).
148) Bep. 35.2.4 (Suid-Tvl.).
149) Bep. 55.4.3 (Suid-Tvl.).

Om met betrekking tot die goedere van die kerk eisend en verwerend op te tree;

Om eiendomme te laat transporteer op naam van die kerk;

Om as onderhandelaar op te tree wanneer die sinode(s) goed van die kerk vervreem ; en

Om geld teen sekuriteit te leen en te belê.

3.2.4. Die verskillende sinodale kommissies, ingevolge bepaling 35.3 saamgestel, is bevoeg om, met rapport aan die sinode of sinodale kommissie in die resés, fondse in die lewe te roep en te onderhou vir die verskillende werksaamhede wat die sinode onderneem. Hierdie fondse word deur die onderskeie kommissies beheer en die saakgelastigde doen die uitbetalings. As organe wat aldus ook vermoënsregtelike kompetensies het, sal sodanige kommissies die kerk kontraktueel kan verbind.

3.2.5. Die saakgelastigde, wat as administratiewe amptenaar „uitvoering aan besondere opdragte van sowel die sinodes as die sinodale kerkkantoorkommissie"[150] gee, sal die kerk kontraktueel verbind wanneer hy onder opdrag take verrig.

## 3.3. Die kerk as werkgewer

Amptenare in sinodale diens word in Suid-Transvaal ingevolge bepaling 7.8 deur die sinodale kommissie benoem. Hulle arbei „onder toesig van en in oorleg met die betrokke kommissies van die sinode, wat toesig hou oor die bepaalde arbeidsterrein,"[151]

---

150) Bep. 55.5 (Suid-Tvl.); regl. 8 (Kaap).
151) Bep. 7.8.3.

en derhalwe kom 'n heer-dienaar verhouding tot stand tussen die kerk, handelend deur die sinode en sy kommissies, en die amptenaar.

Sekere amptenare is tans in diens van meerdere sinodes gesamentlik, byvoorbeeld die argivaris, die saakgelastigde, en die predikant met opdrag die bevordering van openbare sedelikheid.

## 3.4. Die kerk as party by die onregmatige daad

As verweerder in 'n deliktuele aksie kan die kerk aanspreeklik wees vir die onregmatige dade van sy

lashebbers,
organe en ander verteenwoordigers en dienare of werknemers, volgens dieselfde beginsels waarop 'n gemeente of 'n ander universitas deliktuele aanspreeklikheid opdoen.[152]

### 3.4.1. Lashebbers

In Sachs v Voortrekkerpers[153] het Die Algemene Kerkvergadering van die Hervormde Kerk aan 'n teologiese professor opdrag gegee om 'n brosjure te skryf waarin lidmate teen die kommunistiese gevaar gewaarsku word. In die brosjure het die skrywer lasterlike bewerings aangaande die eiser kwytgeraak, byvoorbeeld dat laasgenoemde sy pos as sekretaris van die klerewerkersunie op 'n onderduimse manier verkry het en dat hy 'n

---

152) Sien supra.
153) 1942, W.P.A. 99, veral op 106. Vgl. de Klerk v Union Government, 1958 (4) S.A. 495 (T.).

landsverraaier is deurdat hy revolusie, die omverwerping van die bestaande maatskaplike orde, verkondig. Die hof stel die eiser in die gelyk. Die professor het R600 as voldoening aan die eis aangebied, maar die hof het die bedrag verhoog tot R1200 en die betaling van die koste. Na ons mening behoort in sodanige gevalle die sinode en die skrywer in solidum aanspreeklik te wees vir genoegdoening.

3.4.2. Organe

In sy stryd teen die liberalisme was die kerk meermale aanspreeklik vir die onregmatige handelinge van sy organe.

In Kotzé v Murray[154] is die onregmatige skorsing van ds. Kotzé deur die sinode in plaas van deur die ring soos dit in die kerklike bepalinge neergelê is, deur die hof tereg ter syde gestel.[155]

In Burgers v Murray[156] is beslis dat die geskorste leraar al die lede van die sinodale kommissie moet voeg as hy die kommissie wil dagvaar. Sodanige prinsipieel-foutiewe beslissings was die uitvloeisel van die bepalinge van Ordonnansie 7 van 1843, wat genootskapsreg op die kerk toegepas het. In Burgers v Murray (supra) duik die vraag op of die sinodale kommissie 'n

154) 1864, 5 S.39. Vgl. Swanepoel v O.V.S. Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1949 (4) S.A. 964 op 973 (O) vir 'n aksie teen 'n sinode wat een van sy bepalinge van terugwerkende krag gemaak het en sodoende die eiser, 'n nedersetter op Goedemoed, benadeel het. Die verweerder is in hierdie geval korrek aangedui: Nie sinode nie, maar kerk.

155) 1864, 1 R, 218.

156) 1865, 1 R, 252.

regspersoon is of nie. Regter Watermeyer is op die regte spoor as hy die sinodale kommissie sien as 'n syndicus van die universitas.[157] In facto het die sinodale kommissie as orgaan van die kerkverband verskyn vir dié onregmatige skorsing.

In sodanige aksies is die kerk uit sy sinodale fondse aanspreeklik vir skadevergoeding.

### 3.4.3. Werknemers

Soos supra aangedui, is die universitas en sy dienaar in solidum aanspreeklik vir die onregmatige handelinge van die dienaar.

As eiser in 'n deliktuele aksie tree die volgende organe vir die kerk in Suid-Transvaal op: In 'n aksie met betrekking tot damnum iniuria datum sal die kerkkantoorkommissie ingevolge bepaling 55.4.3 ageer na oorlegpleging met die regskommissie ingevolge bepaling 35.3.1.

Ons let vervolgens op die kompetensies van die ringsverband.

## 4. DIE KOMPETENSIES VAN 'N KERK IN RINGSVERBAND

Die ringsverband, deur die sinode georden,[158] is 'n groepering van gemeentes in 'n voortdurende eenheidsverband met sekere interne kompetensies.[159] Die eksterne kompetensies van hierdie verband het in die Nederduitse Gereformeerde kerklike lewe nog

---

157) P. 257 van die hofverslag.
158) K.o. a 29.
159) K.o. a 31.

nie ten volle ontwikkel nie, hoewel ringsverbande al hoe meer selfstandige aksies ten aansien van die sending loods en aldus as werkgewers ageer. Dit is dus noodsaaklik om die privaatregtelike kompetensies van die ringsverband vas te stel.

## 4.1. Die ring as eienaar van sake

Geldenhuys[160)] verklaar dat „die ring 'n liggaam is wat gewoonlik nie oor veel eiendomme of fondse beskik nie," en haal goedkeurend die Kaapse bepaling aan wat in aansluiting by artikel 10 van Ordonnansie 7 van 1843 bepaal dat die vaste eiendom wat aan die „ring" behoort, geregistreer moet word op die naam van die dan fungerende voorsitter en skriba van die ring, wat dan ook alle regshandelinge „op las van die ring" moet verrig. Verder verklaar Geldenhuys dat „die ring as sodanig geen locus standi in judicio het nie en dus in geval van regsgedinge iemand sal moet magtig om namens hom te verskyn." Regspersoonlikheid word aldus aan die ringsverband ontsê.

Die Suid-Transvaalse Sinode[161)] gee aan die ringsverband die kompetensie om roerende goed (administrasiefonds en ander fondse wat noodsaaklik is vir die werksaamhede wat deur die ring onderneem word) in eie naam te besit en te administreer, maar oor die kompetensie om in eie naam onroerende eiendom te besit, bestaan onduidelikheid. Bepaling 55.2.2 het betrekking op twee of meer gemeentes wat as 'n genootskap bepaalde werksaamhede onderneem.

---

160) 364. Vgl. regl. 11.4 (Kaap).
161) Bep. 55.2.

Vaste eiendom van 'n sodanige genootskap moet geregistreer word in die naam van een van die kerkrade wat dit in trust moet hou.[162] Deur hierdie reëling word die regspersoonlikheid van die ringsverband as 'n selfstandige regsubjek geneutraliseer.

Die huiwering om 'n ringsverband in hierdie opsig as 'n selfstandige regsubjek te behandel, is sowel kerkregtelik as privaatregtelik ongegrond aangesien, soos in hoofstuk 2 *supra* aangedui, die ringsverband as 'n verband van gemeentes aan al die vereistes vir die toekenning van regspersoonlikheid voldoen. Die ringsverband behoort in sy eie naam roerende en onroerende goed as eiendom te kan hê. Vaste eiendomme behoort geregistreer te word in die naam van: Die Nederduitse Gereformeerde Ringsverband van X.

## 4.2. Die kontraktuele kompetensies van 'n ringsverband

'n Ringsverband neem aan die regslewe deel deur middel van die volgende organe:

i. Die ringsvergadering, saamgestel deur afgevaardigdes van kerkrade,[163] is die hooforgaan van die ringsverband. „Regshandelinge in verband met eiendomme word verrig deur die ampsdraers van die ring na behoorlike magtiging daartoe gegee deur die ringsvergadering."[164]

---

162) Vir probleme wat voortvloei uit die hou van kerkeiendom in trust, sien *Central Trustees of The Church of England in S.A. v Trustees appointed under Act 9 of 1910*, 1958 (3) S.A. 650 (N); *Group Areas Development Board v Hurley*, 1961 (1) S.A. 123 (A); *Vernon and others v Bradley and others*, 1965 (1) S.A. 422 (N).
163) K.o. a 29 en 30.
164) Geldenhuys, 364.

ii. Die ringskommissie, wat ingevolge bepaling 33.3.1 (Suid-Transvaal) die kompetensie het om voorlopig spoedeisende sake te hanteer totdat die ringsvergadering dit in behandeling kan neem, sal 'n ooreenkoms, indien dit van spoedeisende belang is, kan aangaan onder die opskortende voorwaarde dat die ring dit moet ratifiseer.

iii. Ringskommissies, kragtens bepaling 33.3.2, 3 en 4 (Suid-Transvaal) in die lewe geroep, kan alleen die ringsverband kontraktueel verbind indien die ringsvergadering sodanige ooreenkomste bekragtig of daartoe opdrag gee.

## 4.3. <u>'n Ringsverband as werkgewer</u>

In Suid-Transvaal kan 'n leraar wat vir die sending afgesonder word, deur die sendingkommissie van 'n ring beroep word sonder dat hy as leraar aan 'n gemeente verbind word.[165] Vir buitengewone werk wat 'n ringsverband mag onderneem, kan die ringsvergadering amptenare benoem.[166] Sodanige persone sal dan in diens van die ringsverband staan en hul arbeid onder toesig en beheer van die ringsvergadering verrig. 'n Werkgewer - werknemer verhouding kom aldus tot stand.

## 4.4. <u>'n Ringsverband as party by die onregmatige daad</u>

As verweerder sal 'n ringsverband aanspreeklik

---

165) Bep. 7.2.3. (Suid-Tvl.).
166) Bep. 7.2.4 en 31.6.2 (Suid-Tvl.)

wees vir die onregmatige dade van sy organe,[167] sy werknemers en sy lashebbers, byvoorbeeld die konsulent van 'n gemeente wat deur die ring benoem word.

As eiser in 'n aksie op grond van 'n onregmatige daad gee ons aan die hand dat die ringsvergadering handel nadat die advies van die regskommissie ingevolge bepaling 35.3.1 (Suid-Transvaal) ingewin is.

Ons wys vervolgens op die kompetensies van die laaste kerklike verband, die verband van kerke.

DIE KOMPETENSIES VAN DIE KERK IN ALGEMENE SINODALE VERBAND

In sy Reglement vir Administrasie en Beheer van Fondse en Eiendomme[168] verklaar die Nederduitse Gereformeerde Kerk in algemene sinodale verband homself as 'n voortdurende verband van kerke tot 'n regspersoon. As sodanig oefen dit deur middel van sy organe privaatregtelike kompetensies uit.

---

167) Vgl. Kotzé v Shand and other members of the Presbytery of Tulbagh, 1865 5 S 136; Burgers v du Plessis, 1866 I R 385; Van der Westhuizen v Feenstra, 1939 W.P.A. 312 i.s. die ringsvoorsitter wat nie die kennisgewing van beroepsgoedkeuring wou publiseer nie; De Vos v Die Ringskommissie van die Ring van die N.G. Kerk Bloemfontein, 1952 (2) S.A. 83 (O); Smith v Ring van Keetmanshoop van die N.G. Kerk, 1971 (3) S.A. 353 (S.W.A.).

168) Acta Alg. Sin. 1966, 27, punt 18, A B en C.

## 5.1. Die kerk as eienaar van goed

Die kerk se eiendom is afgeskei van die van die samestellende kerke in sinodale verband,[169] en al sy „eiendomme, goedere en fondse" sal gevestig word in en tereg geregistreer word op naam van Die Nederduitse Gereformeerde Kerk.[170]

## 5.2. Die kontraktuele kompetensies van die kerk

Die kerk tree in maatskapsverhoudinge op deur middel van die volgende organe:

i. Die Algemene Sinode as vergadering, wat ingevolge artikel 43. 6 van die kerkorde ook tot taak het „die administrasie van vaste eiendomme en fondse benodig vir die werksaamhede van die Algemene Sinode."

ii. Die Permanente Finansiële kommissie,[171] wat die kerk se goedere „sal beheer en administreer,"[172] en wat die volgende kompetensies het:

Om oordrag van eiendomme te ontvang;
om eiendomme te verkry;
om eiendomme, roerend of onroerend, te vervreem of te beswaar, en
om gelde teen sekuriteit te belê. Hierdie kommissie sal verantwoordelik wees om verslae insake administrasie en stand van fondse voor te lê aan
die Breë Moderatuur en
die algemene sinodale vergadering.[173]

---

169) Idem, 28 A 4; k.o. a 36.
170) Idem, 27, 18, A 2.
171) Vir sy samestelling, sien Idem, 29, C (1).
172) Idem, 27, 18, A, (2).
173) Idem, 29, C (2).

*Prima facie* skyn dit asof die sinode met hierdie reglement sy kontraktuele kompetensies met betrekking tot die vervreemding van goed aan sy finansiële kommissie gedelegeer het, en dat laasgenoemde nie opdragte van sy prinsipaal ontvang nie, maar willekeurig kan handel en slegs daarna van sy handelinge verslag lewer terwyl die kalf reeds verdronke kan wees.

Sodanige konstruksie is, ten spyte van die opset van die reglement, nie in orde nie. So 'n onbepaalde volmag van 'n *universitas* aan sy orgaan is regtens ongehoord, aangesien die orgaan hom vermoënsregtelik kan vernietig, byvoorbeeld deur sy goed weg te skenk, en dan slegs daarvan verslag te doen. Verder is sodanige konstruksie in stryd met artikel 46 van die kerkorde, wat bepaal dat die kommissies die sinode slegs van advies bedien en sy besluite en opdragte uitvoer; en kragtens artikel 45 mag geen reglement in stryd wees met die kerkorde nie. Willekeurige handelinge van die kommissie sonder opdrag van die sinode sal dus *ultra vires* die kerkorde wees. Verder sal 'n sodanige kontruksie deur ernstige kerkregtelike besware gedruk word.[174] In die lig van bostaande gee ons aan die hand dat die woord verslag deur die Finansiële kommissie aan die sinode of die Breë Moderatuur beteken: advies gee met die oog op die verkryging van 'n opdrag om goed te vervreem. 'n Verandering van die reglement in dier voege is vir regsekerheid noodsaaklik.

## 5.3. Die locus standi van die kerk in 'n regsproses

Die Breë Moderatuur het „die bevoegdheid om in

---

174) Vir die juiste benadering, vergelyk a LXXXIV van die Nederlandse kerkorde, *supra* aangehaal.

enige regsgeding in enige geregshof handelend op te tree, enige regsgeding of handeling aan te gaan of te verdedig, en te dien einde word alle nodige stukke deur die moderator en skriba onderteken. Alle regsprosesstukke en dokumente word op die skriba gedien."[175)]

5.4. Die kerk as werkgewer

As werkgewer tree die kerk op ingevolge artikel 47 van die kerkorde, en 'n heer-dienaar verhouding kom tussen die kerk en die betrokke persoon tot stand.

Die kompetensies van die kerklike verbande is hiermee afgehandel, en die hoofstuk word afgesluit deur 'n verwysing na die kompetensies van ander regspersone wat op die kerklike erf in Suid-Transvaal doenig is, naamlik stigtinge en maatskappye.

## 6. DIE KOMPETENSIES VAN KERKLIKE STIGTINGE

Slegs een stigting van die sinode op die terrein van die barmhartigheidsdiens word na vore gebring, naamlik Die Abraham Kriel Kinderhuis.

In dié geval is regspersoonlikheid gevestig in die verband self, met die bestuur as orgaan wat verantwoording moet doen aan die sinodale kommissie vir die diens van barmhartigheid en aan die sinodes.

---

175) Reglement, p.29 C (3).

Die kompetensies van die bestuur word bepaal in artikel 5 van die grondwet[176] en omvat „alle bevoegdhede en regte wat nodig is om die doelstellinge (van die kinderhuis) te verwesenlik." Ten einde roerende sowel as onroerende goed te verkry, te beswaar of te vervreem, het die bestuur die goedkeuring van die kerkkantoorkommissie nodig. Die bestuur het beheer oor alle personeel van die kinderhuis.

Die begunstigdes onder hierdie stigting is sorgbehoewende kinders.[177]

'n Aansienlike deel van hierdie stigting se fondse word uit legate ontvang. Die bemaking van legate geskied steeds onbelemmerd en sonder formaliteite, soos dit reeds in Voet se tyd was toe die leer van die dooie hand gegeld het: „Orphanotrophiis tamen ac gerontocomiis, et pauperibus apud nos et alios Protestantes tum mobilia tum immobilia relinqui, non videtur inhibitum, licet ad id licentia specialis impetrata non fit."[178] Ingevolge Wet 45 van 1955, artikel 4 h I is sodanige erflatinge vrygestel van boedelbelasting.

Die termyn van 'n liefdadigheidsinrigting se vruggebruik is 100 jaar,[179] terwyl die verjaringstermyn wat teen sodanige inrigtings loop 40 jaar is.[180] Met die verkryging van eiendom sal kerklike stigtinge vrygestel wees van die betaling van hereregte.[181]

---

176) Acta Sinode Suid-Transvaal, 1968, 87 - 89.
177) Grondwet, a 2 en 3. Vir die regte van sodanige begunstigdes, sien Joubert; 162 ev., 200, 202, en Swanepoel, 188.
178) 28.5.4.
179) Voet, 7.4.1; van Leeuwen: Censura Forensis 1.2.15.22.
180) Voet, 44.3.6; van Leeuwen: R.H.R. 2.8.4.
181) Wet 40 van 1949, a 9.

## 7. DIE KOMPETENSIES VAN NUTSMAATSKAPPYE

Die Pro Ekklesia Nuts-Behuisingsmaatskappy, Suid-Transvaal, geregistreer kragtens artikel 21 van die Maatskappyewet, 46 van 1926, soos gewysig, se kompetensies word neergelê in punt III van die akte van oprigting.

Met die voorbehoud dat die maatskappy hom nie in die handel sal begewe nie, het die maatskappy die volgende kompetensies:

Om gronde en geboue te verkry;

om geriewe vir inwoners te voorsien;

om inrigtings op te rig;

om gelde te belê;

om geld te leen en sekuriteit te verskaf;

om die belange van die maatskappy deur besigheid te bevorder;

om trusts te stig;

om eiendom te vervreem en te beswaar;

om verteenwoordigers te benoem.

Hierdie kompetensies word uitgeoefen ten einde die doeleindes van die maatskappy op die akker van die kerklike barmhartigheidsdienste te verwesenlik. Die direksie lewer aan die sinode verslag van al sy handelinge.[182)]

---

182) Acta, Suid-Tvl. 1968, 71 - 73.

# HOOFSTUK VI

## DIE REGSPOSISIE MET BETREKKING TOT TUGHANDELINGE

Die regsubjektiwiteit van kerklike verbande kom ook tot openbaring in die toepassing van tug, wat in die laaste instansie die bo-juridiese doeleindes van die verheerliking van God en die bekering van die sondaar beoog, maar wat ook maatskaplike en regsimplikasies vir die getugtigde inhou soos die opskorting van lidmaatsregte en selfs van die verlies van sy lewensonderhoud. Regsubjektiwiteit, wat deur Dooyeweerd aangedui word as 'n „relatieve subjectsfunctie binnen een onherleidbaar normatief aspect der tijdelike werkelijkheid zelve, wat as zoodanig zich slechts in een onverbrekelijke correlatie van interne verbands- en externe maatschappelijke verhoudingen openbaart",[1] is dus ook op die kerklike proses van toepassing.

In algemene sin kan 'n proses omskryf word as 'n voortgang (<u>procedere</u>, <u>processus</u>, 'n optog) van 'n onsekere en betwisde tot 'n seker en onbetwisbare regstoestand deur middel van 'n volgens reëls beheerde geding, wat gevoer word voor 'n orgaan wat bevoeg is om in die geding 'n beslissing te vel.[2]

Eie aan die verbandstruktuur van die gemeente en die kerkverband, en gekwalifiseer deur die tipiese bestemming van die verband, dra die kerklike proses teen die aangeklaagde 'n onderskeidende geestelike karakter, wat sy grondslag vind in die norme en voorskrifte van

---

1) <u>Themis</u>, 209.
2) <u>Vgl.</u> Dooyeweerd se definisie in <u>Encyclopaedie</u> (vervolg) 94.

die Skrif en nie in die kontraktuele verhoudinge tussen lidmate wat remedies daarstel nie.[3] Ten einde 'n volledige beeld van die kerklike proses te verkry, gee ons eerstens aandag aan die lering van die Nuwe Testament met betrekking tot die tug, daarna aan die metodes van tugtoepassing in die Nederduitse Gereformeerde praktyk, en ondersoek dan die kompetensies van die hof in verband met sodanige tugtoepassing.

## 1. DIE NUWE TESTAMENTIESE GRONDSLAG VAN DIE TUG[4]

Die Apostel Paulus beveel in 1 Korinthiërs 14: 40: „Laat alles welvoeglik en ordelik toegaan." Met hierdie woord orden hy die Nuwe Testamentiese ekklesia. Vir die samevoeging van mense in die gemeentelike verband is orde noodsaaklik, en verskillende soorte reëls orden ook die gemeente:[5] So is daar die taalreël, gegrond op die gebeure met Pinkster, dat aan elke persoon so ver as moontlik die evangelie in sy moedertaal bedien moet word; verder die sosiale gedragsreëls, byvoorbeeld dat die manlike kerkgangers pakke klere aantrek, die vroue hoofbedekkings dra en die kerkraadslede in swart pakke die eredienste bywoon. Die apostel se opdrag in 1 Korinthiërs 14 het egter ook betrekking op die regsreëls wat beliggaam is in die kerkreg, wat die kompetensies van kerklike organe en die regte en verpligtinge van lidmate omlyn. Die implikasie hiervan is dat indien 'n lidmaat of 'n

---

3) Vgl. Kachelhoffer, 223 - 224, vir hierdie foutiewe benadering wat die gemeente betref.
4) Vir 'n goeie eksegese van Skrifgedeeltes in hierdie verband, sien Grosheide: Wat leert het N.T. inzake de tucht?
5) Van der Vyver en van Zyl, Inleiding, xi en xii.

ampsdraer afwyk van die welvoeglikheid en die orde, hy of sy tereggewys moet word.

Die sleutelmag, naamlik om te bind en te ontbind, word volgens Mattheüs 16: 19, in verband gelees met Mattheüs 18: ~~15~~ 16 - ~~18~~ 19, deur Christus aan die apostels as die ampsdraers en aan die gemeente verleen. Die tug word aldus toegepas deur die ampsdraers en die gemeente gesamentlik.

Die Nuwe Testament dui verskillende stappe in die kerklike proses aan. Die eerste stap is die broederlike vermaning volgens die voorskrif van Christus in Mattheüs 18: 15: „En as jou broeder teen jou sondig, gaan bestraf hom tussen jou en hom alleen. As hy na jou luister, dan het jy jou broeder gewin." Aan die gemeente van Rome skryf Paulus in hoofstuk 15 dat hy oortuig is dat die lidmate vol van goedheid, vervul met alle kennis en aldus in staat is om mekaar te vermaan, dit wil sê om die onderlinge toesig en tug te beoefen. Aan die Kolossense (3: 16) skryf die apostel voor dat hulle mekaar met psalms, lofsange en geestelike liedere moet leer en vermaan. Ook die Hebreërbrief (3: 13 en 10: 25) wek die gelowiges op om mekaar te vermaan. Hierdie voorskrifte het betrekking op die broederlike vermaning wat heimlike sondes[6] betrek en wat informeel en privaat geskied.

By hierdie opdrag tot vermaning deur die lidmate onderling, sluit die opdrag aan die ampsdraer om te vermaan. nou aan. In Kolossense 1: 28. 2 Timotheüs 4: 2 en Titus 1: 9 word die ampsdraers

---

6) Vir die onderskeiding tussen heimlike en openbare sondes, vgl. Rutgers, 42 ev.

opgeroep „om te vermaan in alle lankmoedigheid en lering." Met hierdie woorde word die wyse van vermaning deur die Skrif aangedui. Die optrede teenoor die naaste moet deur die liefde beheers word (Romeine 12: 10, 1 Petrus 1: 22) en ook die tugtoepassing moet in die teken daarvan staan. Die doel van die vermaning is immers volgens Handelinge 17: 30, Jakobus 5: 19 - 20 en Openbaring 3: 19 die bekering en behoud van die sondaar.

Indien die sondeplegende lidmaat hom nie aan die broederlike vermaning steur of daarop gunstig reageer nie, volg die volgende stappe van tugoefening wat kan uitloop op ekskommunikasie of uitsluiting uit die gemeente indien daar nie intussen berou en bekering plaasvind nie. Die kerklike proses word nou amptelik en openbaar, soos voorgeskryf in Mattheüs 18: 16 - 17: „Maar as hy nie luister nie, neem nog een of twee met jou saam, sodat in die mond van twee of drie getuies elke woord kan vasstaan. En as hy na hulle nie luister nie, sê dit aan die gemeente; en as hy na die gemeente ook nie luister nie, laat hom vir jou wees soos die heiden en die tollenaar." Dit is ook die stadia van tugoefening soos deur die apostel voorgeskryf in 1 Korinthiërs 5, waar die lidmate vermaan word om die pleger van bloedskande sosiaal te vermy (verse 9 - 11), hom uit hul midde te verwyder (vers 13), en hom oor te gee aan die satan „tot verderf van die vlees sodat die gees gered kan word" in die oordeelsdag. (vers 5) Wat die uitsluiting uit die gemeente presies inhou, is moeilik om te sê aangesien die apostel dit nie nader presiseer nie. Sekerlik sou dit die ontsegging van die gebruik van die nagmaal beteken, wat volgens 1 Korinthiërs 11: 17 plaasvind wanneer die gemeente saamkom.

Wie die tug moes toepas kragtens 1 Korinthiërs 5: 2 en 13, is ook nie duidelik nie. Aangesien Paulus in elke gestigte gemeente ampsdraers laat kies het (Handelinge 14: 23), kan geredelik aanvaar word dat die ampsdraers tot die uitsluiting geroepe was. In die Naam van Christus moes die tughandeling geskied in 'n vergadering van die gemeente (1 Korinthiërs 5: 4), waaruit blyk dat die ampsdraers en die gemeente gesamentlik die tug toegepas het.

In 2 Korinthiërs 2: 6 - 8 pleit Paulus dat na die geslaagde tughandeling wat bestaan het in 'n „bestraffing deur die meerderheid," die lidmate die liefde aan die gesensureerde moet bevestig en hom vergewe en vertroos.

Die tug omvat nie slegs sondes met betrekking tot die lewenswandel nie, maar ook dwalinge in die leer. In Titus 3: 10 vermaan Paulus dat Titus hom moet onttrek aan 'n opstoker nadat hy hom twee keer vermaan het. In 1 Johannes 4 word die dwaalleraars ontmasker wat die gemeente reeds verlaat het (1 Johannes 2: 19), maar in 2 Johannes vers 10 word die leertug voorgeskryf: Die lidmate moet 'n sodanige dwaalleraar nie in hul huise ontvang nie en moet hom nie groet nie.

Bostaande Skrifgegewens bied die volgende norme aan:

Die Nuwe Testament skryf die toepassing van die tug in die ekklesia imperatief voor.

Die tug beoog die heilighouding van die gemeente as die liggaam van Christus en die bekering van die sondaar.

Die tug word uitgeoefen deur lidmate onderling (eers alleen,dan saam met getuies) in die gevalle van heimlike sondes, en deur die ampsdraers en die gemeente gesamentlik in die gevalle van openbare sondes. Die kerkverband is ook betrokke by tugtoepassing op grond van die feit dat die apostels, wat vir diens in die hele kerk bestem was, ook van Christus die tugreg ontvang het en die lidmate daartoe aanspoor.

Die tug betrek misstande met betrekking tot die lewenswandel sowel as dwalinge in die leer.

Die tug neem 'n aanvang by die onderlinge vermaning, en by gebrek aan berou, gaan dit voort tot by die uitsluiting uit die gemeente.

Die liefde moet die tughandelinge beheers.

Die boetvaardige moet weer in die verband opgeneem word.

Met hierdie riglyne voor oë, word vervolgens gelet op die elemente van die tughandeling soos dit in die Nederduitse Gereformeerde praktyk geld.

## 2. WESENLIKE ELEMENTE VAN DIE TUG

Kragtens die interne struktuur van die gemeente en die kerkverband kan die volgende elemente van die tughandeling kursories aangedui word:

2.1. Die doel van die tug word in navolging van Calvyn in artikel 56.1 van die kerkorde aangegee as:

Tot eer van God,
tot heil van die ekklesia, en

tot behoud van die sondaar.[7)]

2.2. Die bedienaars van die tug word deur die kerkorde soos volg aangedui:

Die lidmate van die gemeente, met die plig om mekaar in broederlike liefde te vermaan (artikel 61.1);

Die leraar en die ouderling, wie se besondere roeping dit is om te vermaan (artikel 61.1);

Die kerkraad as vergadering, indien lidmate sondig met betrekking tot die lewenswandel of die leer (artikel 61.2);

Die ring as vergadering, indien ampsdraers tugwaardig is (artikel 61.3);

Die sinodale vergadering, indien 'n evangeliedienaar uit die diens afgesit word (artikel 62.3.3).

Die ring en die sinode is instansies van appél vir aangeklaagdes wat hulle deur die uitspraak van 'n mindere vergadering beswaard voel. (Artikel 63.1). Alleen in leersake het ook die klaer reg van hoër beroep tot by die Algemene Sinode. (Artikel 63.1).

Die gemeente word in twee gevalle by tugoefening betrek. Wanneer 'n kerkraad, na raadpleging van die ring, 'n lidmaat ekskommuniseer of afsny, geskied dit in die gemeentelike samekoms

---

7) Vir die Skriftuurlike fundering hiervan en die siening van Calvyn, A'Lasco en Voetius, vergelyk Rutgers, 16 - 19; verder Smuts; 23 - 29; H. Bouwman, II, 604 ev.

met gebruikmaking van die betrokke formulier.[8] Verder word die naam van 'n lidmaat wat onder sensuur is maar hom van die gemeente afskei, van die kansel bekendgemaak met vermelding van die feit dat hy hom afgeskei het. Die doel van hierdie afkondiging in die gemeente is, verklaar Bouwman,[9] om die gemeente daartoe te kry om hom aan te spreek en vir hom te bid: „want dit kan een middel zijn in de hand des Heeren dat het hart des zondaars wordt vermurwd."

Ons meen dat met hierdie bepalinge aan die Skriftuurlike vereiste dat die ampsdraers en die gemeente gesamentlik die tug toepas, in hoofsaak voldoen word.

2.3. Die gesindheid van die bedienaars van die tug in die uitvoering van hul plig word in artikel 57 van die kerkorde aangedui. Hiervolgens dra die tug 'n geestelike karakter en moet die opsieners by die uitoefening daarvan „die toon van die burgerlike regspleging vermy ... hulle moet as vaderlike opsieners, met diepe ootmoed voor God en met tere liefde en belangstelling, die oortreders probeer terugbring van hul dwaalweë sonder aansien van persoon."

Met hierdie artikel word op voetspoor van die Dordtse kerkorde, die wesenlike verskil tussen die burgerlike en die kerklike proses aangetoon. Aan die owerheid is die kompetensie deur God verleen (Romeine 13: 4) om die kwaaddoener te straf deur middel van vergeldende strafmaatreëls. By die

---

8) K.o. a 62.1.3. Die bedoeling hiervan is om die voorganger te vrywaar van lasterlike opmerkings oor die persoon van die afgesnedene, en die gemeente sodoende aanspreeklik stel.
9) H. Bouwman, II, 637, bep. 58.4.2 (Suid-Tvl.).

kerklike tug staan die bekering van die sondaar as doel voorop, en die weg waarlangs dit gesoek word, is die weg van liefdevolle vermaning en selfs isolering indien die sondaar onberouvol op sy dwaalweg volhard.

Die geestelike karakter van die tug- dit is intensiewe geestelike bearbeiding wat dwing tot 'n beslissing tussen Christus en die sonde[10] - verdoof egter nie die kwasie-judisiële aard[11] van 'n kerklike tughandeling nie. Die skuld van die aangeklaagde moet immers bewys word voordat tugmaatreëls toegepas kan word. Met die oog daarop bied die kerkorde in artikel 58 aan die aangeklaagde geleentheid vir sy verdediging. Die kerklike bepalinge gee aan hom die reg van kruisverhoor, maar hy mag nie deur 'n pleitbesorger ondersteun word nie. Die kwasie-judisiële aard van 'n tughandeling blyk verder uit die feit dat terwyl een persoon getuienis aflê, die ander getuies afwesig moet wees; en verder dat die kerkraad die reg het om van 'n getuie 'n waarheidsbelofte te eis „ten einde sy getuienis te bevestig."[12]

---

10) Smuts, 19.
11) Wiechers, 1966 THRHR 204, definieer 'n kwasie-judisiële handeling as 'n handeling wat lyk op 'n regsprekende, judisiële handeling maar dit in werklikheid nie is nie, omdat die orgaan wat dit verrig nie 'n regsprekende orgaan is nie en nie regsprekende handelinge verrig nie. Vgl. Peri-Urban Areas Health Board v Administrator, Tvl., 1961 (3) S.A. 669 (T) en Bell v van Rensburg, 1971 (3) S.A. 693 (K) op 724.
12) Bep. 58.3.6 (Suid-Tvl.); bep. 181 (Natal); a 168 (Kaap).

2.4. Die voorwerpe van die tug is lidmate, dit wil sê doop- en belydende lidmate.[13] Die doel van die tug, naamlik om die sondaar tot bekering te lei, is steeds persoonlik georiënteer. Voetius[14] se foutiewe siening dat 'n kerkraad as liggaam deur 'n meerdere vergadering afgesit en ontslaan kan word, kan tereg nie toepassing vind in die Nederduitse Gereformeerde kerklike lewe nie.[15] Individuele ampsdraers kan deur 'n meerdere vergadering getug word, maar nie 'n groep of 'n verband nie. 'n Kerkraad, 'n vereniging of 'n maatskappy kan geen voorwerp van tug wees nie, aangesien die doel van die tug (berou en belydenis van sonde wat streng persoonlik is) nie verwesenlik kan word nie. Uit die aard van die saak kan slegs skuldige lidmate, wat toerekeningsvatbaar is, voorwerpe van tug-oefening wees.

2.5. Die aanleiding tot 'n formele kerklike proses is 'n gerug of 'n geskrewe klag[16] met betrekking tot 'n lidmaat of 'n ampsdraer se leer en/of lewenswandel. Artikel 59.1 van die kerkorde bepaal: „Die tug gaan oor alle tugwaardige sondes wat teen die Woord van God en die belydenis indruis."

Hoewel die woorde „teen die Woord van God en die belydenis indruis" kwalifiserend en beperkend ten opsigte van die omvang van die tug skyn te wees, is die trefkrag van die bepaling tog baie wyd. So

---

13) K.o. a 59.1. Vgl. Smuts, 30 ev.
14) 1, 227. Vir 'n volledige uiteensetting oor die stryd in Nederland, sien M. Bouwman, 317 ev., en H. Bouwman, 11, 67 ev.
15) K.o. a 60 en 62. Verder Keet, 98 - 103 en Jansen, 145, 304 - 309.
16) Bep. 58.1 en bep. 61.1 (Suid-Tvl.).

verklaar Voetius[17] dat 'n afgevaardigde na 'n sinode wat sonder 'n deugsame rede wegbly, of 'n ampsdraer wat kerklike bepalinge oortree, wel tugwaardig is. Ons meen dat sodanige hardnekkige oortredinge wel in die Nederduitse Gereformeerde praktyk tugwaardig is aangesien hulle as strydig met die Skrif gekonstrueer kan word.[18]

Kerkorde artikel 59.1 bepaal dat „sondes" tugwaardig is. Die bepaling lê in lyn met Voetius se lering dat sondes van allerlei aard wat ergerlik is en met hardnekkigheid en veragting van die kerklike vermaning, bestraffing en mag gepaard gaan, tugwaardig is.[19] 'n Tugwaardige handeling moet dus voldoen aan die volgende vereistes:

i. Dit moet 'n sonde wees, dit wil sê strydig met die wil van God soos in Sy Woord geopenbaar.

ii. Dit moet ergernis veroorsaak, dit wil sê algemeen bekend en aanstootlik wees en aanleiding gee tot oneer van die Here.

iii. Die sondaar moet hardnekkig volhard in die sonde en alle vermaninge verwerp.

2.6. Die <u>tugmaatreëls</u> wat kerkvergaderinge mag aanwend, word in kerkorde artikel 62 neergelê met betrekking tot die tug van lidmate, kerkraadslede en evangeliedienaars. Enige ander maatreëls, soos teregstelling

---

17) IV, 203. Vgl. M. Bouwman, 307 ev.
18) Dieselfde geld vir die tugwaardigheid van ouers wat weier om hul kinders uit Roomse skole te haal. Die Sinode (Suid-Tvl. 1968, <u>Acta</u>, 151) het besluit dat hulle tugwaardig is „op grond van versuim van die doopgelofte." Om die doopgelofte te versuim, is in stryd met Pred. 5: 3 - 4 en aldus 'n tugwaardige sonde.
19) IV, 844. Vgl. Smuts, 50 ev; H. Bouwman, II, 666 ev. Die siening van die hof in <u>Odendaal v Kerkraad van die gemeente Bloemfontein-Wes</u>, 1960 (1) S.A. 160 (O) op 169 dat tugwaardige gedrag 'n oortreding volgens die kerkwet moet wees, is te eng en beperkend.

van ketters, tronkstraf, verbanning of 'n geldboete, sal <u>ultra vires</u> en aldus onregmatig wees.

2.7. Teen uitsprake van kerkvergaderinge kan in <u>hoër beroep</u> gegaan word na die volgende meerdere vergadering. Kerkorde artikel 63 bepaal dat in tugsake wat betrekking het op die lewenswandel alleen die aangeklaagde reg van appél het tot by die sinode; maar in tugsake met betrekking tot die leer het klaer en aangeklaagde in 'n vryspraak of skuldigbevinding die reg van hoër beroep tot by die Algemene Sinode, waar 'n twee-derde meerderderheiduitspraak vereis word. (Kerkorde artikel 44.3.1). Indien 'n twee-derde meerderheid nie verkry kan word nie, kan enige van die partye 'n verdere beroep op die afsonderlike sinodes doen, en die gesamentlike volstrekte meerderheid van stemme van die afsonderlike sinodes is dan beslissend. (Kerkorde artikel 44.3.2). Dit is 'n billike maatreël om in leergeskille soveel moontlik geleenthede vir studie en bespreking te skep.

2.8. Die <u>opheffing</u> van tugmaatreëls word in artikel 64 van die kerkorde neergelê.

Uit bostaande grepe is dit duidelik dat die metodes van tugtoepassing in Nederduitse Gereformeerde verbande in lyn met die Skrifnorme lê. Die vraag of en, indien wel, hoedanig die privaatregtelike gevolge van tughandelinge is, kom vervolgens aan die orde.

## 3. <u>DIE REGSGEVOLGE VAN TUGHANDELINGE</u>

Met betrekking tot die tug van 'n lidmaat in die vorm van die onderlinge vermaning, bestaan geen

regsgevolge *ipso facto* nie.[20] Regsgevolge kan wel ontstaan indien die vermaning onregmatiglik geskied en die tug in sy wese aangetas word, byvoorbeeld wanneer die onregmatige dade van belediging of eerkrenking[21] in die private gesprek, laster[22] indien sodanige opmerkinge voor getuies gemaak word, en die skending van privaatheid[23] begaan word. In sodanige gevalle sal die onregmatig handelende lidmaat as individu in 'n burgerlike proses aanspreeklik wees.

Op die vraag of tug in die vorm van afhouding van die nagmaal *per se* regsgevolge het, is in die verlede verskillend geoordeel. In *Van Graan v The Hopetown Consistory of the Dutch Reformed Church*[24] is 'n dame weens owerspel onder sensuur geplaas. Haar aansoek om tersydestelling van dié vorm van tug, word deur die hof geweier: "The order of the church court does no more than deny her the use of the Lord's Supper, and this, at all events, is a purely spiritual punishment, not directly cognisable by any court of law."[25] Dieselfde

---

20) Behalwe wanneer 'n vermaner by 'n later geleentheid sitting sou neem in 'n kerkvergadering wat die vermaande verhoor. Dan is die moontlikheid te voorsien dat die aangeklaagde, uit vrees vir die waarskynheid dat hy nie 'n billike verhoor sal kry nie, beswaar kan maak teen die sittingsreg van die vermaner. Sien *infra*, 5.2.3.

21) Van der Merwe en Olivier, 390 ev; McKerron, 53 ev. Vgl. *Whittaker v Roos*, 1912 A.A. 92, *Walker v van Wezel*, 1940, W.P.A. 66.

22) Van der Merwe en Olivier, 336 ev; McKerron, 170 ev; Voet, 47.10.7; *Golding v Torch Printing and Publishing Co.* 1948 (3) S.A. 1067 (K.)

23) Van der Merwe en Olivier, 393 ev; Strauss, Strydom en van der Walt, 258; *O'Keefe v Argus Printing and Publishing Co.*, 1954 (3) S.A. 244 (K); McKerron, 54.

24) 1885 - 1886, IV Juta se hofverslae, 131. Vgl. U. Huber *Hedendaagse Regtsgeleerdheyt* 11.1.10.27, 28, 53.

25) *Idem*, 133.

argument word gevolg in <u>Nel and others v Dönges N.O. and others,</u>[26] waar drie lidmate van die gemeente Hoopstad om 'n interdik teen die leraar en kerkraad aansoek doen ten einde rebelle te verhinder om die nagmaal te gebruik. Die aansoek word geweier: "In my opinion, the reception or rejection of any person in partaking of the Lord's supper is a purely spiritual matter, and is one that is not cognisable by the civil court."[27]

In hierdie laaste geval is die beslissing ongetwyfeld korrek. Die lidmate van Hoopstad wat aan die 1914-rebellie deelgeneem het, was op daardie stadium nie onder sensuur nie en het op grond van hul lidmaatsregte toegang tot die nagmaal gehad; en indien die hof hulle sodanige reg sou ontneem het weens hul politieke bedrywighede, sou dit 'n growwe oorskryding van kompetensies beteken het. McGregor, R. was korrek toe hy opgemerk het: "The matter now in dispute ..... appears to be ..... a matter of internal doctrine, government or discipline, and not a matter where either propriety or civil rights are involved. It seems to me that it is a matter where this court should not interpose."[28]

Maar is die van Graan-beslissing korrek? In <u>Bredell v Pienaar</u>[29] het die Kaapse hof hom daarvan gedistansieer: "I cannot agree that censure of a married man of disconduct with a girl in his employ is a mere spiritual punishment. Such a finding and censure made public in the community where he lives would cause him temporal damage. His reputation and honour among his fellow men would be affected and it

---

26) 1919 O.P.A. 7.
27) <u>Idem</u> op 12.
28) <u>Idem</u> op 15.
29) <u>1922</u> K.P.A. 578 op 583.

is quite likely that he might also suffer pecuniary loss as the result of the censure...." en die hof ondersoek vervolgens die regmatigheid van die tughandeling. Dit is duidelik dat sensuur - "a temporary forced withdrawal from the exercise of the priviliges of the member"[30] - maatskaplike en burgerlike regsgevolge het. Te meer sal dit die geval wees by ekskommunikasie of afsnyding waar die getugtigde se identiteit en die feit van sy afsnyding van die kansel bekend gemaak word vir openbare kennisname.

Soos hierbo aangedui, moet die lidmate daarin deel ten einde die tuguitoefening effektief te maak. Die kanoniste het met betrekking tot 'n afgesnedene die volgende stelreël gehad: Os, orare, vale, communio, mensa negatur.[31] Die wederdopers het nog verder gegaan, en dié Roomse reëls met groter konsekwentheid toegepas. Die gereformeerdes het egter aanvanklik geworstel met die vraag wat die voorskrif: „Laat hom vir jou wees soos die heiden en die tollenaar" presies omvat. Na vele dispuut is by die Sinode van Emden (1571) soos volg besluit: „De kercken-dienaar ... sal den gheloovighen vermanen, dat sy gheene alte ghemeensame ende onnoodighe conversatie ende gheselschap met den verbanneden hebben .... op dat die verbande ofte uytgheslotene beschaemt zijnde, ernstelijk bedencke sich te bekeeren."[32] Op hierdie wyse kom die

---

30) Bamford, 132; Goldman v Swede, 1930 W.P.A. 216; Sooboo v Pretoria District Indian Football Association, 1943 T.P.A. 43.

31) Vgl. Rutgers, 92. Wat die afgesnede lidmaat ontsê is, is: os - samespreking; orare - om saam in gebed te verkeer; vale - begroeting een eerbetuiging; communio - saamwoning, saamwerking en kontraksluiting; mensa - saam eet aan tafel.

32) Dieselfde bepaling in die Dordtse kerkorde, 1578,a97. Sien Rutgers, 95.

posisie van die getugdigde maatskaplik en privaatregtelik in gedrang.

Regmatige tugoefening ingevolge artikel 62 van die kerkorde - volgens sy aard 'n interne geestelike handeling met verhewe geestelike doeleindes - met sy maatreëls van bestraffing, sensuur en afsnyding, plaas die kerklike tug midde in die privaatreg. Die opmerkings van die regter in Bredell v Pienaar (supra) was geregverdig.

In die praktyk is die kerkregtelike en privaatregtelike gevolge van regmatige tugmaatreëls die volgende:

3.1. Met betrekking tot lidmate

Die tugmaatreëls met betrekking tot lidmate wat tot beskikking van die kerkraad staan, is bestraffing, sensuur, en afsnyding na raadpleging met die ring.[33]

i. Bestraffing, in of buite die vergadering van die kerkraad, volg op skuldigbevinding aan 'n mindere oortreding van die wil van God soos geopenbaar in die Woord. In die praktyk neem dit die vorm van 'n vertroulike broederlike gesprek aan; berou is gewoonlik aanwesig en na gesamentlike gebede is die saak afgehandel, tot bevrediging van al die betrokkenes. Die bestraffing het in die reël geen burgerlike regsgevolge nie. Indien berou nie aanwesig is nie, neem die tug vervolgens die vorm van sensuur aan.

---

33) K.o. a 62 1 - 3.

ii. Met die sensuur tree regsgevolge in. Die gebruik van die bondseëls word die lidmaat ontneem; dit wil sê hy mag nie die nagmaal gebruik en sy kind laat doop nie. Die dignitas van die getugdigde „wat insluit die waardigheidsgevoel, kuisheidsgevoel, piëteitsgevoel en selfrespek"[34] kom in die gedrang, asook sy verhouding tot sy gesin, familiebetrekkinge en vriende. Veral tree probleme in die huisgesin na vore indien een van die egliede onder sensuur is en daar 'n kind is wat gedoop moet word. Indien die getugdigde 'n besigheidsman is of 'n openbare betrekking beklee, kan die sensuur ook in sodanige verhoudinge gevolge hê, byvoorbeeld finansiële verliese.

Verder is 'n lidmaat wat onder sensuur staan, gemeentelik regteloos. Kragtens bepaling 58.1.1 (Suid-Transvaal) is hy onbevoeg om 'n klag by die kerkraad in te dien, maar ingevolge bepaling 61.1.1 is hy wel bevoeg om by die ring 'n klag aanhangig te maak. Hierdie onderskeiding is sinneloos en na ons mening 'n blote oorsig, want dit sou beteken dat 'n gesensureerde lidmaat nie 'n mededader by die kerkraad mag aankla nie.

Ingevolge die reglement vir die beheer van goedere en fondse[35] is hy nie stemgeregtig op 'n gemeentevergadering wat bepalinge kan maak met betrekking tot die beheer en administrasie van die goedere en fondse van die gemeente waartoe hy self bygedra het nie. In de Waal v

---

34) Van der Merwe en Olivier, 390.
35) Bylae 2.7 (Suid-Tvl.).

van der Horst[36] beslis die hoofregter dat aangesien die eiendom in die gemeente gevestig is, "each member ... has a patrimonial interest in the property and funds while he remains a member." Op die aard van sy belang by kerkgoedere, kom ons weereens in 'n volgende hoofstuk terug; maar die feit is dat een van sy burgerlike regte hom ontneem word met die opskorting van sy sittingsreg op 'n gemeentevergadering as 'n beherende liggaam.[37]

iii. In die geval van die afsnyding, waar die saak nou in breër kringe bekend word, naamlik in die ringsverband, en waar die feit van afsnyding in 'n erediens voorgedra word en 'n formulier vir ekskommunikasie voorgelees word, kom die dignitas en die maatskaplike verhoudinge van die getugdigde almeer in gedrang. Verder verloor hy alle lidmaatsregte, soos supra aangedui is.

## 3.2. Met betrekking tot kerkraadslede

Die tugmaatreëls met betrekking tot kerkraadslede wat deur die ring toegepas kan word, is bestraffing, skorsing in die diens, en afsetting uit die diens.[38]

---

36) 1918 T.P.A. 277 op 284.
37) Vgl. Cape Indian Congress and others v Transvaal Indian Congress, 1948 (2) S.A. 595 (A); de Vos v die Ringskommissie van die Ring van die N.G. Kerk, Bloemfontein, 1952 (2) S.A. 83 (O) op 101; Jamile v African Congregational Church, 1971 (3) S.A. 836 (D).
38) K.o. a 62.2.1 - 3.

i. In die geval van bestraffing binne of buite die vergadering van die ring, geld in hoofsaak die opmerkinge supra met betrekking tot die bestraffing van 'n lidmaat deur die kerkraad.

ii. Skorsing in die diens beteken gewoonlik die verlies van die gebruik van die bondseëls, met gevolge soos supra aangedui. Die ring het hier 'n diskresie en kan beslis dat skorsing nie die verlies van die gebruik van die bondseëls inhou nie.

In Suid-Transvaal, kragtens bepaling 58.1.1, het ook die geskorste kerkraadslid nie die kompetensie om by die kerkraad 'n klag in te dien nie.

Die kerkraadslid neem deel aan die regering van die gemeente kragtens kerkorde artikel 26, en geniet verder die reg van sitting, nominering en stemming by die aanwysing van 'n leraar en ander kerkraadslede. As kerkraadslid het hy deel aan die beheer oor die stoflike aangeleenthede van die gemeente, en dit word bepaal dat „lede wat in hul bediening geskors is of uit hul amp ontset is, daardeur die bevoegdheid verloor om te handel in die beheer en administrasie van die goedere en fondse."[39] In de Vos v die Ringskommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk[40] is beslis dat die verlies van sy diakenskap die verlies van 'n getugdigde se burgerlike reg beteken, aangesien sy sittingsreg op 'n beherende liggaam daarmee verbeur word.

---

39) Bylae 2, 2, 4, 6 (Suid-Tvl.).
40) 1952 (2) S.A. 83 op 101 (O); vgl. Cape Indian Congress and others v Transvaal Indian Congress, 1948 (2) S.A. 595 (A); Jamile v African Congregational Church, 1971 (3) S.A. 836 op 840 (D).

iii. Die afsetting van 'n kerkraadslid uit die diens deur die ring het in hoofsaak dieselfde regsgevolge as sy skorsing.

3.3. Met betrekking tot evangeliedienaars

Tugtoepassing op 'n evangeliedienaar (veral leraars in die moeder en dogtergemeentes, leraars wat met behoud van status as evangeliedienaars in 'n ander amp staan, teologiese professore en proponente[41]) ingevolge kerkorde artikel 62.3 tref die betrokke ampsdraer in die algemeen baie swaar. Die tugmaatreëls op hierdie groep van toepassing, is bestraffing, sensuur en afsetting.

i. Op grond van die feit dat 'n leraar 'n leidende posisie in die gemeente en die gemeenskap inneem, hou reeds die bestraffing binne of buite die ringsvergadering vir hom maatskaplike en siviele regsgevolge in. Aangesien bestraffing slegs op 'n skuldigbevinding op 'n aanklag van sonde kan volg, is hierdie feit genoegsaam dat die leraar daarna vir 'n groot deel van die lidmate onaanvaarbaar is, dat hy sy dienswerk onder moeilike omstandighede moet verrig en dat sy motiewe en pogings steeds verdag staan.

ii. Tydelike skorsing in die diens het hoofsaaklik die volgende regsgevolge:

Die leraar se leiersposisie in die gemeente en gemeenskap word opgeskort.

Hy is die voorwerp van belastering, skinderpraatjies, afsku en isolasie.

---

41) K.o. a 60.2. Emeriti laat ons hier buite rekening, aangesien hul pensioenvoordele nie deur tugtoepassing geraak word nie.

Hy is in sy eie gevoelswaarde gekrenk en word deur 'n skuldgevoel gemartel.

Hy is sy kompetensies wat uit die amp voortvloei, soos die voorsitterskap van die kerkraad, die konsulentskap van 'n ander gemeente, die toegang tot die kansel en die amptelike besoek aan die huise van lidmate, ontneem.

Hy word sy geestelike lidmaatsregte ontneem indien die sensuur ook die verlies van die bondseëls insluit.

Indien die skorsing ook die verlies van lewensonderhoud insluit, beteken dit dat hy sy salaris en toelae kwyt is. Gewoonlik het 'n leraar vir geen ander beroep opleiding ontvang nie en aansoeke van sy kant vir ander betrekkings word uit die aard van die saak met agterdog bejeën.

In geen ander werkkring het skorsing vir 'n gepleegde sonde sodanige persoonlike en privaatregtelike implikasies as vir die evangeliedienaar nie. Skorsing van 'n teologiese professor, 'n persoon wat sy predikantstatus behou het en 'n proponent het eweneens verreikende regsgevolge.

In die vorige eeu het Shippard, R. die val van 'n leraar in sonde en die gevolge daarvan soos volg beskrywe:[42] "It may be that, without duly considering the infirmity of human nature, or remembering that the clergy are men

---

42) Williams v Shaw, 1884, 4 O.K.A., 105 op 143 - 144.

of like passions with themselves, laymen are apt to expect too much from priests and ministers of the Gospel; but be this as it may, the public sentiment is unmistakable; and just as a truly devout and sincere minister of religion, of whatever denomination undoubtedly occupies, both in respect of his sacerdotal functions and as a teacher of morality, far higher ground than other men, so, when unhappily an ordained priest falls from his high estate - falls like a bright exhalation in the evening and no man sees hom more in his true sphere, he sinks as much below, as he was once above the ordinary level. Truly may it be said that, when he falls, he falls like Lucifer, never to hope again. Against an erring member of the priesthood many a stone is cast. There is no place for repentance or mercy; for the majority of men appear to feel a keen delight in trampling on one who thus forfeited the right to tell them unwelcome truths, and so far from feeling humiliated by what, after all, proves nothing but the weakness of man's nature, seek for arguments against the divine doctrines of Christianity in the errors and infirmities of its ministers."

iii. Afsetting uit die diens deur die sinode beteken die nietigverklaring van die akte van legitimasie, dit wil sê die toelating tot die bediening word ingetrek. Herstel in die amp na afsetting is baie moeilik.[43)]

---

43) Vir die prosedure vir herstel, k.o. a 64.3.2 - 4 en Reglement vir Opleiding en Legitimasie, bep. 30.

Uit bostaande is dit duidelik dat tugmaatreëls verreikende privaatregtelike implikasies inhou waarvan die hof verplig sal wees om kennis te neem[44] indien die partye in geskil is oor die regmatigheid van die tughandeling. Die kompetensies van 'n burgerlike hof in hierdie verband kom vervolgens aan die orde.

## 4. DIE KOMPETENSIES VAN DIE BURGERLIKE HOF MET BETREKKING TOT TUGHANDELINGE

Twee prinsipiële onderskeidinge is noodsaaklik om tot die juiste siening van die kompetensies van die staatlike regter om die tughandelinge van kerkvergaderings te beoordeel en selfs tersyde te stel, te kom. Die eerste onderskeiding dui die maatstaf aan wat die regter moet toepas, terwyl die tweede die aard van sy beoordeling bepaal.

4.1. Die verskil tussen die staatlike en die nie-staatlike interne verbandsreg is beslissend vir die kompetensievraag. Nie-staatlike interne verbandsreg, verklaar Dooyeweerd,[45] is die reg wat in sy materiële sin onlosmaaklik saamhang met die individualiteitstruktuur van die betrokke verband en dus gekwalifiseer is deur die tipiese bestemming van die verband. Die staatlike reg, daarenteen, is 'n

---

44) Wet 59 van 1959 a 19; Louvis v Oiconomos, 1917 T.P.A. 465 op 474; de Waal v van der Horst, 1918 T.P.A. 277 op 283; Wilken v Brebner, 1935 A.A. 175 op 193: „Dit staan vas dat die howe ope is vir alle persone en alle liggame en verenigings."

45) Themis, 394; Encyclopaedie, 50.

deur staatsorgane gehandhaafde *ius commune*, wat nie deur 'n buite-juridiese bestemming gekwalifiseer word nie.

Die erkenning van die individualiteitstruktuur van die gemeente en die kerkverband, beperk in die eerste plek die kompetensie van die regter hierin dat hy geen tugbeslissinge van kerkvergaderings afdwing of self die tug uitoefen nie. Dit is wel die stand van sake waar 'n staatskerk gangbaar is, soos dit deurskemer in die *dictum* van die Geheime Raad in *Long v Bishop of Cape Town*.[46) "Tribunals of voluntary church associations ... have no power on their own to enforce their sentences; they must apply for that purpose to the courts established by law, and such courts will give effect to their dicisions." 'n Sodanige benadering is *prinsipieel* foutief. Wanneer die hof tugmaatreëls afdwing, beteken dit 'n verkragting van die verbandstruktuur van die *ekklesia* en sy eie besondere metodes wat gekwalifiseer word deur sy bestemmingsfunksie; met ander woorde 'n aantasting van die geestelike aard van tugoefening, wat ten doel het om die eer van God en die heiliging van die gemeente te handhaaf en die sondaar tot berou en bekering te bring. Prinsipieel buite orde is ook die bestraffing van ds. J.W. Hertzogenrath in 1736 deur die Politieke Raad, die terugroeping van ds. P. Kalden na Nederland as straf vir sy pligsversuim en die verbanning van sieketroosters wat drank misbruik het.[47) Die selfstandigheid van die *ekklesia* word dan ingeboet en die tug as 'n sleutel van die hemelryk uit sy hande geneem.

---

46) 1863, 4 S 162. Vir die korrekte benadering in hierdie verband, vgl. *Primitive Methodist Church v Msikinya*, 1909 19 C.T.R. 579.

47) Vorster, 41, ook 130.

'n Tweede uitvloeisel van die begrensing van staatlike en nie-staatlike interne verbandsreg respektiewelik is dat die regter geensins die kerkleer, soos in die belydenisskrifte vervat, beoordeel of interpreteer nie, aangesien 'n sodanige optrede die interne selfstandigheid van die gemeente en die kerkverband misken.[48] In die reël het die Suid-Afrikaanse regspraak gelukkig hierdie beginsel steeds eerbiedig;[49] slegs in twee gevalle, met respek, is van hierdie beginsel afgewyk. In Kotzé v Murray[50] konstateer Cloete R. dat hy nie oor die leer uitspraak wil doen nie, maar gaan dan daartoe oor om oor die stellinge van die kategismus en die katkisasieboek uit te wei. Dit was ook die geval in die bekende du Plessis-gewysde,[51] waar omstandige getuienis oor teologiese kwessies gelewer is en die hoofregter die leer oor die inspirasie van die Skrif en die kenosis-leer behandel en dan tot die slotsom kom dat „die artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis ruimte laat vir bewerings soos die van eiser," terwyl die kern van die saak gegaan het oor die prosedurefoute wat die Kaapse Sinode begaan het en die bevooroordeling wat aanwesig was by die behandeling van die leergeskille.

Die vraag kom nou na vore: Indien die regter dan op beginselgronde nie 'n materiële maatstaf mag aanlê nie, watter maatstaf moet hy wel aanlê wan-

---

48) Vgl. die korrekte standpunt van Dengerink, 90 ev. teenoor die onpraktiese sienswyse van Groen van Prinsterer.
49) Burgers v Murray, 1865 1 R 258 op 264; Burgers v du Plessis and others, 1866 1 R 385 op 396; Primitive Methodist Church v Msikinya, 1909, 19 C.T.R. 579; de Waal v van der Horst, 1918 T.P.A. 277 op 282; Moorrees, 967 vir 'n woordelikse aanhaling van Hodges H.R. se korrekte benadering in Burgers v Murray supra.
50) 1864, 5 S.39.
51) Du Plessis v The Synod of the D.R.C., 1930 K.P.A. 403, en Die Kerksaak, 224.

neer 'n kerklike geskil na hom vir beslissing verwys word? Hierop is die korrekte antwoord dat die regter 'n formele maatstaf gebruik, wat daarin bestaan dat hy beoordeel of die tughandelinge van die kerkvergadering formeel in ooreenstemming is met

i. die interne verbandsreëls, byvoorbeeld die kerkorde, bepalinge en reglemente, en

ii. die burgerregtelike bepalinge oor regspersone met kwasiejudisiële kompetensies, byvoorbeeld die nakoming van die reëls van die natuurlike regverdigheid.[52)]

Hierdie formele maatstaf stel die regter in staat om die regmatigheid van die kerklike orgaan se beslissing te beoordeel, verder om reg te laat geskied aan die lidmaat of ampsdraer wat bewys dat hy onregmatiglik benadeel is, en terselfdertyd erken hy die soewereiniteit van die interne verbandsreg (die kerkreg) sowel as die vervlegting daarvan met die staatlike reg. Aan hierdie beginsel het ons regspraak wat al die kerke en sektegroepe betref, steeds getrou gebly. So verklaar die regter in Bredell v Pienaar:[53)] "The Kerkraad is a duly constituted judicatory of the church and committed no tort in placing the applicant on his trial. Where they went wrong was in not observing the correct procedure."

Die formele maatstaf vir die regter is voldoende om reg te laat geskied en terselfdertyd is

---

52) Van Rooyen v Dutch Reformed Church Utrecht, 1915, N.P.A. 330; Cohen v Committee of Harrismith Hebrew Congregation, 1924, O.P.A. 27; Peri-Urban Areas Health Board v Administrator, Tvl., 1961 (3) S.A. 669 (T); Wiechers, 1966 THRHR 201 ev.

53) 1922, K.P.A. 578 op 587. Sien verder: Lakey v Paarl Congregational Union Church, 1917, K.P.A. 627 op 630; Lucas v Wilkinson, 1926, N.P.A. 10.

dit prinsipieel die korrekte pad om te volg.

4.2. Die tweede prinsipiële onderskeiding wat die aard van die regter se beoordeling van tughandelinge bepaal, is die verskil tussen interne hoër beroep op 'n meerdere kerkvergadering deur 'n beswaarde, en die geregtelike hersiening van die prosedure wat die kerkvergadering gevolg het deur die hof.

Op grond van die feilbaarheid van kerkvergaderinge, dui die kerkorde en bepalinge interne appélprosedures[54] aan vir 'n persoon wat meen dat hy deur 'n beslissing veronreg is of wat meen dat 'n besluit in stryd is met die Skrif, die belydenisskrifte of die kerkorde. Die prosedure vir appél val in Suid-Transvaal in twee dele uiteen.[55]

i. Met betrekking tot geskille wat in die gang van die kerklike lewe na vore tree en waaroor kerkvergaderings oordeel, lê bepaling 23 'n appélprosedure neer tot by die sinode.

ii. Met betrekking tot tugsake bepaal artikel 63 van die kerkorde dat alleen in 'n tugsaak wat die kerkleer raak, klaer en aangeklaagde die reg van appél het tot by die Algemene Sinode. In 'n tugsaak wat nie die leer van die kerk raak nie, het alleen die aangeklaagde reg van

---

54) K.o. a 23 vir die algemene beginsel.

55) Vir die noodsaaklikheid om te onderskei tussen die appélprosedures in die gevalle van tug en geskille, sien Acta Suid-Transvaal, 1968, 253; asook die Kaapse reglement van 1824, 2de hoofstuk, soos aangeteken deur Dreyer: Boustowwe, III, 229 - 236.

appél na die ring en die sinode.[56] Deur middel van hierdie interne appélprosedure probeer die beswaarde appellant om op grond van oordeelsfoute met betrekking tot beide die prosedure en die feite van die saak die beslissing tersyde kry. Appél is dus 'n regsmiddel wat betrekking het op die formele sowel as die materiële aspekte van die tughandeling, en dit oefen die beswaarde uit deur hom op die meerdere vergadering (ring, sinode, algemene sinode) te beroep vir sover as wat die kerkorde nie sy reg beperk nie. Die hof is geen instansie van appél met betrekking tot die beslissing van 'n kerkvergadering nie: "To put it shortly, in all such cases, apart from such special grounds, the only question for the courts of law to determine is whether the official has in fact exercised his discretion, not whether he has correctly exercised it."[57]

Die hof besit die kompetensie om die tughandeling geregtelik te hersien, en hersiening is die regsmiddel van 'n beswaarde om alleen die prosedure wat die kerkvergadering gevolg het, te bevraagteken.[58] Ons is dus terug by die formele maatstaf wat die regter moet aanlê; die materiële maatstaf is alleen by die interne appél relevant.

---

56) Na ons mening 'n foutiewe beperking. Sien Acta Suid-Tvl. 1968, 242, asook die algemene beginsel van die R.H.R. in van der Linden 3.1.5. en van Leeuwen Inst. 5, 25. Vir die verkieslike benadering, sien kerkorde van die Gereformeerde Kerk, a 31.

57) Shenker v The Master, 1936 A.A. 136 op 146. Sien verder Goldman v Johannesburg Club, 1904 T.S. 251 op 254; Golden Arrow Bus Services v Central Road Transportation Board, 1948 (3) S.A. 918 (A) op 926; Constantinides v Jockey Club of S.A., 1954 (3) S.A. 35 (K) op 44.

58) "The purpose of review is to correct any irregularity in the procedure of a tribunal which has resulted in injustice or prejudice." Rose Innes, 13.

Geregtelike hersiening is dus 'n regsmiddel wat deur die Hooggeregshof beskikbaar gestel word op grond van jurisdiksie deur die wet of/en die gemene reg aan hom toegesê, waardeur die hof die prosedure van 'n kerkvergadering tersyde stel of korrigeer op grond van bewese gronde van onreëlmatigheid en onregmatigheid.[59)]

In hierdie verband ontstaan die vraag of die jurisdiksie van die hof om 'n tughandeling geregtelik te hersien, deur die kerkorde of deur 'n besluit van 'n kerkvergadering uitgesluit kan word. Op die sewende Algemene Kerkvergadering van die Transvaalse Nederduitse Gereformeerde Kerk, gehou op 11 Oktober 1875 te Nazareth, is die volgende besluit geneem na aanleiding van 'n beskrywingspunt wat deur ds. J.P. Jooste van Potchefstroom ingestuur is:

„Geen lid, noch leeraar, noch eenig ander beambte in de Ned. Geref. Kerk in de Z.A. Republiek heeft het recht om zich bij eenen wereldlijke rechtbank te beklagen over enig kerkelijk vonnis, hetwelk over hem uitgesproken wordt, of mogt worden door het hoogste kerkelijke hof of door een der lagere kerkelijke hoven der genoemde kerk. Zij die thans aan die genoemde kerk behooren, of in het vervolg noch aan haar zullen toebehooren, geven door hunne adhaesie (blijven in en vasthouden) aan die kerk te kennen, dat zij zich onderwerpen aan deze wetsbepaling; zij verklaren daardoor dat, waar zij mogten meenen, dat zij als leden, leeraren of ander geestelijke beambten der Ned. Geref. kerk in

---

59) Vgl. Rose Innes se definisie, 20; Smith v Ring van Keetmanshoop van die N.G. Kerk, 1971 (3) S.A. 353 (S.W.A.) op 359.

de Z.A. Republiek zijn benadeeld, te kort gedaan of onrechtvaardiglijk behandeld, zij alle recht en aanspraak opgeven om verhaal te zoeken bij eenig burgerlijke hof; aldus wordt deze wetsbepaling, onverbreekbare en onschendbare overeenkomst, tusschen de Ned. Geref. kerk aan de eene zijde, en de leden, leeraren en ander beambten dier kerk aan de andere zijde, blijvende nochtans de bepalingen in art. 193 vervat van volle kracht."[60]

Aangesien hierdie besluit nie die tand van die tyd kon weerstaan en nooit toepassing gevind het nie, word dit hier slegs vir die historiese waarde daarvan aangehaal. Dit is in elk geval prinsipeel onhoudbaar, aangesien die kerk die kompetensies om lidmate hul burgerlike regte te ontneem, nie het nie. Ingevolge die Engelse reg kan sodanige uitsluiting van toegang tot die howe deur beswaarde lidmate eweneens nie gedoen word nie: "A provision of the rules of a voluntary association making its central council the sole and ultimate arbiter on the legal construction of the rules of the association is contrary to public policy and void."[61] Ook die Nederlandse Hoge Raad beslis dat konstitusionele uitsluiting van die hof se jurisdiksie in stryd met die openbare orde en die goeie sedes is en aldus nietig is, „het geen overigens niet behoeft te betekenen dat ook de beslissing ongeldig is."[62] Dit sal ongetwyfeld ook tereg in die Suid-Afrikaanse reg die geval wees. In die lig van

---

60) Gerdener: Boustowwe, 359 - 360.
61) Baker v Jones (1954) 2 All E.R. 553 op 558.
62) H.R. 11 Jan. 1924, N.J. 1924, 293; vgl. ook H.R. 15 Des. 1950, N.J. 1951, 221.

die appélhofvonnisse konkludeer Steyn[63] dat die kompetensies van die hof selfs ondanks statutêre uitsluiting van sy jurisdiksie, voortbestaan waar ons te doen het met onder andere magsoorskryding, magsweiering, bedrog, ongeoorloofde delegasie, onbehoorlike oogmerke en verontagsaming van wetsvoorskrifte.

In Crisp v S.A. Council of the Amalgamated Engineering Union[64] verklaar die hof dat 'n beswaarde lid van 'n vereniging "can always resort to the courts of law to have his rights vindicated or a wrong remedied. No voluntary arrangement can take that right away. In such cases courts of law will not allow their jurisdiction to be ousted." 'n Sinode wat 'n sodanige bepaling in sy kerkorde invoeg, hou nie rekening met die deurwerking van die sonde ook in die kerklike gemeenskap nie, doen die lidmate 'n onreg aan en laat toe dat regskrenking in die liggaam van Christus voortwoeker. So 'n bepaling moet dus tereg as vernietigbaar beskou word.

Voordat van die hersieningskompetensie van die Hooggeregshof ten aansien van tughandelinge deur kerkvergaderings afgestap word, vra twee aspekte van hierdie aangeleentheid ons aandag. Die eerste vraag is wie locus standi het om die hof om geregtelike hersiening van 'n tughandeling te versoek,

---

63) 263 - 267. Union Government v Fakir, 1923 A.A. 455; Narainsamy v Principal Immigration Officer, 1923 A.A. 673; vgl. Barday v Passport Control Officer, 1967 (2) S.A. 346 (A) op 358; S v Ismail, 1970 (2) S.A. 409 (T).

64) 1930 A.A. 225 op 238. Vgl. Jamile v African Congregational Church, 1971 (3) S.A. 836 (D) op 841 - 842, Kachelhoffer, 224 en Bamford, 144.

en die tweede vraag is of 'n beswaarde nie eers die interne appèlprosedure moet uitput voordat hy sy skrede na die hof wend nie.

i. Wie mag die hof nader met 'n versoek om hersiening van 'n kerklike tughandeling?

Die algemene reël, verklaar Rose Innes, is dat 'n persoon wat die hof nader 'n voldoende belang in die verrigtinge moet hê: "The policy of the law is to exclude from litigation persons whose interest is academic or indirect and who are not themselves touched by a direct and real grievance which needs to be remedied."[65)]

Om hierdie „belang in die verrigtinge" juridies te konstrueer, word die volgende aan die hand gegee: 'n Lidmaat wat die hof om hersiening versoek met die bewering dat hy as gevolg van foutiewe prosedure onregmatig getug is en dien tengevolge privaatregtelik benadeel is, moet sy aksie grond op die onregmatige daad; en indien hy in die gelyk gestel word, is die gemeente of kerkverband as regspersoon teenoor hom vir skadevergoeding of genoegdoening aanspreeklik op grond van die onregmatige handeling van sy orgaan, die kerkvergadering. Dit is ook die geval met 'n leraar wat deur die ring onregmatig in sy diens geskors word en sy lewensonderhoud verloor - die grond van sy aksie (ex lege Aquiliae) teen die ring is die onregmatige daad wat teenoor hom begaan is, en

---

65) 21. Vergelyk Bamford, 140 ev.

nie kontrakbreuk[66] nie, aangesien die leraar nie in 'n kontraktuele werkgewer - werknemer-verhouding tot die ring staan nie, maar wel tot die gemeente.

Wie dus die hof in 'n Aquiliese aksie nader, moet aantoon dat die elemente van die onregmatige daad aanwesig is, byvoorbeeld:

Die handeling bestaan in onregmatige, skuldige handeling of handelinge by die verhoor en/of bevinding deur die kerkvergadering.

Die onregmatigheid bestaan daarin dat die beswaarde aanvoer dat die kerkvergadering van die tugprosedure, soos neergelê in die kerkorde en bepalinge, afgewyk het, sodoende die interne struktuur van die verband aangetas het, en inbreuk gemaak het op sy lidmaatsregte wat in die kerkorde omskrywe word.

Skuld bestaan daarin dat die kerkvergadering opsetlik of nalatiglik die tugprosedure soos in die kerkorde neergelê, oortree het.

Wat die element van kousaliteit betref, voer die beswaarde aan dat hy as gevolg van die onregmatige tugoefening privaatregtelik benadeel is.

---

66) Ons verskil dus van die opmerkinge in du Plessis v The Synod of the D.R. Church, 1930, K.P.A. 426: "Mala fides, irregularity non-observance of the procedure laid down for such tribunals constitute breaches of the contract-ministers who have agreed to submit themselves to these tribunals." Vir die korrekte benadering, sien Louvis v Oiconomos, 1917 T.P.A., 465 op 474. Die onderlinge kontrak of ooreenkoms kom slegs in die gesigskring by die societas of die genootskap; by die regspersoon geld die interne reg van die verband.

Wat die <u>benadeling</u> betref, kan hy aanvoer dat sy skade bestaan in 'n vermoënsvermindering as gevolg van die regkrenkende tughandeling, byvoorbeeld die verlies van lewensonderhoud,[67] of die gevaar van finansiële verlies in sy besigheid as gevolg van sensuur.[68] Of hy kan aanvoer dat sy benadeling bestaan uit die aantasting van 'n persoonlikheidsreg deur die onregmatige tughandeling, byvoorbeeld sy status en reputasie,[69] goeie naam,[70] aanbiddingsgeleenthede,[71] uitoefening van lidmaatsregte soos sakramentsgebruik,[72] sy reg om bevestig te word in 'n gemeente wat hom beroep het,[73] en sy reg om op 'n kerkraad te dien[74] indien hy verkies en bevestig is.

Uit die aard van die saak moes die onregmatige tughandeling die beswaarde persoonlik getref het.[75]

ii. Is die benadeelde verplig om eers sy interne appélprosedure uit te put voordat hy sy skrede na die hof wend?

Hoewel daar aanvanklik na aanleiding van die Feldman- en die Crisp - gewysdes oor hierdie vraag twyfel bestaan het,[76] het ons howe tereg

---

67) Bv. <u>Odendaal v Kerkraad van die gemeente Bloemfontein-Wes</u>, 1960 (1) S.A. 160 (O).
68) <u>Bredell v Pienaar</u>, 1922 K.P.A. 578.
69) <u>Cohen v Committee of Harrismith Hebrew Congregation</u>, 1924 O.P.A. 27.
70) <u>De Waal v Ziervogel</u>, 1938 A.A. 112.
71) <u>Louvis v Oiconomos</u>, 1917 T.P.A. 477.
72) <u>Van Graan v Hopetown Consistory</u>, 1886 4 S 131.
73) <u>Van der Westhuizen v Feenstra</u>, 1939 W.P.A. 312.
74) <u>De Vos v Ringskommissie van die Ring van die N.G. Kerk, Bloemfontein</u>, 1952 (2) S.A. 83 (O) op 101.
75) <u>Director of Education v McCagie</u>, 1918 A.A. 616 op 621.
76) Kachelhoffer, 224 ev.

in die afgelope tyd in kerksake beslis[77] dat 'n benadeelde te eniger tyd of in enige stadium van die tugprosedure die hof mag nader. Ons meen dat dit die korrekte standpunt is op grond van twee oorwegings. Eerstens is interne appél na meerdere kerkvergaderinge en geregtelike hersiening deur die hof twee regsmiddele wat wesenlik van mekaar verskil, soos supra aangedui; hulle is dus nie van mekaar afhanklik nie. Tweedens kan enige beperking op die jurisdiksie van die hof as orgaan van die owerheid in hierdie sondige bedeling in die lig van Romeine 13: 1 - 5,[78] prinsipieel nie regverdig word nie.

Die kompetensie van die Hooggeregshof met betrekking tot tughandelinge, naamlik 'n hersieningskompetensie waarby 'n formele maatstaf aangelê moet word, is hiermee afgehandel, en word nou oorgegaan tot die aanwysing van die gronde waarop die hof tughandelinge tersyde kan stel.

---

77) De Vos v Ringskommissie van die Ring van die N.G. Kerk, Bloemfontein, 1952 (2) S.A. 83 (O) op 102; Odendaal v Kerkraad van die gemeente Bloemfontein-Wes, 1960 (1) S.A. 160 (O) op 165; maar in Jamile v African Congregational Church, 1971 (3) S.A. 836 (D) op 847, het die hof nie die aangevraagde verligting gegee nie, maar die saak terugverwys na die betrokke kerkvergadering. Vgl. Bamford, 143.

78) Vgl. Calvyn, IV, XX, 17 - 21, waar die hervormer tereg aanvoer dat die Skrif alleen die sug na liefdelose wraakgierige prosedeerdery verbied; ook Kerr, 47 ev.

## 5. REDES VIR TERSYDESTELLING VAN TUGHANDELINGE DEUR DIE HOF

In die praktyk kan die tersydestelling van tughandelinge slegs geskied wanneer die kerkvergadering wat die tug op die beswaarde toegepas het, die interne verbandstruktuur van die ekklesia geweld aangedoen het, en sodoende die beswaarde se lidmaatsregte en voorregte hom tot sy nadeel onregmatiglik ontneem het. Die interne verbandstruktuur en sy kompetensie om te tug, soos supra aangedui, word neergelê in die kerkorde en die sinodale bepalinge in dier voege, wat gebou is op die fondament van die Skrif en die belydenis. Verder moet die tughandeling voldoen aan die gemeenregtelike reël wat van toepassing is by die uitoefening van kwasie-judisiële bevoegdhede, naamlik die nakoming van die reëls van natuurlike regverdigheid.[79)]

Op die volgende gronde kan die regter dus die onregmatige tughandeling van 'n kerkvergadering tersyde stel:

### 5.1. Ultra vires handelinge van die kerkvergadering wat tug toepas

Om regtens geldig te handel, dit wil sê intra vires te handel, steun die kerkvergadering wat tug uitoefen op die gesagsbevoegdhede wat die kerkorde

---

79) Wiechers: 1966 THRHR 212 ev; Steyn, 233 ev.

en die sinodale bepalinge daaraan toesê.[80] Geen geldige en regmatige tughandeling kan verrig word sonder die gesag wat die kerkorde en bepalinge aan die bedienaars van die tug verleen nie. Word tug wel sonder sodanige gesag toegepas, is dit ultra vires en deur die hof in hersiening vernietigbaar.

Met die begrip vernietigbaar verskil ons van die gangbare opvatting dat 'n ultra vires handeling ab initio nietig is. So verklaar Rose Innes: "An ultra vires act or proceeding is null and void ab initio."[81] Soos Wiechers[82] tereg daarop wys, kan hierdie bewering nie sonder meer aanvaar word nie. Die regswerking van die reël Omnia praesumuntur rite et solemnitur esse acta, donec probetur in contrarium[83] mag in hierdie verband nie onderskat word nie, anders word die normale regsverkeer bemoeilik. "The true principle intended to be conveyed by the rule seems to be that there is a general disposition in courts of justice to uphold official, judicial or other acts rather to render them inoperative...."[84] In baie gevalle word aan ultra vires tughandelinge uitvoering gegee sonder dat iemand beswaar maak, en die handeling geld in

---

80) Vgl. Long v Bishop of Cape Town, 1863 4 S 162 op 176; Kotze v Murray, 1864 5 S 39; Van Rooyen v Dutch Reformed Church Utrecht, 1915 N.P.A. 330; Bredell v Pienaar, 1922 K.P.A. 578 op 587; du Plessis v The Synod of the Dutch Reformed Church, 1930 K.P.A. 403; Crisp v South African Council of the Amalgamated Engineering Union, 1930 A.A. 238; African Congregational Church v Dimba, 1932 W.P.A. 29 op 31; de Vos v Die Ringskommissie van die Ring van die N.G. Kerk, Bloemfontein, 1952 (2) S.A. 83 (O).

81) 93.

82) 1964 THRHR 170. Vgl. Hagen, veral op 376.

83) Kellerman v Minister of the Interior, 1945 T.P.A. 179 op 191; Rose Innes, 117 ev.

84) Kellerman v Minister of the Interior, supra.

die gemeente of in die kerkverband as 'n tughandeling wat as sodanig seënryke gevolge het. „Die werklike probleem hier is om te onderskei tussen die regskrag van administratiewe handelinge en die regsgeldigheid daarvan. Verder is dit ook nodig om te onderskei tussen die formele en materiële regskrag van 'n administratiewe handeling: As ek my teen die nakoming van 'n administratiewe verbod verset, en die hof skort die gelding daarvan op totdat die geldigheid van die handeling vasgestel is, het die handeling nog altyd formele regskrag en sal ek nog die ongeldigheid daarvan moet bewys."[85) ] Die las lê op die beswaarde om te bewys dat die tughandeling nie regsgeldig is nie.

Uit bostaande algemene regsbeginsel volg tweërlei:

i. Dat kerklike usansie of gewoonte nie naas die kerkorde 'n regsnorm met betrekking tot die tug kan wees soos Rutgers[86)] te kenne gee nie. Hierdie kerkregtelike wys daarop dat die regsbeginsel waarvolgens tug toegepas word in die kerkorde aangegee word, maar gaan dan verder deur te konstateer dat op die platteland 'n ouderling mag wees wat nie oor dié beginsels kan oordeel nie, omdat dit hom aan heldere insig ontbreek. „Voor hem helpt dan veel de kerkelijke usantie, en die usantie wijst den weg, hoe in voorkomende gevallen te handelen." Hierdie benadering, wat vir die kerk 'n gewoontereg wil daarstel, is onbestaanbaar in die

---

85) Wiechers: 1964 THRHR 170. K.o. a 23: „Die besluite van vergaderinge is bindend, maar daaroor kan in beroep by 'n meerdere vergadering gegaan word."

86) 65, 110.

Nederlandse[87] en in die Suid-Afrikaanse reg,[88] aangesien dit die weg vir willekeur open.

ii. Dat die bedoeling van die sinodale „wetgewer" met 'n sekere bepaling gesoek moet word in die woorde wat gebruik is, en nie in iets anders as wat in die kerklike reglemente neerslag gevind het nie.[89] In R v Westenraad[90] word verklaar: "In construing statutes, the paramount rule to be observed is that the statute is to be expounded according to its expressed or manifest intention." Dit is ontoelaatbaar om te begin met 'n a priori idee van die bedoeling van die sinode en dan te probeer om deur konstruksie die idee in die woorde in te werk.

Ultra vires tughandelinge van kerkvergaderinge het veral betrekking op die volgende:

Die jurisdiksie om 'n saak te behandel, ontbreek.

Die vergadering is nie behoorlik saamgestel nie.

Die tugprosedure, soos in die kerkorde en bepalinge neergelê, is nie nagevolg nie.

### 5.1.1. Die jurisdiksie om die saak te behandel, ontbreek

Die kerkorde en bepalinge ken jurisdiksie, dit wil sê die kompetensie om in 'n saak te handel, met

---

87) B.W. 2.1.2, lid 2 bepaal: „Zij (die kerke) worden geregeerd door hun eigen statuut, voor zoover dit niet in strijd is met de wet."
88) Soos in hoofstuk 3 aangedui, is 'n universitas personarum sonder 'n geskrewe reglement of konstitusie, wat sy kompetensies omskrywe, haas onbestaanbaar.
89) Steyn, 2 - 13.
90) 1941 O.P.A. 103 op 105.

betrekking tot die tug toe aan verskillende kerkvergaderinge, byvoorbeeld die kerkraad tug die skuldige lidmaat en die ring die skuldige ampsdraer.[91] Indien 'n bedienaar van die tug nie die kompetensie het om 'n persoon te tug nie, sal tughandelinge verrig <u>ultra vires</u> en by hersiening deur die hof vernietigbaar wees.

Die toonaangewende beslissing met betrekking tot kerklike tugkompetensie is <u>Kotzé v Murray</u>.[92] Ds. Kotzé, predikant van Darling, het in die sinodale vergadering van 1862 verklaar dat die antwoord op vraag 60 van die Heidelbergse Kategismus foutief is en dat hy nie die vrymoedigheid het om daaroor te preek nie. Die vergadering het Kotzé eers versoek om sy woorde terug te trek. Toe hy weier, is hy summier geskors. Hy nader die hof met die aksiegrond dat die sinode nie 'n bevoegde hof was nie, aangesien die bepalinge van 1847 die ring as die verhoorliggaam van leraars aanwys terwyl die sinode 'n instansie vir appél is. Kotzé word tereg in die gelyk gestel. Die sinode se jurisdiksie om die leraar te skors, het ontbreek.

Aangesien die kerkorde tughandelinge aan kerkvergaderinge opdra,[93] sal 'n sodanige kerkvergadering nie sy tugkompetensies aan 'n ander liggaam of persoon kan delegeer nie. 'n Kerkraad wat byvoorbeeld aan 'n kerkraadskommissie volmag gee om 'n tughandeling te verrig, handel dus <u>ultra vires</u>.

---

91) K.o. a 61.2 en 3.
92) 1864, 5 S.39.
93) A 19.

5.1.2. Die vergadering wat tug uitoefen, is nie behoorlik saamgestel nie[94]

'n Tughandeling van 'n foutief saamgestelde en gekonstitueerde kerkvergadering is ultra vires en dus by hersiening deur die hof vernietigbaar. Die wyse waarop die samestelling en konstituering geskied, word in die kerkorde en bepalinge neergelê. As voorbeelde van defektief saamgestelde vergaderinge dien die volgende:

i. Wat die kerkraadsvergadering betref, sal dit foutief gekonstitueer wees indien die persone wat sitting neem nie in die amp bevestig is nie,[95] of indien 'n persoon anders as die leraar of die konsulent as voorsitter ageer,[96] of indien die vereiste aantal lede vir 'n kworum nie teenwoordig is nie.[97]

ii. Wat meerdere vergaderinge betref, sal hulle defektief saamgestel wees indien persone sitting neem wie se geloofsbriewe nie voldoen aan die vereistes neergelê in die kerkorde en bepalinge nie,[98] of indien persone sitting neem wat reeds as lede van die mindere vergadering oor die saak geoordeel het,[99] of indien lede wat afwesig was toe getuienis gelewer is sitting neem by die uitspraak.[100]

---

94) Rose Innes, 120 ev. Vgl. Rossouw v Norton, 1950 (2) S.A. 1 (K).
95) Bep. 15.5 (Suid-Tvl.); a 60 (Kaap); bep. 39 (Natal).
96) K.o. a 28, soos geïnterpreteer deur die Alg. Sin., Acta 1970, 751; Todd and others v Gliksman, 1949 (1) S.A. 64 (T).
97) Bep. 58.2 (Suid-Tvl.); a 159 (Kaap); regl. 1, 59, 60 (Natal).
98) K.o. a 30.3, 33.4.
99) Bep. 61.3.1 (Suid-Tvl.); a 162.1 (Kaap).
100) Idem.

Tughandelinge wat deur sodanige kerkvergaderinge uitgeoefen word, is tereg by hersiening deur die hof vernietigbaar.

Indien die hof 'n sodanige tughandeling tersyde stel, beteken dit nie dat alle ander besluite van die vergadering ook ineenstort nie. In Loedolff and Smuts v Robertson and others[101] het die applikante versoek dat op grond van die feit dat die sinodale vergaderings onwettig saamgestel was, alle handelinge van die sinodes van 1852, 1857 en 1862 nietig verklaar word. Die hof wys die versoek van die hand. Ongetwyfeld is die beslissing korrek, aangesien 'n revolusionêre inslag vreemd is aan die kerklike struktuur en tersydestelling van die sinodale handelinge kerklike anargie sou beteken.

5.1.3. Die grondliggende en omvattende aanleiding tot 'n vernietigbare tughandeling is dat die tugprosedure, soos vervat in die kerkorde en bepalinge, nie nagevolg word nie.[102]

Die voorskrifte van die Bybel bepaal die aard en bestemming van die gemeente as 'n liefdes- en regsverband van gelowiges, en hierdie Bybelse voorskrifte vind neerslag en word geïmplementeer deur die prosedure wat die kompetente kerkvergaderings neergelê het. Tugprosedure vloei dus

---

101) 1862, 4 S. 128.

102) Van Niekerk v Minister and Churchwardens of the Church at D'Urban, 1837, 3 M. 334; Long v Bishop of Cape Town, 1863 4 S.162 op 176; Bredell v Pienaar, 1922 K.P.A. 578 op 582: "Such trials have to be conducted according to the rules of the church, and if the rules are not observed, then this court will intervene;" Radloff v Clocolan Ko-op Landboumaatskappy, 1955 (1) P.H., F.58 (O).

voort uit die verbandstruktuur van die ekklesia, vorm deel van die verbandsreg daarvan en geld vir al die lede: positief, in die sin dat dit hul lidmaatsregte gestalte gee en beskerm, en negatief in die sin dat dit die wanorde en onreg in die verband stuit.

Indien 'n kerkvergadering opsetlik of nalatiglik die neergelegde tugprosedure verontagsaam, word lidmaatsregte in die gedrang gebring. Soos meermale daarop gewys, is hier geen sprake van 'n kontrak of kontrakbreuk soos sommige skrywers dit wil nie. Die hof word geroep om te waak oor die burgerlike regte van benadeelde lede van die verband, en stel dus die foutiewe tughandeling tersyde.

Alle afwykinge van die tugprosedure stel egter nie 'n onregmatige daad teenoor die lidmaat daar nie. Twee voorbeelde sal die bedoeling van hierdie stelling opklaar: Die sinode het besluit dat leraars by die sitting van die sinode togas moet dra.[103] Indien ds. A sy toga tuis vergeet en sitting neem op die vergadering wat 'n appél aanhoor, word die bepaling wel oortree, maar die oortreding is van so 'n aard dat die verbandstruktuur nie aangetas en niemand in regte benadeel is nie.

Indien die prosedure bepaal dat 'n klag teen 'n ampsdraer by die voorsitter van die ring ingedien moet word, maar lidmaat B rig sy skrywe tot die ringskriba en laasgenoemde lê die klag voor die ring, is dit wel 'n afwyking van die neer-

---

103) Kerkorde en bepalinge, Suid-Tvl., 9.2, p.160.

gelegde prosedure, maar die verbandstruktuur is nie aangetas nie en lidmaatsregte is nie in die gedrang nie.[104]

De minima lex non curat.[105] Die beginsel, in hierdie opsig relevant, is dat alleen afwykings van die prosedure wat onregmatiglik lidmaatsregte nadelig tref, die tughandeling vernietigbaar maak deur die hof.

Hiermee is ultra vires handelinge afgehandel en word vervolgens aandag gegee aan die tweede grond waarop die regter 'n tughandeling ter syde kan stel, naamlik:

## 5.2. Afwyking van die reëls van natuurlike[106] regverdigheid

Ingevolge ons gemene reg is tribunale verplig om die reëls van natuurlike regverdigheid na te kom in die geval van beskikkings wat:

> Die uitoefening van 'n diskresie behels en Bestaande regte, bevoegdhede of voorregte beïnvloed.[107]

---

104) Vgl. de Vos v Ringskommissie, 1952 (2) S.A. 83 op 101 (O).
105) Vgl. Benoni Town Council v Meyer and others, 1961 (3) S.A. 316 (W) op 325; S v Makwasie, 1970 (2) S.A. 128 (T) op 131; S v Bester, 1971 (4) S.A. 28 (T) op 29; S v Schwartz, 1971 (4) S.A. 30 (T) op 31; S v Munyani, 1972 (1) S.A. 411 (R) op 421.
106) Oor hierdie ongelukkige term uit die Engelse praktyk, sien Rose Innes, 145.
107) Wiechers: 1966 THRHR 214; Steyn, 233; Dabner v S.A.R. and H., 1920 A.A. 583.

Aangesien 'n kerklike tughandeling juridies voldoen aan die vereistes van 'n kwasie-judisiële handeling, is tugsubjekte gebonde om die voorskrifte van hierdie billikheidsreëls in hul prosedure na te kom.

Waar <u>ultra vires</u> tughandelinge lidmaatsregte aantas, kom tughandelinge, waar die reëls van natuurlike regverdigheid nie toegepas is nie, in botsing met die eise van billikheid en redelikheid. Hierdie reëls lê in lyn met die aard van die tug, en is in hoofsaak deur die sinodes in die kerkorde en bepalinge opgeneem as deel van die tugprosedure.

Die regter kan tughandelinge ophef indien:

### 5.2.1. <u>Die billikheidsreël audi alteram partem nie nagekom is nie</u>

Hierdie reël, waarna in die Skrif verwys word,[108] vereis dat albei kante van 'n saak aangehoor moet word of al die partye die geleentheid moet kry om aangehoor te word[109] voordat daaroor beslis word, en verseker in relatiewe sin dat die orgaan 'n onbevange en onbevooroordeelde benadering tot die saak het. Die trefwydte van die reël het in die gemene reg sterk ontwikkel,[110] en die vraag

---

? Dt 1:17

108) Deut. 1: 7, Joh. 7: 51.

109) <u>Mahomed v United Lower River Diggers Committee of Barkly West</u>, 1920 K.P.A. 315; <u>Loxton v Kenhardt Liquor Licensing Board</u>, 1942 A.A., 315.

110) Vgl. <u>Dabner v S.A.R. and H.</u>, 1920 A.A. 583; <u>Sachs v Minister of Justice</u>, 1934 A.A. 11, <u>Frost v Peninsula Rent Board</u>, 1968 (3) S.A. 303 (K.P.A.); <u>S v Moroka</u>, 1969 (1) P.H., R. 5 (A.); <u>Publications Control Board v Central News Agency</u>, 1970 (3) S.A. 479 (A.) In <u>Smith v Ring van Keetmanshoop</u>, 1971 (3) S.A. 353 (S.W.A.) op 363 is beslis dat selfs die sittingstye wat die ring vasgestel het, die aangeklaagde nie genoegsame tyd gegun het om sy betoog voor te berei nie, en hom aldus in sy verweer benadeel het.

kom na vore in hoever die kerklike tugprosedure daaraan konformeer.

i. 'n Skriftelike en ondertekende klag deur 'n belydende lidmaat ingedien, of verspreidende nadelige gerugte waarvan 'n ampsdraer kennis neem en by 'n kerkvergadering aanhangig maak, gee aanleiding tot 'n kerklike proses.[111)]

ii. Die behandeling van die klag, die gerug of 'n appél word ingevolge artikel 58 van die kerkorde gedoen en val in twee dele uiteen:

> <u>Die voorlopige ondersoek</u> deur 'n kerkraadskommissie of 'n ringskommissie, of indien die saak voor 'n buitengewone of 'n gewone sinode as instansie van appél dien, deur die regskommissie of die tydelike regskommissie, na eis van die omstandighede.[112)]
>
> <u>Die verhoor</u> deur die kerkraad of die ring, of die behandeling van die saak deur die sinodale kommissie, of die sinode of die Algemene Sinode as instansies van appél.[113)]

Voor al die kommissies wat die voorlopige ondersoeke behartig, het klaers en aangeklaagdes met hul getuies die reg om hul saak te stel deur getuienis en beredenering. Hoewel die bepalinge hierdie prosedure nie duidelik neerlê met betrekking tot die kerkraadskommissie[114)] nie, meen ons

---

111) Bep. 58.1 en 61.1 (Suid-Tvl.); a 155 en 195 (Kaap); bep. 184 en 185 (Natal).
112) Bep. 58.3.1, 61.2 en 63.2.3 (Suid-Tvl.). Vgl. bep. 35.3.1.
113) Bep. 58.3.6, 61.3 en 63.2.3 (Suid-Tvl.).
114) Bep. 58.3.1 (Suid-Tvl.). Vir die ope vraag of die gemene reg die nakoming van die audi-reël vir ondersoekliggame vereis, vgl. Rose Innes, 155 - 156.

dat die opdrag „om op die saak in te gaan na die beste van sy vermoë" die verskyning en aanhoor van die partye impliseer.

Wanneer die verhoor deur die kerkraad of die ring plaasvind, word die partye opgeroep, behalwe deur die sinodale kommissie en die sinode, wat as appélinstansies slegs op grond van die geskrewe stukke uitspraak doen.[115)]

Die partye (klaer en aangeklaagde) moet tegelykertyd die verrigtinge bywoon,[116)] sodat geen getuienis of beredenering buite die wete van die ander partye gelewer word waarop hy hom nie kan verweer nie.

Die kennisgewing met betrekking tot die klag aan die aangeklaagde is van grondliggende belang vir 'n billike verhoor. Aangesien die Suid-Transvaalse Sinode geen voorskrifte in die verband het nie, gee ons aandag aan die gemeenregtelike vereistes met betrekking tot die klag. Indien 'n behoorlike klag nie aan die aangeklaagde gestuur word nie, word hy in sy verhoor benadeel.[117)] Hoewel die klag nie hoef te voldoen aan die formaliteite wat 'n hof in 'n kriminele proses vereis nie,[118)] vereis die billikheidsreël dat die

---

115) Bep. 63.2.2 en 3. (Suid-Tvl.).
116) Rose Innes, 161 - 162; Malebjoe v Bantu Methodist Church of S.A., 1957 (4) S.A., 465 (W).
117) Van Rooyen v D.R.C. Utrecht, 1915, N.P.A. 330; Bredell v Pienaar, 1922, K.P.A. 578; Odendaal v Loggerenberg and others, 1960 (4) S.A. 625 (O.).
118) Rose Innes, 158 - 159; Odendaal v Kerkraad van Bloemfontein-Wes. 1960 (1) S.A. 160 op 169 (O.)

aangeklaagde bewus moet wees van wat hom ten laste gelê word sodat hy daarop kan reageer.[119)] Op voetspoor van die Vrystaatse sinodale bepalinge, beslis die hof in die Odendaal-saak (supra) dat die akte van beskuldiging die aard van die misdaad, en die plek en die datum wanneer dit gepleeg is, moet bevat. In 'n aanklag van owerspel, maak gebrek aan die aanduiding van die persoon met wie die beweerde owerspel gepleeg is, die klag nie gebrekkig nie.[120)]

Om 'n kompleks van feite voor die aangeklaagde te lê en nou moet hy self uitmaak wat die sogenaamde klag of klagtes behels, het die hof tereg onbillik bevind.[121)]

'n Gebrekkige akte van beskuldiging kan verhelp word deurdat die aangeklaagde aansoek doen dat nadere besonderhede verstrek word.[122)]

Die aangeklaagde moet kennis kry van die plek en die datum waarop sy saak behandel word,[123)] anders word hy in sy verdediging benadeel.

Ons meen dat dit vir die kerkvergadering, by wie 'n klag ingedien word, die aangewese weg is om die bewoording van die geskrewe klag, soos dit ontvang is, aan die aangeklaagde te laat toekom. Indien enige verbeteringe nodig is op grond van getuienis wat gelewer word by die voorlopige

---

119) Steyn, 237 ev. Vgl. Odendaal v Loggerenberg, 1961 (1) S.A. 712 (O) op 722.
120) Odendaal v Loggerenberg, 1961 (1) S.A. 712 op 722 (O).
121) De Vos v Die Ringskommissie van die N.G.Kerk, Bloemfontein, 1952 (2) S.A. 83 op 100 (O).
122) Odendaal v Loggerenberg, supra.
123) African Congregational Church v Dimba, 1932, W.P.A. 34.

ondersoek, kan die betrokke kommissie dit in oorleg met die klaer[124] regstel, en die aangeklaagde in dier voege in kennis stel. Verlang laasgenoemde meer besonderhede, kan hy dit aanvra.

Die reg van kruisverhoor word vir die partye gewaarborg by die kerklike proses,[125] maar die reëls van die bewysreg is nie van toepassing nie.[126] Dit sluit aan by die bepaling van die kerkorde dat die toon van die burgerlike regspleging vermy moet word.[127]

Die reg om deur 'n verteenwoordiger ondersteun te word, vorm nie deel van die gemeenregtelike vereistes wat die audi-reël betref nie.[128] Die kerklike bepalinge sluit sodanige verteenwoordiging uit.[129]

Die reg om getuies te roep,[130] word vir die klaer en die aangeklaagde gegee in die kerklike proses.[131] Die vergadering het die kompetensie

---

124) Die klaer se identiteit moet dwarsdeur die verhoor behoue bly; die klag word nie by hom oorgeneem nie. Vgl. Geldenhuys, 322 ev.

125) Bep. 58.3.6 en 61.3.2 (Suid-Tvl.). In Smith v Ring van Keetmanshoop, supra, wou die ring sekere vrae van die aangeklaagde aan getuies nie toelaat nie. Die hof bevind dit 'n wesenlike onreëlmatigheid wat die aangeklaagde in sy verweer benadeel het. Vgl. Distillers Korporasie (S.A.) Bpk. v Kotzé, 1956 (1) S.A. 357 (A) en R v Ntshangela en andere, 1961 (4) S.A. 592 (A).

126) Rose Innes, 224 ev.; Steyn, 234.

127) K.o. a 57.

128) Rose Innes, 171; Dabner v S.A.R. 1920 A.A. 583; Balomenos v Jockey Club of South Africa, 1959 (4) S.A. 381 (W) op 389; Bell v van Rensburg, 1971 (3) S.A. 693 (K) op 715.

129) Bep. 58.3.6 (Suid-Tvl.); a 157 (Kaap); bep. 181 (Natal).

130) Rose Innes, 169.

131) Bep. 58.3.6, 61.2.3 en 61.3.2 (Suid-Tvl.) met betrekking tot die verskillende instansies.

om van 'n getuie 'n waarheidsbelofte[132] te eis ten einde sy getuienis te bevestig.

Uit bostaande blyk dat die kerkorde en bepalinge die vereistes van die billikheidsreël audi alteram partem op 'n kwistige wyse in die praktyk laat geld. Die tweede aanleiding tot die opheffing van 'n tughandeling deur die hof kom na vore indien:

5.2.2. Die billikheidsreël nemo iudex in sua causa nie toegepas word nie.

Hierdie billikheidsreël vereis dat niemand 'n regter in sy eie saak mag wees nie; dit wil sê 'n vergadering of lede van die vergadering kan nie ageer as vervolger of pleitbesorger of 'n party of 'n getuie[133] in die ondersoek of die verhoor van 'n klag, en daarna deelneem aan die uitspraak nie.[134]

Ook hierdie reël, wat partydigheid en mala fides by die prosedure probeer ondervang, vind tereg neerslag in die kerklike tugprosedure:

i. Die kerkraad en die ring word by die behandeling van 'n klag deur die voorsitter gesuiwer van die klaer(s) en „van alle persone wat by die saak direk betrokke is, of wie se huisgenote of familielede in die eerste of tweede graad daarby betrokke is, en hulle het solank

---

132) Bep. 58.3.6 (Suid-Tvl.). Nie 'n eed nie met die oog op die gevaar van meineed, soos Geldenhuys tereg aantoon, 300; ook H. Bouwman, II, 621.

133) Marlin v Durban Turf Club, 1942 A.A. 112; McLoughlin v S.A. Medical and Dental Council, 1947 (2) S.A. 394 (T); Sadar v Natal Committee, Group Areas Board, 1957 (2) S.A. 300 (N).

134) Rose Innes, 177; Raubenheimer, 164.

die saak duur, tot by die finale uitspraak, geen sitting in die vergadering nie."[135]

ii. By die behandeling van appélsake deur die ring, word neergelê[136] dat lede van die ring wat reeds as lede van die kerkraad oor dieselfde saak geoordeel het, nie weer as lede van die ring daaroor oordeel nie. In hierdie verband is daar geen bepaling vir die sinode nie, maar in die praktyk word die beginsel steeds gehandhaaf.[137]

Die vraag of die lede van die ringskommissie op die ring sitting mag neem, is deur die hof bevestigend beantwoord,[138] en ons meen dat dit, met 'n enkele voorbehoud, korrek is. Die ringskommissie is geen kerkvergadering ingevolge kerkorde artikel 18 nie, maar 'n liggaam van ondersoek, wat vir die ring „konsiderasies" opstel sodat die vergadering tot 'n beslissing kan kom. Op grond van die aard en kompetensies van die ringskommissie, is daar geen beswaar dat die lede daarvan op die ring sitting neem nie, met dié voorbehoud dat hulle nie in die situasie kom dat hulle as lede van die ring 'n oordeel moet vel oor die regmatigheid van hul optrede as lede van die ringskommissie, of oor hul eie geloofwaardigheid nie. Dan sal hul optrede in stryd met bostaande billikheidsreël wees. Daarom is dit in die kerklike proses noodsaaklik dat die klaer

---

135) Bep. 58.2.1 en 61.3.1 (Suid-Tvl.); a 162 (Kaap); bep. 179 (Natal); bep. 80 (Midde-Afrika).
136) Bep. 61.3.1 (Suid-Tvl.).
137) Vgl. Acta Suid-Transvaalse Sinode, 1968, 824.
138) Lucas v Wilkinson, 1926 N.P.A. 10 op 19; de Vos v Die Ringskommissie van die N.G. Kerk, Bloemfontein, 1952 (2) S.A. 83 op 98 (O); Odendaal v Loggerenberg en andere, 1961 (1) S.A. 712 (O) op 717 en 727.

sy identiteit behou en dat die ringskommissie nie die klag by hom oorneem en as vervolger ageer nie.[139]

Verder kan die regter tughandelinge tersyde stel indien:

5.2.3. Die regsprekende orgaan bevooroordeeld is

Soos supra aangedui, vereis ware tugbediening in die ekklesia dat die hele proses in die teken van die liefde staan. Hierby sluit die privaatregtelike billikheidsreël aan dat 'n gemagtigde, enige aangeleentheid waarin hy sy diskresie volgens die meriete van die saak moet uitoefen, dit moet doen met 'n ope en onbevooroordeelde gemoed ten einde reg te laat geskied.[140] Die reël behels dat 'n redelike persoon nie moet kan twyfel aan die onpartydigheid van 'n kwasie-judisiële funksionaris nie, en die eiser hoef nie werklike vooroordeel nie, maar slegs die skyn of moontlikheid kan vooroordeel te bewys.[141]

---

139) Vgl. Geldenhuys, 322, vir geregverdigde kritiek op die standpunt van prof. Moorrees in die verband soos geopenbaar in laasgenoemde se getuienis in die du Plessis-saak, supra.

140) Vgl. Liebenberg v The Liquor Licensing Board of Brakpan, 1944 W.P.A. 54; Jockey Club of S.A. v Feldman, 1942 A.A. 340 op 359; Brandfort Municipality v Esterhuizen, 1957 (1) S.A. 229 (O); Hack v Venterspost Municipality, 1950 (1) S.A. 172 (W); M.M. Security v Bloemfontein Municipality, 1968 (2) S.A. 6 (O).

141) Brink v Baston, Diederichs en Horak, 1942 T.P.A. 132. M.b.t. 'n regsprekende amptenaar, vgl. R v Sussex Justices: Ex parte McCarthy, (1924) 1 K.B. 256: "It is of fundamental importance that justice should not only be done, but should manifestly and undoubtedly be seen to be done." Vgl. ook Smith v Ring van Keetmanshoop, 1971 (3) S.A. 353 (S.W.A.) op 362.

In die kerkorde en bepalinge word getrag om vooroordeel by tugbedienaars deur verskeie voorskrifte te ondervang. So bepaal artikel 57 van die kerkorde dat die opsieners by tugtoepassing „hulself nooit as regters moet beskou nie, maar moet as vaderlike opsieners, met diepe ootmoed voor God en met tere liefde en belangstelling, die oortreders probeer terugbring van hul dwaalweë, sonder aansien van persoon." Bepalinge 58.2.1 en 61.3.1 (Suid-Transvaal) bepaal dat 'n kerkvergadering wat 'n klag of 'n gerug behandel, gesuiwer moet word „van alle persone wat by die saak direk betrokke is, of wie se huisgenote of familielede in die eerste of tweede graad daarby betrokke is," en sodanige persone „het solank die saak duur, tot by die finale uitspraak geen sitting in die vergadering nie." Die prosedure voor die ring[142] is daarop bereken om vooroordeel by die opsieners te ondervang, en aan die beklaagde billike geleentheid te gun om met sy getuies sy saak voor die vergadering te stel of die aanklag te weerlê.

In hierdie verband ontstaan die vraag of 'n persoon, wat ingevolge Mattheüs 18: 15 'n aangeklaagde vermaan het, se sittingsreg op 'n kerkvergadering wat die aangeklaagde verhoor, op grond van vooroordeel in die gedrang kan kom. Die moontlikheid dat die aangeklaagde die vermaner se sittingsreg kan bevraagteken, is wel te voorsien. In 'n sodanige situasie, word aan die hand gegee, moet die kerkvergadering die gemotiveerde beswaar beoordeel en indien die vermaner op 'n wyse gehandel het dat sy bevooroordeling

142) Bep. 61.3 (Suid-Tvl.).

redelikerwyse blyk, moet hy versoek word om homself te onttrek. Indien enige van die partye met dié beslissing nie tevrede is nie, kan kragtens die geskilprosedure na 'n meerdere kerkvergadering geappelleer word.

Die toonaangewende gewysde met betrekking tot vooroordeel by 'n kerkvergadering is du Plessis v The Synod of the Dutch Reformed Church[143]. 'n Aansienlike aantal lede van die Sinode van 1930, wat 'n appél met betrekking tot sekere leerstellings van die eiser moes behandel, het op 'n geheime vergadering byeengekom ten einde prosedure te beplan waardeur die appél teen die vryspraak van die eiser gehandhaaf sou kan word. Verder het die Sinode van 1928 besluite geneem oor die leerkwessies wat destyds in geskil was en die Sinode van 1930 het homself in sy uitspraak oor die appél voor hom, aan die besluite van 1928 gebonde geag. Derhalwe moes die hof bevind „dat die Sinode van 1930 nie bevoeg was om as 'n onpartydige hof te sit nie, aangesien die groot meerderheid van sy lede met ope oë die saak in die Sinode van 1928 geprejudiseer het."[144]

Hiermee is die kompetensies van die hof om tughandelinge tersyde te stel afgehandel, en kom die regsmiddele vir benadeeldes in die gesigskring.

---

143) 1930 K.P.A. 403, en Die Kerksaak.
144) Die Kerksaak, 227.

## 6. REGSMIDDELE VIR BENADEELDES

Op grond van ons standpunt dat die onregmatige tughandeling van 'n kerkvergadering 'n onregmatige daad of 'n delik van die regspersoon (wat deur sy organe, die vergadering of 'n kommissie, handel) teenoor die benadeelde daarstel, meen ons dat laasgenoemde ex delicto kan ageer.

6.1. Die eerste remedie tot beskikking van 'n benadeelde met betrekking tot 'n onregmatige tughandeling, is 'n interdik, wat „'n hofbevel is waarkragtens 'n persoon gebied of verbied word om op 'n sekere wyse op te tree,"[145)] en wat gerig is op die vermyding of beperking van skade.[146)] Die interdik is die aangewese regsmiddel om 'n vergadering of sy kommissie te weerhou om met sy ondersoek of verhoor voort te gaan tensy aan die eise van die kerkorde en die billikheidsreëls voldoen word, of om die vergadering te verhinder om sy beslissing in die praktyk toe te pas.[147)] Word 'n sodanige hofbevel verontagsaam, word die misdaad minagting van die hof gepleeg en is die regspersoon vir die misdaad van sy orgaan in 'n strafregtelike aksie aanspreeklik.

---

145) Van der Merwe en Olivier, 217; Raubenheimer, 177; McKerron, 140.

146) Regal v African Superslate, 1963 (1) S.A. 102 (A); Performing Rights Society v Berman, 1966 (2) S.A. 355 (R); van der Linden, 3.1.4.7.

147) Vgl. van Niekerk v Minister and Churchwardens of the Church at D'Urban, 1837 3 M.334; van Rooyen v D.R.C. Utrecht, 1915 N.P.A. 330 331.

op

6.2. Die tweede remedie tot beskikking van die ex delicto eiser is 'n aksie om vergoeding. In die geval van vermoënsbenadeling kan hy in 'n aksie ex lege Aquiliae[148)] slaag indien bewys kan word dat die kerkvergadering opsetlik of nalatiglik die eise van die kerkorde en die billikheidsreëls verontagsaam het. Dit is die aangewese aksie vir byvoorbeeld 'n leraar wat onregmatiglik sy lewensonderhoud ontneem is. In die geval van persoonlikheidskrenking is 'n aksie om genoegdoening uit hoofde van die actio iniuriarum,[149)] tot die benadeelde se beskikking. Dit is die aangewese aksie vir 'n lidmaat wat byvoorbeeld aanvoer dat hy belaster is of in sy waardigheid gekrenk is, en hy sal moet bewys dat die vergadering opsetlik sy persoonlikheid gekrenk het voordat hy in sy aksie kan slaag. Die benadeelde kan die twee aksies kombineer in sy eis om vergoeding,[150)] en hy rig sy eis tot die kerkregspersoon wat deur die onregmatige handelende orgaan regtens gehandel het.

In verband met hierdie regsmiddele ontstaan twee vrae wat nadere oorweging verdien. Die eerste is die vraag of 'n leraar wat deur die meerdere vergadering geskors of afgesit word, sy lewensonderhoud verloor en in sy werkgewer-werknemer verhouding tot die kerkraad verydel word, ex contractu skadevergoeding kan eis op grond van die opheffing van sy dienskontrak. Bamford[151)] meen dat dit wel die geval kan wees beide in die geval van die

---

148) Voet, 47, 10.18; Van der Merwe en Olivier, 196 ev; Union Government v Warneke, 1911 A.A. 657; Erasmus v Davis, 1969 (2) S.A. 1 (A.).
149) Van der Merwe en Olivier, 206 ev; McKerron, 53 ev; Matthews v Young, 1922 A.A. 492; Rutland v Jordan, 1953 (3) S.A. 806 (K).
150) Vgl. Gelb v Hawkins, 1959 (2) P.H., J 20 (W).
151) 147.

*societas* en die *universitas*. By die kerkregspersoon, word aan die hand gegee, is dit nie die geval nie. Tussen die leraar en die ring wat hom skors of die sinode wat hom afsit, bestaan geen kontraktuele werkgewer-werknemer verhouding nie, en by die tugtoepassing op 'n leraar is die kerkraad, met wie die leraar wel in 'n kontraktuele verhouding staan, geen party indien die kerkraad nie 'n klaer is nie. Indien die kerkraad die leraar sou ontslaan of in sy dienste steur, sal die leraar *ex contractu* teen die gemeente kan ageer.

Die tweede vraag is of dit binne die hof se kompetensies val om 'n onregmatig geskorste leraar in sy amp te herstel. Dit is wel gedoen in die bekende Burgers en Kotzé-gewysdes (*supra*) in die vorige eeu en het groot opskudding in kerkvergaderings en in die betrokke gemeentes tot gevolg gehad. Dit was ook die geval met professor J. du Plessis, wat deur die hof as kweekskoolprofessor herstel was, maar vir die kerk onaanvaarbaar was; die Kaapse Sinode het sy emolumente[152)] tot sy dood toe vergoed sonder dat hy na die hofsaak 'n lesing waargeneem het. Aangesien die verhouding leraar tot gemeente streng persoonlik is, kry 'n leraar wat deur die hof herstel word met sodanige vooroordeel, afsydigheid en vyandigheid te doen dat hy sy roeping nie kan volbring nie. Dooyeweerd[153)] meen dat dit geen sin het dat 'n hof in die interne regsfeer van die verband tree nie, dat die regter by die formele maatstaf moet hou, en indien die afsetting onregmatig was, moet volstaan word met skadevergoeding. „Dit blijft onmogelijk voor de

---

152) D.w.s. die salaris en toelae aan die professoraat verbonde.

153) *Encyclopaedie*, 58 - 59.

staat om tegen de wil van de gezagsorganen van het betreffende verband inderdaad een intern verbandsbesluit materieel ongedaan te maken." Die probleem is om die selfstandigheid van die interne verbandsreg te handhaaf en terselfdertyd reg te laat geskied aan die benadeelde. Ons meen tog dat die regter met skadevergoeding vir onregmatige tugtoepassing en terugverwysing van die tugsaak na die betrokke kerkvergadering[154)] kan volstaan. Dit is vir 'n gemeente en die kerkverband uiters frustrerend wanneer 'n ampsdraer, wat in feite skuldig is aan 'n tugwaardige sonde maar deur die hof op grond van proseduremistastings deur 'n kerkvergadering in die gelyk gestel word, weereens sy amp in die gemeente opneem asof niks gebeur het nie.[155)] Indien die hof die aangeleentheid na die betrokke kerkvergadering terugverwys vir 'n de novo verhoor, kan regmatige tugtoepassing op 'n skuldige toegepas word.

---

154) Vgl. die aanbevelenswaardige koers wat ingeslaan is in Jamile v African Congregational Church, 1971 (3) S.A. 836 op 847 (D). Vgl. Bamford, 138.

155) In Lakey v Paarl Congregational Union Church, 1917 K.P.A. 627 op 630 het die hof 'n aanvoeling vir ingryping in kerklike aangeleenthede gehad: "There may be certain spiritual privileges which in all probability the court would not enforce. I can hardly conceive the court ordering a pastor to administer to a person holy communion, or directing a minister to baptise a child."

# HOOFSTUK VII

## DIE ONTBINDING VAN KERKREGSPERSONE

Een van die wesenskenmerke van die universitas is sy kontinuïteit. Ten spyte van die wisseling van sy lede, bestaan hy voort. Hierdie voortdurende bestendigheid van die universitas as 'n selfstandige eenheidsfiguur is een van die voorwaardes vir sy erkenning as regspersoon deur die regsorde.[1] "In the case of a universitas or collegium, a church or hospital, or what the German jurists call a Stiftung, the intention is that the association shall continue for ever."[2] Veel meer is dit die geval met die gemeente en die kerkverband. Volgens Christus se belofte dat die poorte van die doderyk Sy gemeente nie sal oorweldig nie,[3] is die ekklesia nie gerig op ontbinding nie, maar op die ewigheid. Daarom is die uitgangspunt en die strekking van die interne verbandsreg - soos dit in die kerkorde en bepalinge neerslag vind - die voortbestaan van die kerkregspersone met hul eie individualiteitstrukture, gekwalifiseer deur hul bestemmingsfunksie. „In een corporatie neemt het maatschappelijk doel den voorrang, dat gewoonlijk ook een zedelijk doel is van een voortblijvende aard, en onafhankelijk van het bestaan dergenen die ten eenigen tijde leden er van mogen zijn."[4]

---

1) Sien hoofstuk 1 supra.
2) Wilken v Brebner, 1935 A.A. 175. Vgl. Webb v Northern Rifles, 1908 T.S. 462; Morrison v Standard Building Society, 1932 A.A. 229 op 238; Ex parte Gill and others, 1955 (2) S.A. 418 (T) op 424; Ex parte Johannesburg Congregation of The Apostolic Church, 1968 (3) S.A. 377 (W) op 378.
3) Matt. 16: 18; Nederlandse Geloofsbelydenis, a 27 ev.
4) Hoofregter F.W. Reitz in Venter v die Kerkeraad van die Geref. Kerk te Bethulie, 1879, O.V.S. 4 op 6.

Hoewel dit in die lig van bostaande met velerlei regsprobleme gepaard gaan, bestaan die moontlikheid dat aan die voortbestaan van 'n universitas as 'n regsfiguur 'n einde kan kom. In die Romeinse reg is oor die verlies van die juridiese status van 'n universitas geen direkte gegewens voorhande nie. Digesta 3, 4, 7, 2 suggereer dat 'n universitas ophou om te bestaan wanneer die laaste lid daarvan sou wegval. Waarskynlik sou 'n universitas ook ophou om te bestaan wanneer die staatlike toestemming vir die ontstaan daarvan ingetrek word. Vir die municipia word 'n sodanige voorskrif gevind in Digesta 7, 4, 21. Met betrekking tot die collegia en die societates suggereer Digesta 3, 4, 1 dat 'n oortreding van die voorwaardes waaronder die toestemming tot die ontstaan daarvan gegee is, 'n terugval tot die staat van ongeoorloofdheid beteken en aldus ontbinding van sodanige groeperinge veronderstel.

Die einde van 'n universitas, verklaar Polak, word in twee stadia voltrek. Eers word die verband ontbind, en dan tree die regspersoon in die fase van die vereffening van sy vermoë. Eers wanneer laasgenoemde afgehandel is, kan verklaar word dat die regspersoon verdwyn het. „Door de ontbinding wordt de volledige rechtspersoonlijkheid vervangen door een onvolledige - op de vereffening afgestemde - rechtspersoonlijkheid."[5)]

Oor die aangeleentheid van die ontbinding van kerkregspersone bestaan groot meningsverskil beide op die juridiese en kerkregtelike vlakke. Alleen deur die konsekwente toepassing van regsbeginsels kan koers gevind word in die doolhof van die verskillende moontlikhede waarop 'n kerkregspersoon tot 'n einde kan kom; en weereens word begin by die primêre verband in die kerklike lewe, naamlik die plaaslike gemeente.

---

5) Polak, 65.

## 1. DIE ONTBINDING VAN 'N NEDERDUITSE GEREFORMEERDE GEMEENTE

Die volgende moontlikhede kom in die gesigskring:

### 1.1. In die geval van sekwestrasie

Hoewel dit teoreties moontlik is om die boedel van 'n gemeente, soos dit die geval by ander regspersone is, te sekwestreer "since it has the characteristics of a persona,"[6] verhaal die kerkgeskiedenis van geen Nederduitse Gereformeerde gemeente waarvan die boedel deur die hof gesekwestreer is nie. Die struktuur van 'n gemeente en sy posisie in die kerkverband voorkom 'n sekwestrasie in die praktyk.

Sodra 'n gemeente finansiële probleme ondervind weens 'n swaar skuldelas of vanweë sosio-ekonomiese faktore wat 'n verkleinde lidmaatgetal meebring, oorweeg die ring as visitator[7] die posisie en word pogings in die werk gestel om die geestelike arbeid te laat voortgaan. Sodanige pogings kan bestaan óf in 'n aanbeveling vir ondersteuning uit die hulpbehoewende gemeentefondse, óf 'n advies wat die inlywing van die lidmate by buurgemeentes beoog, óf 'n wenk aan die adres van die kerkraad dat die gemeente voortbestaan in kombinasie met ander gemeentes.

---

6) Bamford, 185; Silverman v Silver Slipper Club, 1932, T.P.A. 355; Ex parte Matabeleland Club, 1962 (2) S.A. 647 (S.R.), en die korrekte benadering van J.F. Uys in die Annual Survey of S.A. Law, 1962, 180 ev.

7) K.o. a 31.1.

1.2. In die geval van 'n gemeenteskeuring

Roeleveld[8)] meen dat dit 'n eis van billikheid is „dat bij een kerkscheuring aanwezig vermogen wordt verdeeld naar verhouding van het ledental," aangesien, volgens hierdie juris uit die kring van die „vrygemaaktes" in Nederland wat gemeenteskeurings as normaal beskou, die gemeente wat splits homself voortsit in twee groepe, wat albei „de pretentie voeren voortzetting van de tot de scheuring bestaande kerk te zijn. Bij een kerkscheuring staat immers niet vast welke groep leden uittreedt." Met 'n beroep op Dorren,[9)] oordeel Roeleveld dat dit onbillik is om die minderheid wat afskeur hul aanspraak op die gemeentelike goedere te ontsê, wat tog mede deur hul offervaardigheid byeengebring en in stand gehou is.

Halsbury[10)] gee die posisie in die Engelse reg weer. Volgens hom gee die feit dat die meerderheid van die gemeente afskeur, nie aan hulle eiendomsreg op die gemeentegoedere nie. "The nature of the original constitution must alone be looked to as the guide in such a case. The claims of those who adhere to the original constitution will be enforced unless such an inherent power is proved to exist and to have been exercised by the body authorised in the original constitution to exercise it within such limits as may have been prescribed." So het die House of Lords reeds in Free Church of Scotland v Overtoun[11)] beslis dat

---

8) 13 - 15.
9) 714.
10) 13, 532 - 533. Vgl. A.G. v. Pearson (1817) 3 Mer. 353 op 400.
11) (1904) A.C. 515.

die meerderheid lede van 'n godsdienstige groep nie die leerstellinge van die groep kan wysig vir sover daardie leerstellinge die identiteit van die groep bepaal nie. Ten einde te kan beslis oor wie in die geval van 'n gemeenteskeuring aanspraak het op die goedere, moet die hof bepaal wat die fundamentele dogma van die kerk is, en watter groep hierdie dogma bely. In lyn hiermee lê artikel 6 van Ordonnansie 7 van 1843 (K),[12] wat bepaal het dat gebondenheid aan die belydenis die maatstaf vir die toekenning van die kerkgoedere in die geval van 'n skeuring is.

In die Verenigde State van Amerika word tans die teenoorgestelde standpunt gehuldig. Die howe is aldaar huiwerig om in kerklike geskille betrokke te raak uit vrees dat die sogenaamde geloofsvryheid van individue aangetas mag word. Alleen wanneer die hof op suiwer burgerregtelike gronde 'n beslissing kan doen, sal die hof 'n dispuut tussen verskillende kerkgenootskappe oor wie van hulle aanspraak het op kerkgoedere, aanhoor. In Presbyterian Church v Hull Church[13] is weereens bevestig dat 'n geregshof nie uitspraak mag doen oor teenstrydige uitsprake van kerke op eiendomme indien daar kerklike leerstellinge in die gedrang is nie.

Wanneer die Skriftuurlike struktuur en die bestemmingsfunksie van die gemeente sowel as die Romeins-Hollandse beginsels van toepassing op regs-

---

12) Soos gewysig deur a 2 van Wet 9 van 1898 en herroep deur Wet 22 van 1961. Vgl. Bamford, 162, wat dieselfde beginsel goedkeur.

13) 393 U.S. 440 (1968); van der Vyver: Die juridiese funksie van staat en kerk, 121; Godsdiensvryheid in die V.S.A., 49.

persone voor oë is, kan bogenoemde standpunte nie die toets daarvan deurstaan nie. Die morele kwessie van afskeiding van 'n gereformeerde gemeente al dan nie val buite die terrein van ons studie en word daar gelaat.[14]

Die standpunt van Roeleveld, supra, kan juridies slegs beteken dat gemeente A as universitas tot 'n einde kom by die skeuring, dat geskeurde dele B en C, A se opvolgers in regte is en aldus op 'n eweredige deel van A se vermoë geregtig is. Roeleveld gee toe dat die Nederlandse regspraak daarop neerkom „dat het vermogen van de kerk (bedoel gemeente) een latente onverdeelde boedel is."[15] Hierdie benadering kom in stryd met die wese van die universitas, wat as 'n voortdurende verband in eie titel selfstandig regshandelinge verrig en voortbestaan.

Dadelik kom die vraag ook na vore wie die kompetensie het om te besluit dat A in dele splits. Volgens Roeleveld is dit die ontevrede lidmate wat wil afskeur en nou boedelskeiding eis. Lidmate as individue is ingevolge die verbandsreg egter geen orgaan van die gemeente nie, en het dus nie die kompetensie om die gemeente regtens te laat handel nie.

'n Volgende vraag is op watter regsgrond die skeurmakers 'n deel van A se vermoë eis. Dié vermoë behoort tog nie aan die lidmate sodat hulle daaroor kan beslis nie; as regspersoon besit A vermoë in sy eie titel, apart van die persone wat in die verband saamgevoeg is.

---

14) Vgl. Calvyn, IV, 1, 12 vir die norm.
15) 38.

Verder is die maatstaf om te bepaal watter groep die ware voortsetters van die gemeente sou wees (volgens die Engelse reg, supra) en aldus reg het op die gemeentegoedere, ondeugdelik. Dit vereis dat die hof 'n materiële oordeel moet vel oor interne teologiese vraagstukke, terwyl die korrekte beginsel is dat die hof alleen 'n formele maatstaf aanlê in kerklike geskille.

Gemeenteskeuring is regtens 'n revolusionêre daad,[16] en die regsorde is geroep om die interne verbandsreg nie alleen te erken nie, maar ook te beskerm teen anargie en menslike willekeur. Indien dit nie gebeur nie, vind ons die posisie soos in Nederland, wat Roeleveld toegee, die gevolg is van die regsiening dat die gemeentevermoë „eèn latente onverdeelde boedel" is: „Een opvatting die niet bevorderlijk is voor de eenheid der kerk ... Op ruzie maken in de kerk staat geen straf meer. Ieder lid, dat enige aanhang kan verkrijgen kan ongestraft - en dat nog wel onder de pretentie de oude kerk te vormen - boedelscheiding eisen."[17]

Ook die standpunt van die Amerikaanse howe wat nie betrokke wil raak in kerklike geskille nie uit vrees dat die sogenaamde geloofsvryheid van individue aangetas mag word, is prinsipieel onhoudbaar. Vanweë die deurwerking van die sonde, is dit die primêre roeping van die staat om die goeie orde te verseker deur die verskeidenheid van botsende belange in die maatskaplike lewe deur vergelding te harmoniseer.[18] Indien in 'n gemeente botsende belange na vore kom en die wolwe dreig om die kudde

---

16) Vgl. Spr. 18: 1 en Judas 1: 19.
17) Roeleveld, 38.
18) Rom. 13: 1 - 5; 1 Tim. 2: 2; Dooyeweerd: Encyclopaedie, 52 ev.

van Christus uiteen te jaag, moet die staatsgesag met die geregshof as een van sy organe, indien daartoe versoek, dié botsende belange deur middel van 'n afdwingbare beslissing harmoniseer. Soos supra aangedui, moet die hof in sodanige kerklike geskille slegs 'n formele maatstaf aanlê.

Die suiwere benadering van die voortdurende bestaan van 'n gemeente en die bestemming van gemeentelike bates in geval van 'n gemeenteskeuring, is te vind in Venter v die Kerkeraad van die Gereformeerde Kerk te Bethulie.[19] In hierdie geval het beswaarmakers met die geskorste leraar aan die spits, voorgegee dat hulle namens 122 lidmate ageer en aangevoer dat die Gereformeerde gemeente Bethulie deel het aan afwykinge van die Bybel en die belydenisskrifte deur leraars, die kerkblad De Maandbode, en die Sinode. Die eisers het beweer dat hulle meermale daaroor vrugteloos gekla het met die gevolg dat hul posisie in die gemeente onhoudbaar geword het. Hulle versoek dat die gemeentelike eiendomme eweredig tussen hulle en die ander lidmate verdeel word.

Hoofregter F.W. Reitz beslis dat die gemeente 'n universitas is, dat die doel of bestemmingsfunksie van die gemeente voorrang verkry bo ander aangeleenthede, dat die gemeente in eie reg en titel goedere besit en dat die lidmate geen aanspraak, hetsy en privé of gesamentlik, daarop het nie, en dat elke lid afstand doen van wat hy ten bate van die gemeentefondse bydra in die sin dat hy dit volkome vervreem aan die universitas wat van daardie oomblik af die eienaar van die bygedraagde

---

19) 1879, O.V.S. 4.

goed word. Op grond hiervan word die beswaarde lidmate se eis van die hand gewys. Die hoofregter gaan verder en verklaar „daar deze mijne zienswijze is, is het niet noodig dat ik een enkel woord behoef te zeggen omtrent de kwestien hier geopperd aangaande leer en tucht."[20] Hy weerhou hom dus tereg van enige materiële maatstaf in sy beoordeling.

Gemeenteskeuring behoort dus in geen opsig die voortbestaan van die gemeente in gedrang te bring nie. Wie wens om af te skei, moet vrywillig uittree met prysgawe van alle lidmaatsregte en voorregte.[21] Die meerderheid of minderheid is irrelevant, en is die dictum van Voet van toepassing: „Quales hominum universitates licet non nisi a pluribus inchoari possint, tamen si ad unum[22] caput redierint, etiam jus omnium membrorum in unum censetur recidisse, et stat nomen universitatis."[23]

'n Volgende omstandigheid waarin die voortbestaan van 'n Nederduitse Gereformeerde gemeente moontlik in die weegskaal kan kom, verdien nadere oorweging.

## 1.3. In die geval van uittrede uit die kerkverband

Hoewel Voetius[24] met die beginsel volstaan het dat gemeentes wat in die kerkverband opgeneem

---

20) Idem op 6.
21) Vgl. Stewart and others v Mzimba, 1899 IX C.T.R. 96; Ethiopian Church Trustees v Sonjica, 1926 O.K.A. 107.
22) Vanselfsprekend met die voorbehoud dat andere in die verband opgeneem kan word.
23) Voet, 3.4.1. Vgl. van der Vyver en van Zyl, 168, par. 11.2.7.
24) P.E. IV, 168. Let daarop dat Voetius die gemeente die subjek wou maak.

is, nie die vryheid besit om dit te verlaat of te onderbreek ~~dan~~ anders as in geval van noodsaaklikheid nie, het Kuyper dié beginsel prakties uitgewerk,[25] en leer die meeste Nederlandse gereformeerde kerkregtelikes[26] in navolging van Kuyper dat 'n kerkraad die kompetensie het om 'n gemeente uit die kerkverband te laat tree. In hierdie geval hou die gemeente regtens op om te bestaan en word na uittrede 'n nuwe gemeente, alleenstaande of in 'n nuwe kerkverband, in die lewe geroep.

Dorren[27] dui aan dat twee rigtings met betrekking tot hierdie aangeleentheid uitgekristaliseer het:

i. Die standpunt van die „vrygemaaktes," dat die plaaslike gemeente homself om gewigtige redes van „geloof en conscientie" uit die kerkverband mag onttrek.

ii. Die sienswyse van die „sinodales," dat die kerkverband vir die gemeente van sodanige essensiële betekenis is, dat hy alleen daarbinne na sy wese (liefs welwese) kan funksioneer. 'n Besluit van die kerkraad om die kerkverband te verlaat, is derhalwe ten aansien van die plaaslike gemeente nietig en sonder regsgevolge; die voorstemmers moet daardeur geag word uit die gemeente te getree het.

Beslissinge van die Hoge Raad in geskille wat uit hierdie kerkregtelike sieninge voortgekom het, is nie eenstemming nie. In die meeste uitsprake

---

25) 148. Vgl. Geldenhuys, 157 ev.
26) Ook G.P.L. van der Linde, 122, wat blykbaar die toestemming van al die lidmate van die gemeente vir sodanige uittrede verlang.
27) 709 - 714.

word toegegee dat volgens kerklike beleid losmaking uit die kerkverband om redes van geloof en gewete geoorloof is, en hieroor kan deur die kerkraad met meerderheid van stemme beslis word.[28]

In 'n enkele beslissing[29] is geoordeel dat 'n gemeente homself, wat die leer betref, ingevolge die kerkorde moet onderwerp aan die gesag van die sinode en dat derhalwe 'n besluit van die kerkraad tot uittrede ongeldig is.

'n Derde opvatting word gehuldig,[30] naamlik dat 'n kerkraad kompetent is om 'n gemeente uit die sinodale verband los te maak indien die verband afwyk van die grondslag van die verband soos dit kenbaar is uit die Drie Formuliere van Enigheid, of die kerkorde skend. Die Hoge Raad beslis verder dat die regter hom nie in dogmatiese en teologiese twispunte mag inlaat nie; derhalwe moet alleen die feit dat die kerkraad met die sinode in geskil is oor 'n besluit wat na die kerkraad se oordeel in stryd met die belydenis of die kerkorde is, sy kompetensie om die gemeente uit die kerkverband los te maak, grond. Die juistheid van die oordeel van die kerkraad word derhalwe aan die beoordeling van die regter onttrek. Die besluit van die kerkraad sal egter volgens die Hoge Raad ongeldig wees in geval van „willekeur en kwade trouw."

Soos Geldenhuys[31] tereg aantoon, is hierdie denkwyse die konsekwensie van die kerkregtelike

---

28) H.R. 23 Jan. 1948, 1948 432 (Kerk van Vleuten - de Meern); H.R. 9 Jan. 1953, 1953 463 (Kerk van Ommen).
29) H.R. 23 Jan. 1948, 1948 431 (Kerk van Giessendam - Neder Hardinxveld).
30) H.R. 15 Feb. 1957, 1957 201 (Kerk van Hasselt).
31) 160. Vgl. Eybers, 77 ev. vir hierdie suiwere benadering.

siening dat die kerkverband geen voortdurende eenheid in korporatiewe sin vorm nie, maar 'n losse ooreenkoms tussen kerkrade is wat te eniger tyd eensydig deur 'n kerkraad namens die gemeente opgesê kan word. Juridies is dit buite orde, en allermins van toepassing op die Nederduitse Gereformeerde praktyk. Die grondliggende vraag is hoe ver die kompetensie van die kerkraad strek om die gemeente te verbind. Soos reeds aangetoon,[32] strek die kompetensies van 'n kerkraad net so ver as wat die interne verbandsreg aan hierdie orgaan van die gemeente kompetensies toesê. Word die grense van hierdie kompetensies oorskry, handel 'n kerkraad _ultra vires_. Dit sal wel die geval wees indien 'n Nederduitse Gereformeerde kerkraad sou besluit om die gemeente uit die sinodale verband te laat tree, aangesien die verbandsreg nie aan 'n kerkraad die kompetensie daartoe gee nie. Wel het die kerkraad die kompetensie om besluite van kerkvergaderinge aan die Skrif, belydenis en kerkorde te toets,[33] en indien beswaard, die weg van appél te volg. 'n Kerkraadsbesluit om die gemeente uit die kerkverband te laat tree, kom in stryd met die individualiteitstruktuur van die gemeente wat nie gerig is op uittrede nie, maar op nastrewe van sy bestemmingsfunksie binne die kerkverband, en is dus deur die hof vernietigbaar.

Indien losmaking van die kerkverband buite die kerkraad se kompetensies val, ontstaan die vraag of die lidmate nie by wyse van 'n meerderheidstem of eenparig op 'n gemeentevergadering die kerkraad

---

32) Sien hoofstuk 5 _supra_.
33) K.o. a 35.1.

daartoe sanksie kan verleen nie. In die Standerton-gewysde[34] was die kwessie van kerkvereniging aan die orde. Die kardinale punt in die beslissing was wie die kompetensie het om te besluit oor die vraag van toetrede of uittrede uit die kerkverband. Hoofregter Kotzé beslis soos volg: „De twee afzonderlijke corporatiën (gemeentes) besloten in 1885 hun bestaan als zoodanig te eindigen en te zamen eene andere en nieuwe corporatie of lichaam te stichten. Dit kon alleen geschieden door de toestemming of inwilliging van elk en ieder lid der twee afzonderlijke corporatiën."[35]

Uittrede uit die kerkverband, meen ons hierdie dictum in die lig van die volle uitspraak te konstrueer, is alleen regtens moontlik as die eenparige uitdruklike of stilswygende toestemming van al die lidmate van die gemeente wat wil uittree, verkry en daarna behou word. Indien dit die geval is, het die hoofregter hiermee, met respek, die prinsipiële lyn tussen die societas en die universitas deurgeknip.

In die geval van die ontbinding van 'n societas, soos 'n politieke party, is die posisie dat "the members are bound together by contract based on concensus; and they are bound only on the terms to which they have agreed. Such terms can therefor only be varied by the consent of all the

---

34) De Ned. Herv. Gemeente van Standerton v De Ned. Herv. of Geref. Gemeente van Standerton, 1893, H.R. 84. (Nederlandse weergawe).
35) Idem op 98.

parties to the contract, i.e. all the members."[36)]
Indien hierdie beginsel van algemene instemmigheid op die *universitas* van toepassing gemaak word, kom drie besware na vore. Eerstens word die selfstandige regsubjektiwiteit van die *universitas* opgelos in die regsubjektiwiteit van sy individuele lede. Tweedens word die kontinuïteit van die regspersoon, een van sy wesenlike kenmerke, opgehef deur die huidige geslag van lidmate, wat geen kompetensie daartoe van die interne verbandsreg verkry het nie. Derdens handel persone wat geen orgaan van die regspersoon is nie; die lidmate kan dus nie regsgeldig handel nie, en boonop beoog hulle 'n *ultra vires* handeling, aangesien geen kerkorde aan lidmate, hetsy 'n meerderheid of 'n minderheid, die kompetensie verleen om 'n gemeente uit die kerkverband te laat tree nie.

Indien nóg die kerkraad nóg die lidmate die kompetensie het om die gemeente van die kerkverband los te maak, bly slegs een alternatief oor: Lidmate wat beswaard voel oor besluite van die organe van die kerkverband en nie die weg van appél wil of kan volg nie, kan met verlies van al hul lidmaatsregte die gemeente waaraan hulle behoort, verlaat en volgens hul oortuiging en gewete 'n nuwe gemeente vorm.

Ons meen dus dat die siening van die „sinodales" *supra*, in beginsel die standpunt van die hof moet wees indien 'n besluit van 'n Nederduitse Gereformeerde kerkraad of gemeente om uit die kerkverband te tree, vir hersiening voorgelê word.

---

36) *Kahn v Louw*, 1951 (2) S.A. 194 (K) op 211. Die konstitusie kan natuurlik anders bepaal, bv. dat 'n meerderheidstem van die lede die bepalinge daarvan verander. Vgl. verder *Govender v Textile Workers' Industrial Union (S.A.) Durban Branch*, 1961 (3) S.A. 88 (D) op 91, en Bamford, 182.

'n Laaste moontlike situasie waarin die voortbestaan van 'n gemeente in die gedrang kom, is

## 1.4. <u>In die geval van inlywing van 'n gemeente by 'n ander gemeente in dieselfde kerkverband</u>

As 'n voorbeeld van hierdie prosedure dien die volgende verklaring vir algemene kennisname wat in DIE KERKBODE[37] gepubliseer is:

„ONTBINDING B. Van die skriba Ring Q is berig ontvang dat die ringskommissie, in opdrag van die Ring en met instemming van die betrokke kerkrade, besluit het om die gemeente B by K in te lyf met die uitsondering van die wyk E, wat by die gemeente E ingelyf is. Hiermee word dus verklaar dat B op 7 Desember 1968 ontbind is. W.A.L., Scriba Synodi, 4/2/69".

'n Sodanige inlywing van 'n gemeente[38] by 'n ander gemeente in dieselfde kerkverband verdien duidelik onderskei te word van die kerkvereniging van 1885 wat aanleiding gegee het tot die Standerton-gewysde[39] in 1893. In laasgenoemde geval was dit twee sinodes wat onder verbitterde teenstand[40] en sonder raadpleging van gemeentes besluit het om twee kerke te ontbind en 'n nuwe kerk met 'n eie naam, individualiteitstruktuur, kerkorde en liturgie in die lewe te roep. In

---

37) 19 Feb. 1969.
38) Bedoeling: Lidmate, nadat die gemeente ontbind is.
39) <u>Supra</u>. Vgl. <u>The Ned. Herv. Congregation of Rustenburg v The Ned. Herv. of Geref. Congregation of Rustenburg</u>, 1895, 2 W 17.
40) <u>Scholtz</u>, II 4 ev.

eersgenoemde geval word op grond van noodsaak 'n gemeente deur die ring ontbind na goedkeuring van die gemeentes betrokke by die aangeleentheid, en die lidmate word ingelyf by buurgemeentes in dieselfde kerkverband; hulle behoort dus aan 'n gemeente met dieselfde naam, organisasie, kerkorde, belydenis en liturgie.

Na ons mening is die prosedure, soos blyk uit die bostaande kennisgewing in DIE KERKBODE, juridies in orde, om die volgende redes:

i. Die onderskeie kerkrade handel as organe van die gemeentes, en heg hul goedkeuring aan die voorgestelde inlywing. Ons kan aanvaar dat, op grond van die feit dat 'n wyk E uitgesonder word, sodanige goedkeurende besluite gevolg het na moeisame onderhandeling met lidmate van die gemeente wat ontbind.

ii. Aangesien die kerkraad nie die kompetensie het om 'n gemeente te ontbind nie, word sodanige reëlings getref deur meerdere vergaderinge, wat die ontbinding en inlywing tot die tevredenheid van al die betrokkenes verrig het.

iii. Die gemeentes waarby die lidmate ingeskakel word is in dieselfde kerkverband as hul vroeëre gemeente. Daar is dus geen aantasting van die lidmaatsregte van die lidmate nie.

Twee praktiese regsvrae kom in hierdie verband na vore. Die eerste is wat die posisie is indien algemene instemmigheid oor die ontbinding van B nie deur die kerkraad of ring verkry kon word nie, en 'n minderheid lidmate die gemeente B wil voortsit met aanspraak op die gemeentegoedere. Die tweede vraag is aan wie die bates en laste van die gemeente wat ontbind, toeval.

Aangesien die ontbinding van gemeentes tans aktueel geword het as gevolg van die ontvolking van die platteland in die Republiek, en die verhuising van blanke Nederduitse Gereformeerde lidmate uit buurstate, verg hierdie aangeleentheid die aandag van die Algemene Sinode wat die prosedure en regsgevolge van die ontbinding van gemeentes en inlywing van lidmate deel van die interne verbandsreg behoort te maak. Indien die verbandsreg geen bepalinge in dier voege het nie, kan ontbinding wel probleme oplewer.

Wat vraag 1, supra, betref, meen ons dat twee gemeenregtelike reëls in die gesigskring kom.

Die eerste is dat 'n meerdere vergadering nie deur wysiging van die kerkorde of besluite op 'n onredelike wyse die regte van 'n minderheid of 'n persoon mag aantas nie.[41)] Soos hierbo aangedui, word die lidmaatsregte in geen opsig aangetas wanneer die lidmate noodsaaklikerwys by 'n ander gemeente in dieselfde kerkverband deur die ring ingelyf word nie.

Die tweede reël is dat 'n meerderheid nie 'n minderheid kan bind in 'n aangeleentheid wat in stryd met die konstitusie is nie.[42)] Hoewel ontbinding en inlywing nie in stryd met die kerkorde en bepalinge is nie, lewer dit probleme as dit nie daardeur gemagtig word nie.

---

41) Vgl. Die Kerksaak, 223 ev; Fairham v Cape Town Mutual Aid Fund, 1949 (1) S.A. 931 (K); Swanepoel v O.V.S. Ned. Geref. Kerk, 1949 (4) S.A. 964 (O) op 974.
42) Wilken v Brebner, 1935 A.A. 175 op 180.

Indien 'n hardnekkige minderheid weier om ingelyf te word, sal die enigste uitweg vir 'n kerkraad wees om die plaaslike afdeling van die Hooggeregshof te nader met die versoek om die inlywing te magtig en die prosedure daartoe vas te stel. "The court will normally issue a rule nisi calling upon interested persons to show cause why the association should not be dissolved, and will order publication of the rule in the newspapers."[43]

Met betrekking tot vraag 2, supra, aan wie die bates en die laste van die gemeente wat ontbind, toeval, het Scholten[44] geantwoord met betrekking tot die ontbinding van 'n vereniging: „Na de vereffening is het zelfstandig subject, dat als rechthebbende werd beschouwd, weggevallen, het zijn thans weder de verbonden leden die aanspraak op het vermogen kunnen maken, in de toebedeling van het saldo blijkt dit." Hier is weereens 'n vermenging van die reg van toepassing op 'n societas en die reg van toepassing op 'n universitas.
Van Grinten[45] meen dat na die ontbinding nie nog van „verbonden leden" gespreek kan word nie, en verder, dat die formulering van Scholten in die rigting van regsopvolging onder algemene titel gaan. „Wij menen dat ieder lid individueel ingevolge de lidmaatschapsverhouding een vordering heeft op een evenredig deel van het saldo."

Soos reeds aangedui, behels lidmaatsregte geen aanspraak op die vermoë van die universitas deur individuele lede nie. Die laste en bates

---

43) Bamford, 181.
44) Asser, 170.
45) Idem.

van 'n universitas is nie die laste en bates van die lede nie;[46] die regspersoon bestaan onafhanklik van sy lede. Die vermoë van 'n ontbonde gemeente mag dus alleen na 'n ander gemeente gaan wat dieselfde bestemmingsfunksie en individualiteitstruktuur het. Die gemeente(s), waarby die lidmate van die ontbonde gemeente ingelyf word, deel dus pro rata (volgens die getal lidmate wat ingelyf word of volgens 'n ander maatstaf waaroor die ring in die lig van omstandighede besluit) die laste en die bates aangesien hy of hulle die ontbonde gemeente se opvolgers in regte is.

Van die inlywing van lidmate van een gemeente by 'n ander gemeente(s), moet die bestaan van gemeentes in kombinasie onderskei word. Waar by inlywing die selfstandige bestaan van 'n gemeente opgehef word, bly 'n gemeente by kombinasie 'n regspersoon wat met 'n ander gemeente 'n ooreenkoms aangaan. Ingevolge 'n akte van kombinasie[47] kan twee kerkrade byvoorbeeld ooreenkom om gesamentlik 'n leraar vir die bearbeiding van albei gemeentes te beroep. Die ooreenkoms is die basis van samewerking, die gemeentes is dus regtens genote, en die genootskapsreg is van toepassing.

Hiermee is die moontlikhede waarop die ontbinding van 'n gemeente al dan nie geskied, afgehandel, en word die ontbinding van 'n kerk in sinodale verband nader ondersoek.

---

46) Voet: 3.4.4; Moloi v St. John Apostolic Faith Mission, 1954, (3) S.A. 940 op 942 (T), en die meermale genoemde Venter-saak, supra.
47) Vir 'n algemene leidraad, vgl. Kerkorde van die Geref. Kerk, p.34 ev.

## 2. DIE ONTBINDING VAN 'N KERK IN SINODALE VERBAND

Die volgende moontlikhede is in hierdie opsig relevant:

### 2.1. Omsetting van een tipe regspersoon in 'n ander

Sodanige omsetting is soms 'n praktiese behoefte. „Deze omsetting is juridisch niet anders dan ontbinding met vereffening, en oprichting van een rechtspersoon van andere aard."[48] In Suid-Afrika het omsetting geskied in die geval van Die Apostoliese Geloofsending, wat ingevolge Wet 24 van 1961 soos gewysig, omskep is van 'n onbeperkte maatskappy tot 'n universitas personarum. Wat die Nederduitse Gereformeerde kerk betref, is omsetting prakties onmoontlik aangesien die interne verbandstruktuur op onveranderlike kerkregtelike beginsels wat op die Skrif berus, gebou is; en verder is die belydenis en die kerkorde sodanig verskans[49] dat ingrypende veranderinge in die voorsienbare toekoms nie moontlik blyk te wees nie.

### 2.2. Ontbinding in die geval van kerkskeuring

In die lig van die maatstawwe wat hierbo aangelê is in die gevalle van gemeenteskeuring en uittrede uit die kerkverband, naamlik:

i. Dat kerkskeuring regtens 'n revolusionêre daad is waaraan die regsorde geen gevolg behoort te gee nie;

---

48) Polak, 70.
49) K.o. a 44.1 en 2.

ii. Dat die kontinuïteit van die universitas as eenheidsfiguur ten spyte van die wisseling van sy lede, een van sy wesenskenmerke is;

iii. Dat die kompetensie om 'n kerkskeuring teweeg te bring aan geen orgaan of meerderheid lidmate toegesê kan word nie;

iv. Dat dit prinsipieel buite 'n hof se kompetensies lê om volgens materiële maatstawwe te oordeel watter party by 'n kerkskeuring die ware Bybelse leer aanhang;

v. Dat persone wat afskei geen aanspraak het op enige kerkgoedere nie, aangesien die kerk as 'n universitas goed in eie titel besit; en

vi. Dat 'n lidmaat regtens aan 'n gemeente behoort en nie aan die kerkverband, wat 'n coetus van gemeentes is, nie;

is ons oordeel dat skeuring in die kerkverband nie die voortbestaan daarvan in die gedrang bring nie. Lidmate wat hulle weens gewetensbesware nie vereenselwig met die besluite van 'n sinode of ander organe van die kerkverband nie, kan, met verlies van hul lidmaatsregte, op die maniere voorgeskryf in bepaling 26.1.2 (Suid-Transvaal) die gemeente(s) waaraan hulle behoort, verlaat.

## 2.3. Ontbinding in die geval van kerkvereniging

In verband met die ontbinding van 'n kerkverband met die oog op vereniging met 'n ander kerk, moet duidelik tussen twee omstandighede onderskei word:

Eerstens, waar twee of meer kerke ontbind om daarna gesamentlik 'n nuwe kerk met 'n eie naam, belydenis, kerkorde en liturgie vir die gemeentes te vorm. Van hierdie situasie dien as voorbeeld die vereniging van die Nederduitsch Hervormde Kerk en die

Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk in die jaar 1885.

Tweedens, waar 'n kerk ontbind met die oog op die inlywing van gemeentes by 'n kerkverband met dieselfde naam, belydenis, kerkorde en liturgie. As voorbeeld van hierdie omstandigheid dien die vereniging van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suidwes-Afrika en die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika in 1970.

i. In 1885 het die onderskeie Sinodes van die Nederduitsch Hervormde en die Nederduitse Gereformeerde kerke tot kerkvereniging besluit, maar in verskeie omgewings[50)] was daar lidmate wat hulle nie met die vereniging wou vereenselwig nie. In 1892 het ds. M.J. Goddefroy en 'n aantal persone uit die omgewing van Trichardtsfontein as kerkraad aanspraak gemaak op die kerkgronde en kerkgebou op Trichardtsfontein, eiendom wat voor die vereniging aan die Nederduitsch Hervormde gemeente van Standerton geskenk is. Die eenparige bevinding van die hof was dat die lidmate wat nie aan die kerkvereniging deel wou hê nie, beskou moet word as synde Hervormd gebly en dus geregtig is op die eiendom op Trichardtsfontein. „Dit volgt uit den aard eener corporatie of zedelijk lichaam (universitas) byvoorbeeld een kerkgenootschap en uit die leer die daarop van toepassing is"[51)]

---

50) Gerdener: <u>Boustowwe</u>, 391 ev; Spoelstra: <u>Het kerkelijk en godsdienstig leven der Boeren na den Grooten Trek</u>, 357 ev; Scholtz, II, 7 ev.

51) Die Standerton - gewysde, <u>supra</u>, op 98.

Dat hierdie deel van hoofregter Kotzé se uitspraak korrek is, val nie te betwyfel nie. Kerkvereniging in 'n sodanige geval het die gevolg dat 'n kerkverband as universitas beëindig word, en dat 'n nuwe universitas met 'n nuwe naam[52] en interne verbandsreg in die lewe geroep word. Lidmate wat nie hiertoe geneë was nie, kon nie deur 'n besluit van 'n sinode daartoe gedwing word nie, soos die hoofregter tereg verklaar: „De meerderheid, d.w.z. de Algemene Kerkvergadering, kon wel de minderheid met betrekking tot alles gelegen binnen 't doel en oogmerk der corporatie of kerkgenootschap verbinden, want zoo iets valt binnen de perken harer bevoegdheid; doch wanneer de meerderheid ertoe overgaat de corporatie of het kerkgenootschap per besluit te eindigen door deze met een ander genootschap te vereenigen, en alzoo een nieuwe corporatie tot stand te brengen, zoo treedt zulk eene meerderheid buiten de grenzen harer bevoegdheid; zij handelt alsdan ultra vires."[53]

Die kompetensie om die bestaande kerkverband, wat as universitas op kontinuïteit gerig is, te ontbind, is die crux by die lofwaardige aangeleentheid van kerkvereniging. Alleen die staatsorgane kan hier tot hulp kom. Klaarblyklik is die enigste weg die prosedure wat gevolg is in 1911 met die mislukte kerkvereniging. Deur middel van 'n private wet[54]

---

52) Scholtz, II 27.
53) Die Standerton-gewysde, supra, op 98. Vgl. Ex parte Gill and others, 1955 (2) S.A. 418 (W) op 419; Cape United Sick Fund Society v Forrest, 1956 (4) S.A. 519 (A) op 528.
54) Wet 23 van 1911.

is 'n prosedure neergelê om goedkeuring van driekwart van die onderskeie kerkrade, as organe van die gemeentes, te verkry. In hierdie verband kom ook die Methodist Church of South Africa Private Act[55] in die gesigskring, wat aan die Konferensie as orgaan die kompetensie verleen om deur 'n meerderheidsbesluit die kerk met enige ander kerk of godsdienstige liggaam te amalgameer. Die verskil met die Nederduitse Gereformeerde Kerk lê egter hierin dat die eiendomme nie vestig in die gemeentes of kerke as verbande nie, maar in Engelsregtelike trant[56] in die fungerende president van die Konferensie, sodat eiendomme in die geval van kerkvereniging nie in die gedrang is nie.

'n Milder situasie vind ons in die geval waar 'n kerk ontbind ten einde die gemeentes in die ressort by 'n kerkverband met dieselfde naam, belydenis, kerkorde en liturgie in te lyf.

ii. In 1970 het die Akte van Vereniging[57] van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika en die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika in werking getree. Uit hierdie akte blyk die volgende feite:

Die twee sinodes het besluit tot amalgamasie.

Die Suidwes-kerk hou op om te bestaan en die gemeentes word ingeskakel as gemeentes van die Sending-kerk in Suid-Afrika.

---

55) Wet 12 van 1932.
56) Halsbury, 13, 483, vat die reël soos volg saam: "Property may be affected with an ecclesiastical character by being vested in a person or succession of persons as trustees thereof for spiritual purposes."
57) Gepubliseer in Die Ligdraer, Sept. 1970, 259.

> Aan twee gemeentes, handelend deur hul kerkrade, wat nie gereed is tot inskakeling nie, word uitstel verleen om tot 'n beslissing te geraak. Intussen bly hulle volle lede van die Ring van Suidwes-Afrika.[58)]

Die sinodes het tereg nie die weg van dwingende besluite gevolg nie, maar die weg van verdraagsame onderhandeling met gemeentes. Hoewel die gemeentes se verbandsregte nie aangetas word nie aangesien hulle by 'n kerkverband ingelyf word met dieselfde naam, belydenis en individualiteitstruktuur, kom die probleem wanneer sodanige twee gemeentes weier om ingelyf te word en aanspraak maak op die kerkgoedere. Soos reeds aangetoon, het nóg die sinode as orgaan nóg die meerderheid gemeentes die kompetensie om hulle daartoe te dwing. Alleen die Hooggeregshof kan die kerk in so 'n geval te hulp kom, 'n prosedure vir inlywing neerlê, en bepaal dat die kerkgoedere oorgedra word na die kerkverband waarby die gemeentes ingelyf word.

Die moontlikheid dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk in algemene sinodale verband ontbind, vra vervolgens nadere oorweging.

## 3. DIE ONTBINDING VAN DIE KERK IN ALGEMENE SINODALE VERBAND

Die Nederduitse Gerformeerde Kerk, as 'n verband van kerke in sinodale verband, is as regspersoon voortdurend en geen orgaan daarvan of die

---

58) Volgens Die Ligdraer, Nov. 1971, 350, het een van hierdie Suidwes-gemeentes op 25/6/71 by die sinodale verband ingeskakel.

meerderheid van samestellende kerke het die kompetensie om dit te ontbind nie. Ten spyte van die wisseling van lede bestaan dit voort.

Artikel 37 van die kerkorde bring nie die kontinuïteit van die algemene sinodale verband in gedrang nie. Volgens hierdie artikel sal dit die samestellende kerke vry staan om met behoud van alle regte, voorregte, besittings, naam, ensovoorts uit die verband te tree wanneer hulle so 'n stap voor God kan regverdig in die lig van Sy heilige Woord. Die onus rus op die kerke in sinodale verband om uit te tree indien hulle daartoe gedronge voel, hoewel regsprobleme te voorsien is vir 'n sinode wat 'n sodanige uittrede sou oorweeg.

## 4. DIE ONTBINDING VAN DIE RINGSVERBAND

Die groepering van gemeentes in ringsverband word deur die sinode gedoen.[59]
Wanneer 'n ring deur vermeerdering van gemeentes in sy ressort te lywig word, besluit die sinode op versoek van die ring op die verdeling daarvan. Die ring as 'n verband bly voortbestaan, en 'n nuwe verband word na hergroepering van die gemeentes in die lewe geroep.[60]
Wanneer 'n ring deur vermindering van gemeentes te klein word, berus dit by die sinode om dit te ontbind, die gemeentes by ander ringe in te skakel, en die ringsvermoë onder die ringe by wie die gemeentes ingeskakel word, te verdeel.

---

59) K.o. a 29.
60) Bv. Acta van die Sinode van Suid-Tvl., 1968, 624.

## 5. DIE ONTBINDING VAN KERKLIKE STIGTINGE

Die oprigtingsakte, wat die interne reg van die stigting dáárstel, bevat in die reël 'n bepaling oor wat met die stigtingsvermoë moet gebeur in die geval van die beëindiging van die stigting. Dit is ook die geval by die Abraham Kriel Kinderhuis.

In artikel 9 a van die Grondwet van die Abraham Kriel Kinderhuis[61)] word eerstens bepaal wie die kompetensie het om die kinderhuis te ontbind: Die Sinodes van Wes-, Noord- en Suid-Transvaal. Tweedens word bepaal wat met die bates van die kinderhuis by ontbinding moet gebeur: Dit word die eiendom van die gemelde Sinodes, wat daarmee ooreenkomstig die doelstellinge van die kinderhuis, soos in artikel 3 van die grondwet neergelê, moet handel.

Die laaste kerkregspersoon wat aandag vra, is die Pro Ekklesia nuts-behuisingsmaatskappy.

## 6. DIE ONTBINDING VAN DIE NUTSMAATSKAPPY PRO EKKLESIA

Artikel V van die akte van oprigting van hierdie maatskappy lui soos volg: „As die maatskappy gelikwideer of ontbind word en daar bly enige bate hoegenaamd oor nadat al sy skulde en aanspreeklikhede vereffen is, sal dit nie betaal word aan of uitgedeel word onder die lede van die

---

61) Acta Synodi Suid-Tvl., 1968, p.89.

maatskappy nie, maar sal dit gegee word aan of oorgedra word op 'n ander inrigting of inrigtings met doeleindes soortgelyk aan die doeleindes van hierdie maatskappy - sodanige inrigting aangewys te word deur die lede van die maatskappy, tydens of voor die ontbinding, en by gebreke daaraan deur die minister."

## GEVOLGTREKKINGS

Die regspersoonlikheid of regsubjektiwiteit van 'n gemeente, die kerkverband, kerklike stigtinge en utiliteitsmaatskappye, setel in die verband van persone en/of regspersone, wat as 'n voortdurende selfstandige eenheidsfiguur interne en eksterne kompetensies uitoefen.

In die Nederduitse Gereformeerde kerklike praktyk in Suid-Transvaal bestaan drie tipes regsubjekte, naamlik:

i. Verbande van gelowiges, gemeentes en kerke,

ii. stigtinge en

iii. utiliteitsmaatskappye,

wat gewoonlik regshandelinge verrig deur organe, naamlik:

i. Kerkvergaderinge en kommissies onder hulle opdrag,

ii. besture en

iii. direksies onderskeidelik.

Kerkregspersone ontstaan uit hoofde van die Raad van God en:

i. Die wilsverklaring van persone en die besluite van kerkvergaderinge in die geval van 'n gemeentestigting;

ii. Die besluite van kerkvergaderinge met betrekking tot die totstandkoming van sinodale verbande, ringsverbande, algemene sinodale verbande en kerklike stigtinge, en

iii. Die besluite van kerkvergaderinge plus registrasie by die registrateur van maatskappye in die geval van utiliteitsmaatskappye wat op die kerklike erf hul bestemmingsfunksie nastrewe.

Die interne kerkreg gee aan lidmaatskap van 'n gemeente inhoud en verbind kerkregtelike en privaatregtelike kompetensies daaraan wat deur die regsorde erken en in geval van onregmatige aantasting beskerm moet word.

As regsubjekte tree kerkregspersone deur middel van organe en verteenwoordigers ekstern op en handel in maatskapsverhoudinge op verskillende vlakke in ooreenstemming met hul individualiteit-strukture. Die aard en omvang van sodanige regshandelinge word bepaal deur die staatlike reg en die relevante kerklike reglemente.

Indien kerkvergaderinge as organe in stryd met die kerklike bepalinge en die natuurlike regverdigheid lidmaatsregte en die welsyn van die gemeente aantas, het 'n lidmaat locus standi om die gewraakte beslissing deur die hof ter syde gestel te kry deur te ageer:

i. Indien hy nie persoonlik nadelig getref is nie maar die beslissing die gemeente as verband benadeel, op grond van die ultra vires-beginsel;

ii. Indien hy persoonlik nadelig getref is, op grond van die onregmatige daad.

Aangesien ontbinding van die universitas strydig is met sy kontinuïteit, een van sy wesenlike kenmerke, baar pogings tot ontbinding regsprobleme wat, indien in geskil, deur staatsorgane op versoek van die belanghebbendes oorbrug kan word.

Kerkskeuring is regtens 'n revolusionêre daad en die regsorde is verplig om die voortbestaan van kerkregspersone in 'n sodanige krisis teen menslike willekeur te beskerm.

# BIBLIOGRAFIE


ACTA van verskillende sinodes, soos in die voetnote aangedui.

ASSER, Handleiding tot de beoefening van het Nederlands Burgerlijk Recht, Rechtspersonen. Zwolle, Tjeenk Willink, 1968. (Behandeling van die kerk uit katolieke gesigspunt).

BAMFORD, B.R. The Law of Partnerships and Voluntary Associations in South Africa. Kaapstad, Juta, 1971.

BENADE, M.L. Verontagsaming van die selfstandigheid van die maatskappy-regspersoon. Inaugurele rede, Universiteit van Suid-Afrika, 1967, soos opgeneem in 1967 Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg, Durban, Butterworths, 213 ev.

BIESTERVELD, P. en KUYPER, H.H. Kerkelijk Handboekje. Kampen, Bos, 1905.

BOOTS, J.M.A. Rechtsproblemen rond de gemeenschap van personen. Zwolle, Tjeenk Willink, ongedateerd. (Uit katolieke gesigspunt).

BOUWMAN, H. Gereformeerd Kerkrecht. 2 dele, Kampen, Kok, 1970.

BOUWMAN, M. Voetius over het gezag der Synoden. Amsterdam, Bakker, 1937.

BRINZ, A. Lehrbuch der Pandekten. 4 dele, Erlangen, A. Deichert, 1857 - 1871.

BYBEL, in Afrikaans.

CALVYN, J. Die Institusie of Onderwysing in die christelike godsdiens. Vertaal en bewerk deur A. Duvenhage, Potchefstroom, Pro Rege, 1967.

CILLIERS, H.S. en BENADE, M.L. Maatskappyereg. Durban, Butterworths, 1968.

DANNENBRING, R. Legislation on the Dutch Reformed Church. 1966 South African Law Journal, Kaapstad, Juta, 520 ev.

DE GROOT, H. Inleidinge tot de Hollandsche Rechtsgeleerdheid. Leiden, Universitaire Pers, 1952.

DENGERINK, J.D. Critisch - historisch onderzoek naar de sociologische ontwikkeling van het beginsel der souvereiniteit in eigen kring in de 19 de en 20 ste eeuw. Kampen, J.H. Kok, 1948.

DE SAVORNIN LOHMAN, A.F. Rechtsbevoegdheid der Kerken. In 1893 Rechtsgeleerd Magazijn, 103 ev. Zwolle, Tjeenk Willink.

DE VILLIERS, J.E. en MACINTOSH, J.C. The Law of Agency in South Africa, Kaapstad, Juta, 1956, bewerk deur D.B. Knight.

DE WET, C.J.H. Die kollegiale kerkreg. Amsterdam, van Bottenburg, 1921.

DE WET, J.C. en YEATS, J.P. Kontraktereg en Handelsreg. Durban, Butterworth, 1964.

DIE KERKBODE, die verenigde maandblad van die Ned. Geref. Kerk. Kaapstad, N.G. Kerk Uitgewers.

DIE KERKSAAK, du Plessis v Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Kaapstad, Nasionale Pers, 1931.

DIE LIGDRAER, maandblad van die N.G. Sendingkerk in S.A.. Posbus 169, Worcester.

DOOYEWEERD, H. A new critique of theoretical thought, Vol. 3. The Presbyterian and Reformed Publishing Company, 1969.

DOOYEWEERD, H. Encyclopaedie der Rechtswetenschap. Amsterdam, H.J. Paris, ongedateerd, 2 dele.

DOOYEWEERD, H. Grondproblemen in de leer der Rechtspersoonlijkheid. 1937 Themis, 199 ev. Zwolle, Tjeenk Willink.

DOOYEWEERD, H. Verkenningen in de Wijsbegeerte, de Sociologie en de Rechtsgeschiedenis. Amsterdam, Buijten en Schipperheijn, 1962.

DORREN, H. 1954 Nederlands Juristenblad. Zwolle, Tjeenk Willink.

DREYER, A. Boustowwe vir die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerke in S.A., Deel III, Kaapstad, Jaarboekkommissie, 1936.

DREYER, A. Eeuwfeestalbum van die Nederduits Gereformeerd Kerk in Zuid-Afrika. Kaapstad, S.A. Bybelvereniging, 1924.

DRIE FORMULIERE VAN ENIGHEID. Kaapstad, S.A. Bybelvereniging, ongedateerd.

DUFF, P.W. Personality in Roman Private Law, Cambridge, University Press, 1938.

DU PLESSIS, L.J. Wetgewersoewereiniteit. In 1960 Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg, 164 ev.

DUYNSTEE, J.A. Th. J.M. Beschouwingen over de stichting naar Nederlands Privaatrecht. Deventer, Kluwer, 1970.

EMMET, E. en BARLOW, T.B. Principles of South African Company Law. Kaapstad, Juta, 1969.

EYBERS, J.H. Die kerkinrigting van die Nederduitse Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Pretoria, van Schaik, 1934.

GELDENHUYS, F.E. O'B. Die regsposisie van Kerkraad, Ring en Sinode. Pretoria, van Schaik, 1951.

GERDENER, G.B.A. Boustowwe vir die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Transgariep. Kaapstad, Nasionale Pers, 1930.

GERDENER, G.B.A. Ons Kerk in die Transgariep, Geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerke in Natal, Vrystaat en Transvaal. Kaapstad, Die Suid-Afrikaanse Bybelvereniging, 1934.

GROENEWALD, E.P. Die ekklesia in die Nuwe Testament. 1962 Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif, 389. Kaapstad, N.G. Kerk Uitgewers.

GROENEWEGEN, VAN DER MADE S. Tractatus de Legibus Abrogatis. Amstelaedami, Janssonium a Waesberge, 1669.

GROSHEIDE, F.W. Wat leert het Nuwe Testament inzake de tucht? Exegetica reeks, Delft, Uitgeverij van Keulen, 1952.

HAGEN, A.J. Nietigheid of vernietigbaarheid in het Administratiefrecht. Themis, 1971, 4/5, 367. Zwolle, Tjeenk Willink.

HALSBURY'S Laws of England. London, Butterworth, 1955.

HANENBURG, J.J.H.M. De „Rechtspersoon" in de Justiniaanse wetgeving. In Tijdschrift voor Rechtsgeschiedenis, deel 31, 1963. Groningen, J.B. Wolters.

HIEMSTRA, V.G. Die regsposisie van vrywillige verenigings. 1946 Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg, 21 ev.

HOFMEYR, N.J. Kerk en Regtbank. Kaapstad, N.H. Marais, 1865.

HÖLDER, E. Natürliche und Juristische Personen. Aalen, Scientia Verlag, 1964.

HOMMES, H.J. van Eikema. De elementaire grondbegrippen der rechtswetenschap. Een juridische methodologie. Kluwer, Deventer, 1972.

HOUWING, P.A.N. Subjectief Recht, Rechtssubject, Rechtspersoon. Zwolle, Tjeenk Willink, 1939.

HUBER, U. Heedendaegse Rechtsgeleertheyt. Amsterdam, Johannes Rotterdam, MDCCXLII.

HUGO, G.F. DE VOS. Regswetenskaplike vorming. Bloemfontein, Sacum, 1970.

JANSEN, J. Korte verklaring van de kerkorde der Gereformeerde Kerken. Kampen, Kok, 1952.

JONKER, W.D. Volkskerk of belydende gemeente? 1967 Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif, 202 ev.

JOOSTE, J.P. Die verhouding tussen kerk en staat aan die Kaap tot die helfte van die 19de eeu. Bloemfontein, Sacum, ongedateerd.

JOUBERT, C.P. Die stigting in die Romeins-Hollandse reg en die Suid-Afrikaanse reg. Gravenhage, Excelsior, 1951.

KAAPSE PLAKKAATBOEK, 1652 - 1707. Kaapse Argief, Kaapstad, Cape Times, 1944.

KACHELHOFFER, G.C. Vrywillige verenigings-Huishoudelike remedies en hersiening deur die howe. 1965 Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg, 222 ev.

KAHN, E. Public Corporations in South Africa. 1959 South African Journal of Economics, 27 ev.

KASER MAX. Das Römische Privatrecht, I. München, C.H. Beck 'sche Verlagsbuchhandlung, MCMLV.

KEET, B.B. Orde in die Kerk. Kaapstad, N.G. Kerk Uitgewers, 1963.

KERKORDE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK, tesame met bepalings, reglemente en besluite van die Sinodes van Suid-Transvaal, 1972, Kaapland, 1969, Natal 1972, Midde-Afrika, 1971.

KERKORDE VAN DIE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA, 1965, soos gewysig.

KERR, A.J. Law and Justice, A Christian Exposition. Grahamstad, Grocott and Sherry, 1963.

KUYPER, A. Tractaat van de Reformatie der kerken. Amsterdam, Höveker en Zoon, 1883.

MAASDORP, A.F.S. Institutes of South African Law, Vol. 1: The Law of Persons. Verwerk deur G.G. Hall. Kaapstad, Juta, 1968.

McKERRON, R.G. The Law of Delict. A treatise on the principles of liability for civil wrongs in the Law of South Africa. Kaapstad, Juta, 1971.

MOLENGRAAFF, W.L.P.A. Resensie op Rechtspersoonlijkheid van Vereenigingen. 1911 Rechtsgeleerd Magasijn, 362 ev.

MOMMSEN, T. Corpus Juris Civilis I, Institutiones Digesta, deur P. Krueger. Berolini/Turici, Apud Weidmannos, MCMLXV.

MOORREES, A. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. 1652 - 1873, Kaapstad, S.A. Bybelvereniging, 1937.

MURRAY, A.H. The political philosophy of J.A. de Mist, Kaapstad, H.A.U.M., ongedateerd.

NEKAM, A. The Personality Conception of the legal entity. Wormser, 1938.

NEWALL'S Law and Practice of Deeds Registration, de Beer and Rorke. Durban, Butterworths, 1964.

ODENDAAL, A.A. Die reformatoriese standpunt van Thomas Cranmer. 1968 Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif, 8 ev.

ODENDAAL, B.J. Die kerklike betrekkinge tussen Suid-Afrika en Nederland, 1652 - 1952. Franeker, T. Wever, 1957.

PATON, G.W. A Textbook of Jurisprudence. Oxford, Clarendon Press, 1967.

POLAK, J.M. Inleiding tot het Nederlands Rechtspersonenrecht. Groningen, Wolters - Noordhoff, 1969.

PONT, D. Die regstelsel van die Afrikaner, in Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, 388 ev. Kaapstad, Nasionale Pers, 1947.

POTTER'S Historical Introduction to English law and its institutions, by A.K.R. Kiralfy, London, Sweet and Maxwell Ltd. 1962.

RAUBENHEIMER, J. Kollegiale administratiewe howe in die Republiek van Suid-Afrika. LL.D. proefskrif, P.U. vir C.H.O., 1961.

ROELEVELD, L. Gereformeerde kerken in het Privaatrecht. Zeist, Steenbergen, 1959.

ROSE INNES, L.A. Judicial review of administrative tribunals in South Africa. Cape Town, Juta, 1963.

RUTGERS, F.L. Verklaring van de Kerkenordening van de Nationale Synode van Dordrecht van 1618 - 1619. Bewerk deur J. de Jong, Deel IV, Rotterdam, Libertas, 1918.

SAUMAGNE, C. Corpus Christianorum I. Essai sur la Nôtion Juridique de Corpus, vol. 7, 1960, 437. Revue International des Droits de 'l antiquite

SAUMAGNE, C. Corpus Christianorum II. Premiers temoignages D'une Capacite Juridique des colleges ecclesiastiques, vol. 8, 1961, 257. Revue International des Droits de 'l antiquite.

SCHOLTZ, G.D. Die Geskiedenis van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika. 2 dele, Kaapstad, N.G. Kerk Uitgewers, 1956.

SMEENK, C. Christelijk-Sociale Beginselen. 2 dele, Kampen, Kok, 1936.

SMIT, A.P. Die Abraham Kriel Kinderhuis vier sy jubelfees, 1902 - 1952. Hoofbestuur van die Kinderhuis, ongedateerd.

SMUTS, A.J. Die Kerklike tug in wese en praktyk. Randfontein, die skrywer, 1962.

SOHM'S Institutes of Roman Law. Ledlie, Oxford, 1907.

SPIER, J.M. Inleiding in de Wijsbegeerte der Wetsidee. Kampen, Kok, 1946.

SPIRO, E. The concept of PERSON in the Income Tax Act. 1969 Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg, 1 ev.

SPOELSTRA, C. Bouwstoffen voor de geschiedenis der Nederduitsch Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika. Kaapstad, H.A.U.M., 1906.

SPOELSTRA, C. Het kerkelijk en godsdienstig leven der Boeren na den Grooten Trek. Kampen, Kok, 1915.

STEYN, L.C. Die Uitleg van Wette, bewerk deur S.I.E. van Tonder. Juta, Kaapstad, 1963.

STOKER, H.G. Hoe is ons roeping wêreldwyd? Oor die ekumeniese vraagstuk. Potchefstroom, Pro Rege Pers, 1963.

STRAUSS, S.A., STRYDOM, M.J., en VAN DER WALT, J.C. Die Suid-Afrikaanse Persreg. Pretoria, J.L. van Schaik Bpk., 1968.

SWANEPOEL, H.L. Oor Stigting, Trust, Fideicommissum, Modus en Beding ten behoewe van 'n derde. 1957 Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg, 40 ev.

UYS, J.F. Die Genootskapooreenkoms. Leiden, Luctor et Emergo, 1961.

UYS, J.F. Verskeie besprekings in die Annual Survey of South African Law. Kaapstad, Juta, soos in die voetnote aangedui.

VAN APELDOORN, L.J. De kerkelijke goederen in Friesland. Beschrijving van de ontwikkeling van het recht omtrent de kerkelijke goederen in Friesland tot 1795. 2 dele. Leeuwarden, Meijer en Schaafsma, 1915.

VAN APELDOORN, L.J. Inleiding tot die studie van het Nederlandse recht. Zwolle, Tjeenk Willink, 1966.

VAN DER LINDE, G.P.L. Die grondbeginsels van die Presbiteriale kerkregeringstelsel. Potchefstroom, Pro Rege, 1965.

VAN DER LINDEN, J. Regtsgeleerd Practicaal en Koopmans Handboek. Amsteldam, Johannes Allart, MDCCCVI.

VAN DER MERWE, N.J. en OLIVIER, P.J.J. Die onregmatige daad in die Suid-Afrikaanse reg. Pretoria, J.P. van der Walt en seun, 1970.

VAN DER VYVER, J.D. Animus Iniuriandi en die afwesigheid van wederregtelikheidsbewussyn. 1967 Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg, 15 ev.

VAN DER VYVER, J.D. Die juridiese funksie van staat en kerk. 'n Kritiese analise van die beginsel van soewereiniteit in eie kring. Durban, Butterworths, 1972.

VAN DER VYVER, J.D. Die regsbegrip. 1962 Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg, 1 ev.

VAN DER VYVER, J.D. Godsdiensvryheid in die Verenigde State van Amerika. Bulletin van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die bevordering van christelike wetenskap, Potchefstroom, Mei 1972.

VAN DER VYVER, J.D. en VAN ZYL, F.J. Inleiding tot die Regswetenskap. Durban, Butterworths, 1972.

VAN DER WALT, J.C. Bespreking van die gewysde Ward v Barrett N.O., 1962 (4) S.A. 732 (N) in 1963 Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg, 218 ev.

VAN DER WALT, J.C. Enkele gedagtes oor die grondslag van deliktuele aanspreeklikheid. Inaugurele rede, soos gepubliseer deur die Publikasiereeks van die Randse Afrikaanse Universiteit, Johannesburg, 1969.

VAN LEEUWEN, SIMONIS. Censura Forensis Theoretico-Practica. Lugduni in Batavis, Luchtmans et Haak, 1741.

VAN LEEUWEN, SIMON. Het Rooms Hollands Regt. Amsteldam, Hendrik en de wed. van Dirk Boom, 1686.

VAN NISPEN TOT SEVENAER, C.M.O. De rechtspersoon. Een studie over het wezen der rechtspersoon en dezelfs betekenis voor staats en privaatrecht. Haarlem, Tjeenk Willink, 1936.

VAN RHYN, J.N.R. Weet die Vrystaatse provinsiale wetgewer wat 'n regspersoon is? 1963 South African Law Journal, 361 ev.

VAN TONDER, S.I.E. Resensie op <u>Die Genootskapooreenkoms</u> in 1964 Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg, 319 ev.

VAN WARMELO, P. 'n Inleiding tot die studie van die Romeinse reg. Kaapstad/Amsterdam, Balkema, 1957.

VAN WARMELO, P. Die oorsprong en betekenis van die Romeinse reg. Pretoria, van Schaik, 1959.

VAN ZEBEN, C.J. in oorleg met BELINFANTE, W.G. en VAN EWIJK, O.W. Parlementaire Geschiedenis van het Nieuwe Burgerlijk Wetboek, Boek 2, Rechtspersonen. Deventer, A.E. Kluwer, ongedateerd.

VERSTEEG, Th. A. De Kerken in het Privaatrecht. Inaugurele rede Vrije Universiteit, Amsterdam, 1 Mei 1959.

VOET, Johannis. Commentarius ad Pandectas, 2 dele. Hagae-Comitum, Abrahamum de Hondt, MDCCVII.

VOETIUS, G. Politica Ecclesiastica. Amstelodami, 1663 - 1676, 3 partes, 4 tomi.

VON GIERKE, O. Deutsches Privatrecht, Allgemeiner Teil und Personenrecht. München und Leipzig, Von Duncker und Humblot, 1936.

VON SAVIGNY, F.C. System des heutigen Römischen Rechts. Berlin, Bei Veit und Comp., 1840.

VORSTER, J.D. Die kerkregtelike ontwikkeling van die Kaapse Kerk onder die Kompanjie, 1652 - 1795. Potchefstroom, Pro Rege, 1956.

VOS, G.J. De tegenwoordige inrichting der Vaderlandsche Kerk. Dordrecht, 1854.

WADE, E.C.S. and PHILLIPS, G. Constitutional Law. An outline of the Law and Practice of the Constitution, including Central and Local Government, the Citizen and the State and Administrative Law. London, Longman, 1970.

WIECHERS, M. Bespreking van Judicial review of administrative tribunals in 1964 Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg, 166 ev.

WIECHERS, M. Die kwasie-judisiële administratiewe handeling. 1966 Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg, 201 ev.

WIECHERS, M. Die Regering van die Republiek 'n regspersoon? 1964 Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg, 161 ev.

WILLE'S Principles of South African Law, by J.T.R. Gibson. Kaapstad, Juta, 1970.

WINDSCHEID, B. Lehrbuch des Pandektenrechts. T. Kipp, Scientia Verlag Aalen, 1963.

WULFFSOHN, J.G. Separation of Church and State in South African Law. 1964 South African Law Journal, 90 ev. en 226 ev.

SUID - AFRIKAANSE GEWYSDES

Abrahamse v Connocks Pension Fund, 1963 (2) S.A. 76 (W). 88

Administrators Estate Asmall, Ex parte, 1954 (1) P.H.G 4 N. 3

African Congregational Church v Dimba, 1932 W.P.A. 249, 260

Amalgamated Society of Woodworkers v Die 1963 Ambagsaalvereniging, 1967 (1) S.A. 586 (T). 29, 100, 149, 175

Aronson v Estate Hart, 1950 (1) S.A. 561 (A). 153

Balomenos v Jockey Club of S.A., 1959 (4) S.A. 381 (W). 261

Barday v Passport Control Officer, 1967 (2) S.A. 346 (A). 243

Barry, Ex parte, 1913 K.P.A. 693. 178

Bell v van Rensburg, 1971 (3) S.A. 693 (K). 221, 261

Benoni Town Council v Meyer, 1961 (3) S.A. 316 (W). 256

Bischoff Embroidery S.A. v S.A.R., 1966 (4) S.A. 385 (W). 191

Blomerus, Ex parte, 1936 K.P.A. 369. 173, 179

Bothma v Bucknall, 1951 (1) S.A. 698 (N). 22, 155

Brandfort Municipality v Esterhuizen, 1957 (1) S.A. 229 (O). 264

Bredell v Pienaar, 1922 K.P.A. 578. 73, 80, 152, 226, 228, 238, 246, 249, 254, 259

Brink v Baston, Diederichs en Horak, 1942 T.P.A. 132. 264

British Chemicals and Biologicals S.A. v S.A. Pharmacy Board, 1955 (1) S.A. 184 (A). 5

B.S.A. Co. v Bulawayo Municipality, 1919 A.A. 84. 167

Burgers v du Plessis, 1866 1 R. 385. 80, 207, 237

Burgers v Joubert, 1866 1 R. 351. 159

Burgers v Murray, 1864 1 R. 218. 73, 134, 202

Burgers v Murray, 1865 1 R. 258. 73, 159, 202, 237

Cape Indian Congress v Transvaal Indian Congress, 1948 (2) S.A. 595 (A). 146, 230, 231
Cape United Sick Fund Society v Forrest, 1956 (4) S.A. 519 (A). 149, 293
Capital Building Society v Registrar of Building Societies, 1963 (2) S.A. 247 (T). 100
Cassim v Molife, 1908 T.S. 748. 27, 74, 155
Central African Examiner v Howman, 1966 (2) S.A. 1 (R). 5
Central Trustees of The Church of England in S.A. v Trustees appointed under Act 9 of 1910, 1958 (3) S.A. 650 (N). 205
C.I.R. v Transvaal Bookmakers' Association, 1953 (3) S.A. 203 (T). 98
C.I.R. v Witwatersrand Association of Racing Clubs, 1960 (3) S.A. 291 (A). 21, 29
Cohen v Committee of Harrismith Hebrew Congregation, 1924 O.P.A. 27. 238, 246
Colonial Mutual Life Insurance Co. v MacDonald, 1931 A.A. 412. 188
Congregation of Oblates of Mary Immaculate v Moluele, 1949 (3) S.A. 885 (T). 133
Constantinides v Jockey Club of S.A., 1954 (3) S.A. 35 (K). 156, 240
Consistory of the D.R.C. Cape Town, In re, 1897 J. 5. 51, 168
Crisp v S.A. Council of the Amalgamated Engineering Union, 1930 A.A. 225. 243, 249
Dabner v S.A.R. and H., 1920 A.A. 583. 256, 257, 261
Dadoo v Krugersdorp Municipal Council, 1920 A.A. 552. 97
De Klerk v Union Government, 1958 (4) S.A. 496 (T). 201
Dempster v Addington Football Club, 1967 (3) S.A. 262 (D). 116
De Ned. Herv. Gemeente van Standerton v De Ned. Herv. of Geref. Gemeente van Standerton, 1893, H.R. 84. 56, 78, 180, 283, 292, 293

De Villiers v Jacobsdal Salt Works, 1959 (3) S.A. 873 (O). 134, 140

De Vos v Ringskommissie van die Ring van die N.G. Kerk, Bloemfontein, 1952 (2) S.A. 83 (O). 74, 80, 154, 156, 157, 169, 207, 230, 246, 247, 249, 256, 260, 263

De Waal v van der Horst, 1918, T.P.A. 277. 21, 134, 146, 147, 152, 159, 235, 237

De Waal v Ziervogel, 1938 A.A. 112. 246

Die Kerkraad van die Ned. Geref. Kerk van Plooysburg, Ex parte, 1938 K.P.A. 392. 173, 178

Die Regering van die R.S.A. v SANTAM, 1964 (1) S.A. 546 (W). 90

Dippenaar v Hauman, 1878 8 B. 135. 191

Director of Education v Mc Cagie, 1918, A.A. 616. 246

Distillers Korporasie v Kotzè, 1956 (1) S.A. 357 (A). 261

Doornfontein Judith's Paarl Ratepayers Association, Ex parte, 1947 (1) S.A. 476 (W). 102, 107, 156

D.R.C. Vanwyksvlei v Registrar of Deeds, 1918 K.P.A. 378. 113, 175

D.R.C. Wynberg, In re, 1896 J.5. 168, 178

Du Plessis v The Synod of the D.R.C., 1930 K.P.A. 403. 134, 159, 237, 245, 249, 264, 266, 287

Erasmus v Davis, 1969 (2) S.A. 1 (A). 268

Estate Milne v Donohoe Investments, 1967 (2) S.A. 359 (A). 140

Ethiopian Church Trustees v Sonjica, 1926 O.K.A. 107. 279

Fairham v Cape Town Mutual Aid Fund, 1949 (1) S.A. 931 (K). 287

Frost v Peninsula Rent Board, 1968 (3) S.A. 303 (K). 257

Gardner, Ex parte, 1940 O.D.A. 175. 27

Garment Workers Union v de Vries, 1949 (1) S.A. 1110 (T). 157

Gelb v Hawkins, 1959 (2) P.H., J. 20 (W). 268

Gill, Ex parte, 1955 (2) S.A. 418 (T). 271, 293

Golden Arrow Bus Services v Central Road Transportation Board, 1948 (3) S.A. 918 (A). 240

Golding v Torch Printing and Publishing Co., 1954 (3) S.A. 244 (K). 225

Goldman v Johannesburg Club, 1904 T.S. 251. 240

Goldman v Swede, 1930 W.P.A. 216. 227

Govender v Textile Workers' Industrial Union, 1961 (3) S.A. 88 (D). 284

Group Areas Development Board v Hurley, 1961 (1) S.A. 123 (A). 165, 205

Grundlingh v Beyers, 1967 (2) S.A. 131 (W). 182

Hack v Venterspost Municipality, 1950 (1) S.A. 172 (W). 264

Hilton Quarries Employees' Social and Athletic Club v C.I.R., 1956 (3) S.A. 108 (N). 98

Jamile v African Congregational Church, 1971 (3) S.A. 836 (D). 76, 147, 151, 230, 231, 243, 247, 270

Jockey Club of S.A. v Feldman, 1942 A.A. 340. 264

Johannesburg Congregation of the Apostolic Church, Ex parte, 1968 (3) S.A. 377 (W). 31, 100, 102, 104, 118, 271

Jooste Lithium Myne v Fricke en Van Rhijn, 1954 (3) S.A. 419 (S.W.A.). 29

Kahn v Louw, 1951 (2) S.A. 194 (K). 156, 284

Kellerman v Minister of Interior, 1945 T.P.A. 179. 249

Kerkraad Vanderbijlpark-Wes v van der Wath, 1964 (3) S.A. 64 (A). 152, 172

Kotzè v Murray, 1864 5 S. 39. 159, 202, 237, 249, 252

Kotzè v Shand, 1865 5 S. 137. 80, 207

Lakey v Paarl Congregational Union Church, 1917 K.P.A. 627. 238, 270

Leschin v Kovno Sick Benefit Society, 1936 W.P.A. 9. 29, 107

Levin v Transvaal Miners' Association, 1912, W.P.A. 144. 27, 100

Lewis v Pietersburg Co-op, 1936 A.A. 344. 135

Liebenberg v The Liquor Licensing Board of Brakpan, 1944 W.P.A. 54. 264

Little v Niven, 1965 (3) S.A. 517 (R). 116

Loedolff and Smuts v Murray and Louw, 1862 4 S. 86. 82

Loedolff and Smuts v Robertson, 1863, 4 S. 128. 73

Long v Bishop of Cape Town, 1863 4 S. 162. 72, 169, 236, 249, 253

Louvis v Oiconomos, 1917 T.P.A. 465. 58, 149, 170, 235, 245, 246

Loxton v Kenhardt Liquor Licensing Board, 1942 A.A. 315. 257

Lucas v Wilkinson, 1926 N.P.A. 10. 238, 263

Mahomed v Lockhat Brothers, 1944 A.A. 230. 147

Mahomed v United Lower River Diggers Committee of Barkly West, 1920 K.P.A. 315. 257

Malebjoe v Bantu Methodist Church, 1957 (4) S.A. 465 (W). 27, 29, 75, 79, 100, 180, 259

Marlin v Durban Turf Club, 1942 A.A. 112. 262

Matabeleland Club, Ex parte, 1962 (2) S.A. 647 (S.R.). 273

Matthews v Young, 1922 A.A. 492. 268

Mc Loughlin v S.A. Medical and Dental Council, 1947 (2) S.A. 394 (T). 262

Methodist Church v The Master, 1962 (1) S.A. 144 (O). 152

Minister of Irrigation, Ex parte, 1948 (2) S.A. 779 (K). 167

Minister of Justice v Khoza, 1966 (1) S.A. 410 (A). 191

Mkize v Martens, 1914 A.A. 382. 191

M.M. Security v Bloemfontein Municipality, 1968 (2) S.A. 6 (O). 264

Moloi v St. John Apostolic Faith Mission, 1954 (3) S.A. 940 (T). 75, 79, 100, 168, 289

Moodley, Ex parte, 1969 (3) S.A. 734 (D). 178

Morrison v Standard Building Society, 1932 A.A. 229. 14, 23, 28, 100, 271

Mtshali v Mtambo, 1962 (3) S.A. 469 (G.W.). 146, 150

Narainsamy v Principal Immigration Officer, 1923 A.A. 673. 243

Ned. Herv. Congregation of Rustenburg v The Ned. Herv. of Geref. Congregation of Rustenburg, 1895, 2 W 17. 285

Ned. Herv. of Geref. Gemeente van Vryheid, Ex parte, 1930 N.P.A. 193. 179

Nel v Dönges, 1919 O.P.A. 7. 226

Nicholson v The Reformed of United Congregation of Vryheid, 1894 S.A.R. 237. 58, 172.

Odendaal v Kerkraad van Bloemfontein-Wes, 1960 (1) S.A.160 (O). 152, 154, 157, 223, 246, 247, 259

Odendaal v Loggerenberg, 1960 (4) S.A. 625 (O) en 1961 (1) S.A. 712 (O). 259, 260, 263

Oelsching v Financial Committee D.R.C. Lady Grey, 1916 K.P.A. 172. 57

Orkin Lingerie v Melamed and Hurwitz, 1963 (1) S.A. 324 (W). 116

Peach v The Jewish Congregation of Johannesburg, 1894 S.A.R. 345. 58, 172

Performing Rights Society v Berman, 1966 (2) S.A. 355 (R). 267

Peri-Urban Areas Health Board v Administrator Tvl., 1961 (3) S.A. 669 (T). 221, 238

Pillay v Harry, 1966 (1) S.A. 801 (D). 147

Pinchin v Santam Insurance, 1963 (2) S.A. 254 (W). 3

Potchefstroom se Stadsraad v Kotzé, 1960 (3) S.A. 616 (A). 173

Primitive Methodist Church v Msikinya, 1909 19 C.T.R. 579. 236, 237

Prinsloo v Ned. Herv. of Geref. Church, 1889-1890, S.A.R. 220. 58

Publications Control Board v C.N.A., 1970 (3) S.A. 479 (A). 257

R v Bennett and Co., 1941 T.P.A. 194 5

R v Ntshangela, 1961 (4) S.A. 592 (A). 261

R v Twala, 1952 (2) S.A. 599 (A). 98

R v Westenraad, 1941 O.P.A. 103. 251
Radloff v Clocolan Ko-op, 1955 (3) S.A. 418 (A). 135, 254
Regal v African Superslate, 1963 (1) S.A. 102 (A). 267
Rescue Committee D.R.C. v Martheze, 1926 K.P.A. 298, 1927 K.P.A. 23. 57, 74
Rossouw v Norton, 1950 (2) S.A. 1 (K). 253
Rutland v Jordan, 1953 (3) S.A. 806 (K). 268
S v Bester, 1971 (4) S.A. 28 (T). 256
S v Ismail, 1965 (1) S.A. 452 (N). 26
S v Ismail, 1970 (2) S.A. 409 (T). 243
S v Jacobs, 1965 (3) S.A. 85 (T). 98
S v Joseph Mtshumayeli, 1971 (1) S.A. 33 (R). 5
S v Makwasie, 1970 (2) S.A. 128 (T). 256
S v Moroka, 1969 (1) P.H., R. 5 (A). 257
S v Munyani, 1972 (1) S.A. 411 (R). 256
S v Peer, 1968 (4) S.A. 460 (N). 5
S v Schwartz, 1971 (4) S.A. 30 (T). 256
Sachs v du Preez, 1943 W.P.A. 94. 191
Sachs v Minister of Justice, 1934 A.A. 11. 257
Sachs v Voortrekkerpers, 1942 W.P.A. 99. 201
Sadar v Natal Committee, Group Areas Board, 1957 (2) S.A. 300 (N). 262
S.A. Cooling Services v Church Council of The Full Gospel Tabernacle, 1955 (3) S.A. 541 (D). 29, 80
S.A. Defence and Aid Fund v Minister of Justice, 1967 (1) S.A. 263 (A). 26
S.A. Flour Millers' Association v Rutowitz Flour Mills, 1938 K.P.A. 199. 98
S.A.R. v Dhlamini, 1967 (2) S.A. 203 (D). 191
S.A.V.F. v Thackwray, 1967 (2) S.A. 468 (T). 140
Secretary for Inland Revenue v Somers Vine, 1968 (2) S.A. 138 (A). 21
Singh v Provincial Insurance Co., 1963 (3) S.A. 712 (A). 190
Shenker v The Master, 1936 A.A. 136. 240
Silverman v Silver Slipper Club, 1932 T.P.A. 355. 273
Smith v Ring van Keetmanshoop van die N.G. Kerk, 1971 (3) S.A. 353 (S.W.A.). 80, 207, 241, 257, 261, 264

Sooboo v Pretoria District Indian Football Ass., 1943 T.P.A. 43. 143, 227

St. John's Diocese v Umtata Municipality, 1968 (3) S.A. 55 (O.K.A.) 171

Stadsraad Edenburg v N.G. Gemeente Edenburg, 1965 (2) S.A. 112 (O). 55

Stewart v Mzimba, 1899 IX C.T.R. 96. 279

Swanepoel v O.V.S. Ned. Geref. Kerk, 1949 (4) S.A. 964 (O). 202, 287

Tel Peda Investigation Bureau v van Zyl, 1965 (4) S.A. 475 (O). 182

The Committee of the Johannesburg Public Library v Spence, 1898 5 O.R. 84. 28, 31, 60, 86

The Maromite Catholic Church, Ex parte, 1928 W.P.A. 217. 102

The Mineworkers Union v Prinsloo, 1948 (3) S.A. 831 (A). 173

Tillbrook v Higgins, 1932 W.P.A. 147. 27

Tobacco Manufacturers Committee v Jacob Green, 1953 (3) S.A. 480 (A). 169

Todd v Gliksman, 1949 (1) S.A. 64 (T). 253

Trustee Mohammedan Mosque Estcourt v Mohammed Sayed, 1937 N.P.A. 241. 178

Trustees of the Diocese of Cape Town, Ex parte, 1896 K.P.A. 312. 178

Union Government v Fakir, 1923 A.A. 455. 243

Union Government v Warneke, 1911 A.A. 657. 268

Van der Westhuizen v Feenstra, 1939 W.P.A. 312. 207, 246

Valkin v Daggafontein Mines, 1960 (2) S.A. 507 (W). 101

Van Graan v Hopetown Consistory of the D.R.C., 1886 6 S. 131. 159, 225, 246

Van Niekerk v Churchwardens of the Church at D'Urban, 1937 3 M. 334. 254, 267

Van Rensburg v A.T.K.V., 1941 K.P.A. 179. 27, 143, 146

Van Rooyen v D.R.C. Utrecht, 1915 N.P.A. 330. 238, 249, 259, 267

Venter v Gereformeerde Kerkeraad, Bethulie, 1879 O.V.S. 4. 55, 78, 148, 271, 278, 289
Vernon v Bradley, 1965 (1) S.A. 422 (N). 205
Walker v van Wezel, 1940 W.P.A. 66. 225
Ward v Barrett, 1962 (4) S.A. 732 (N). 169
Webb v Northern Rifles, 1908 T.S. 462. 10, 27, 271
Weeber v van der Spuy, 1854, 2 S. 40. 73, 78
Whittaker v Roos, 1912 A.A. 92. 191, 225
Whittal v Alexandria Municipality, 1966 (4) S.A. 297 (O.K.A.). 165
Wilken v Brebner, 1935 A.A. 175. 180, 235, 271, 287
Williams v Shaw, 1884, 4 O.K.A. 105. 233

ENGELSE GEWYSDES

A.G. v Pearson, (1817) 3 Mer. 353. 274
Baker v Jones (1954) 2 All. E.R. 553. 242
Free Church of Scotland v Overtoun, (1904) A.C. 515. 66, 72, 274
National Union of General and Municipal Workers v Gillian, (1946) K.B. 81. 193
R v Sussex Justices: Ex parte Mc Carthy, (1924) 1 K.B. 256
Salomon v Salomon and Co. Ltd., (1897) A.C. 22. 97

NEDERLANDSE GEWYSDES

29 Des. 1911, W. 9272 (W.P.N.R. 2215). 136
H.R. 4 Maart 1921, 1921 510. 136
H.R. 11 Jan. 1924, 1924 293. 242
H.R. 13 Mei 1938, 1939 247. 23, 81, 95

H.R. 23 Julie 1946, 1947 1. 38, 95, 170
H.R. 23 Jan. 1948, 1948 432. 281
H.R. 15 Des. 1950, 1951 221. 242
H.R. 9 Jan. 1953, 1953 463. 281
H.R. 10 Junie 1955, 1956 977. 187
H.R. 15 Feb. 1957, 1957 201. 281

V.S.A. GEWYSDE

Presbyterian Church v Hull Church, 393 U.S. 440 (1968). 275

S A K E R E G I S T E R

AFSTIGTINGSVORM 113
BELYDENIS VAN GELOOF 141
BEROEPSBRIEF 183
BRUIDSKAT aan dogtergemeente 175
FORMULIERE, liturgiese 159
GELOOFSBRIEF 123
GEMEENSKAPPE 20
GEMEENTE
  As fiduciarius 167
  As party by onregmatige daad 186
  As regsfiguur 36, 39
  As vruggebruiker 166
  As werkgewer 181
  Beswaring bates van 173
  En die huweliksreg 160
  Erfregtelike kompetensies van 162
  Geen stigting 59
  In kombinasie met ander 289
  Inlywing by ander 285
  Kontraktuele kompetensies van 168
  Organe van 33, 168, 187
  Regsdefinisie van 38
  Sekwestrasie van 273
  Skenkings deur 174
  Skeuring in 274
  Skrifbeeld van 36
  Stigting van 108
  Uittrede uit kerkverband deur 279
  Vermoënsregtelike kompetensies van 163
  Vervreemding vaste bates van 176
HUWELIKSBEVESTIGING 160

KERK, in algemene sinodale verband
As eienaar van goed 208
As 'n privaatregtelike persoon 83
As 'n verband van kerke 82
As werkgewer 210
Daarstelling van 128
Kontraktuele kompetensies van 208
Locus standi van 209
Ontbinding van 295
Organe van 208
KERK in ringsverband
Aard van 79
As party by die onregmatige daad 206
As tugbedienaar 219, 230, 232
As werkgewer 206
Kompetensies om goed te hê 204
Instelling van 126
Kontraktuele kompetensies van 205
Ontbinding van 296
Organe van 205
Regspersoonlikheid van 81, 204
KERK in sinodale verband
As eienaar van goed 196
As party by die onregmatige daad 201
As regsfiguur 63
As regspersoon 75
As verband van gemeentes 61, 119
As werkgewer 200
In onderskeiding van 'n gemeente 61
In Suid-Afrika 68, 120
Kerkskeuring 290
Kerkverband Skriftuurlik gegrond 62
Kerkvereniging 291
Kontraktuele kompetensies van 199
Organe van 199
Uittrede van gemeente uit 279

KERKORDE, vertolking van 156
KERKRAAD
As tugbedienaar 219
Kontraktuele kompetensies van 168
KERKREG 137
KONSTITUSIE 102
LIDMAAT
Beëindiging van lidmaatskap 150
Lidmaatsregte 143
Ontstaan van lidmaatskap 137
Verhouding tot gemeente 132
MAATSKAPPE 19
NUTSMAATSKAPPY
Aard van 91
Kompetensies van 212
Ontbinding van 297
Oprigting van 130
ORGAAN
Aanwysing van 103
Kerkregspersone se 35
Persoonlike aanspreeklikheid van 189
Verantwoordelikheid vir 187
PUBLIEKE REGSPERSOON 96
REËLS van natuurlike regverdigheid 256
REG, Die staatlike 153, 235
REGISTRASIE VAN EIENDOMME
Van gemeente 164
Van kerk in alg. sin. verband 208
Van kerk in ringsverband 205
Van kerk in sinodale verband 197
REGSBEVOEGDHEID 2

REGSPERSOON
Definisie van 2
Individu en 2
Kompetensies van 153
Ontbinding van 271
Ontstaan van 92
Oprigtingshandeling van 104
Teorieë oor 8
REGSPERSOONLIKHEID
Sinoniem met regsubjektiwiteit 6
Vereistes vir toekenning van 22
REGSUBJEKTIWITEIT 2, 6
SKENKINGS 174
SOCIETAS
Definisie van 21
Doel van 106
Gemeente as 21, 52, 146
Kerkverband as 71
Ontbinding van 288
Oprigting van 106
STIGTING
Aard van 84
Definisie van 85
Gemeente as 59
Skepping van 129
STIGTING, KERKLIKE
Kompetensies van 210
Definisie van 86
Ontbinding van 297

TUG
- Aanleiding tot 222
- Bedienaars van 219
- Doel van 218
- Handelinge tugwaardige 222
- Hoër beroep m.b.t. 224
- Hof, kompetensies van hof m.b.t. 235
  - Aard van 239
  - Maatstaf vir regter 235
  - Redes vir tersydestelling 248
  - Wie locus standi het 241, 243
- Maatreëls 223
- Nuwe Testamentiese grondslag van 214
- Proses 213
- Regsgevolge van 224
- Regsmiddele vir benadeeldes 267
- Voorwerpe van 222

UNIVERSITAS
- Bestemming van, regtens geoorloof 24
- Definisie van 1, 8
- Doel van 101
- Gemeente as 59
- Kompetensies van 28
- Kontinuïteit van 27, 293
- Omsetting van 290
- Ontbinding van 271
- Oprigting van 100

VERBANDE 20, 23